


Die trekos en trektoerusting in Suid-Afrika: 'n historiese perspektief

C Marius Oosthuysen
22576649

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad Magister in Geskiedenis aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof JA du Pisani
Medestudieleier: Prof M Burden

November 2016



OOSTHUYSEN

OPSOMMING

As trekdier het osse 'n sleutelrol op ekonomiese en kulturele gebied in die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika gespeel. Hoewel die gebruik van osse as trekdier lank nie meer 'n deel van die bestaan van die meerderheid mense in Suid-Afrika is nie, is die geskiedenis van Suid-Afrika sonder inagneming van die bydrae van die trekos ondenkbaar. Die probleemstelling waaruit hierdie studie voortvloei, is dat in teenstelling met die ossewa en die wamakersbedryf, wat ekstensief in die literatuur gedokumenteer is, die trekos en sy trektoerusting nie volledig in 'n omvattende publikasie geboekstaaf is nie. Omdat 'n krimpende poel van individue oor eerstehandse kennis oor die benutting van osse as trekkrag beskik, hierdie kennis gefragmenteer in die literatuur weergegee word, en die huidige geslag grotendeels onkundig is oor die onderwerp, is dit noodsaaklik om dit vir die komende geslagte as betekenisvolle deel van ons kultuurhistoriese erfenis te boekstaaf.

Die doelstelling van die studie is om vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief die benutting en ontwikkeling van die os en die gepaardgaande trektoerusting, met spesifieke verwysing na die trekos as kragbron, in die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika te ondersoek, dit na waarde te skat en die os en sy toerusting breedvoerig as kultuurhistoriese entiteit te beskryf. Dit word aan die hand van die volgende navorsingsvraag gedoen: Hoe het die benutting van die trekos as kragbron histories in Suid-Afrika ontwikkel en watter bydraes het dit tot die algemene ontwikkeling van aktiwiteite in die samelewing gemaak?

As agtergrond word die herkoms, verspreiding en benutting van die trekos as gedomestifikeerde (makgemaakte) dier en die aanwending van die trekos as werkdier in Suid-Afrika histories nagespeur (hoofstuk 2 en 3).

Verder word die profiel van die trekos en die osdrywer in Suid-Afrika noukeurig ontleed (hoofstuk 4 en 5). Wat die trekos betref, word sy fenotipiese en nie-fenotipiese kenmerke ontleed en aangedui hoe dit neerslag vind in die naamgewing van osse. Wat die osdrywer betref, word sy vaardighede en etiek omskryf en gefokus op die bydrae wat hy tot die Afrikaanse taal gelewer het.

Die materiële kultuur geassosieer met die trekos word in fyn besonderhede beskryf en ontleed. 'n Gedetailleerde analise word gedoen van hoe die neweprodukte van die trekos verwerk word as grondstowwe om gebruiksartikels te vervaardig (hoofstuk 6). Die ontwerp, vervaardigingsmetodes en benutting van die trekgoed van die trekos, beide die trektoerusting en die dryftoerusting, word noukeurig ontleed (hoofstuk 7). Dit sluit onder meer jukke, skeie, swepe, rieme en stroppe in. In die proses word die werksroetines en toerusting van die trekos met

betrekking tot die gebruik, vervaardiging en bereiding van die tersaaklike komponente in besonderhede ontleed. Ook word die trekposisies (hoofstuk 4) en die in- en uitspanroetine van 'n span osse (hoofstuk 7) beskryf. Laastens word die verwerking van velle en die brei van rieme stap vir stap ontleed (hoofstuk 8).

In die gevolgtrekking (hoofstuk 9) word verwys na die rol van die trekos in die ekonomiese ontwikkeling van die land, maar word veral gekonsentreer op die beoordeling van die kultuurhistoriese bydrae van die os, die drywer en die trektoerusting. Die kardinale bydraes van die trekoskultuur tot die stoflike en geestelike kultuur van die plaaslike samelewing(s) word uitgelig. Aan die een kant was die verskillende fisiese komponente van die trekgoed en die artikels wat uit die neweprodukte van die os vervaardig is onontbeerlike voorwerpe in die landbou en vervoerbedryf. Aan die ander kant was die tegnologiese ontwikkeling en die aanleer van vaardighede in die skep en aanwending van die trektoerusting ewe betekenisvol, asook die aansienlike bydrae wat die osdrywerstaal tot die Afrikaanse taal en ander plaaslike tale gelewer het.

Trefwoorde: Afrikaner, boerdery, brei, juk, jukskei/e, kultuur, kultuurieskiedenis, looi, os, osdrywer, osdrywer's taal, ossewa, ossweep, riem/e, skei/e, strop/pe, Suid-Afrika, taal alkulturasie, transport (ry) bedryf, trekos, trektoerusting.

ABSTRACT

As draught animals, oxen played a key role in the economic and cultural fields of the developmental history of South Africa. Although the use of oxen as draught animals is no longer a part of the majority of people in South Africa, the history of South Africa without the inclusion of oxen is unthinkable. The problem statement underlying this study is that, in contrast with the wagon and wagon-builder's industry, which have both been extensively documented in literature, the draught ox and the tackle used with ox-wagons have not been fully documented in a complete publication. Because there is a dwindling pool of individuals who have first-hand knowledge of the use of oxen as draught animals, this knowledge occurs in fragmented form in the available literature, and the present generation is largely ignorant of the topic, and therefore it is considered essential to document this as a significant part of our culture-historical heritage for the sake of future generations.

The aim of the study was, from a culture-historical perspective, to look at the development of the ox as source of power in the developmental history of South Africa, to assess it in terms of the cultural value it represents, and to discuss the equipment in detail. This is done by way of the following research question: How did the use of the draught ox develop historically as a source of power in South Africa, and what contributions did it make to the general development of activities within the societal context?

As background, the descent, distribution and utilization of the draught ox as domesticated animal and the use of the draught ox as working animal in South Africa are investigated in historical terms (chapters 2 and 3).

Further on, in chapters 4 and 5, the profiles of the draught ox and the ox-wagon driver in South Africa are carefully analysed. With regard to the ox, its phenotypical and non-phenotypical qualities are analysed and it is indicated how this is situated in the name-giving of draught oxen. As regards the driver, his skills and ethics are described and a focus is put on the contribution that this made to the Afrikaans language.

The material culture associated with the draught ox is described and analysed in fine detail. A detailed analysis is also done of how the by-products of the ox were utilized and processed as resource to make articles used by people (chapter 6). The design, methods of manufacture and the use of the draught equipment are analysed carefully (chapter 7). This includes, amongst others, yokes, yoke pins, whips, thongs and strops. In the process the working routines and equipment of the draught ox with regard to the use, manufacture and preparation of the relevant

components are analysed in detail. The draught positions (chapter 4) and the inspanning or yoking and outspanning or unyoking of a span of oxen are also analysed (chapter 7). In the final instance (chapter 8) the processing of hides and the softening of rawhide thongs are analysed step by step.

In conclusion (chapter 9) reference is made to the role of the draught ox in the economic development of the country, there is special concentration on the adjudication of the culture-historical contribution of the draught ox, the driver and the draught equipment or tackle. The cardinal contribution of the culture of the draught ox to the material and spiritual culture of the local societies are underlined. On the one hand the different physical components of the draught equipment manufactured as by-products of the ox are stressed as being indispensable objects in agriculture and transport. On the other hand there was the technological development, and the acquisition of skills in the creation and application of draught equipment which were equally significant, as well as the considerable contribution made by the language of the ox-wagon drivers to the Afrikaans language and other local languages.

Key words: Afrikaner, cultural, draught ox, draught equipment (tackle), farming, heritage, language acculturation, ox, ox-driver, ox-driver's language, ox wagon/s, softening (brei; brey) hides, South Africa, tanning, thongs (riems), throat-strap (strop/s), transport (riding) industry, wagon-whip, yoke, yoke-pin (skey).

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING	I
ABSTRACT	III
HOOFSTUK 1: INLEIDENDE ORIËNTASIE, PROBLEEM- EN DOELSTELLING	1
1.1 Inleidende agtergrond	1
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Navorsingsmotivering	6
1.4 Navorsingsdoelstelling	8
1.5 Navorsingsmetodologie	8
1.6 Navorsingsbronne	11
1.6.1 Geskrewe bronne	11
1.6.2 Beeldende bronne	12
1.6.3 Mondelinge bronne	12
1.7 Afbakening van die studieveld	13
1.8 Konseptuele raamwerk van die studieveld	13
1.9 Hoofstukindeling van die studie	14
HOOFSTUK 2: UNIVERSELE HERKOMS, VERSPREIDING EN BENUTTING VAN DIE TREKOS	16
2.1 Inleidende agtergrond	16
2.2 Die ontwikkelingsgeskiedenis van die mens vanaf die Neolitiese Tydperk	17
2.2.1 Die Steentydperk (Preliterêre Tydperk)	18
2.2.1.1 Die Paleolitiese Tydperk (Ou Steentydperk)	18

2.2.1.2	Die Neolitiese Tydperk (Nuwe Steentydperk).....	18
2.2.2	Ystertydperk (Literêre tydperk).....	19
2.3	Die domestifikasie van beeste	20
2.3.1	Primêre dryfveer vir die mak maak van beeste	21
2.3.2	Sekondêre uitvloeisels van die mak maak van beeste	21
2.4	Neweprodukte van beeste en die benutting daarvan deur mense	22
2.4.1	Velle	22
2.4.1.1	Benutting van rouvelle	23
2.4.1.2	Velle by die vervaardiging van leer	24
2.4.1.3	Velle by die vervaardiging van lym.....	26
2.4.1.4	Velle in religieuse oortuigings	27
2.4.2	Horings.....	27
2.4.3	Beesmis.....	27
2.4.4	Kloutjiesolie	28
2.5	Fenotipiese kenmerke van beeste as norm vir kultuuruiting	28
2.6	Osse as kragbron in uiteenlopende beskawings.....	29
2.6.1	Die Romeinse Ryk.....	29
2.6.2	Bybelse geskiedenis	29
2.6.3	Oosterse beskawings	31
2.6.3.1	China.....	31
2.6.3.2	Indië	32
2.6.3.3	Die Nabye en Midde-Ooste.....	33
2.6.4	Noord-Afrika (Egipte)	33

2.6.5	Brittanje en Wes-Europa.....	34
2.6.6	Die Nuwe Wêreld.....	35
2.7	Afsluiting.....	36
HOOFSTUK 3: DIE OS AS WERKDIER IN SUID-AFRIKA		37
3.1	Inleidende oriëntasie	37
3.2	Suidwaartse migrasie van beeste vanaf Noord-Afrika	43
3.3	Osse en hul benutting in Suidelike-Afrika voor die vestiging van die Verenigde Oos- Indiese Kompanjie (VOC)	43
3.4	Osse as voorkeurtrekdiere.....	45
3.5	Suid-Afrikaanse agtergrond.....	45
3.6	Die os as trekdier in Suid-Afrika.....	47
3.7	Praktiese meriete van trekosse in Suid-Afrika.....	51
3.8	Faktore wat die aantal trekosse, wat vir uiteenlopende take benodig word, beïnvloed	52
HOOFSTUK 4: PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE TREKOS		54
4.1	Inleidende oriëntasie	54
4.2	Trekposisie in die span as aanwyser van 'n bepaalde os.....	54
4.3	Intellek.....	55
4.4	Sintuiglike waarnemingsvermoë	56
4.5	Uitkenning en naamgewing van trekbeeste en -osse.....	56
4.6	Fenotipiese kenmerke wat 'n rol speel by die uitkenning en naamgewing van osse.....	59
4.6.1	Haarkleur en haarkleurpatrone	60
4.6.2	Groeiwyse van die horings.....	62

4.6.3	Name wat liggaamsbou beklemtoon of karakteriseer	64
4.6.4	Stert.....	65
4.6.5	Metafore	65
4.7	Karakter – geaardheid, gedrag en temperament van die trekos.....	66
4.8	Geskiedkundige gebeurtenisse, landstreke en plekke.....	68
4.9	Persoonsname, titels of plek van herkoms	68
4.10	Die gebruik van bepaalde stamme in die name van osse.....	69
4.11	Name vir vroulike diere	71
4.12	Sentiment by naamgewing.....	72
4.13	Pedagogiese benutting van osname	72
4.14	Tegnieke om eienaarskap van beeste aan te dui.....	74
4.14.1	Oormerke	74
4.14.2	Brandmerke	76
4.14.3	Tatoeëering	77
HOOFSTUK 5: DIE TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE OSDRYWER		78
5.1	Inleidende agtergrond	78
5.2	Profiel van die vaardige Suid-Afrikaanse osdrywer	79
5.3	Osdrywersetiek.....	83
5.4	Regulasies en verkeersreëls.....	84
5.5	Die osdrywer se berekening en omskrywing van afstand en spoed	86
5.6	Osdrywerstaal en terminologie van die osdrywer se nering	87
5.6.1	Taal	88
5.6.2	Grondslag van die osdrywerstaal	88

5.6.3	Die Afrikaanse osdrywerstaal en ander plaaslike tale	90
5.7	Die bydrae van die trekos, sy toerusting en die ossewa tot Afrikaans	91
5.7.1	Vaktaal	92
5.8	Die ontstaan, herkoms en groei van Afrikaans	94
5.9	Die trekos in die Afrikaanse spreekwoordeskat	96
5.10	Samevatting	97
 HOOFTUK 6: NEWEPRODUKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE TREKOS AS		
	KULTUURKOMPONENTE.....	98
6.1	Inleidende agtergrond	98
6.2	Bene	98
6.3	Bloed	100
6.4	Derms	100
6.5	Gal	100
6.6	Hornings.....	101
6.6.1	Huishoudelike en persoonlike toerusting, hulpmiddels en versiering	103
6.6.1.1	Bekers	103
6.6.1.2	Blompotte	103
6.6.1.3	Brilrame	104
6.6.1.4	Eetgerei	104
6.6.1.5	Else	104
6.6.1.6	Horingglas, -plate en lanterns	105
6.6.1.7	Kapstokke.....	105
6.6.1.8	Knope en haarkamme	106

6.6.1.9	Lampstaanders.....	106
6.6.1.10	Medisinale gebruik.....	106
6.6.1.11	Pypstele.....	106
6.6.1.12	Servetringe	107
6.6.1.13	Skaalmodelle	107
6.6.1.14	Skoenlepels.....	107
6.6.1.15	Teerputse	107
6.6.1.16	Tregters.....	108
6.6.1.17	Vet- en vloeistofhouders.....	108
6.6.1.18	Worsstoppers	108
6.6.2	Basuine en blaasinstrumente.....	109
6.6.3	Kruithouders	109
6.6.4	Lymstowwe.....	111
6.6.5	Ystersmidblaasbalke.....	111
6.7	Hoewe (Pote).....	112
6.7.1	Gelatien	112
6.7.2	Hoefdoppe.....	112
6.7.3	Kloutjiesolie	112
6.7.3.1	Beligting.....	112
6.7.3.2	Instandhouding van leertoerusting	113
6.7.3.3	Medisinale gebruike.....	113
6.7.3.4	Smeerolie	113
6.7.4	Sult.....	113

6.8	Mis	113
6.9	Proviand, spoorsny en beskerming	115
6.10	Senings	115
6.10.1	Pyle en boë.....	115
6.10.2	Huishoudelike naaldwerk	116
6.11	Speelgoed	116
6.11.1	Dolosse (gewrigsbeentjies).....	117
6.11.1.1	Kleiosse (Potklei)	117
6.12	Die vel.....	118
6.12.1	Beskutting.....	119
6.12.2	Estetiese waarde	119
6.12.3	Kleding	119
6.12.3.1	Komberse, karosse en slaapmatte.....	119
6.12.3.2	Baadjies, dasse en hoofbedekking	120
6.12.3.3	Kuit- en enkelringe.....	120
6.12.3.4	Skoeisel.....	120
6.12.4	Lym	121
6.12.4.1	Bereiding van lym uit vel en/of horing	122
6.12.5	Meubels.....	123
6.12.6	Rieme	124
6.12.6.1	Bindmateriaal	125
6.12.6.2	Herstel, versterking en/of vervanging van onklaar toerusting	125
6.12.6.3	Maatbande	127

6.12.6.4	Trektoerusting.....	127
6.12.7	Tromme	128
6.12.8	Velsakke.....	129
6.12.9	Versiersels.....	130
6.12.10	Wapentuig en jagtoerusting	130
6.12.10.1	Forte.....	130
6.12.10.2	Klipsakke	130
6.12.10.3	Koeëlsakkies en patroonboksies.....	131
6.12.10.4	Pylkokers.....	131
6.12.10.5	Skildvelle	131
6.13	Vet.....	131
6.13.1	Beligting.....	131
6.13.2	Blakers	132
6.13.3	Kerspitte	132
6.13.4	Kersstok	133
6.13.5	Vetkerse	134
6.13.6	Waterkerse	134
6.13.7	Gammaboskerse	135
6.13.8	Vormkerse	135
6.13.9	Kookolie.....	137
6.13.10	Seep.....	137
6.13.11	Smeermiddel	138
6.13.11.1	Brood.....	138

6.13.11.2	Houtartikels	139
6.13.11.3	Salf	139
6.13.11.4	Tuie	139
6.13.11.5	Vuurwapens	140
6.13.11.6	Wa-asse	140
6.14	Vleiswaarde.....	140
6.15	Samevatting	140
 HOOFSTUK 7: TREKGOED VAN DIE SUID-AFRIKAANSE TREKOS		141
7.1	Inleidende agtergrond	141
7.2	Juk	141
7.2.1	Kopjuk	142
7.2.2	Nekjuk	143
7.2.3	Enkelosjuk en -tuie	144
7.2.4	Suid-Afrikaanse osjuk	145
7.2.5	Aanvullende trekgoed tot die osjuk	146
7.3	Maatstok van die osdrywer	147
7.4	Dryftoerusting.....	150
7.4.1	Agterossambok.....	150
7.4.2	Agterossweep.....	151
7.4.3	Prikkel	151
7.4.4	Taboes	152
7.4.5	Ossweep	152
7.4.5.1	Agterslag	154

7.4.5.2	Bovas	154
7.4.5.3	Hingsel	155
7.4.5.4	Kwinter	155
7.4.5.5	Sweep	156
7.4.5.6	Sweepstok	157
7.4.5.7	Voorslag	159
7.4.6	Konstruksie van die sweep	160
7.4.6.1	Dubbelgevoude stroke riem	161
7.4.6.2	Dubbelstroke gestikte riem	161
7.4.6.3	Geroldraaide stroke riem	162
7.4.6.4	Omgevlegte riem	163
7.4.6.5	Soliede stroke riem	163
7.5	Bykomstige trekgoed	165
7.5.1	Klou-ysters	165
7.5.2	Koggelriem (koggelstrop)	166
7.5.3	Koggelstok	166
7.5.4	Muilband	167
7.5.5	Remtou (remketting)	167
7.5.6	Voortou	168
7.6	Trektoerusting	169
7.6.1	Jukke	169
7.6.1.1	Voorosjuk	170
7.6.1.2	Middelosjuk	171

7.6.1.3	Agterosjuk	172
7.6.1.4	Spesiale juk	173
7.6.1.5	Jukkram	173
7.6.1.6	Jukskeigate	173
7.6.2	Jukskeie	174
7.6.2.1	Jukskeie en sosiale aktiwiteite	174
7.6.2.2	Houtskeie	174
7.6.2.3	Ysterskeie en kettingstroppe.....	177
7.6.3	Osrieme	178
7.6.3.1	Koppelriem	179
7.6.3.2	Leiriem	180
7.6.3.3	Diverse gebruike van osrieme	180
7.6.4	Riemstroppe	180
7.6.4.1	Voorkeurvelle vir stroppe	181
7.6.4.2	Stroppe draai	182
7.6.4.3	Omsplitsstrop.....	182
7.6.4.4	Kaalnekstrop	183
7.6.4.5	Transportrystrop	185
7.6.4.6	Suurveldstrop	186
7.6.4.7	Helpertjie	186
7.6.5	Ysterkettingstroppe.....	187
7.6.6	Trektou	187
7.6.6.1	Henneptrektou	187

7.6.6.2	Riemtrektou	188
7.6.6.3	Ysterkettingtrektou.....	189
7.6.6.4	Ysterstaافتrektou	189
7.6.7	Trense	190
7.7	Roetine van inspan en uitspan	190
7.7.1	Uitlê van trekgoed vir inspan.....	190
7.7.2	Inspanroetine.....	192
7.7.2.1	Hôi-hôi van trekosse	192
7.7.2.2	Volgorde van inspan	193
7.7.2.3	Om trekosse te juk.....	194
7.7.2.4	Uitspan van 'n span trekosse	196
7.7.3	Opruim van die trekgoed	196
7.8	Samevatting	197
HOOFSTUK 8: VERWERKING VAN VELLE EN DIE BREI VAN RIEME		198
8.1	Inleiding.....	198
8.2	Die afslag van velle.....	203
8.3	Die preserving van velle	204
8.3.1	Sout (natriumchloried)	205
8.3.2	Witleerlooi proses met aluin (aluminiumsulfaat)	206
8.3.3	Looistof (plantaardig)	206
8.4	Ontharingstegnieke	207
8.4.1	Grond	209
8.4.2	Houtas	210

8.4.3	Kalk	210
8.4.4	Kraalmis	211
8.4.5	Pekelwater.....	211
8.4.6	Perdemis	211
8.4.7	Semels	212
8.4.8	Vars afgeslagte vel	212
8.4.9	Water.....	212
8.4.9.1	Damwater (stilstaande waterpoel).....	212
8.4.9.2	Warm water	213
8.4.9.3	Watervat	213
8.4.10	Seepsoda (bytsoda).....	213
8.5	Die keuse en bereiding van velle vir die sny van rieme	214
8.6	Opsnytegnieke van heel rouvelle tot rieme	215
8.6.1	Sirkelsnit vanaf die buiterand na die middel van 'n vel	216
8.6.2	Sirkelsnit vanaf die middel van 'n vel na die buiterand	217
8.6.3	Lengtestroke langs die ruglyn van 'n vel	218
8.7	Die brei van rouvelrieme	218
8.7.1	Breigereedskap	219
8.7.1.1	Breipale	219
8.7.1.2	Galghoogte	220
8.7.1.3	Breiklip	220
8.7.1.4	Booghout.....	222
8.7.1.5	Breiklipstut.....	223

8.7.1.6	Breistok (breispar, woelhout)	223
8.7.2	Die breiproses	223
8.7.2.1	Opstel van die breisel	224
8.7.2.2	Opstel met rieme wat in lengtestroke teen die ruglyn gesny is	225
8.7.2.3	Opstel met rieme wat in 'n sirkelsnit gesny is	225
8.7.2.4	Dikte van die breisel	226
8.7.2.5	Weefselstrekking en vogafdrywing van 'n breisel	227
8.7.2.6	Op- en afwen van die breisel	228
8.7.2.7	Verskuiwing van die breisel om die booghout en galg	229
8.7.2.8	Onderbreking in die breiproses (oornag, ensovoorts)	230
8.7.2.9	Toedien van smeermiddels aan die rieme in die breisel	230
8.7.2.10	Gaar rieme	231
8.8	Toepaslike afronding van gaargebreide rieme	232
8.8.1	Klemhout	232
8.8.2	Ander oopstryktoerusting	233
8.8.3	Rand en draaie in die riem	234
8.8.4	Riemoog	234
8.8.5	Metaalringe en ringaanhegting	235
8.8.6	Vleiskantvliese	235
8.8.7	Osrieme	235
8.8.8	Spogrieme	235
8.8.9	Spantoue	237
8.8.10	Stroppe	237

8.8.11	Trense (jukrieme)	237
8.8.12	Vangrieme	237
8.8.13	Woelrieme	238
8.9	Smeermiddels	238
8.9.1	Rouvet	239
8.9.2	Uitgebraaide vet	239
8.9.2.1	Gesmelte, uitgebraaide vet	239
8.9.2.2	Mengsel van uitgebraaide vet en varkvet	239
8.9.2.3	Mengsels van uitgebraaide vet en seep	240
8.9.2.4	Mengsels van uitgebraaide vet en ander bymiddels	240
8.9.3	Ander smeermiddels	241
8.9.3.1	Botter, melk en room	241
8.9.3.2	Harsingmengsels	241
8.9.3.3	Motorolie	241
8.9.3.4	Vaseline	242
HOOFSTUK 9:	BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS	243
9.1	Inleiding	243
9.2	Die trekos se rol in ekonomiese ontwikkeling	244
9.3	Trekosse, osdrywers en trektoerusting: 'n samevattende perspektief	246
9.4	Trektoerusting en die verband tussen tegnologie en kultuur	248
9.5	Beoordeling van die kultuurhistoriese bydrae van die trekos en trektoerusting	249
9.5.1	Geestelike en stoflike kultuur	250

9.5.2	Volks- en patrsiërkultuur	251
9.5.3	Tradisionele en eietydse kultuur	251
9.6	Samevattende gevolgtrekking	252
BRONNELYS		253
BYLAAG 1 :	SWEEPSTOKKULTUUR	267
BYLAAG 2 :	TREKOSNAME.....	269

LYS VAN FIGURE

Figuur 1-1:	Burden-model	9
Figuur 2-1:	Rotskuns, Altamira-grot, Spanje, 15,000-10,000 v.C. Neolitiese Tydperk.	19
Figuur 2-2:	Rotskuns, Lascaux-grot, Frankryk, 15,000 v.C. Neolitiese Tydperk.....	19
Figuur 2-3:	Bos primigenius	20
Figuur 2-4:	Afbeelding van offer van voorbeen van os as offerande in antieke Egipte.	21
Figuur 2-5:	<i>Bos indicus</i>	32
Figuur 3-1:	Die Os as Werkdier	37
Figuur 3-2:	Bathurststraat in Grahamstad	42
Figuur 3-3:	Swart- en rooiwitrugosse	49
Figuur 3-4:	Hangkop, skewekop, opkrul bakkop, weglêers	49
Figuur 4-1:	Trekposisies in 'n twaalfspan osse	55
Figuur 4-2:	Haarkleur fenotipe: Rooibont, ...	60
Figuur 4-3:	Fenotipe eienskappe	62
Figuur 4-4:	Horing-groeipatrone	64
Figuur 4-5:	Hoi-jaag (hoi-hoi) van osse om die rieme om die horings te sit.....	66
Figuur 4-6:	Gewilde stamme by die benamings van trekosse.....	69
Figuur 4-7:	Gebruik van oortang vir knip van oormerke	75
Figuur 4-8:	Oormerke en plastiek plaatjie om beeste te identifiseer	76
Figuur 5-1:	Die klampie van die ossewa as dryfposisie.....	81
Figuur 6-1:	Hewwe van been.....	99
Figuur 6-2:	'n Trekoshoring as blompotversiering	104
Figuur 6-3:	Horings as kapstok.....	105

Figuur 6-4:	Haarkam van horing gemaak	106
Figuur 6-5:	Pypsteel.....	107
Figuur 6-6:	Kruihoring	110
Figuur 6-7:	Speelgoed van been verkry.....	117
Figuur 6-8:	Lympot.....	123
Figuur 6-9:	Meubels met riempies	124
Figuur 6-10:	Vormkershouers	136
Figuur 7-1:	Kopjuk.....	143
Figuur 7-2:	Nekjuk.....	144
Figuur 7-3:	Enkelostuig	145
Figuur 7-4:	Osjuk.....	146
Figuur 7-5:	Maatstok van die osdrywer.....	149
Figuur 7-6:	Hingsel.....	155
Figuur 7-7:	Geroldraaide ossweep.....	163
Figuur 7-8:	Sweepskafie.....	164
Figuur 7-9:	Wering van die sweepskafie	164
Figuur 7-10:	Muilband	167
Figuur 7-11:	Verskillende tipes jukke (gekoop/handgemaak)	170
Figuur 7-12:	Voorosjuk.....	171
Figuur 7-13:	Middelosjuk	172
Figuur 7-14:	Agterosjuk.....	173

Figuur 7-15:	Langkopskei.....	176
Figuur 7-16:	Ysterskeijuk.....	178
Figuur 7-17:	Die Riemoog stapsgewys.....	179
Figuur 7-18:	Die koeksisterknoop. Die aanheg van ringe aan rieme.....	179
Figuur 7-19:	Greep van die touleier aan die leiriem	180
Figuur 7-20:	Omsplitstrop.....	183
Figuur 7-21:	Kaalnekstrop	184
Figuur 7-22:	Stappe in die konstruksie van die Transportrystrop	185
Figuur 7-23:	Helpertjie.....	187
Figuur 7-24:	Uitleg van trekgoed vir inspan	189
Figuur 7-25:	Die uitleg van die jukke en trektou vir inspan.....	191
Figuur 7-26:	Hôi-hôi van trekosse en plasing van osrieme om die horings.	192
Figuur 7-27:	Koppel van jukmaats met figuur agt-vlegsels om die hots se horings.....	195
Figuur 8-1:	Gebruik van gereedskap deur die eeue.....	198
Figuur 8-2:	Ontharingsproses.....	208
Figuur 8-3:	Sirkelsnit vanaf die buiterand	216
Figuur 8-4:	Sny van rieme vanaf die middel van die vel na die buiterand.	217
Figuur 8-5:	Breiklip met booghout	221
Figuur 8-6:	Opstel van 'n breisel.....	224
Figuur 8-7:	Die dikte van die breisel	227
Figuur 8-8:	Vogafdrywing.....	227
Figuur 8-9:	Oopsprei van die breisel om af te droog tydens die breiproses.....	228

Figuur 8-10:	Opwen van die breisel	229
Figuur 8-11:	Toedien van smeermiddels tydens die breiproses.....	231
Figuur 8-12:	Oopvlek van klaar gebreide rieme met 'n klemhout.	233
Figuur 8-13:	Oopvlek van klaar gebreide riem met omkrulrante links. Oopvlek oor u- vormige staafyster (6 mm dik)	234
Figuur 9-1:	Kimberley Markplein 1880's.	243
Figuur 9-2:	Vragte brandhout te koop op Kimberley se Markplein 1880's.....	244

HOOFSTUK 1:

INLEIDENDE ORIËNTASIE, PROBLEEM- EN DOELSTELLING

1.1 Inleidende agtergrond

Hierdie hoofstuk bied 'n omvattende uiteensetting van die probleem- en doelstellings van hierdie studie, die afbakening van die studieveld en die navorsingsbronne en metodes wat benut is.

Die Suid-Afrikaanse trekos en eiesoortige trektoerusting is binne die Suid-Afrikaanse konteks 'n kultuurwonder. Vir meer as drie eeue het dit 'n impak gehad op 'n wye spektrum van mense se doen en late in Suid-Afrika. Die studie poog om hierdie kultuurskat se veelsydige fasette binne die raamwerk van die vakgebied kultuurgeskiedenis te bestudeer.

Die benutting van makgemaakte diere is 'n sleutelfaset in die verhaal van die mensdom se verlede. In die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika het die trekos, ossewa en ploeg, wat nie van mekaar geskei kan word nie, 'n sleutelrol in die kultuurgeskiedenis van sy gemeenskappe, volks- en taalgroepe gespeel.

Kultuurgeskiedenis is in wese die geskiedenis van mense en hul aktiwiteite, wat 'n studie maak van hoe mense van 'n bepaalde kultuurgroep se lewenstyl en kulturele aktiwiteite met verloop van tyd verander het. Kultuur is nie stagnant nie, maar dinamies, daarom bestudeer kultuurgeskiedenis die historiese ontwikkelingsproses van kultuur. Dit kan insluit:

- Die trekos, as kragbron, voor die ploeg of wa, maar ook die lokomotief op die treinspoor en die graanstroper op die oesland.
- Die maak van onderdele vir die trektoerusting onder die koelteboom op die plaaswerf, maar ook die moderne fabriek waar motorvoertuie en satelliete vervaardig word.

Die konsep kultuur is 'n omvattende begrip. Daar bestaan by kultuurhistorici eenstemmigheid dat hierdie begrip al die mens se aktiwiteite omsluit. Dit is die totaliteit van al sy aktiwiteite - denke en arbeid - 'n skeppingsproduk van die menslike gees wat deur 'n wyd uiteenlopende spektrum van komponente saamgestel word. Die komponente van hierdie somtotaal staan egter nie geïsoleerd van mekaar nie, maar beïnvloed mekaar. Gesamentlik skep dit die "kultuurlegkaart" van 'n historiese tydperk (Burden, 2000:13; Ferreira, 1981:7). Dit is noodsaaklik om die "trekioskultuur" met grondige evaluering en uiteensetting, vanuit 'n kultuurperspektief, toe te lig.

Hieruit ontstaan die vraag: Wat is kultuur? Wat is storie óf dan geskiedenis? Die gebruik van definisies by die begrip "kultuur" kan misleidend wees, omdat die indruk geskep kan word dat daar net een korrekte omskrywing van 'n bepaalde begrip is. Volgens Hattingh (1988:1) kan hierdie persepsie daartoe lei dat mense aanneem dat die betrokke onderwerp 'n vaste gegewe is en

onveranderd in die geskiedenis bly voortbestaan. Dit is duidelik dat die konsep kultuur nie in een enkele definisie omskryf kan word nie. Hierdie navorsing poog nie om debatvoering oor definisies te ontketen nie, maar volstaan met die volgende omskrywings:

Geskiedenis: Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* omskryf geskiedenis as die "Gesistematiseerde verhaal van iets wat in die verlede plaasgevind het" of ook: "Wetenskap wat die feite in verband met die verlede van dinge opspoor, sif, rangskik en verwerk" (HAT, 2011 CD-ROM). Met die begrip geskiedenis word volgens Kapp (1982:3) "daardie deel van die verlede-verhaal bedoel wat hoofsaaklik op grond van geskrewe bronne saamgestel is". In die afgelope dekades het, veral in Afrika, mondelinge oorlewering of tradisie egter 'n al belangriker rol in historiese navorsing begin speel. In navorsing oor kultuurhistoriese onderwerpe word mondelinge bronne soms geringgeskat. Uit sodanige bronne kan 'n deegliker begrip van die onderwerp, hetsy as aanvulling van geskrewe bronne of as 'n primêre bron in eie reg, verkry word. Die uitspraak van Tempelhoff (2002:19,21) is toepaslik: "... wanneer oor geskiedenis besin word, is dit duidelik dat die verskynsel op alle vlakke in die menslike kultuur en die natuur manifesteer ... Informele geskiedenis is daardie herinneringe aan die verlede wat voortdurend in die samelewing aanwesig is en op 'n populêre manier (hoofsaaklik mondelings, maar ook in die vorm van geskrewe tekste) onthou word. Laasgenoemde soort geskiedenis word (soms verkeerdelik) nie van genoeg belang geag om formeel te bestudeer nie".

Kultuur: Hierbo is reeds gemeld dat kultuur die totaliteit van menslike aktiwiteite - denke en arbeid – omvat. Geen twyfel bestaan oor die feit dat kultuur 'n produk van die menslike gees is nie, en dat dit slegs deur volgehoue arbeid geskep kan word. Dit is noodsaaklik dat kultuurskeppinge deur die menslike gemeenskap aanvaar moet word, met ander woorde gemeenskapsbesit word. Kultuur is dus afhanklik van individuele skeppers en gemeenskaplike draers (Ferreira, 1981:7).

Kultuurgeskiedenis: Burden (2000:19) omskryf kultuurgeskiedenis as "'n Studie van die kultuurproduk, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat die proses geïnisieer het, en van die samehang van of interaksie tussen kultuurprodukte en die dimensies waarbinne hulle tot stand kom; dit is 'n studie waarbinne die skepper, die mens self, sentraal staan".

Mense openbaar 'n ingebore behoefte aan kennis van die lewenswyse, gebruike of gewoontes wat verbind word met die dag tot dag aktiwiteite van vervloë dae. Die spontane vraag is wat die geskiedenis van 'n bepaalde gebeurtenis, objek of gebied is. Kennis en insig oor die gebruike en gewoontes van vergange tye vestig by die mens beter begrip en waardering van sy verlede. 'n Ossewa in 'n museum, die gemonteerde foto van 'n trekos se besondere horings, die breë strate om 'n besondere kerkgebou in 'n plattelandse dorp of 'n afbeelding van dieselfde straat en

kerkgeboue met spanne osse voor waens met nagmaal uit vergange dae gaan by die ingeligte persoon nie ongesiens verby nie.

Die geskiedenis van verskillende kultuurkomponente, onder andere taal en letterkunde, kuns, natuurwetenskappe, kerk en godsdiens, reg, verdediging en die daaglikse lewe word, binne 'n bepaalde kultuurperiode, bestudeer ter wille van die soeke na die onderlinge verband tussen hulle, om gesamentlik 'n totaliteit te vorm. 'n Duidelike beeld van die betrokke kultuurelemente is vir die kultuurhistorikus 'n voorvereiste om te weet hoe dit bymekaar inpas, want elk van die komponente staan nie in isolasie nie, maar daar is 'n wisselwerking tussen hierdie boustene van kultuur. Grondige studies wat die grondstowwe ontbloom, lewer boustene om die groter geheelbeeld te vestig. Dit skep moontlikhede vir omvangryker werke. Die belangrikheid van die onderwerp sal bepaal word deur die mate waarin die kultuurhistorikus daarin slaag om dit binne die totale konteks van kultuurgeskiedenis te plaas (Burden, 2000:17).

'n Geheelbeeld van 'n bepaalde kultuurperiode berus op kennis, begrip en ordening van die samestellende legkaartstukke om uiteindelik die totale legkaart te ontbloom. Hierdie navorsing fokus, binne die Suid-Afrikaanse konteks, op die benutting van die trekos as kragbron, en die ontwikkeling van tersaaklike tegnieke en toerusting daaraan verbonde.

1.2 Probleemstelling

Vir meer as twee eeue, waartydens duisende ossewaens gebou is, was die wamakersbedryf die grootste bedryf in Suid-Afrika. Hierdie feit impliseer dat die trekos, as kragbron, nie alleen vir die wa nie, maar ook vir die slee en die ploeg, eweneens van groot belang was. Vir meer as tweehonderd jaar was dit die belangrikste kragbron vir vervoer en voedselproduksie. In die twintigste eeu, lank nadat die wa en transportry in onbruik geraak het, het die trekos steeds 'n beduidende rol vervul.

Voorlopige navorsing het daarop gedui dat:

- Literatuur oor die trekos en sy toerusting as gefragmenteerd en onvolledig beskryf kan word, in dié sin dat daardie fasette wat wel aangeraak word (soos byvoorbeeld die inspan van osse en brei van rieme) geïsoleerd beskryf word. 'n Roetine van 'n individu word soms verwoord, maar redes vir die roetine ontbreek. Inhoudelik kan die bronne meestal sekerlik as korrek aanvaar word, maar dit blyk dat 'n geheelbeeld ontbreek, wat sinvolle begrip van die onderwerp as geheel beperk.
- 'n Verskeidenheid individue het oor die jare heen die kultuurhistoriese waarde van die opteken van die tersaaklike inligting besef en het beslis uitstekende werke nagelaat. Hierdie vroeë navorsings outeurs, hoewel bekend met die trekoskultuur en die vakterminologie, was nie beoefenaars van die osbedryf nie en was afhanklik van persoonlike waarnemings en/of

mededelings deur vakkundiges, oftewel die beoefenaars, van die trekoskultuur. Dit veroorsaak weglatings en/of wanvertolkings van sekere besonderhede.

- Die lesers van die publikasies van destyds was vertrouwd met die verskillende fasette, gebruike en terme van die trekoskultuur en kon die inhoud goed begryp en toepas. ('n Goeie begrip het immers 'n halwe woord nodig). Vir die belangstellende leser van vandag moet die begrippe en terme breedvoerig omskryf en verduidelik word, aangesien eerstehandse kennis meestal ontbreek.

Ervaring het geleer dat die betekenis van basiese terme uit die trekoskultuur vir die jonger geslag grootliks onbekend is en maklik wanvertolk word. Hulle weet nie noodwendig hoe 'n os fisiologies verskil van 'n koei en bul nie, óf wat 'n sweep is en hoe dit lyk nie. Onkunde geld ook vir die komponente van die toerusting. Dit belemmer begrip van die kultuurhistoriese konteks en benutting van die os en sy trekgoed.

'n Wesenlike probleem is die gewaande gebrek aan literatuurbronne waar kernkonsepte, algemene terme en begrippe van die trekoskultuur omskryf en uiteengesit word.

In teenstelling met die trekos, as kragbron, bestaan daar oor die ossewa en die wamakersbedryf in die algemeen betekenisvolle en omvattende publikasies wat as navorsingsbronne benut sou kon word. Hieronder ressorteer:

- Akademiese verhandelings.
- Enkele boeke en 'n verskeidenheid artikels, oor die loop van dekades, in publikasies van kultuurhistoriese instellings.
- Fisiese uitstallings van ossewaens by museums, wat soms met aantekeninge toegelig word.
- Verkoopskatalogi van verskeie wamakersondernemings van ouds, wat as bewaarstukke behoue gebly het.
- Boeke - wat as geleentheidsgerigte publikasies beskryf kan word – wat verskyn het by herdenkingsgeleenthede, byvoorbeeld die 100ste en 150ste herdenking van die Groot Trek.
- 'n Verskeidenheid geleentheidsgerigte artikels in tydskrifte en koerante na aanleiding van bogenoemde geleenthede.

In die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika was die ossewa en die trekos in die praktyk 'n eenheid wat nie geskei kan word nie. Die leemte ten opsigte van omvattende dokumentering van die trekos en sy trekgoed in die kultuurhistoriese literatuur kan deur hierdie studie ondervang word. Die studie sal poog om die leemte in literatuur- en museumbronne aan te vul deur die persoonlike ervaring en gesprekke van die navorser met eerstehandse kundiges.

Sedert die tweede helfte van die 17de eeu staan die trekos en trektoerusting onlosmaaklik gekoppel aan die lewensaktiwiteite van die pioniers in Suid-Afrika. Wanpersepsies bestaan met betrekking tot verskeie aspekte van die tradisionele lewenswyse, waarvan die trekos en trektoerusting 'n betekenisvolle deel vorm. Die wamakersbedryf was vir meer as twee eeue die grootste enkele bedryf in Suid-Afrika (Van der Merwe, 1983:1). Hierdie bedryf is tegniese-vakkundig van aard, waarvoor die wamakers spesialisopleiding in ystersmee, wielbou en timmerwerk binne die wamakersbedryf ontvang het. 'n Voor die hand liggende uitvloeisel hiervan is dat skriftelike en tegniese gegewens oor die wamakerstoerusting en wakonstruksie algemeen behoue gebly het. Omvattende bronmateriaal oor die ossewa is beskikbaar. Ook die fisiese wa het weens sentiment, nostalgie en die rol wat dit in bepaalde geskiedkundige gebeurtenisse gespeel het, in museums en privaatbesit behoue gebly.

Die trekoskultuur is deel van die volkskomponent van kultuurgeskiedenis. Kennis van die kuns van hanteringstegnieke, toerustingbereiding en -toepassings is prakties en mondelings van geslag tot geslag oorgedra en as vanselfsprekend aanvaar (Bosman, 1988:77). As gevolg hiervan het beperkte bronmateriaal behoue gebly. Vakkundige persone met eerstehandse ervaring van die wye spektrum tersaaklike fasette by die benutting van trekosse is tans in Suid-Afrika tot enkele individue beperk. In hierdie studie is die mondelinge getuienis hoofsaaklik afkomstig van persone met lewenslange persoonlike ervaring, kennis en benutting van die trekos by tersaaklike fasette van hulle boerderypraktieke. Dit verwoord dus die kennis wat van oupas en pa's verkry is en terugdateer tot die middel van die 19de eeu.

Hierbo is gemeld dat ondanks die opteken van belangrike inligting oor die trekoskultuur, verskeie weglatings en wanvertolkings in die literatuur hieroor voorkom. Verwarring bestaan soms ten opsigte van die benaming van sekere komponente van die toerusting. Die term "sweep" word in die Suid-Afrikaanse osdrywerstaal byvoorbeeld gebruik om te verwys na die sweepstok en die riemgedeeltes tot by die voorslag aan die voerpunt. Tweedens verwys dit na die riemgedeeltes sonder die stok en derdens na die dikker riemgedeelte sonder die hingsel tot waar die agterslag aan sy voerpunt geheg word. Teen hierdie agtergrond moet die kultuurhistorikus sorg dra dat begrippe in historiese en praktiese konteks vertolk word.

Daar is ook reeds genoem dat inligting in die beskikbare bronne oor die trekos en trektoerusting soms gefragmenteerd en onvolledig is. Gevolglik ontbreek 'n geheelbeeld wat sinvolle begrip van die onderwerp as geheel kortwiek.

Volgens Simalenga & Joubert (2004:6) wil dit voorkom of mense in besluitnemingsposisies hulle vandag skaam vir dié deel van die Suid-Afrikaanse erfenis, ten spyte van die geraamde 1 miljoen huishoudings en bestaansboere wat steeds van die trekos afhanklik is en die onmisbare rol van die trekos in die kultuurgeskiedenis van Suid-Afrika. Daar bestaan gevolglik 'n gebrek aan opleiding, voorligting en navorsing ten opsigte van:

- Hanteringstegnieke van trekosse in die prosesse van inbreek, afrig, inspan en ossedryf.
- Bereiding en benutting van die betrokke toerusting.
- Basiese terminologie van die trekoskultuur.

Minstens een generasie van landboukundiges het geen formele opleiding of kennis van die benutting van dieretrekkrag nie (Joubert & Kotsihoane, 1999:11). Op die praktiese bedryfsvlak sal die toepaslike dokumentering in hierdie studie waardevolle inligting verskaf aan diegene wat belang het by die voortgesette benutting van die trekos vir huishoudings, die landbou of die toerismebedryf.

1.3 Navorsingsmotivering

'n Uiteenlopende aantal faktore dien as 'n dryfveer om die trekos en trektoerusting in kultuurhistoriese konteks te plaas, wat desgelyks ook deels as probleemstellings interpreteer kan word.

Sonder kennis van gebruike en gewoontes van die verlede maak vele kosbare dinge nie sin vir mense nie. Dit frustreer hulle indien onjuiste of ongefundeerde stellings rakende 'n onderwerp kwytgeraak word. Vele navorsers in kultuurgeskiedenis se probleem is juis dat hulle dikwels slegs 'n vae beeld van die verskillende tersaaklike kultuurelemente het en nie weet hoe dit bymekaar aanpas of inpas nie (Burden, 2000:16). Dit blyk dat outeurs soms foutiewe interpretasies heg aan elemente van die trekoskultuur. So word die loopproses byvoorbeeld verwar met ontharingstegnieke van velle of, soos reeds aangedui, word die benamings van sweeponderdele nie begryp nie. Hierdie tekortkoming is verstaanbaar omdat dikwels met vreemde terminologie en uitgediende konsepte gewerk word. Die kultuurhistorikus het egter 'n vakkundige plig om, alvorens hy/sy hom/haar oor 'n bepaalde kultuurelement/e uitlaat, 'n deeglike agtergrondkennis van die fasette en eie aard van sy/haar onderwerp te bekom en te verifieer.

Kultuurgeskiedenis dra by tot ryker lewenservarings indien die "wat", "wanneer", "waar", "wie" en "waarom" van 'n verskynsel en waarop dit uitgeloop het, behoorlik aangedui word (Ferreira, 1988:98). Die Suid-Afrikaanse trekoskultuur word in vele museums hoofsaaklik deur die ossewa uitgebeeld. Die trekos, indien enigsins, word op sy beurt meestal geïllustreerd of deels deur gemonteerde horings aangebied. Soms word die trekgoed slegs deur 'n osjuk verteenwoordig. Met betrekking tot die trekos en trektoerusting beskik sommige personeel en eienaars oor gebrekkige tersaaklike funksionele inligting, omdat hulle nie toegang het tot relevante geskrewe stukke of mondelinge inligtingsbronne nie. Plaaslike storie-outeurs lê hoofsaaklik klem op die kulturele belang van die ossewa, waar die term sinonimies gebruik word vir die totale trekoskultuur, wat die onmisbare rol van die trekos en die trekgoed insluit.

As wetenskap spreek kultuurgeskiedenis 'n behoefte aan vir die daarstelling van 'n totale beeld van die mens se verlede. Die trekos het op verskillende vlakke 'n betekenisvolle, selfs deurslaggewende, bydrae gelewer. Wat voedselproduksie en die vervoerbedryf betref, het die trekos 'n sleutelrol gespeel in die land se ekonomiese geskiedenis. Verder was die ontwikkeling van die trektoerusting 'n belangrike aspek van tegnologiese ontwikkeling in die subkontinent. Die verskillende komponente van die trektoerusting was 'n belangrike deel van die materiële behoeftes van die samelewing. Daarbenewens het die terminologie van die trekostydperk en die neerslag wat dit in taalgebruik gevind het 'n betekenisvolle bydrae tot die immateriële behoeftes gemaak. Die trekos en trekgoed verdien om vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief toegelig en opgeteken te word.

Vir die huidige geslag, veral vir jonger mense soos skoliere en tersiêre studente, is die betekenis van basiese terme uit die trekoskultuur onbekend. Tydens voordragte by ossewaritte, geleentheidsgerigte kultuurhistoriese-saamtrekke en ope dae by museums is die ervaring dat, selfs onder die ouer mense van die werklike belangstellende publiek, onkunde oor 'n breë spektrum van tersaaklike konsepte en terme uit die trekosera geld. Outeurs van kultuurhistoriese artikels, soos Burden (1998:7), bevestig ook hierdie waarneming met betrekking tot die onkunde ten opsigte van die trekoskultuur.

As navorser het ek van kindsbeen af met die trekoskultuur grootgeword. Die trekos, as kragbron in die hoofstroomboerderypraktyke, is egter sedert die middelvyftigerjare vinnig verdring deur die binnebrandmasjien. Oor die jare heen is steeds nuwe skakeling behou met vele kundige persone met eerstehandse ervaring van 'n wye spektrum van trekosaktiwiteite. Tersaaklike agtergrondkennis is deurentyd ook uit literatuurbronne aangevul.

Op tientalle dorpe en stede is tersaaklike aktiwiteite by geleentheidsgerigte herdenkings soos die 150-jarige herdenking van die Groot Trek en die 100-jarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog aangebied. Wat besonder getref het, was die spontane en intense belangstelling in die trekoskultuur, maar daarmee saam ook die groot mate van onkunde oor die trekos en sy trekgoed. Wat toe reeds opgeval het, was die gebrek aan omvattende literatuur met betrekking tot die trekos en sy toerusting.

By die "Animal Traction Centre" aan die Universiteit van Fort Hare word veral klem gelê op die behoeftes in die landelike gebiede. In Suid-Afrika word die trekos, as kragbron, vir 'n verskeidenheid take nog wyd in landelike gebiede aangewend. Na raming maak meer as 1 miljoen huishoudings in Suid-Afrika van osse as kragbron vir vragverskuiwing en voedselproduksie gebruik (Simalenga *et al.* 2002:15). Die inhoud van hierdie studie behoort van groot praktiese waarde te wees, onder andere vir die betrokke landbouvoorligtingsbeamptes in die landelike gebiede.

1.4 Navorsingsdoelstelling

Die voorgestelde studie het navorsing ten doel om die historiese benutting en ontwikkeling van die trekos en die gepaardgaande trektoerusting, met spesifieke verwysing na die trekos as kragbron, in die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika te ondersoek, dit na waarde te skat en die os en sy toerusting breedvoerig as kultuurhistoriese entiteit te beskryf.

Vanaf die bekendstelling van die Europese kultuur in Suid-Afrika, tot aan die einde van die twintigste eeu, moet die kultuurimpak van die trekoskultuur ondersoek en beskryf word. Die werksroetines en toerusting van die trekos word met betrekking tot die gebruik, vervaardiging en bereiding van die tersaaklike komponente ontleed. Dit kan 'n omvattende perspektief bied op die kultuurgeskiedenis van die pionier, trekboer, transportryer en landbouer in Suid-Afrika.

Ten einde die navorsing sinvol te verantwoord deur die beskrywing, ontleding en beoordeling van die trekos en die trektoerusting, sal 'n antwoord, vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief, op die volgende sentrale vraag gesoek word:

Hoe het die benutting van die trekos as kragbron histories in Suid-Afrika ontwikkel en watter bydraes het dit tot die algemene ontwikkeling van aktiwiteite in die samelewing gemaak?

Sekondêre vrae wat hieruit voortspruit is:

1. Hoe het verwante en tersaaklike trektoerusting ontwikkel?
2. Hoe is grondstowwe vir die toerusting bekom, verwerk en ontwikkel?
3. Watter bydraes het die trekos en trektoerusting gelever tot die kultuur van die trekosera?

1.5 Navorsingsmetodologie

Die ideaal van kultuurgeskiedenis is om 'n deeglike studie van kultuurprodukte of -elemente te maak en binne die totale raamwerk van kultuurgeskiedenis te plaas om die samehang binne 'n bepaalde periode uit te wys. Dit poog om die werklikheid waarvan die mens deel vorm, te begryp en 'n bydrae te maak tot die toeligting van die komplekse menslike skeppingsproses.

Metodologie verwys nie slegs na metodiek van navorsing nie, maar sluit die leer van die vakgebied se metodiek in. Volgens Mouton & Marais (1992:7) is die metodologie die "logika onderliggend aan die implementering van wetenskaplike metodes in die bestudering van die werklikheid".


Die metodologie van die vakgebied omvat:

- die inhoud (die werklikheid wat bestudeer word),

- benadering (die invalshoek waaruit die inhoud bestudeer word),
- doelwitte (die redes waarom die werklikheid bestudeer word en wat met die studie bereik wil word) en
- navorsingmetodiek (Burden, 2000:29).

In die navorsingspraktyk moet die interafhanklikheid van hierdie dimensies tydens die navorsingsproses weerspieël word.

In hierdie navorsing word 'n geïntegreerde kultuurhistoriese benadering binne die raamwerk van die Burden-model gevolg. 'n Skematiese voorstelling word in Figuur 1-1 hieronder uiteengesit.



Figuur 1-1: Burden-model
Burden, M. 2000

Die aanwending van hierdie model, waaruit die metodologie van die vakgebied vloei, verteenwoordig kultuurinvalshoeke wat 'n raamwerk vir die bestudering van kulturelemente binne die vakgebied kultuurgeskiedenis daarstel soos:

- Geestelike en stoflike kultuur

Geestelike kultuur dui op nie-tasbare elemente en stoflike kultuur op tasbare elemente, wat 'n nuttige kategorisering van begrippe is ten einde die vakgebied in die praktyk te ontleed en sy elemente beter te begryp en uiteen te sit. Dit bly van die uiterste belang om die verband tussen die twee te beklemtoon, aangesien die stoflike kultuurproduk nie van die geestelike proses, waarmee die konsep van die produk tot stand gekom het, geskei kan word nie.

- Volks- en patrisiërkultuur

Burden en Grobbelaar verwys na die komponent "volks-" in "volkskultuur" of "volkskunde" as die individu of groep wat kultuurprodukte skep waarvoor hulle nie formele akademiese opleiding ontvang het nie. Daarteenoor staan die term patrisiër (deur sommige volkskundiges soms die opperkultuurlaag genoem), wat verwys na die persoon wat geleentheid tot skoling en opleiding in 'n akademiese sin gehad het (Burden, 2002:23).

- Tradisionele en eietydse kultuur.

Tradisioneel verwys na 'n verskynsel wat reeds as 'n tradisie van een geslag na 'n ander of van een groep na 'n ander oorgegee word. Eietyds verwys na moderne of hedendaagse verskynsels wat nog nie as tradisies erken word nie.

Wanneer op 'n beperkte gebied soos die trekos en trektoerusting ('n stoflike kultuurelement) gefokus word, moet ook gelet word op faktore wat onder andere die geestelike kultuur, volkskultuur en patrisiërkultuur beïnvloed, of daaruit voortvloei, om 'n geheelbeeld van die bepaalde kultuurtydperk daar te stel.

Hierdie studie berus hoofsaaklik op kwalitatiewe navorsing. Navorsing wat belangstel in die uniekheid van 'n besondere kultuurelement vind waarde in kwalitatiewe navorsingsmetodes omdat dit ruimte laat vir die konteks waarbinne dit plaasvind (Oosthuysen, 1997:30-32). Karakteristieke eienskappe kenmerkend van kwalitatiewe navorsing wat op hierdie studie van toepassing is, sluit onder andere 'n holistiese, beskrywende, ontledende benadering in wat emies en empiries van aard is.

Die vraagstukke waarmee kwalitatiewe navorsing hom bemoei, is emiese vraagstukke wat progressief op een punt saamgetrek en duidelik geformuleer word. In hierdie studie soek dit na die verwysingsraamwerk en waardesisteem van die trekoskultuur. Ter ondersteuning hiervan word kontekste, begrippe en terme binne en tussen die onderskeie bronne vertolk, geverifieer en saamgevat.

Empiriese navorsing word gerig op veldwerk en die bestudering van die trekoskultuur. Die klem val op waarneembaarheid, waarby veral die waarnemings van die informante ingesluit is. Dit streef daarna om naturalisties en nie intervensionisties te wees nie, maar gee voorkeur aan die gewone taal van die trekoskultuur. Data is ter plaatse ingesamel, want 'n handeling kan beter begryp word wanneer dit in sy natuurlike omgewing en verband waargeneem word. Die empiriese navorsingservaring en kennis rondom die trekos, trektoerusting en die trekoskultuur word vir die vertolking en aanvulling van navorsingsbronne aangewend. Daarbenewens is aan die hand van toepaslike vroeë semigestruktureerde, informele, persoonlike onderhoude gevoer met persone wat oor intieme eerstehandse kennis van die onderskeie komponente van die trekosera beskik.

Kultuurhistoriese werke kan gerieflikheidshalwe in drie kategorieë verdeel word, naamlik beskrywende, verhalende en ontledende kultuurgeskiedskrywing. Volgens Ferreira (1988:98) kan duidelike skeidslyne nie getrek word nie, want twee of meer van hierdie kategorieë kom dikwels in dieselfde stuk kultuurgeskiedenis voor:

- **Beskrywende kultuurgeskiedskrywing** poog om die verlede weer te gee of te herskep soos dit was. Die aanbiedingswyse van die stof is tematies.
- **Verhalende kultuurgeskiedskrywing** vertel die verhaal kronologies, dit wil sê die verloop van tyd vorm die ruggraat van sy struktuur.
- **Ontledende of analitiese kultuurgeskiedskrywing** is 'n poging om die gebeurtenis of voorwerp waaroor geskryf word in 'n wyer verband te plaas en oorsake en gevolge vas te stel.

Nie een van hierdie kategorieë van kultuurgeskiedskrywing mag deur kultuurhistorici verwaarloos word nie. In hierdie studie word hoofsaaklik van beskrywende en analitiese kultuurgeskiedskrywing gebruik gemaak.

1.6 Navorsingsbronne

Vir die kultuurhistorikus is benewens geskrewe bronne, ook beeldende en mondelinge bronne van groot belang. Eerstehandse getuienis van tydgenote word as die betroubaarste beskou (Pretorius, 1990:1). Onder die geesteswetenskappe is kultuurgeskiedenis eiesoortig omdat 'n wye verskeidenheid bronnemateriaal benut word in 'n poging om die verlede te ontbloot, te verklaar en selfs te rekonstrueer.

Teen hierdie agtergrond het die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis in 1990 aanbeveel dat 'n handleiding, ook vir gebruik in nagraadse studies en navorsingspublikasies, by die gebruik van 'n bronne-indeling saamgestel word. Die hoofindeling behels geskrewe, beeldende en mondelinge bronne. Weens die verskil in uitgangspunt tussen geskiedenis en kultuurgeskiedenis verskil hierdie indeling in 'n mate van die tradisionele indeling vir geskiedenis (Pretorius, 1990:1).

1.6.1 Geskrewe bronne

Geskrewe stukke is dié van persone wat kon en wou skryf. Wesenlik verwoord dit slegs 'n klein gedeelte van die werklikheid. Dit bied nietemin 'n onmisbare raamwerk waarin aktiwiteite in 'n bepaalde tydperk uitgebeeld word. Geskrewe bronne is in die meeste gevalle betroubaar wat tyd, plek en outeurskap betref, omdat hulle gewoonlik in die verlede die beste bewaar gebly het.

Hierdie stukke sluit in:

- Amptelike geskrifte. Dit behels dokumente wat deur die Staat as deel van die regeringsproses opgestel is, byvoorbeeld notules en verslae. Hulle dien as **primêre bronne**.
- Persoonlike geskrifte, ook genoem egodokumente. Dit sluit dagboeke, reisjoernale en briewe in. Dit bied dikwels insiggewende opmerkings van menslike skeppinge, aktiwiteite, gewoontes en gebruike. Dit dien eweneens as **primêre bronne**.
- Bronne wat verwerkte inligting bevat. Voorbeelde is artikels, boeke en proefskrifte. Hierdie soort bronne staan bekend as **sekondêre bronne**.

1.6.2 Beeldende bronne

'n Verskeidenheid kunste, wat deur mense beoefen is, bevat insiggewende inligting oor die menslike verlede, onder andere:

- Pikturale bronne. Dit sluit skilderye, tekeninge en foto's in. Dit is meestal aanvullend en dien dikwels as ophelderings om begrip van die geskrewe bronne te verbreed.
- Voorwerpe. Uiteenlopende alledaagse tydgenootlike gebruiksartikels van uiteenlopende materiale word hierby ingesluit.

Tydgenootlike geskrewe en pikturale bronne, artefakte uit argeologiese opgrawings, asook bouwerke en voorwerpe is primêre bronne. Stoflike kultuurprodukte is dus vir kultuurgeskiedenis 'n belangrike bron van kennis aangaande die lewe van die mens in vergange tye.

1.6.3 Mondelinge bronne

In 1922 beklemtoon Preller die waarde van mondelinge bronne as volg: "Die ervaring het geleer dat dit nutteloos is om kultuur-historiese gegewens in te win by welvarende gesinne. Vir inligting oor huislike, maatskaplike of nasionale ontwikkeling, oor sedes en gebruike, insettinge of gewoontes, moet elders gesoek word. Die noukeurigste en uitvoerigste inligting sal mens aantref by diegene wat hul altyd moes behelp met die dinge wat hulself gemaak het. Neem bv. die ossewa waaroor daar miskien nog die meeste literatuur bestaan. Die man wat daarvan die beste kan vertel is hy wat sy hele lewe deur daarmee omgegaan het. En so gaan dit op elke ander terrein." (Spoelstra, 2001 [1922]:5). Hierdie siening is eweneens van toepassing op die trekos, sy toerusting, hantering en benutting van die neweprodukte.

Mondelinge oorleweringe is die terrein van die volkskunde, maar is 'n belangrike onderdeel van kultuurgeskiedenis. Dit behels gesproke inligting wat gewoonlik in die vorm van herinneringe deur middel van onderhoude en mondelinge vertellings ingewin word. Voorbeelde hiervan is klankbande wat 'n wye spektrum inligting, soos toesprake, onderhoude, herinneringe, hoorbeelde,

verhale en kommentare insluit. Dit is dikwels die enigste bron vir 'n studie van menslike aktiwiteite waar mense geen geskifte nagelaat het nie. Die kultuurhistorikus is altyd op soek na inligting wat lig werp op die eie aard van die navorsingveld. Verskeie bronne verskaf materiaal waaruit 'n samevoeging van al die kennis van die besonderse aard van die kultuurproduk verkry kan word (Van der Merwe, 1988:38-44).

Hierdie drie kategorieë bronne moet aanvullend tot en in samehang met mekaar benut word. Vakkundige kennis asook persoonlike praktiese ervaring en vaardigheid van die betrokke komponente, soos in die geval van rieme brei, die bereiding van trekgoed en hantering van die trekosse, dien ook as belangrike en geloofwaardige inligtingsbron ter aanvulling van ander bronne.

1.7 Afbakening van die studieveld

Die afbakening behels die onderstaande konsepte:

- **Geografies**

Die studie fokus binne die Suid-Afrikaanse konteks, op die benutting van die trekos as kragbron en die ontwikkeling van tersaaklike tegnieke en toerusting daaraan verbonde.

- **Tydperk**

Die rol van die trekos in Suid-Afrika word vanaf die 1650's tot die einde van die 20ste eeu ontleed.

- **Inhoudelik**

'n Omvattende spektrum aktiwiteite met betrekking tot die voorbereiding en benutting van die trekos en trektoerusting word ingesluit.

1.8 Konseptuele raamwerk van die studieveld

Die impak van die trekoskultuur op die totale lewensmilieu en menslike aktiwiteite van die verskillende volks- en taalgroepe in Suid-Afrika, vanaf die middel van die 17de eeu tot die einde van die 20ste eeu, word binne die metodologiese raamwerk van die vakgebied kultuurgeskiedenis uiteengesit.

Die konseptuele raamwerk van hierdie navorsing is vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief op die benutting van die Suid-Afrikaanse trekos, as kragbron, toegespits. Die volle spektrum van die gebruik en ontwikkeling van die tersaaklike toerusting en die tegnieke daaraan verbonde, vanaf die disselboom se beuel tot die voorosse en hul leiriem, word ingesluit.

1.9 Hoofstukindeling van die studie

Die benutting van 'n verskeidenheid soorte diere, as 'n kragbron, vir die oorbrugging van afstand, verskuiwing van vrag en voedselproduksie is wêreldwyd, veral in Asië, Europa en Noord-Afrika, 'n eeue oue tradisie (Simalenga & Joubert, 1997:2). Oor duisende jare is hierdie diere, veral ook die trekos, tot voordeel van mense benut. In hoofstuk 2 word 'n samevatting aangebied van die herkoms, universele verspreiding en benutting van die os (beeste), oor millennia heen, in diens van die mens en sy aktiwiteite.

In Suid-Afrika word die os reeds eeue lank vir 'n verskeidenheid doeleindes benut. Met die vestiging van die Oos-Indiese Kompanjie se halfwegstasie in 1652 aan die Kaap die Goeie Hoop, het 'n behoefte ontstaan om timmerhout en ander boumateriaal te verskuif. Hiervoor was Van Riebeeck slegs op osse as trekdiere aangewese (Van Riebeeck se dagboek soos aangehaal deur Burman, 1988:15). Mettertyd sou dit blyk dat die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis swaar sou leun op die trekos en ossewa, wat dit moontlik gemaak het om die uitgestrekte land, deur bewoning, bewerking en ontginning van sy hulpbronne, te benut (Haasbroek, 1982:35). Die omvang wat die bydrae van die trekos in die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis ingeneem het, word in hoofstuk 3 behandel.

In hoofstuk 4 is 'n profiel van die Suid-Afrikaanse trekos as werkdier en faktore wat trekosse se individuele naamgewing en identifisering beïnvloed, saamgevat.

Hoofstuk 5 bied 'n profiel van die vaardige osdrywer in Suid-Afrika en verwys na die etiket van die nering wat as grondslag van die verkeersvloei van sy tyd gedien het. In die hantering, benutting en identifikasie van sy trekosse beskik die Suid-Afrikaanse osdrywer oor 'n omvattende eiesoortige vakterminologie. Hierdie terme het 'n beduidende akkulturasierol vervul in interkulturele verhoudinge. Osdrywersterme is deur verskillende bevolkings- en taalgroepe van Suider-Afrika onderling oorgeneem, al is dit dikwels in verboë vorme. Dit is as gemeenskaplike osdrywerstaal aanvaar en gebruik. Op die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse taal het terme en idiomatiek uit die trekosera 'n blywende impak gehad. Die osdrywer is 'n sleutelkomponent van die ineengestremgelde groepering kultuurprodukte, wat verband hou met die trekos. Hy is inderwaarheid 'n katalisator vir die interaksie tussen tersaaklike kultuurboustene van die trekosera.

Die trekos en beeste in die algemeen is ook 'n bron van velerlei nuwe produkte, wat as grondstof van komponente vir skepping van kultuur dien. Enersyds behels dit gebruiksartikels wat in die benutting van die trekos se primêre funksie, naamlik trekkrag, toepassing vind. Desgelyks het dit ook inslag gevind in die pionier se woning, meubels, skoeisel, kleding en ander gebruiksartikels. 'n Uiteenlopende en omvattende kultuurspektrum word voorwaar deur die trekos aangedui. Verskillende byprodukte van beeste het in die Suid-Afrikaanse konteks oor eeue heen in vele materiële en nie-materiële behoeftes voorsien. In hoofstuk 6 word die

neweprodukte van die trekos en hul gebruike individueel aangestip en meer breedvoerig uiteengesit.

In hoofstuk 7 word die konstruksie, die nut en gebruik van die onderskeie komponente van die Suid-Afrikaanse trekstoerusting behandel. By die nagaan van 'n groot verskeidenheid uiteenlopende bronne is dit duidelik dat die trekos en die komponente van die trektoerusting vir nagenoeg drie eeue oor 'n wye spektrum van menslike aktiwiteite in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n sleutelrol vervul het. Trektoerusting van die trekos het in Suid-Afrika 'n eiesoortige toepassing gevind en besoekers het hul destyds verstom aan die lang spanne osse wat die wa en ploeg getrek het (Anon. *Agricultural Journal*, 1890). Sonder die Suid-Afrikaanse trekos en sy trektoerusting sou die geskiedenis van Suid-Afrika daar heel anders uitgesien het.

Verwerkingsprosesse van velle in Suid-Afrika ter benutting van trekosse word in hoofstuk 8 uiteengesit en bespreek. Die verwerking van huide en velle vir benutting deur die mens is universeel sekerlik van die oudste kunsvorms (Grant, 1956:3). Bosman (1988:77) stel dit soos volg: "Riemebrei was nog altyd 'n besondere taak, wat kennis en ervaring en ook beplanning en behoorlike voorbereiding vereis het. Om 'n goeie breisel rieme te kon brei was 'n kuns wat van vader tot seun en geslag tot geslag oorgedra is en nie iets wat 'n mens uit 'n handleiding kon bemeester nie". Die unieke Suid-Afrikaanse breiprosesse en -tegnieke in die benutting van rouvelle is hoofsaaklik vir die maak van trektoerusting gebruik.

'n Samevatting van die navorsingsbevindings, asook tersaaklike gevolgtrekkings en aanbevelings word in hoofstuk 9 as slotperspektiewe gemaak.

HOOFSTUK 2:

UNIVERSELE HERKOMS, VERSPREIDING EN BENUTTING VAN DIE TREKOS

2.1 Inleidende agtergrond

Binne die raamwerk van hierdie studie verwys die term "os" na gekastreerde manlike diere in die Familie *Bovidae* (herkouers) en die genus *Bos* (bees), meer spesifiek *Bos Indicus* uit Asië, *Bos primigenius* van Noord-Afrika en *Bos taurus* van Europa. Bosman (1988:13) beskryf hierdie os as: "... selfs uit tye van voor die ontdekking van die wiel af ... een van die mens se verdraagsaamste, dienswilligste en onderdanigste arbeidshulpmiddels van alle tye". Dit is dus 'n kultuurproduk wat uit uiteenlopende en opeenvolgende beskawings stam.

In geen ander land, ná die "ontdekking" van die Nuwe Wêreld en Australasië, het die trekos so 'n deurslaggewende rol vervul as in die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika nie (Pope, 1910-11:143). Die vraag ontstaan dus: Wat is die geskiedenis of herkoms van hierdie besondere kultuurproduk? Die antwoord skyn gesetel te wees in die dag tot dag menslike aktiwiteite van opeenvolgende beskawings wat oor duisende jare terug strek.

Die begrip geskiedenis is vir lank algemeen vertolk as die verhaal van vervloë tye wat geskoei is op die inhoud van geskrewe bronne. Geskiedskrywers verwys dikwels na verwikkelinge van geskiedkundige belang wat voor die literêre tydperk plaasgevind het, as prehistories. Skryfvaardigheid ('n kultuurproduk van menslike kommunikasie en uitdrukkingsvermoë) en die gepaardgaande nalaat van geskifte deur mense, is 'n uitstaande kenmerk van die literêre tydperk in die geskiedenis. Voorgeskiedenis vir die prelitterêre tydperk/e kan misleidend wees. Dit impliseer dat, kultuurhistories gesproke, niks belangriks ten opsigte van menslike ontwikkeling in daardie era plaasgevind het nie. In die prelitterêre era het daar egter belangrike verwikkelinge vir die literêre tydperk tot stand gekom (Kapp *et al.* 1982:3).

Kultuur omsluit alles wat die mens doen ten einde vir hom/haar, in die breedste sin van die woord, 'n leefruimte of tuiste te skep. Van die vroeë tye af het mense hulpmiddels aangewend as 'n aanvulling van sy eie liggaamskrag ten einde sy omgewing te benut om homself te onderhou (Hattingh, 1988:15). Die beesfamilie, waarvan die os 'n noodwendige uitvloeisel is, het as geheel oor duisende jare heen 'n sentrale rol in kultuurskepping gespeel en stoflike en geestelike behoeftes vervul.

Die prominente status van beeste en osse in antieke reliëfbeelde, skilderinge teen rotswande en in hiërogliewe is 'n belangrike aanwyser van: (1) die rol van beeste (osse) in die individuele status van mense – tot in die adelstand; (2) die oorheersende rol van die os as kragbron vir

voedselproduksie, kleding en vervoer, vir die oorlewing en ontwikkeling van mense en gemeenskappe in diverse en opeenvolgende beskawings (Dunn, 2011; Wenying, 2009).

Wêreldwyd, ook in Suid-Afrika, is die geskiedenis van die os verweef met die vroeë geskiedenis van die landbou. Vir millennia benut die mens reeds osse ter aanvulling van sy eie liggaamskrag en sy stoflike behoeftes (Conroy, 2007:251). In Suid-Afrika word die os reeds oor eeue heen vir 'n verskeidenheid doeleindes, soos pak-, ry- en vegosse benut (Axelson *ed.* 1988:8). Ná die vestiging van 'n halfwegstasie in 1652 aan die Kaap die Goeie Hoop deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), het die nut van die trekos plaaslik beslag gekry.

Die wortels van die oskultuur spruit uit vergange beskawings. Om daardie wortels te vind en logies na te volg, is dit nodig om die benutting, omvorming en aanvaarding van hierdie besondere oorgelewerde kultuurproduk in opvolgende en uiteenlopende beskawings, breedvoeriger in sy totale omvang en belangrikheid te evalueer ten einde dit meer sinvol te begryp.

In hierdie opsig is dit voor die hand liggend dat in bepaalde nuanses die term "os" en "bees" sinoniem is. Vir tersaaklike inligting oor die roetekaart wat hierdie kultuurproduk met verloop van duisende jare gevolg het, is die kultuurhistorikus egter daarop aangewese om kennis wat spruit uit vakgebiede van verskeie natuur- en geesteswetenskappe na te gaan en te vertolk. Vakgebiede wat hierin belangrike bydraes lewer, is onder meer antropologie, argeologie, fisika en paleontologie (Meyer, 2012:17).

Die benutting van makgemaakte diere is 'n belangrike faset in die geskiedenis van die mensdom se kultuuraktiwiteite. Die holhoringherkouers is die gewildste groep wat vir hierdie doel makgemaak is. Hulle horings, wat nie jaarliks afgegooi word nie, is 'n uitgroei van beenweefsel aan die kop, waarvoor 'n hol horingdop van keratien gevestig is. Volgens Cornish (1906:207) is hierdie lywige beeste (osse) en die aanverwante Indiese buffel, Chinese jak en andere, vir die mens die nuttigste van die herkouers.

Fossiele, asook argeologiese artefakte en ander kultuurskeppings soos reliëfbeelde en tekeninge op rotswande, ('n belangrike vermoë van die mens tot sy geestelike uitdrukking) ontsluit betekenisvolle inligting. Hieruit kan vertolkings van vervloë menslike aktiwiteite gedoen word, wat soms treffender as geskrewe bronne vertolk kan word. Hierdie kennis dra by tot 'n beter begrip van kultuurspronge in die Preliterêre Tydperk, onder andere omdat dit nie noodwendig gebonde is aan kennis of ontsyfering van taal en skrif nie. Dit beklemtoon die siening van Hattingh (1988:8) dat die term "kultuur" in bepaalde beklemtonings ook naverwant is aan die konsep "beskawing".

2.2 Die ontwikkelingsgeskiedenis van die mens vanaf die Neolitiese Tydperk

Argeologies is twee tydperke van die mens se verlede van besondere belang, naamlik die Steen- en Ystertydperke. Die tydsduur van elke era kan nie goedsmoeds omskryf word nie. Die vestiging,

duur en oorgange van hierdie periodes het in verskillende wêrelddele en beskawings grootliks verskil (Kapp *et al.* 1982:3-4; Meyer, 2012:30).

2.2.1 Die Steentydperk (Preliterêre Tydperk)

Hierna word ook verwys as die Preliterêre Tydperk. Hierdie era word met verwysing na menslike aktiwiteite by die maak van klipwerktuie in twee hooftydperke verdeel, naamlik die Paleolitiese (Ou Steentydperk) en Neolitiese Tydperk (Nuwe Steentydperk) (Kapp *et al.* 1982:3).

2.2.1.1 Die Paleolitiese Tydperk (Ou Steentydperk)


In hierdie tydperk word die eerste tekens gevind van hoe die mens homself inrig om beter in sy natuuumgewing te oorleef. Deur klippe af te splinter is 'n ruwe kerngedeelte gevorm wat met die hand omvou kon word, om as wapen en werktuig vir kosvoorsiening te dien. Klipwerktuie van dié tyd sluit elementêre kliphandbyle, vuisklippe vir hamerwerk en klipskrapers in (Kapp *et al.* 1982:3; Meyer, 2012:29). In Brittanje is argeologiese data gevind van beesskedels met skerp-gemaakte klippe daarin (Bosman, 1988:13). Volgens Meyer (2012:30) het die voorvaders van die moderne mens meer as 100,000 jaar gelede as Steenerajagters uit die oervoorvaders in Afrika, Europa en Asië ontwikkel. Van hier het hulle mettertyd na alle uithoeke van die wêreld versprei. Min van hierdie era se kultuuraktiwiteite is bekend. Vir die doel van hierdie studie word slegs kennis geneem van die mens se vroeë basiese kultuurskepping en -ontwikkeling.

2.2.1.2 Die Neolitiese Tydperk (Nuwe Steentydperk)

Vordering wat in hierdie tydperk gemaak is, is dat die klipwerktuie glad afgewerk en geslyp is. Die mak maak van beeste het 'n aanvang geneem. In Europa is die Nuwe Steentyd eers 5,000 jaar gelede goed gevestig, maar kan veel verder teruggevoer word. Reliëfbeelde en rotstekeninge wat makgemaakte en gejagte diere aantoon en na raming meer as 15,000 jaar gelede geskep is, is in Spanje en Frankryk gevind (Bosman, 1988:13). Afbeeldings hiervan word in Figuur 2-1 en 2-2 weergegee. Hierteenoor het die Neolitiese era in die Nylvallei 6,000 jaar gelede ten einde geloop toe die vroeë literêre beskawing ontstaan het. Die duur van die Laat-Neolitiese Tydperk in Suid-Afrika was byvoorbeeld so vroeg as 20,000 jaar gelede tot so laat as nagenoeg twee eeue gelede (Meyer, 2012:30). Dit was 'n tydperk waarin belangrike kultuurontwikkeling posgevat het. In Nubië is horingkerne van wilde beeste wat skynbaar as grafmerkers (grafstene) op twee mensgrafte van 12,500 jaar gelede geplaas is, gevind. 'n Derde kern is naby 'n kopbeen van 'n derde graf gevind (Dunn, 2011). Dit bevestig reeds van vroeg af 'n besondere verhouding tussen mens en bees.

Beeste is van die eerste diere wat deur die mens, meer as 7,000 jaar gelede, makgemaak is (Wenyong, 2009). Elementêre veeboerdery (beeste en kleinvee) het ontstaan, waarmee nomadiese veewagtergroepe (voorlopers van latere stamme) hul dieet aangevul het (Kapp *et al.* 1982:3).

Desgelyks het akkerbou in geskikte gebiede posgevat. Vir hierdie landbouers, met net die mens se liggaamskrag as kragbron, kon graan- en peulgewasse die daaglikse behoeftes meer standhoudend aanvul (Meyer, 2012:32-33). Met verloop van eeue sou hierdie boerderyvertakkings mekaar aanvul en mettertyd ineenvloei.



Figuur 2-1: Rotskuns, Altamira-grot, Spanje, 15,000-10,000 v.C. Neolitiese Tydperk.
Pinterest s.a.



Figuur 2-2: Rotskuns, Lascaux-grot, Frankryk, 15,000 v.C. Neolitiese Tydperk.
Mazzaroth s.a

2.2.2 Ystertydperk (Literêre tydperk)


In hierdie tydperk het die mens betekenisvolle deurbrake gemaak. Met die ontdekking van koper en yster asook tegnieke om dit te verwerk, is die ystertydperk 6,000 jaar gelede in Egipte ingelei. Saam hiermee het die eerste literêre beskawing in Noord-Afrika, in die Nylvallei, tot stand gekom, wat die oudste bevestiging van 'n gevorderde beskawing is (Kapp *et al.* 1982:3-5). Hierbenewens het die Egiptenare die 365 dae kalenderjaar in 4,241 v.C. daargestel. Aanvullend hiertoe het hulle, in 238 v.C., ook die konsep van die skrikkeljaar ingestel (Millmore, 2016). Benewens die siklus van natuurseisoene dien hierdie kultuurskepping ook as sentrale verwysingsraamwerk om tyd, en tydperke, van ontwikkeling, ook soos vervat in hierdie studie, in perspektief te plaas.

Nomadiese veewagtergroepe en graanverbouers het hulle op geskikte verbouingsgebiede gevestig. Hulle sou mekaar mettertyd aanvul. In hierdie opsig het die Nylvallei met sy deltamonding in die Middellandse See onder meer 'n sleutelrol vervul (Kapp *et al.* 1982:3).

In die Ystertyd het die os as't ware as katalisator gedien vir 'n rewolusionêre omwenteling in die landbou. Die mens het sy eie liggaamskrag met trekosse en gepaardgaande toerusting (elementêre ploë en ruwe sleë) aangevul. Dit sou 'n groot invloed op die vestiging van meer volhoubare voedselproduksie en vragverskuiwing uitoefen.

2.3 Die domestifikasie van beeste

Die mak maak van beeste word herlei na Asië, die Nabye Ooste en Noord-Afrika. Alle makgemaakte beesspesies stam uit die oerbees van Europa (*Bos primigenius*), 'n groot dier met 'n skouerhoogte van 1.8 meter, met wydgekromde, lang, uitgestrekte horings (Meyer, 2012:32; Poland *et al.* 2008:15). Kyk figuur 2-3.



Figuur 2-3: Bos primigenius
Art UK s.a.

Argeologiese gegewens bevestig dat beeste van die vroegste tye af 'n kultuurbestanddeel was en die mens in sy oorlewing en algemene ontwikkeling beïnvloed het. Vir die vroeë veewagtergroepe en stamme was beeste en spesifiek osse, afgesien van hul voedselwaarde en arbeidswaarde, ook 'n simbool van persoonlike welvaart en sosiale status. Dit was 'n kosbare besitting waarvan nie geredelik afstand gedoen is nie. Weens hul fundamentele rol in die voorsiening van die daaglikse stoflike behoeftes van die mens, vind die bees neerslag in geestelike uitlewing van godsdienste, met gepaardgaande rituele en offerandes. Die os vind wêreldwyd ook neerslag in die uitleef van kunste, soos vervat in beeldhoukuns, onder andere van grafkelder-artefakte, in rotstekeninge, in reliëfbeelde, hiërogliewe en woordkuns van die oera (Bosman, 1988:13-18; Dunn, 2011; Wenying, 2009).

In hul geestelike uiting was die antieke Egiptenare die grondleggers van beeldskrif as 'n vorm van sigbare beeldende kommunikasie. In hierdie opsig was die os 'n belangrike hiëroglief wat vele toepassings gehad het. Die os se voorbeen en blad is as deel van die voedseloffers

aan die afgestorwene op die grafsuile graveer. Kyk figuur 2-4. Hierin het dit verskillende vertolkings simboliseer. Met die hoof na vore verwys dit na krag en met die blad na vore as die keur van die os se vleis, wat aan die oorledene vir die hiernamaals opgedra is.



Figuur 2-4: Afbeelding van offer van voorbeen van os as offerande in antieke Egipte. Louvres s.a.

2.3.1 Primêre dryfveer vir die mak maak van beeste

Die mak maak van beeste was die skepping van 'n kultuurprodukt wat sou uitkring tot uitgebreide omvang en toepassings. Die primêre dryfkrag van die mak maak van beeste was daarop gerig om die mens se stoflike behoeftes, soos deur die natuur in betrokke seisoene voorsien, aan te vul. Dit was hoofsaaklik vir die voorsiening van melk (voedsel vir oud en jonk) op 'n meer volhoubare grondslag (Poland *et al.* 2008:14-15; Singh, 2000:316). Dus het die bees 'n mobiele spens daargestel. Die benutting van vleis was 'n bykomende aanvulling van die mens se primêre oorlewingsbehoefte en geestelike uitlewing.

2.3.2 Sekondêre uitvloeisels van die mak maak van beeste

Beeste is nie in die eerste plek spesifiek as werkdier mak gemaak nie, maar die benutting van osse as werkdier is 'n gevolg van die mak maak van beeste. Oor millennia heen is bloot geskikte individuele diere, uit die primêre bron wat vir die voorsiening van voedsel mak gemaak is, geselekteer om die mens as kragbron te dien. Hulle is onder andere as trekosse, pakosse en ryosse gebruik (Conroy, 2007:251; Williams & Cousins, 2004:80).

Osse was die eerste trekdier wat vir antieke landbou benut is (Conroy, 2007:251). Dit het 'n omwenteling teweeggebring, wat die mens in staat gestel het om sy eie liggaamskrag dramaties aan te vul. Groter lappe grond kon bewerk word. Ooste kon tydig ingesamel word en in groter volumes oor langer afstande vir berging verskuif word. Oor millennia heen is die benutting van trekosse, veral in Asië, Europa en Noord-Afrika, 'n tradisie van menslike aktiwiteit (Simalenga & Joubert, 1997:2).

Alhoewel die trekos aan die einde van die 20ste eeu in die meeste wêrelddele uit die hoofstroom van menslike aktiwiteite verdwyn het, word miljoene trekosse steeds wêreldwyd benut. In Suid-Afrika gebruik meer as 1 miljoen huishoudings trekosse en hulle vervul dus steeds 'n belangrike funksie in mense se aktiwiteite (Simalenga *et al.* 2002:15).

Om osse (en beeste in die algemeen) te benut, is hanteringstoerusting 'n vereiste. Dit is opvallend hoe aanpassings by plaaslike omstandighede in verskillende wêreldstreke 'n unieke karakter aan trektoerusting en inspanmetodes geskep het (Lord & Baines, 1975 [1876]:405-406).

Bereiding van die toerusting is 'n element van stoflike behoeftes soos dit manifesteer in uiteenlopende volkskulture. Dit is geleë op die weg van tradisionele kultuurpraktyke en is 'n kuns wat ervaring verg en van geslag tot geslag oorgedra is (Bosman, 1988:77; Morris, 2016), hoewel dit nie noodwendig akademies in handleidings vasgevang is nie. In die gees van die universele osdrywerstaal is 'n Bali-spreekwoord besonder relevant: "Ons beskik nie oor kuns nie; alles wat ons doen is kuns" (Oosthuysen, 1997:1). Grondstowwe vir hierdie toerusting en ander nuwe produkte vir oorlewing is gereedlik beskikbaar vanaf die os self.

2.4 Nuweprodukte van beeste en die benutting daarvan deur mense

Beeste lewer 'n verskeidenheid nuweprodukte wat reeds vir millennia goed benut word tydens menslike aktiwiteite. Hulle is die boustene in die skep van uiteenlopende sekondêre kultuurelemente om die mens se stoflike en geestelike behoeftes te bevredig. Dit het neerslag gevind in die tradisies van die volkskultuur en in die gebruike van die adelstand van opvolgende beskawings. Dit vind steeds neerslag in die uitlewing van die eietydse kultuur van ons dag, onder andere as kleding, skuiling, skoeisel en 'n verskeidenheid ander nutsartikels. Hiervan is die gebruik van die vel, horings en beesmis die algemeenste.

2.4.1 Velle

In die benamings van die hedendaagse leerindustrie word onderskeid getref tussen die afgeslagte bedekking van diere. Vir beeste en grootwild word daarna verwys as 'n huid en vir kleinvee en kleinwild as 'n vel. Binne die idioom van die Afrikaanse osdrywerstaal, soos dit in die trekoskultuur betrekking het, en die terminologie van hierdie studie word slegs die term "vel" gebruik as die: "... buitenste natuurlike bedekking van 'n dier se liggaam saam met aanhangsels soos hare ... die afgeslagte bedekking van 'n dier" (HAT 2011:1258).

Die nuttigste byproduk van beeste vir benutting deur die mens, is die vel. In die Neolitiese Tydperk is dit reeds gebruik as beskerming teen wind en weer. In Europa, Asië, Afrika en Noord-Amerika het die primitiewe inwoners onafhanklik van mekaar, oor opvolgende en diverse beskawings heen, velle as 'n primêre grondstof benut vir die daarstelling van uiteenlopende kultuurprodukte wat in die mens se dag tot dag behoeftes voorsien (Anon. Simply Leather, 2006).

Vir die direkte benutting deur die mens is dierevelle oor die eeue heen hoofsaaklik op tweeërlei wyses berei en benut. Eerstens is sogenaamde rouvelle direk bewerk en benut. Tweedens is velle verwerk tot leer alvorens dit benut is. Linguistiese terme in die Suid-Afrikaanse omgangstaal, beide Afrikaans en Engels, verwys na die verskil in die twee produkte. In die geval van rouvelprodukte (ongelooide velle) word in Afrikaans van rieme en/of riempies gepraat. Vir leer (gelooide velle) is die term leerband. Desgelyk in Engels is die terme onderskeidelik "reim" of "thong" vir riem en "leather strap" vir leer. Vir die kenner is die voorkoms en gevoel van die tekstuur van rouvel- en leerprodukte duidelik onderskeibaar.

2.4.1.1 Benutting van rouvelle

Wanneer die vars afgeslagte vel toegelaat word om in sy natuurlike staat, sonder chemiese behandeling en/of fisiese verwerking in die koelte gespan te word om te droog, ondergaan dit 'n natuurlike tekstuurverandering en staan bekend as 'n rouvel. "As to rawhide-making one might conjecture that the apparent basic simplicity of the process needs no explanation. Rawhide just makes itself. A cowboy or Indian skinned his animal, stretched the hide and then scraped of the hair. There was little else to it". Hierdie stelling is egter misleidend (Grant, 1956:2). Rouvelbereiding en -bewerking skyn eenvoudig te wees maar vir die vaardige verwerker van rouvelle is die benutting daarvan in werklikheid 'n lewenstudie.

Die bereiding, verwerking en benutting van rouvel het oor duisende jare heen op vele terreine toepassing gevind. In die landbou en vervoerwese het dit toepassing gevind in trektoerusting. Oor die algemeen is dit benut om goedere en los artikels aan mekaar te koppel of vas te bind. Op militêre gebied is dit gebruik as skild en borsharnas en op mediese gebied as hegpunt vir kunsledemate. By die vervaardiging van meubels en musiekinstrumente is die lym vervaardig uit velle. Les bes was dit die grondstof vir een van die mens se kreatiefste kunsvorms in handvaardigheid, naamlik vlegwerk (Grant, 1956:3).

Vlegwerk met rouvel is van die mens se oudste handvlytkunste wat uit 'n behoefte aan praktiese toepassing spruit. Aanvanklik het dit ontwikkel uit 'n behoefte aan sterk en betroubare vasbindmateriaal. Later sou die dekoratiewe afwerking mense se behoefte aan die skep van kunswerke bevredig. Dit het onlosmaaklik deel gevorm van die volkskultuur van bevolkings in uiteenlopende beskawings. Vlegwerk is 'n unieke kultuurskepping van die mens, dit is nie 'n namaaksel uit die natuur nie. 'n Uitstaande kenmerk van 'n vlegsel lê daarin dat die somtotaal van die vlegstringe sterker is as die oorspronklike band waaruit die stringe gesny is (Grant, 1956:3).

Benutting van rouvel kan teruggevoer word na die antieke Babilonië van 6,000 v.C. Egiptiese klipgravures van dieselfde tydperk toon leerwerkers aan, terwyl dit duidelik blyk uit die materiaal waarmee mummies omhul was dat hul kennis van vleg of weef gehad het. Leerartikels in Egiptiese grafkelders dateer uit 2,500 v.C. (Grant, 1956:4; Morris, 2016).

Vlegwerk met rouvel en gepaardgaande verfynde handvlyt- en kunsvaardighede het 'n sterk Arabiese oorsprong. Ná die verowering van Spanje deur die Arabiere van Noord-Afrika in die vroeë 9de eeu is rouvelverwerking en die kuns om te vleg in die 800 jaar van die besetting tot 'n gespesialiseerde kuns ontwikkel. Ná die ontdekking van die nuwe wêreld is hierdie kunsvorm, onder Spaanse invloed, ook daarheen oorgedra. Vir die hanteringstoerusting van beeste en perde was dit 'n onmisbare en volhoubare grondstof. Vele inboorling Indiane van Mexico het bedrewe vlegters geword (Grant, 1956:4).

Rouvel is 'n besonder veelsydige produk. Soos in die pioniersdae in Suid-Afrika was dit ook in Mexico en ander Noord-Amerikaanse state, soos onder meer Kalifornië, 'n onontbeerlike grondstof wat dikwels 'n uitkoms in noodgevalle was. Grant (1956:3) skryf: "I have always had a sentimental regard for rawhide, which I feel played as big a part in our pioneer existence as gunpowder". Die inheemse bevolking van Noord-Amerika het rouvel soms as plaasvervanger vir hoefysters aan hul perde benut. Sou 'n houtspeekwiel se ysterband breek, is dit tydelik met rouvel vervang. Die gebruik van rouvel het tot in die vroeë 20ste eeu 'n kernrol in die ontwikkelingsgeskiedenis van die bees- en perdebedrywe vervul. Tans word rouvelbereiding en -benutting meestal bloot as 'n stokperdjie beoefen (Grant, 1956:4).

In Suid-Afrika het die gebruik van rouvelprodukte oor eeue heen 'n onmisbare rol gespeel. Die gebruik en verwerking daarvan was in verskeie opsigte uniek. In hoofstukke 7 en 8 word in meer besonderhede daarop ingegaan.

2.4.1.2 Velle by die vervaardiging van leer

Leer is die eindproduk van 'n proses waarin 'n vel, sonder sy haarbedekking, deur behandeling met bepaalde plantaardige ekstrakte of chemikalieë en gepaardgaande fisiese verwerking gepreserveer, duursaam en soepel gemaak word om vir die mens diensbaar te wees, 'n proses wat bekend staan as looi. Die looiproses leen hom tot tuisnywerhede. Tans vind dit in die praktyk hoofsaaklik toepassing in die jagbedryf (taksidermie), asook in uitgebreide en gesofistikeerde industriële toepassings tydens die verwerking van velle tot leerprodukte.

Nadat die vel afgeslag is, word dit met tafelsout (natriumchloried) behandel, om te verhoed dat dit verrot en die duursaamheid daarvan te verseker alvorens dit gedroog en geberg word. In hierdie toestand kan dit vir etlike maande geberg word alvorens dit gelooi hoef te word. Die looiproses word dan voorafgegaan deur ontharing en deeglike ontvleising van die vleiskant ten einde alle bindweefsel, oortollige vet en stukkies vleis te verwyder (Oosthuysen, 2009). Hierdie partikels belemmer latere verwerking van velle.

Die verwerking van velle met gepaardgaande looiprosesse is ongetwyfeld een van die oudste kultuuraktiwiteite van die mens. Die verwerkte velle is as kleding en beskuttings teen die elemente van die weer gebruik. Plantekstrakte is reeds in antieke tye gebruik. Met verloop van tyd het

hierdie basiese tegnieke al meer verfynd en doeltreffend geword (Anon. Leather Resource, 2008). Leerlooierij is 'n kleurryke, antieke beroep uit vroeë kulture wat die beskawingsprong deurstaan het. In moderne tye het vervaardiging van leer ontwikkel tot 'n hoogs gespesialiseerde industrie, gerig op talle funksionele toepassings en afwerking van gebruiksartikels. Beesvelle is tans, weens hulle geredelike beskikbaarheid vanaf die vleisbedryf, die hoofbron vir die produksie van leer vir kommersiële doeleindes. Die velle van voëls en reptiele word tans ook vry algemeen gelooi, hoofsaaklik vir die maak van luukse nutsartikels, soos handsakke, beursies, skoene en kleding (baadjies en broeke).

Vele bestanddele kan vir die looiproses benut word. Plantaardige materiaal, asook chemiese verbindings van chroom, koper, aluminium en kalium, word algemeen benut.

Ekstrakte van plante (tannien)

Die gebruik van boombas om leer te looi, het waarskynlik 'n Hebreeuse oorsprong. Vir hierdie vroeë gemeenskappe was dit 'n voordeel tot oorlewing en 'n goed bewaarde geheim wat van geslag tot geslag, binne 'n opset van tuisnywerhede, oorgedra is. Teen die Middeleeue het leerlooiers in Europa in gildes saamgesmelt en onder koninklike oktrooi hul beroep beoefen (Anon. Simply Leather, 2006).

Die looiproses met tannien is tydrowender as die proses met mineraalsoute, maar elk het spesifieke toepassings vir bepaalde eindprodukte. Tannien word algemener benut tydens die vervaardiging van leer, vir die boeler van skoene, saals, tuie, bagasietasse en bepaalde tipes stoffeerwerk (Miles, 2004).

Chroom

'n Ingrypende omwenteling in die looiproses was die benutting van chroomsoute. Hierdie proses het in 1858 beslag gekry en gelei tot die industriële produksie van leer (Anon. Leather Resource, 2008). In die moderne looibedryf word veral chroomsulfaat vir die mees algemene toepassings met gespesialiseerde afwerking van die eindproduk gebruik. In vergelyking met plantekstrakleer is chroomleer soepeler en plooibaarder. Sou dit nat word, behou dit sy fatsoen beter en verkleur nie maklik nie. Hierbenewens leen hierdie proses hom tot 'n verskeidenheid tekstuurafwerkings van die eindproduk en kan dit ook in meer eksotiese kleure en patrone afgewerk word (Miles, 2004). In die kommersiële looiwyerheid word tans met groot sorg van mengsels gebruik gemaak om die opname van chroom in die velle met so veel as 90% te verhoog. Hierdie proses slaan die probleem van besoedeling van die omgewing hok en verkort die totale duur van die looiproses dramaties (Suresh *et al.* 2001:483-491).

Aluin

'n Mengsel van aluminiumsulfaat en kaliumnitraat staan bekend as aluin, ook in Afrikaans bekend as dubbelsout. Die looi van velle deur behandeling met aluin en sout (natriumchloried), sonder byvoeging van tannien, lewer 'n produk van besonder ligte skakerings (VAWB 1977:1258). In Afrikaans word na hierdie proses verwys as die "witlooi-proses", teenoor "looi" wat gebruik word vir ander prosesse van behandeling en bereiding. In Engels word na die proses verwys as "tawing" in teenstelling met "tanning", wat die algemene term vir die maak van leer is. Dit is 'n aanduiding dat duidelik onderskeid getref word tussen die eindprodukte van die twee prosesse.

In die witlooi-proses is die kleur en tekstuur van die verwerkte (gebreide) velle eiesoortig aan dié proses. Dit kan deur die ervare leerlooier gevoel en gesien word (Oosthuysen, 2009). Sien hoofstuk 8 vir tegnieke vanuit die Suid-Afrikaanse osdrywer se perspektief.

2.4.1.3 Velle by die vervaardiging van lym

'n Nuttige gebruik van velle buite die leerindustrie is by die vervaardiging van lym. Die gebruik van hierdie lym het op vele terreine van menslike aktiwiteite inslag gevind. Reeds meer as 4,000 jaar gelede, in die antieke Egiptiese beskawing, is lym van velle gemaak en as meubellym gebruik.

Bevestiging hiervan is in argeologiese data uit grafkelders en in uitbeeldings op klipgravures aangetref. Vellym is sedert die laaste gedeelte van die 20ste eeu grootliks deur sintetiese lym vervang. Teen die einde van die 20ste eeu vind dit egter steeds op verskillende terreine belangrike toepassings. Dit geld onder andere by die herstel en restourasie van antieke meubels asook by die vervaardiging van nagemaakte antieke meubels. By die vervaardiging van en herstelwerk aan musiekinstrumente word vellym steeds vry algemeen benut (Anon. Bjorn Industries, 1997).

Die bereidingsproses behels basies die volgende stappe:

- Was die vel goed skoon met water om alle vuiligheid wat daaraan mag vaskleef, te verwyder.
- Laat lê in kalkwater vir 60-90 dae.
- Spoel goed af om die hare en kalk te verwyder.
- Neutraliseer met suur, dreineer dan goed en was met water en dreineer goed.
- Plaas die vel in water en verhit tot 110-120°F vir 2-4 uur ('n ekstraksieproses).
- Tap die verdunde lymoplossing af en damp die water af, laat dit afkoel en droog word alvorens dit gemaal word.

Herhaal die laaste twee stappe 3 tot 4 keer ten einde al die lym te onttrek. Die temperatuur word telkens met 20-25 grade F verhoog (Anon. Bjorn Industries, 2016). Die afgekoelde lymkonsentraat verhard tot 'n harde, harsagtige stof. Voor gebruik word dit versag deur dit in 'n ysterpot, in 'n tweede houer met water wat tot kookpunt verhit word, te dompel totdat dit weer versag en bruikbaar as lym is.

2.4.1.4 Velle in religieuse oortuigings

Religieuse oortuigings kan mense sensitief maak vir die oorsprong van die vel waaruit 'n spesifieke leerartikel gemaak is. Moslems vermy varkleer, terwyl die Hindoe 'n godsdienstige verering vir beeste het en nie beesleer benut nie. Desgelyks verbied Judaïsme die gemak van leerskoene in tye van rou en in bepaalde godsdienstige rituele (Miles, 2004).

2.4.2 Horings

Geskikte horings was 'n veelsydige neweproduk, wat vir die maak van alledaagse nutsartikels gebruik is. In die Suid-Afrikaanse konteks kan verwys word na 'n aantal nutsartikels, soos bekers, kieries, kruithorings en lepels (Pretorius, 1992:41-44). Hierbenewens het die Khoi-Khoi stukkies horing as assegaaipunte benut (Boonzaaier *et al.* 1996:62). Hierby kan egter ook blompotte, mondstukke van tabakpypstele, waterhouers en worsstoppers gevoeg word.

In die vroeë Egiptiese beskawing het horings in religieuse rituele en skatpligtigheid aan die Farao bepaalde simboliese gebruike gehad. In hiërogliewe word die horings, met afbeelding van 'n mens se kop tussen hulle, uitgebeeld as arms met hande aan die punte wat na die Farao uitreik (Dunn, 2011).

2.4.3 Beesmis

Oor eeue heen is een van die nuttigste gebruike van beesmis om die vrugbaarheid van grond te verhoog. Dit word beklemtoon deur Trow-Smith in sy geskrif, *A History of British Livestock Husbandry to 1700* (soos aangehaal deur Conroy, 2007:253): " ... to plant his crop he needed draught power. To make his crop grow he needed manure. ... It was a vicious unending struggle for oxen, manure and food".

Benewens misstof het beesmis in Suid-Afrika vir die pioniers en inboorlinge belangrike bykomende funksies vervul. Droë miskoeke is as brandstof gebruik wanneer hout nie beskikbaar was nie. Nat beesmis is as pleistermateriaal op die grondvloere en moddermure van die wonings gepleister om die grond te bind. Dit het die oppervlakte verseël en verhoed dat die grondvloere met uitdroging goedsmoeds verpoeier en die mure opskilfer.

2.4.4 Kloutjiesolie

Uit die hoefgedeeltes van beeste is 'n dun, vetterige olie uitgekook. 'n Nuttige gebruik was (en is steeds) om die duursaamheid en soepelheid van veral tanniengelooide leerprodukte soos skoeisel en tuie te verhoog deur dit gereeld met kloutjiesolie in te smeer. As beesmedikasie is dit gebruik om opgeblaasde beeste te behandel. Vir die pioniersvrou van die laat 19de en vroeë 20ste eeu was dit 'n smeerolie vir die fyn, bewegende dele van haar naaimasjien (Scholtz, 1987). Vir menslike gebruik het dit gedien as 'n hoesmiddel (HAT 2011:582).

2.5 Fenotipiese kenmerke van beeste as norm vir kultuuruiting

In uiteenlopende beskawings, streke en kulture het beesrasse ontstaan uit voorkeure van mense (individue, gemeenskappe, asook kulturele en religieuse voorkeure) vir fenotipes. Die woord "fenotipe" is uit die Griekse woorde *phainein* (toon) en *typus* (aard) saamgestel, en beteken volgens die woordeboek "tipe soos bepaal deur die sigbare, uiterlike hoedanighede" (HAT 2011:232). Die fenotipiese kenmerke van osse dui dus op hulle uiterlike fisiese voorkoms en sluit verskillende elemente – grootte van die dier, kleur van hare, vorm van horings, ensovoorts – in.

Bulle van gewenste voorkeurfenotipes is vanaf vroeë beskawings benut, terwyl oortollige bulle en dié van ongewenste fenotipes deur kastrasie vir teeldoeleindes uitgeskakel is. Dit was die eerste stappe van genetiese seleksie tydens die vestiging van beesrasse (Conroy, 2007:251).

Vir die antieke Egiptenare was osse 'n belangrike bousteen van hul bestaanskultuur. As werkdiere het dit 'n groot impak op die voorsiening van hul stoflike behoeftes vir oorlewing, vir die voorsiening van voedsel en vragverskuiwing gehad. Hieruit volg 'n sterk invloed op geestelike kultuur by religieuse gebruike en die tradisionele kultuur van die tyd by bepaalde koningskappe. Op verskeie antieke Egiptiese standplase word bulle, met spesifieke fenotipiese kenmerke, verbind met koninklike kultusse en religieuse rituele. Argeologiese gegewens wat die beroemde Apis-bul (en ander bulle) van die antieke wêreld direk verbind met koninklike kultusse. Hierdie Apis was nie van 'n bepaalde beesras nie, maar uitgesoek op grond van 'n baie spesifieke fenotipiese kleurpatroon. Die kenmerk was 'n saalvormige kleurpatroon op die rug met 'n gekleurde vlek op die tong en voorkop. Die Apis was die verpersoonliking van die god Ptah en wanneer dit vrek, is dit volgens oorlewering met die god Osiris verenig (Dunn, 2011).

Osse is op grond van hul fenotipe as werkdiere geselekteer en beskryf. Die Romeinse geleerde Columella, uit die eerste eeu v.C., het met betrekking tot die vereistes vir goeie trekosse (wat wesentlik steeds geld) geskryf: "young, square, red or brindle, with wide forehead, broad chests, and huge shoulders" (Conroy, 2007:252).

In die seleksie van trekosse, bloot vir trekdoeleindes, speel kenmerke soos haarkleurpatrone en die horings se groeivorm geen rol nie. Geskikte bouvorm, gehoorsaamheid en temperament is

praktiese vereistes vir die ideale trekos. Vanuit die Suid-Afrikaanse osdrywer se estetika-perspektief dien die groeivorm van die horings en/of haarkleurpatroon egter 'n belangrike bykomende rol, om 'n eenvormige span saam te stel. Hieruit is groot persoonlike tevredenheid verkry.

Fenotipiese kenmerke soos liggaamsbou, haarkleurpatrone, horinggrootte en -groeivorm is belangrike eienskappe waarmee 'n beeseienaar sy diere uitken. In Suid-Afrika vervul veral haarkleur en haarkleurpatrone asook die groeiwyse en tekstuur van die horings se oppervlakte, 'n prominente rol in die uitwys, uitken en beskrywing van individuele diere (Oosthuysen, 2011b; Poland *et al.* 2008:42-129).

In alle Suid-Afrikaanse tale bestaan 'n uitgebreide lys terme om bepaalde fenotipiese kenmerke treffend te beskryf (Poland *et al.* 2008:15). Seeney (1991) het 'n lys van veertig Xhosa-haarkleurterme en ses horinggroeivorms, soos dit deur Mjoji Mpini aan hom geleer is, aangeteken. Schapera (1965:294) verwys na Schultze, wat negentien tersaaklike terme onder die Nama (Khoi-Khoi) aangeteken het. Die kumulatiewe effek van kombinasies van hierdie fenotipeterme in die beskrywing van 'n bees is omvangryk. Die trefkrag en omvang van die benutting van hierdie terme om beeste uit te ken, is enorm.

2.6 Osse as kragbron in uiteenlopende beskawings

Osse was die eerste trekdiere wat in die antieke landbou benut is – in wese die begin van 'n landbouewolusie.

2.6.1 Die Romeinse Ryk

Columella het reeds in die eerste eeu n.C. die trekos beskou as die mens se hardwerkendste bondgenoot in die landbou. Dit bevestig die baie belangrike rol wat die trekos in die vroeë Romeinse kultuuraktiwiteite vervul het. Dit verbaas dus nie dat die trekos soveel agting in die antieke tye geniet het dat dit 'n halsmisdaad was om 'n os om die lewe te bring. Die konstruksie en aanwending van die jukke waarmee trekosse in die Romeinse Ryk ingespan is, stem wesenlik ooreen met hedendaagse tegnieke. Columella verkies die nekjuk om trekosse mee in te span, hoewel die kopjuk, oor die algemeen, in die meeste van die Romeinse provinsies gebruik is (Conroy, 2007:252).

2.6.2 Bybelse geskiedenis

Uit Bybelse teksverwysings blyk dit duidelik dat die os vir sy geduldige arbeidsaamheid hoog aangeslaan was en 'n uitnemende rol vervul het. Groot getalle beeste was in omloop, soos blyk uit die dankoffer wat Salomo gebring het om die huis van die Here in te wy, soos beskryf in I Konings 8:63 en II Kronieke 7:5. Onder andere is "twee-en-twintig duisend beeste ... geslag; so het hulle dan die huis van die Here ingewy ..." (Bybel, 1953).

Dit blyk dat beide vroulike en manlike beeste as werkdiere benut is. Die voortreflikhede van hierdie diere word dikwels met beeldspraak, soos in Hoséa 10:11, op geestelike uitinge toegepas (Bybel, 1953).

As na die spesifieke benamings in die Tien Gebooie, soos huis, vrou, slaaf/slavin en os gelet word, is dit duidelik dat die os in die alledaagse lewe van daardie tyd hoog aangeslaan is. Die voorskrifte in die Tien Gebooie in Exodus 20:10 en 17, maak spesifiek melding van vee en van die os (Bybel, 1953).

Streng voorskrifte aangaande die benutting en hantering van beeste het in die Bybelse tyd bestaan. In Exodus 21 tot 31 word in verskeie teksverse hierna verwys. Dit blyk dat die os as offerande nie aanvaarbaar was nie. Levitikus 22:24 lui: "'n Dier wat ontman is ... mag julle aan die Here nie bring nie" (Bybel, 1953).

Funksies waarvoor beeste pertinent aangewend is, sluit onder andere in:

- Om die ploeg te trek: In Bybelse tyd is osse hoofsaaklik vir ploegwerk aangewend. Deuteronomium 22:10 lui: "Jy mag nie met 'n os en 'n esel tegelyk ploeg nie" (Bybel 1953). Vir die osdrywer was die oppervlakte wat in een dag met die osse geploeg kon word 'n redelike standvastige maatstaf wat oppervlakte aangedui het. Die ploeggrond is dienooreenkomstig aangevoer. Na hierdie aanvoorsel word verwys in 1 Samuel 14:14: "Hierdie eerste slag waarin Jónatan en sy wapendraer ongeveer twintig man verslaan het, het plaasgevind op omtrent die helfte van 'n aanvoorsel van 'n stuk land" (Bybel 1953).
- Om graan te dors: Wanneer die os graan op die dorsvloer moes uittrap, mag hy nie gemuilband wees nie, volgens Deuteronomium 25:4: "Jy mag 'n os nie muilband as hy graan dors nie" (Bybel, 1953).
- Om waens te trek: Beeste (en osse) is as offerande vir priesterlike diens aanvaar. Númeri 7:3-6 rapporteer: "... hulle het hul offer voor die aangesig van die Here gebring: ses tentwaens en twaalf beeste; ... en 'n bees vir elkeen ... Neem dit van hulle aan, dat dit kan gebruik word om die dienswerk van die tent van samekoms te verrig". I Kronieke 13:7-9 lui: "En hulle het die ark van God op 'n nuwe wa vervoer ... en Ussa en Agio het die wa gedrywe ... Toe hulle by die dorsvloer van Kidon kom, het Ussa sy hand uitgesteek om die ark vas te hou, want die osse het gestruikel" (Bybel, 1953).
- Slag en eet van beeste: Dit is duidelik dat beeste 'n kernbestanddeel van die Bybelse stoflike en geestelike kultuur uitgemaak het. Dit was 'n waardevolle besitting waarna omgesien moes word. Streng voorskrifte met betrekking tot die soorte diere wat geëet mog word (rein en onrein) het bestaan. In Deuteronomium 13:3-4 staan: "Jy mag niks eet wat 'n gruwel is nie. Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees ..." (Bybel, 1953). Plekke waar beeste geslag kon word,

is omskryf. Beeste mog slegs voor die Tabernakel geslag word en die slag van beeste buite hierdie slagplek is as 'n halsmisdaad beskou en daar is dienooreenkomstig teen oortreders opgetree, volgens Levitikus 17:1-4 (Bybel, 1953).

- Oorlogvoering: In Bybelse tye was die os baie kosbaar. Die verlies van hul osse was vir die Joodse volk ondenkbaar. In die tyd van Saul het hy die volk tot suksesvolle oorlogvoering gemotiveer deur osse wat hy opgekap het deur die land te stuur. 1 Samuel 11:7 berig: "... wie nie agter Saul en agter Samuel aan uittrek nie – so sal met sy beeste gemaak word. Toe val die skrik van die Here op die volk en hulle trek as een man uit" (Bybel, 1953).

2.6.3 Oosterse beskawings

In Oosterse beskawings is die os reeds vir duisende jare 'n sentrale komponent van mense se doen en late. Vir sy diensbaarheid aan die mens, vanaf die antieke landbou vir die verbouing en voorsiening van basiese stoflike behoeftes soos voedsel, kleding en skuiling, is die os hoog aangeprys. Hierdie aanprysing vind neerslag in die geestelike uiting van religieuse rituele en volkskuns soos beeldhouwerk en uiteenlopende genres in die woordkuns van verskillende tydperke.

2.6.3.1 China

Vanaf die vroegste tye beskik China oor 'n trotse landbougeskiedenis. Die trekos was die hoeksteen van akkerbou en grondbewerking en 'n betekenisvolle bestanddeel van die sosiale ekonomie. Meer as 2,000 jaar gelede het die trekoskultuur reeds onder sekere vorstehuisse floreer. Teen die einde van die twintigste eeu vervul die trekos in afgeleë Chinese gebiede steeds 'n rol in landbouaktiwiteite (Wenyong, 2009).

Vir duisende jare het die trekos 'n onmisbare rol in die Chinese samelewing tot op die hoogste sosiale en geestelike vlak behou. As sodanig is dit sterk gevestig in die tradisionele Chinese kultuur. Die os figureer so sterk in die geskiedenis van die Chinese kultuurontwikkeling dat dit deel van die Chinese diereriem uitmaak. Die jaar 2009 was die jaar van die os en die rol van die os is beklemtoon. 'n Uitstalling is in die Capital Museum in Beijing aangebied, wat drie temas van die os in die Chinese geskiedenis beklemtoon, naamlik: die os in die landbou, as 'n beeld of ornament en as tema vir kunsskepping (Wenyong, 2009).

Op geestelike vlak word die os weerspieël in Chinese ornament- en kunsskepping. In 'n bepaalde geval is drie osbeelde in die keiserlike praalgraf van Keiser Jing (4de Keiser van die Handinastie) ingekelder. Ten einde die vorstelike identiteit aan te dui, moes ingekelderde artikels van verskillende materiale gemaak wees. In hierdie geval is die liggaam van die osse van erdewerk en die horings en stert van hout. Dit beklemtoon die hoë aansien wat osse in die vroeë Chinese samelewing geniet het (Wenyong, 2009).

As deel van die landelike ekonomie is oskarre in China aanvanklik slegs benut om goedere te vervoer. Teen 200 v.C. het dit as hoofvervoermiddel van mense posgevat weens die groter beweegruimte vir passasiers teenoor ander beskikbare voertuie. Hierin was die aantal osse wat die ossewa trek dan ook 'n aanduiding van die sosiale status van die eienaar. Die Chinese keisers het 1,500 jaar gelede 12 osse voor hul waens gebruik (Wenyong, 2009).

2.6.3.2 Indië

Teen die einde van die twintigste eeu was trekdier vir die meeste Indiese boere die belangrikste kragbron vir bewegingsenergie vir beide trekfunksies en rotasiepompe. Die omvang van die saai-oppervlakte is enorm (ongeveer 142 milj. ha.), met 'n beraamde trekdierpopulasie van 77 miljoen. Hoofsaaklik osse (*Bos indicus*) (70%), buffels (*Bubalus bubalis*), veral in moerasgebiede (29%), en kamele (minder as 1%) word benut. 'n Afbeelding van *Bos indicus* verskyn in figuur 2-5. Osse is dus 'n kernkomponent van die Indiese stoflike kultuur en hulle vorm verreweg die belangrikste kragbron in landbou. Hulle word ekstensief benut vir vervoer, besproeiing, grondbewerking vir voedselverbouing en tydens die oesproses. Op geestelike kultuurvlak word beeste deur sekere taal- en geloofsgroepe as heilig bejeën en word as 'n god van krag en vrugbaarheid aanbid (Bosman, 1988:15; Singh, 2000:279-284).



**Figuur 2-5: *Bos indicus*
Hanan s.a.**

Weens die groot getal kleinboere van bestaansboere en gewasverbouing teen skuinstees bly trekosse in Indië die belangrikste kragbron in die landbou, veral wat die oppervlakte onder verbouing aanbetref. Van die totale bewerkte oppervlakte word meer as 55% deur dieretrekkrag bedien teenoor ongeveer 20% deur meganiese krag. Op die oorblywende 25% van die oppervlakte, hoofsaaklik skuinstees en moerasse, word menskrag benut. Wat totale produksie-opbrengs van landbouprodukte betref, het die benutting van meganiese en elektriese krag teen die einde van die twintigste eeu tot 70% van die opbrengs bygedra (Singh, 2000:283-285 en 315-316).

2.6.3.3 Die Nabye en Midde-Ooste

In die Nabye Ooste is beeste reeds teen ongeveer 8,000 v.C. in Sirië makgemaak. In Turkye en Iran dateer makgemaakte beeste terug na 6,200 v.C. (Dunn, 2011). *B. indicus* is ongeveer 7,000 jaar gelede in die Indusriviervallei makgemaak (Poland *et al.* 2008:15). Langs die Indusrivier in die Sindwoestyn is argeologiese oorblyfsels van 'n vergange beskawing gevind, die antieke stad Mahenjo-Daro van ongeveer 5,000 jaar gelede. Dit was 'n stad met geplaveide straatblokke en 'n oorblyfsel van 'n kompleks van 27 graanskure met duidelike aanduidings dat graan met oskarre daarheen vervoer en direk in gesonke bakke ontlaai is (Bosman, 1988:14). Die trekos het duidelik toe reeds 'n onmisbare rol, veral in die stoflike kultuuraktiwiteite van die streek, vervul.

In die Midde-Ooste is osse nie slegs as trekdiere benut nie, maar ook om die graan (koring en gars) op die dorsvloere uit te trap. In Arabië is hierdie taak mettertyd uitsluitlik aan die os toevertrou (Bosman, 1988:15). Egipte, as deel van die Midde-Ooste, se kulturele geskiedenis is besonder nou verweef met die ander beskawings van die streek.

2.6.4 Noord-Afrika (Egipte)

Vir mense in die antieke beskawings was skuiling (kleding en huisvesting) en voedsel van uiterste belang. Hiertoë het makgemaakte beeste 'n groot bydrae gelewer. Teen hierdie agtergrond is dit dus nie verrassend nie, dat dit uit argeologiese gegewens in Egipte se Oostelike woestyng gebied blyk, dat beeste deel van die ikonografie uitgemaak het. Geskrewe getuïenis dui daarop dat 'n aansienlike aantal beeskuddes aan tempels, asook persoonlike landgoedere verbonde was. As sodanig kan afgelei word dat beeste van vroeë tye af ook 'n belangrike geestelike rol vervul het. Hierbenewens was dit 'n aanwyser van persoonlike status en 'n versinnebeelding van mag, wat die vroeë Egiptiese geskiedenis deurspek het (Dunn, 2011).

Die geskiedenis van die Egiptenare strek oor duisende jare. Hulle roem hulself op verskeie betekenisvolle uitvindings. Die eerste elementêre ploeg, deur osse getrek, is reeds 2,500 v.C. in die vrugbare vallei van die Nylrivier benut (Millmore, 2016). Hierdie besonderse kultuurproduk het oor eeue heen beslis gewasverbouing vergemaklik. Tans, 4,500 jaar later, bly dit steeds die grondslag vir die gesofistikeerde tegnologie in die landbou van die moderne tyd.

In Egipte was beeste die voorkeurvervoermiddel. Osse voor die primitiewe eenskaarploeg was die kragbron vir grondbewerking. In die dorsproses van graan is osse en donkies benut om die graan op die dorsvloer uit te trap. Hierdie gebruik het na die Midde-Ooste versprei tot in Arabië, waar op die dorsvloer mettertyd slegs van osse gebruik gemaak is (Bosman, 1988:14-15).

Van al die diersoorte wat 'n invloed op die Egiptiese samelewing uitgeoefen het, het beeste die omvangrykste rol vervul: as werkdiere oor 'n wye spektrum van toepassings; as 'n bron van voedsel en in die uiting van kuns, soos blyk uit ingekelderde beelde geassosieer met die manifestasie van gode (Dunn, 2011).

Verskeie veronderstellings bestaan om die herkoms van makgemaakte beeste in Egipte te verklaar. In die konteks van die Afrikabees is drie groeperings van besondere belang, naamlik:

- *Bos indicus* uit Asië is korthoringbeeste met 'n prominente boggel op die skof wat ongeveer 7,000 jaar gelede in die Indusvallei makgemaak is. Hulle is vroeg reeds aan Afrika bekendgestel, waarskynlik onder Arabiese invloed, deur handel via nedersettings aan die Ooskus en die Horing van Afrika.
- *Bos taurus*, 'n bees met 'n boggellose skof van Eurasië, wat vanuit die Nabye Ooste bekendgestel is (Meyer, 2012:32; Poland *et al.* 2008:15-17). Tans is bogenoemde die mees algemeen aanvaarde siening van die oorsprong van Egiptiese beeste (Dunn, 2011). Hiervolgens stam die Afrikabees dus fundamenteel uit *Bos taurus* met 'n beduidende *Bos indicus*-invloed (Poland *et al.* 2008:15).
- *Bos primigenius* was die inheemse wildebeeste van Noord-Afrika. Dit was 'n langhoring- en groot bees met reguit rug, sonder 'n prominente boggel op die skof. Hierdie groep is waarskynlik in Afrika makgemaak, moontlik in Egipte en/of soos wat genetiese gegewens tans aandui ook meer wes in die Kameroenstreek (Poland *et al.* 2008:15). Hierdie siening word versterk deur argeologiese uitgrawings op Holoseenterreine in die Westelike woestyngebiede van Egipte, wat bevestig dat die inheemse beeste reeds 8,000 v.C. teenwoordig was. By sommige kundiges bestaan egter meningsverskil oor die meriete van die derde siening. Die vroegste onbetwiste bewys van huishoudelike diere in Egipte gaan terug na 5,000 v.C. (Dunn, 2011).

2.6.5 Brittanje en Wes-Europa

Oorblyfsels van die uitgestorwe Romeinse wilde bees (*Bos urus*) dui daarop dat hulle in terme van hedendaagse beeste baie groot was, met 'n skouerhoogte van 1.8 meter en met horings wat kurwe en wyd uitgesprei het. Die wit osse van Noord-Oostelike Italië was reeds in die Romeinse tydperk beroemd. Die langhoring-Hongaarse beeste was bekend as voortreflike trek- en vleisbeeste. Die Spaanse rooi beeste is eweneens hoog aangeslaan. Hulle is mettertyd na verskeie bestemmings in die Nuwe Wêreld uitgevoer (Cornish *et al.* 1906:208-209).

Die uitgestorwe wilde bees ("*Wild ox*"), wat nog in die tyd van die Romeinse keisers in die Swartwoude voorgekom het, word as die stamvader van die hedendaagse Britse beesrasse beskou. Skedels van hierdie uitermate groot diere is op vele terreine, veral langs die Teemsrivier in Engeland, opgegrawe (Cornish *et al.* 1906:208-209). Skerpgemaakte klipwerktuie wat in sommige van hierdie skedels gevind is, dui daarop dat hulle deur die vroeë inwoners gejag is (Bosman, 1988:13).

Die sogenaamde "Wild Cattle" van Skotland is nie afstammelinge van 'n inheemse oerbeesras nie. Voldoende bewyse bestaan ten opsigte van hul aktiwiteit, wat daarop dui dat hierdie wit beeste verteenwoordigend is van die keur van die beeste wat deur die bewoners van antieke Britanje aangehou is (Cornish *et al.* 1906:208).

In die negentiende eeu gee Lord en Baines (1975 [1876]:405-407) 'n uiteensetting van voorkeurtrektoerusting (jukke) vir osse in verskillende lande van Europa en Brittanje. Dit beklemtoon die belangrike rol wat trekosse vervul het.

Voor die aanvang van die negentiende eeu was osse vir meer as tweeduisend jaar die voorkeurkragbron vir algemene grondbewerking in Brittanje. Osse was ook die voorkeurwerkdier vir vragverskuiwing tussen stede op die Britse paaie. Beeste is nie spesifiek as trekdiere geteel nie. Groot, sterk individue met 'n mak geaardheid is as trekosse uit beeskuddes geselekteer. 'n Goeie bron van potensiële trekosse was die troppe beeste wat na die slagmarkte in Engeland vanaf Wallis en Skotland aangejaag is (Williams & Cousins, 2004:80).

In 1801 het Brittanje die omheiningswet ingestel, wat oop velde vir landbouverbouing ingeperk het. Op die klein, ingekampte plase was lang spanne osse onprakties. Stoomenjins, elk met die trekvermoë van 'n lang span osse, was ook spoedig op die toneel. Dit was die begin van die einde vir die trekosera in Brittanje. Op die paaie het die ossewa tot in die 1830's nog sy man gestaan. Die koms van spoorlyne was die finale spyker in die doodkis van die trekos. Teen 1850 het die trekos finaal van die hooflynlandskap verdwyn (Williams & Cousins, 2004:80).

2.6.6 Die Nuwe Wêreld

Met die "ontdekking" van die Nuwe Wêreld deur Columbus in 1492 was daar geen makgemaakte beeste op die uitgestrekte kontinent nie. Desgelyks het Australië, tydens sy ontdekking deur Cook in 1770, oor geen herkouers beskik nie (Pope, 1910-11:143).

Oral waar die Europese immigrante hulle in die Nuwe Wêreld gevestig het, het hul beeste gevolg vir melk en vleis. Die trekos as herkouer was van groot waarde weens sy vermoë om laegraadse ruvoer goed te benut. In die ongetemde landstreke was die trekos gevolglik die eerste linie van energie om ongebaande paaie te open. Vir voedselproduksie, die ontginning van boumateriaal (hout en klip) en algemene vragverskuiwing het die trekos, met sy eienaar, baanbrekerswerk verrig.

Ná die vroeë 16de eeu het Europese kulture hul invloed in ander wêrelddele, ook Asië en Afrika, uitgebrei. Hierdie ontdekkers het, behalwe hul beeste, ook hul jukstelsels vir die inspan en benutting van trekosse saamgebring. In Noord- en Suid-Amerika is twee tipes jukke benut. Die Nederlanders het die eenvoudige nekjuk na Suid-Afrika en New York gebring en die Spanjaard hul langhoringbeeste en kopjuk na dele van Noord-Amerika. Die Portugese en Duitsers het die kopjuk na Brasilië in Suid-Amerika saamgeneem, alhoewel die Indiese nekjuk, nadat Indiese beeste

ingevoer is, ook later algemeen gebruik is. Die Britte het hul nekjuk met houtnekboë na hul kolonies in Amerika en later ook Australië en Oos-Afrika geneem (Conroy, 2007:253). Lord en Baines (1975 [1876]:405-407) wys daarop dat in Australië die juk, soos in Suid-Afrika, op die nek van die osse rus, maar dat dit deur ysterboë, in plaas van houtboë of riemstroppe, in posisie gehou word.

Die juk wat in Suid-Afrika gebruik word, het plaaslik die toets van die tyd deurstaan. Dit kan toegeskryf word aan die eenvoud van die komponente wat uit plaaslik beskikbare grondstowwe maklik self voorsien kon word.

2.7 Afsluiting

Trek- en pakosse word reeds vir duisende jare in uiteenlopende omgewings en wisselende klimatologiese en topografiese omstandighede benut. Die vordering en ontwikkeling van diverse en opeenvolgende beskawings kan deels toegeskryf word aan die rol wat die trekos vervul het (Joubert & Kotsokoane, 2000:10).

Alhoewel die trekos aan die einde van die 20ste eeu in die meeste wêrelddele uit die hoofstroom van menslike aktiwiteite verdwyn het, bly die trekos steeds 'n belangrike trekdier. In gebiede waar groter getalle bestaans- of kleinboere voorkom, met toegang tot trekosse en ruvoer, word steeds met trekosse volhard. Dit geld veral in gebiede waar trekkers en meganiese aangedrewe vervoer nie gereedelik bekostigbaar en beskikbaar is nie. Miljoene trekosse word gevolglik steeds wêreldwyd benut. Volgens Conroy (2007:258) word na raming steeds 250-300 miljoen trekosse wêreldwyd benut. In Indië word 70.33 miljoen trekosse, hoofsaaklik deur bestaansboere, steeds ingespan (Singh, 2000:279). Wat getalle betref, bly die trekos wêreldwyd steeds die belangrikste werkdier (Starkey, 2000:18).

Waar trekosse tans in geïndustrialiseerde lande soos die VSA, Kanada, Wes-Europa en Australië benut word, is dit hoofsaaklik deur kleinboere en as 'n stokperdjie vir ontspanning deur osliefhebbers in georganiseerde kompetisies. By hierdie saamtrekke word trekosse as enkelpare ingespan. Spanne met veelvuldige pare word nie meer benut soos in die pioniersdae nie (Conroy, 2007:258).

Die getal osse in Sub-Saharastreke van Afrika het teen die einde van die 20ste eeu in die algemeen toegeneem (Starkey, 2000:19). In Suid-Afrika benut meer as 1 miljoen huishoudings steeds trekosse (Simalenga *et al.* 2002:10). In Suid-Afrika het die trekos oor eeue heen tot 'n unieke kultuurproduk ontwikkel. Die lang spanne, met gepaardgaande trek- en dryftoerusting, is eiesoortig aan Suid-Afrika. In hoofstuk 3 word die herkoms van beeste en die benutting van osse en trekosse in Suid-Afrika in perspektief gestel.

HOOFSTUK 3: DIE OS AS WERKDIER IN SUID-AFRIKA



**Figuur 3-1: Die Os as Werkdier
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

3.1 Inleidende oriëntasie

Kultuur is die geestesproduk wat uit bepaalde behoeftes van die mens ontstaan en deur volgehoue arbeid en gebruik geskep word en wat die abstrakte sowel as die konkrete elemente van die mens se lewensbehoefte aanvul en/of bevredig. Hierdie elemente moet egter vry algemeen as gemeenskapsbesit en -gebruik geskep word en dien (Burden, 2000:13-30; Ferreira, 1991:31). Kultuur behels dus die mens in sy geheel, waar elke skeppingsdaad 'n kultuurdaad is (Kruger, 1989:5). In die praktyk funksioneer die geestelike kultuur (soos volksgeloof, taal en lewensvorm) en die tasbare kultuur (soos kleredrag, vervoermiddele en woningbou) as kultuurboustene, wat in 'n ineengestremde eenheid van kultuuraktiwiteite binne 'n bepaalde gemeenskap dien. In Suid-Afrika is hierdie fundamentele uitgangspunt besonder toepaslik op die trekos en sy toerusting. In die uiteensetting van hierdie studie word die verskillende kultuurboustene, byvoorbeeld die stoflike en geestelike elemente en tradisionele of eietydse gebruike van die trekoskultuur soms van mekaar geskei. Dit geskied ter wille van die praktiese gerief van omskrywing, uiteensetting en bespreking.

Weens sy stoutmoedigheid was die trekos in Suid-Afrika van onskatbare waarde, soveel te meer omdat hy ewe geskik is vir trek-, pak- en rydoeleindes (Anderson, 1856:41). Lategan (1940:17) skryf: "Van die aanvang van die geskiedenis van die Boerenasie af het die os 'n aandeel daaraan. Dikwels word die ossewa die wieg van die Afrikanervolk genoem. Die os egter, was die krag wat die wieg in veiligheid gevoer het". Die trekos beurt en kronkel deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hierdie uitsonderlike bousteen van die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis se wortels is reeds in die vroegste nedersettings van Kaapstad en omgewing stewig gevestig. Reeds in 1894 het Du Toit die rol van die os in die oopstelling van Suid-Afrika benadruk: "*En daar voor dien*

wagen was de tamme, geduldige en geharde os het eenig mogelijke trekdier. De os, de os alleen, heft de Bergen beklommen, die dalen doorkruist, de eerste wegen gebaad, het veld tam getrapt. Zonder den os was de opening van onze binnelanden, Natal, Vrystaat, Transvaal een onmogelijkheid" (Van Rooyen, 1938:129).

In hoofstuk 2 is reeds verwys na die omvangryke rol van die trekos ten opsigte van die tasbare en nie-tasbare aktiwiteite in die volkskultuur van mense in vervloë beskawings en in uiteenlopende wêrelddele. Sedert die "ontdekking" van die Nuwe Wêreld het die trekos in geen ander land so 'n deurslaggewende oorlewings- en kultuurrol vervul as in Suid-Afrika nie (Pope, 1910-11:143).

Die trekos en sy toerusting per se, wanneer elkeen geïsoleerd beskou word as tasbare elemente van kultuur, verteenwoordig slegs 'n beperkte gebied van die totale kultuurspektrum van die trekosera in Suid-Afrika. Hierdie kultuurelemente het egter 'n omvattende invloed uitgeoefen, onder andere op uiteenlopende fasette van die geestelike kultuur. Eweneens was dit sterk gesetel in die volkskultuur – met verwysing na daardie deel van kultuur geskep deur mense wat nie formele opleiding vir die skep en gebruik van die tersaaklike kultuurelemente ontvang het nie. Die vaardigheid van die benutting van die trekos en die bereiding van sy trekgoed is van die een geslag na die ander oorgedra. Daarbenewens het die trekos (in sy volle kulturomvang) betekenisvol ingewerk op waarna Grobbelaar en Burden verwys as patrisiërkultuur – met verwysing na persone wat "die geleentheid tot skoling en opleiding in 'n akademiese sin gehad het" (Burden, 2000:23). Coetzee (1982:20) vat die omvang van die trekos en sy toerusting bondig saam: "wie oë het om te kyk, laat hom orals rond die spore van die wa sien". Hierby kan "spore van die trekos wat voor die wa geloop het" onteenseglik toegevoeg word.

Met verwysing na hierdie uitspraak van Coetzee moet op twee belangrike vereistes gelet word. Eerstens was die ossewa en trekos 'n funksionele eenheid om die "spore van die wa" daar te stel. Tweedens lei 'n gebrek aan kennis van gebruike en gewoontes van die verlede daartoe dat vele potensieel kosbare "spore" vir mense nie sin maak nie (Ferreira, 1988:100).

Die simboliese spoor van die trekos, trekgoed en wa gaan meestal ongesiens by die oningeligte persoon verby, soos wat dit ondermeer vervat is in:

- 'n Vervalle ossewa by 'n plaaswerf of goed gerestoureerde ossewa in 'n museum of oningeligte persoon verby, soos wat dit onder meer vervat is in versameling.
- 'n Gemonteerde osjuk met of sonder sy skeie, stroppe en osriem teen die muur.
- 'n Tekening van 'n walaer in 'n boek.
- Verskeie woordkunsgenres, onder meer in reisverhale en digkuns, waarin die trekos en trekgoed, as bron van fisiese of tasbare en geestelike inspirasie, vervat is.

- 'n Skets of foto van 'n kerkplein met nagmaal in die trekosera.
- Die breë strate en groot meent van die pioniers se dorpe.
- Die klipmuur om die veekraal, al is vele tans verval.
- Die vloei van verkeer wat links op ons paaie beweeg, en wat teruggevoer kan word na die praktyk van die osdrywers se dryfstyl. (Kyk 5.4 in hoofstuk 5)

Mense openbaar oor eeue heen 'n spontane ingebore behoefte aan kennis van die lewenswyse, gebruike of gewoontes in die dag tot dag aktiwiteite van vervloë dae. Hierdie aktiwiteite manifesteer, onder andere, duidelik uit vele volksvertellings, liedjies, rotsskilderye, reisverhale en sosiale gebruike wat behoue gebly het.

Taal en taalgebruik is 'n hoeksteen vir die uiting en vorming van kultuur. Deur taal, geskrewe en gesproke, word 'n duideliker prentjie van die verlede nagelaat. Die trekos, die wa en trekgoed in die trekosera het 'n beduidende bydrae gelewer in onderlinge kommunikasie en in die ontwikkeling en vestiging van die Afrikaanse taal. Dit word bevestig deur Van Rooyen (1938:108): "Dit is duidelik dat die ossewa diep ingegrawe is in die lewe van ons nasie. Op ons taal het dit geweldig baie invloed uitgeoefen ... Die gesegdes in verband met die ossewa is meestal eiegoed, d.w.s. dit het hier in ons land ontstaan". Talle aforismes, gesegdes, idioome, spreuke, spreekwoorde, terme en uitdrukkings in Afrikaans uit die trekosera, wat steeds op vele lewensterreine toepassing vind, is getuigenis daarvan. Deur akkulturasie is vele van hierdie terme ook opgeneem in die taalgebruik van ander taal- en volksgroepe in Suider-Afrika. 'n Unieke "osdrywerstaal" het ontwikkel, wat wedersyds onderling gebesig en begryp is. Dit bevestig die siening van Ferreira (1981:7) dat kultuur in die gebruik en uitleef daarvan afhanklik is van individuele skeppers met gemeenskaplike draers.

Op stoflike en geestelike gebied, ook in die Afrikaanse woordkuns, het die trekoskultuur neerslag gevind. Totius het hierdie swygsame maar "edel jukgediert" berym (Bosman, 1988:126 soos aangehaal uit Totius, *Versamelde Gedigte*). Jan F.E. Celliers was nog 'n digter wat die trekos besing het: "Gebuk in hul beurende krag" met "die jukke al drukkend hul skowwe" en gevolglik "stille al stuiwend en stampend, kom stadig die wa agterna" en uiteindelik, "so, stom tot die stond van hul sterwe, blyf ieder 'n held van die daad" (Celliers, 1934:15). Uit hierdie bekende beryming van Celliers het A.G. Visser die rol van die trekos ook na die Voortrekkers deurgetrek met: "Die osse stap aan deur die stowwe; Geduldig, gediensdig gedwee; Maar dis nie die osse van Jan F.E. Celliers; Maar die osse van die voorste Voortrekker, Jan Naude." (Hamman, 2012:52). Die trekos het nie alleen diep in die Afrikanervolk se totale lewenspatroon tydens die trekosera ingevleg nie, maar het eweneens deur akkulturasie na ander taal- en volksgroepe oorgespoel en hulle beïnvloed.

Met die ontdekking van die seeroete om die Kaap in 1488 was die Khoi-Khoi in besit van uitgebreide troppe beeste. Sedert 1652 het hierdie beeste as 'n handige voedingsbron gedien in ruilhandel met die Khoi-Khoi, vir die VOC se mandaat om die Kaap as verversingstasie vir verbygaande skepe te bedryf en die plaaslike garnisoen te voed. Om die verversingstasie te vestig, was Van Riebeeck van meet af aangewese op osse as kragbron in die verskuiwing van vrag, vir die voorsiening van hout as brandstof en in die konstruksie van 'n fort en ander strukture. Perde, waarmee die Nederlanders in daardie stadium meer vertrouwd was, was nie beskikbaar nie en die plaaslike osse moes as trekosse benut word.

Osse is indertyd deur die Khoi-Khoi slegs as pak-, ry- en vegosse benut. Hierdie osse was besonder groot, mak, goed afgerig en kon behendig deur die Khoi-Khoi hanteer word (Axelson, 1988:8; Bosman, 1988:20; Gordon & Talbot, 1983:5). Die kundigheid, vaardigheid en gemak waarmee die Khoi-Khoi, ook die jong dogters, die osse kon ry en hanteer, word duidelik deur Burchell (1967 [1824]:395) geskets na aanleiding van sy reise (November 1810 tot Augustus 1815) in die binneland van Suid-Afrika tot teen die Oranje- en Vaalrivier. Hy beskryf 'n groep jong Khoi-Khoi-meisies wat die osse wydsbeen ry en die konvooi op 'n draf vooruitgaan, terwyl hulle die lywige diere onbevrees, behendig en met die grootste gemak hanteer. Hierdie tipe skouspel, so snaaks en skilderagtig as wat dit was, was vir hom vreemd. Die Khoi-Khoi het ook dikwels die ry-osse benut deur verskeie persone gelyktydig op een os te laat ry (Sparrman, 1975 [1785-1786]:227).

Die primêre bron van kennis oor die hantering van osse (ry- en pakosse) onder die Khoi-Khoi, was 'n onontbeerlike onderbou vir die vroeë ontwikkeling van kultuurboustene van die trekosera in Suid-Afrika. Dit het die grondslag gelê vir wat die Europese pioniers, trekboere en later ook die ander bevolkingsgroepe hier sou gebruik tydens die benutting van trekosse. Om osse as trekosse te gebruik, moet hulle egter verkieslik spesifiek vir daardie doel op die ouderdom van twee tot drie jaar ingebreek en afgerig word.

Burman (1988:15-17) verwys na Van Riebeeck se dagboek, waarin hy aangeteken het dat hy mettertyd die jong osse, wat andersins geslag sou word, vir hierdie doel uitgehou en aangewend het. Op 26 Mei 1653 meld hy dat hulle daaraan werk om trektoerusting te maak sodat osse die timmermanswa kon trek, ten einde timmerhout te karwei. Op 28 Mei meld hy dat die osse aangewend is en teen die aand is berig dat die osse bevredigend getrek het. Die osse is in pare ingespan. Op 11 Junie 1653 is berig dat twee tot drie balke daagliks flink deur die osse vervoer is. Agt osse is aangehou ten einde mekaar af te los. Binne 14 maande ná Van Riebeeck se landing het die trekosera dus sy beslag in Suid-Afrika gekry.

Vir die eerste paar jaar ná sy landing het Van Riebeeck, met wisselende sukses, die nodige beeste van die Khoi-Khoi bekom (Burman, 1988:16-17). Koeie was vir die Khoi-Khoi as voedselbron (veral die melk) van groot waarde, maar skape en in minder mate osse, is meer

geredelik vir ruilhandel gebruik. Aanvanklik het die VOC die alleenreg op die handel met die Khoi-Khoi en besit van vee vir hulself uitgehou. Weens die onseker handel met die Khoi-Khoi het die nedersetting egter geleidelik 'n kudde van hul eie opgebou.

In April 1657, vyf jaar ná Van Riebeeck se aankoms, is die eerste twee groepe Vryburgers van osse vir gewasverbouing voorsien. Een groep het, onder andere, 'n ploeg en twaalf trekosse gekry, die ander groep 'n wa en ses ongeleerde jong osse, wat die Vryburgers self moes inbreek (Burman, 1988:17). Dit was die eerste tree tot die uitbreiding van die trekosbedryf in Suid-Afrika, wat oor die hele Suidelike Afrika inslag sou vind. Die betroubaarheid van trekosse, as werkdieren, vir grondbewerking om voedsel te produseer en vir verskuiwing van swaar vrag, het neerslag gevind en die meriete van die trekos is vasgelê. Die trekos sou vervolgens in dié streek 'n omvattende en, vir die behoeftes van die tyd, 'n onmisbare bousteen van kultuur wees.

Sedertdien is die trekos reeds vir meer as driehonderd en vyftig jaar oor 'n omvattende spektrum van menslike behoeftes en aktiwiteite 'n inherente kultuurkomponent in Suid-Afrika. Om veral tydens die sewentiende tot agtiende-eeuse Kaapkolonie, in die landelike gebiede van Suid-Afrika, te reis was 'n uitdagende taak. Sonder die gerief van openbare vervoer was mense op hul eie vervoermiddels aangewese. Aan hierdie betrokke vereiste het die besonder stewige, unieke en buigsame Suid-Afrikaanse ossewa, getrek deur lang spanne trekosse, voldoen. Dit was 'n algemene voertuig vir reis- en vragvervoerdoeleindes. Sonder hierdie vervoermiddel sou die uitbreiding na die binneland, oor besonder moeilike, soms barre, soms bergagtige terrein of rivierlope en sandvlaktes, 'n veel langsaamere proses wees. Die lang spanne (van veelvoudige pare osse), wat die wa en ploeg getrek het, met gepaardgaande eiesoortige trek- en dryfstoerusting, het in Suid-Afrika 'n unieke kultuurkarakter en -toepassing aangeneem.

Vroeë besoekers aan die land het die Suid-Afrikaanse trekos met bewondering ervaar (Anon. *Agricultural Journal*, 1890; Botha, 1970 [1926]:75). Lady Anne Barnard het haar in 1798 by geleentheid so uitgedruk: "The cattle were so strong that they pulled us with ease up ascents which made me almost think they could pull us up to Heaven like Elijah" (Burman, 1988:59).

Perde is vir die eerste keer in 1665 te koop aangebied, maar is alleen as ryperde vir verskillende doeleindes aangewend. Hierdeur is, soos Bosman (1988:20) dit stel: "die verdeling van arbeid tussen perd en os finaal in hierdie land se geskiedenis gevestig". In sy dagboek bevestig Adam Tas, vroeg in die agtiende eeu, dienooreenkomstig die voorkeurrangorde van die os as trekdier (Booyens, 1979:74). Alhoewel meer as voldoende perde (wat nie ten volle benut is nie) aan die Kaap beskikbaar was, is vir landboudoeleindes uitsluitlik van spanne osse (tien of meer) as trekdieren gebruik gemaak (Kolbe, 1777:165).

Vervoer van swaar vrag, ploegwerk, karwei van kraalmis vir bemesting, die insamel en verspreiding van landbouprodukte, was die domein van die trekos in die landbou van sy tyd. Van die meer progressiewe landbouers het vir hierdie doel oor verskeie spanne osse beskik en

het soms ook bykomende spanne trekosse gehuur. Vir ontspanningdoeleindes, soos jagtogte, visvang en vakansie aan baie kusoorde, was die wa en trekosse eweneens die voorkeurvervoermiddel, wat tot in die twintigste eeu sou voortduur.

Die lang spanne osse met hul waens het duidelik aanleiding gegee tot die ruimtelike aard van plattelandse dorpe wat in die trekosera ontstaan het en uitgelê is. Om praktiese redes, vir die doeltreffende funksionering van die verkeer van daardie tydperk, is die strate uitgemeet om voldoende beweeg- en draairuimte vir die spanne osse met hul waens te voorsien. So byvoorbeeld is Grahamstad, 'n hoofhandelsentrum van die Kaapkolonie vir die binneland van Suid-Afrika in die middel van die negentiende eeu, se besonder breë strate in die middestad se besigheidsentrum steeds 'n stille getuie van die invloed en nalatenskap van die trekos (Oosthuysen, 2011b).



Figuur 3-2: Bathurststraat in Grahamstad
Foto geneem vanaf die kerkplein in die middedorp – laat 1800's.

Joyce, P. ed. 1981:53

Hierbenewens is binnelandse dorpe soos Pretoria en Krugersdorp uitgelê, waar president Paul Kruger aanbeveel het dat strate só wyd moet wees dat 'n span trekosse maklik daarin kon draai. Die oorspronklike uitleg van Johannesburg was uitgemeet as standplase vir 'n wa en sy span osse (Coetzee, 1982:18). Die trekos is deeglik geanker in die wese van baie van Suid-Afrika se dorpe en stede.

In baie gevalle is die uitleg van aanvanklike standplase van kUSDorpe (oftewel vakansiedorpe) deur die trekos en sy wa beïnvloed. Trouens, die aanvanklike grootte en uitleg van erwe op 'n kusdorp soos Boesmansriviermond in die Oos-Kaap is ook geskoei op die toegang en ruimte wat benodig is vir 'n bokwa en span osse om in te draai (Deacon, 2011). Die ossewa en seiltent was indertyd standaardhuisvesting vir vakansiedoeleindes aan die kus.

3.2 Suidwaartse migrasie van beeste vanaf Noord-Afrika

Volgens Derricourt (1977:208) is die oorsprong en redes vir veewagtergroepe duidelik en konsensus bestaan dat beeste nie in Suidelike Afrika mak gemaak is nie. Poland *et al.* (2008:17) wys daarop dat in die Afrika-kontinent, Suidelike Afrika die laaste was waar beeste gevestig is.

Die oorsprong van beeste in Suidelike Afrika skyn geleë te wees in eeuelange migrasiepatrone van veewagtergroepe uit Noord-Afrika. Die vestiging en beweging of migrasie van die vroeë veewagtergroepe is grootliks bepaal deur voldoende beskikbare weiding en waterbronne in geskikte lewens- en omgewingsomstandighede. Vir inligting oor hierdie verskynsel is die kultuurhistorikus grootliks aangewese op die vertolking van argeologiese en antropologiese data. Die versamel van dierlike oorblyfsels op woonterreine in samehang met vestigingspatrone en linguistiese akkulturasie gee goeie aanduidings van tendense in migrasie (Boonzaaij *et al.* 1996:15-16).

Die roetekaart van die suidwaartse migrasie van veewagtergroepe skyn 'n twispunt onder kundiges te wees. Twee moontlikhede word voorgehou. Tans is 'n algemener siening dat veewagtery vanaf die Groot Meregebied van Oos-Afrika suidwaarts beweeg het. 'n Alternatiewe of bykomende moontlikheid is 'n migrasie langs die Atlantiese kus en aangrensende gebiede (Poland *et al.* 2008:17).

Die eerste geskrewe inligting rakende beeste (en osse) aan die suidpunt van die Afrika-kontinent is ervarings van Dias (1488), Da Gama (1497) en D'Almeida (1510). Uit hierdie bronne blyk dit duidelik dat die Khoi-Khoiveewagtergroepe, met betrekking tot hul omvangryke beesgetalle, relatief welvarend was. Uit hierdie eerste ervarings blyk dit duidelik dat die Khoi-Khoi hoogs vaardige hanteerders van hul osse was (Axelson, 1988:3). Dit is 'n aanwyser van die besondere rol wat die Khoi-Khoigroepe moontlik in migrasiepatrone van beeste in Suidelike Afrika vervul het.

3.3 Osse en hul benutting in Suidelike-Afrika voor die vestiging van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC)

Verskeie diersoorte het in Suid-Afrika belangrike bydraes gemaak tot menslike behoeftes en aktiwiteite as deel van die kultuurerfenis. In die periode van 350 jaar, vanaf die middel van die 17de eeu, troon die bydrae van die trekos uit op uiteenlopende lewensterreine in Suid-Afrika. Beeste was egter lank voor hierdie tyd 'n gevestigde kultuurproduk van die inheemse Khoi-Khoi-bevolking.

Uit verslae van opvolgende Portugese seevaarders met betrekking tot hulle skakeling met die inboorling Khoi-Khoi-veewagters langs die Suid-Afrikaanse kus, is dit duidelik dat uitsonderlik vaardige hanteerders van osse aangetref is.

Met die ontdekking van die seeroete om die suidpunt van Afrika in 1488 het Dias groot troppe beeste, "... in a bay they called dos Vaqueiros (Bay of the Herdsmen), because of the many cows which they saw upon the land guarded by their herds", in die omgewing van die Gouritsriviermond waargeneem (Axelson, 1988:3).

Die enigste eerstehandse verslag van Vasco da Gama se vaart om die Kaap die Goeie Hoop wat behoue gebly het, is dié van Alvaro Velho. Op Saterdag, 2 Desember 1497 meld hy die eerste aangetekende handelstransaksie op Suid-Afrikaanse bodem aan: "and there we traded a black ox for three bracelets. We dined off this on Sunday, and it was very fat, and the flesh of it was as savoury as that of Portugal". Velho beskryf die osse as baie groot en mak en dat hulle as pak- en ryosse benut word (Axelson, 1988:8).

In 'n verslag oor die dood van D'Almeida in 1510 bevestig De Barros die kundigheid van die Khoi-Khoi-kultuur by die hantering van osse, wat hulle vir selfverdediging, ook op militêre gebied aanwend met "... came into the body of our men, taking back the oxen; and by whistling to these and making other signs (since they are trained to this warlike device), they made them surround our men ... like a defensive wall ... some of us began to fall wounded or trodden by these cattle" (Gordon & Talbot, 1983:5).

Weens hul onaangename ervarings langs die Suid-Afrikaanse kus en die gebrek aan handelsmoontlikhede het die Portugese die gebied vermy en eerder verder noord hul voorrade aangevul.

Burman (1988:13-14) haal 'n aantal ander voorvalle aan waar die Khoi-Khoi hul vaardigheid met osse ook op handels- en militêre gebied tot hul eie voordeel aangewend het:

- Oor die skermutseling van De Houtman met die Khoi-Khoi in 1598 skryf John Davys: "We stayed by our tents, being beleaguered with cannibals and cows".
- Sir Henry Middleton berig in 1604 as volg: "they pulled down their houses, and made them fast upon their beasts' back and did drive away".
- 'n Relaas van Edward Terry in 1616: "Those savages had their cattle, which we bought of them, at a very great command, for with a call they would presently run to them; and when they had sold any one of their bullocks to us They would by the same call make the poor creatures break from us and run to them again ... and by this trick now and then they sell the same beast two or three times to us".
- John Schreyer skryf in 1668: "They transfer their goods, children and sick on oxen trained to this and guide them by a little stick through their nostrils. Of carts and other conveyances they know nothing and in a hundred miles no road is to be seen".

Die Khoi-Khoi het nie van trekosse gebruik gemaak nie. Trekosse sou eers ná die koms van Jan van Riebeeck tot hulle reg kom. Die Portugese het wel aan die Ooskus van Afrika trekosse gebruik. In 1572 het 'n voormalige Portugese onderkoning oor Indië, Francisco Barreto, op soek na goud met 620 soldate met die Zambezirivier opgetrek om Monomotapa te verower. Benewens 20 bote op die rivier het 30 waens met voorraad, getrek deur plaaslike osse "as big as the largest ox in France and very tractable", op die oewer gevolg. Wanneer die omstandighede dit vereis het, was die waens in laerformasie getrek (Axelson, s.a.:14; Burman, 1988:12).

3.4 Osse as voorkeurtrekdiere

In uiteenlopende wêrelddele, tydens die trekosera, is osse juis vanweë hulle voortreflike eienskappe as voorkeurtrekdiere verkies. Conroy (2007:149) beklemtoon dat die vermoë en gewilligheid van osse om selfs in diep sneeu en modder te werk deur die trekoseienaars in sommige deelstate van Amerika, soos New England, hoog aangeslaan is. In Indië was die geskatte getal trekosse teen 1997 ongeveer 77 miljoen en het hulle nagenoeg 54% van die grondoppervlakte wat vir produksie van gewasse benut is, bewerk. Hierteenoor is 20% deur trekkers bewerk en die oorblywende 26%, hoofsaaklik teen heuwelagtige grond, deur menskrag (Singh, 2000:279-283). Teen die einde van die twintigste eeu bly die os steeds 'n belangrike werkdier, met meer as 250 miljoen beeste wat wêreldwyd vir dié doel benut word, vier keer meer as die benutting van perde (Conroy, 2007:258). In Suid-Afrika is bereken dat 900,000 werkbeeste (byna uitsluitlik trekosse) teen die einde van die twintigste eeu benut is (Simalenga *et al.* 2002:3).

3.5 Suid-Afrikaanse agtergrond

In verslae oor die vroegste ontmoetings deur die Portugese seevaarders met die Khoi-Khoi na die ontdekking van die seeroete om die suidpunt van Afrika, word melding gemaak van die omvang van hul beeskuddes, die voortreflikhede en benutting van osse as slagbeeste, maar veral as pak-, ry- en vegosse (Axelson, 1988:3-8; Gordon & Talbot, 1983:5). Die verhouding van die getal bulle tot die res van die kudde word nêrens aangedui nie, maar daar kan aanvaar word dat dit baie laag was, aangesien groot getalle osse vir huishoudelike doeleindes nodig is (Schapera, 1963 [1930]:296). Osse was duidelik 'n besonderse komponent in die aktiwiteite van die volkskultuur onder die Khoi-Khoi. Dit het oor 'n wye spektrum, in baie van hul lewensbehoeftes voorsien.

Voor kontak met die Westerse beskawing het die Khoi-Khoi ander metodes van kastrasie op hul jong bulletjie toegepas, aangesien die chirurgiese opsie, weens 'n gebrek aan geskikte messe, nie bestaan het nie. Die beenmesse, wat hulle vir ander snydoeleindes gebruik het, was sekerlik nie geskik om die taai vel van die skrotum of seningrige weefsel van die teelballe mee te sny nie. Schapera (1963 [1930]:296) meld dat die Khoi-Khoi kastrasie toegepas het wanneer die horings begin uitgroei. Dit dui op ongeveer ses tot agt maande ouderdom en voordat hulle geslagsryp is. Meiring (1973:64) meld dat die teelballe in die skrotum met behulp van

twee klippe vergruis is. Uit 'n praktiese perspektief kan aanvaar word dat dié prosedure eweneens op 'n jong ouderdom, wanneer die diere meer geredelik vir mense hanteerbaar is, toegepas is. 'n Tweede kastrasietegniek van bulletjies deur die Kaapse Khoi-Khoi is in 1719 deur Kolbe aangeteken. Dit behels die afbind van die skrotum met behulp van 'n rouvelriempie wat styf bokant die teelballe vasgetrek is en sodoende is die bloedtoevoer en spermbuis na die teelballe afgebind. Die verbinding is dan so gelaat sodat die skrotum uitdroog en mettertyd afval (Schapera, 1963 [1930]:296). Wat hierdie metode effektief maak, is die feit dat 'n nat rouvelriempie wanneer dit uitdroog, krimp en die afbinding besonder styf vastrek om die bloedtoevoer ten volle af te sny.

Beide hierdie metodes van kastrasie is riskant aangesien komplikasies kan intree. In die eerste geval kan verswering en oormatige swelling oopbars en tot oop wonde lei. In die tweede geval kan die riempie, veral in klam weer, smetterigheid aanhelp. Beide hierdie moontlikhede skep ideale omstandighede vir brommeraannevalle, met gepaardgaande verrotting en noodlottige gevolge vir die betrokke dier.

Om osse uit die aanwas van sy kudde te bekom, is die Suid-Afrikaanse beeseienaar nog altyd, sonder formele vakkundige opleiding, meestal op homself aangewese om die tersaaklike kastrasieprosedures uit te voer. Dit is 'n element van die volkskultuur wat sonder formele opleiding tot die volgende geslag oorgedra is.

Schapera (1963 [1930]:296-297) verwys na twee bronne met betrekking tot gelyksoortige kulturele gebruike tydens die kastrasie van bulle onder die Khoi-Khoi-gemeenskappe. Eerstens verwys hy na Schultze se *Aus Namaland und Kalahari* (1907), wat noem dat die Namas van Namibië 'n bepaalde feesviering hou na afloop van die suksesvolle kastrasie van 'n groep bulletjies. Dit bestaan uit die vleis van 'n kalf wat spesifiek vir die doel van die ritueel geslag is en saam met die vergruisde teelballe van die pas gekastreerde ossies gekook is vir die fees. Tweedens noem Schapera (1963 [1930]:296-297) dat Hartogh (soos aangehaal uit Godée-Molsbergen, *Reisen in de Kaap*) 'n soortgelyke seremonie onder die Kaapse Hottentotte aangeteken het. Dit beklemtoon die belangrikheid, beide van suksesvolle kastrasie van jong bulletjies én die os, as kultuurbousteen van die Khoi-Khoi.

Bogenoemde inligting dui daarop dat die teelballe fisies uit die skrotum verwyder is. Dit was die standaardprosedure wat tot in die sestigerjare van die twintigste eeu vry algemeen deur die beeseienaar self, met 'n vlym of knipmes, chirurgies uitgevoer is. Sedertdien is die chirurgiese metode grootliks deur 'n kastreertang vervang, waardeur die bloedvat en spermbuis binne die skrotum afgebind word sonder om die skrotum oop te sny. Die jong bulletjie is met behulp van verskeie handlangers met rieme op die grond vasgetrek. Die onderpunt van die skrotum is afgesny om die teelballe uit te haal. In die proses is die spermbuis en bloedvat versigtig met die mes geskraap om hulle te verseël, waarna die binneholte van die skrotum mildelik met sout

(natriumchloried) behandel is om die liggaamsvloeistowwe te absorbeer en sodoende die bloedvat te help verseël (Sneyd, 2009). Om beweging van die diere binne die eerste vier-en-twintig uur op 'n natuurlike wyse te beperk en genesing van die wond aan te help, is die prosedure gewoonlik met die stand van die maan gekorreleer. Beeste wei graag in helder maanlig, daarom is die prosedure verkieslik tydens donkermaan uitgevoer, wanneer beeste nie snags wei nie en dus fisies minder aktief is.

3.6 Die os as trekdier in Suid-Afrika

Vir reise gedurende die pioniersera in Suid-Afrika was die trekos en ossewa, alhoewel stadig in sy gang, tot in die laat 19de eeu om verskeie redes en bepaalde behoeftes meer gesog en bruikbaar as vervoermiddels met ander trekdier. Balfour (1896:29) gee 'n kort motivering van die voordele van die trekos en die wa vir reise na die binneland van Suid-Afrika in die trekosera. Sy bevestig dat dit soms vir 'n buitelandse reisiger wat diep in die binneland wou reis, 'n groot versoeking was om van die ligte muilwaens, weens die groter spoed van die muil of perd, gebruik te maak. Op advies van plaaslike kenners het hulle egter besluit om ossewaens te gebruik, aangesien dit die probleem voorkom om bykomende voer (soos wat vir die muile benodig word) saam te karwei. In teenstelling hiermee wei die osse op die droë gras in die veld soos wat die trek vorder. Daarbenewens bied die ossewa vir die reisiger meer ruimte en gemak tydens die rit en by uitspannings, as die muilwa.

Wesenlik is die trekos oor die algemeen 'n bedaaarde, geduldige, mak, sterk en taai dier (Anon. *Suid-Afrikaanse Boerdery*, 1924:117). Indien die trekos van meet af met toegeneentheid, oorleg, en vaardigheid deur die drywer beheer, ingebreek en hanteer word, is dit 'n trekdier by uitnemendheid. 'n Span, synde veelvuldige pare agter mekaar gekoppel, trek selfs op ongebaande paaie, soos in die pionierstydperk van die trekosera, asook oor ruwe terrein, in die algemeen swaar vragte gelykmatig en egalig (Scholtz, 1987).

Die relatief ongekunstelde, maar sterk trektoerusting tesame met die besondere trekaksie van die trekos is 'n groot voordeel teenoor ander trekdier in die verskuiwing van swaar vragte, veral op moeilike terrein en ongebaande paaie. Hierbenewens was die baanbreker, pionier, ontdekkingsreisiger en osdrywer wat die trektoerusting betref, selfvoorsienend. Met behulp van elementêre handgereedskap (dissel; beitel; hamer; handbyl; handsaag; snymes) is jukke, skeie, trektoues, stroppe, rieme en so meer gemaak of herstel uit materiaal wat meesal geredelik in die omgewing verkrygbaar is. Hierdie feit word deur Burchell (1967 [1824]:447) onderskryf. By geleentheid het hy op reis 'n tekort gehad aan jukke. Een van sy werknemers is met 'n wa agtergelaat om die nodige hout te saag sodat nuwe jukke gemaak kon word.

Onder die plaaslike omstandighede, in die pioniersera toe swaar vragte soms verskuif is, kon die trekos homself dus beter onderhou en oorleef as enige ander trekdier (Botha 1970 [1926]:77). As herkouer is 'n groot bate van die trekos dat hy op voer (weiding en oesreste) van lae kwaliteit

goed kan oorleef en effektief funksioneer. In dele van Suid-Afrika is die reënval besonder laag en suipings soms yl verspreid, die weiding dikwels karig en van swak kwaliteit. Die inheemse beeste was deur natuurlike seleksie, oor eeue heen, gesout teen meeste inheemse veesiektes en ten volle aangepas by die plaaslike toestande van die klimaat, omgewing en weiding.

Oor eeue heen is beesrasse, in uiteenlopende wêrelddele, nie in die eerste plek as trekosse geteel en gevestig nie, maar om as voedselbron (melk en vleis) vir die mens te dien. Vanuit hierdie bronne is bloot die mees geskikte individue vir trekdoeleindes, in gewasverbouing en vir vragverskuiwing, geselekteer (VSA – Conroy, 2007:251; Afrika - Poland *et al.* 2008:14-15; Indië – Singh, 2000:316; Brittanje - Williams & Cousins, 2004:80). In hierdie verband kan Suid-Afrika egter as 'n uitsondering beskou word.

Met die vestiging van 'n halfwegstasie vir skeepvaart aan die Kaap, teen die middel van die sewentiende eeu, is osse uitsluitlik as 'n bron van proteïnevoedsel (vleis) en as pak- en ryosse deur die Khoi-Khoi gebruik. Osse is egter byna van meet af deur die nedersetters as trekdiere vir 'n verskeidenheid doeleindes, soos verbouing van gewasse, verskuiwing van vrag en vir reise per ossewa, in die omgewing benut. Op hierdie ongebaande roetes vanaf Kaapstad na die aanliggende landelike gebiede was die inheemse beeste vir die eerste klompie dekades die voedingsbron vir hierdie behoeftes.


Die Khoi-Khoi-beeste, as inheemse beeste van Suid-Afrika, het vroeg reeds onder die trekboere en transportryers as "*Afrikaners*" bekend gestaan. Hierdie beeste het oor die basiese bouvorm en kenmerke van 'n goeie trekos beskik – hulle is groot, hoog op die bene, met 'n reguit rug en sterk gespierde kruis. Die haarkleur van hierdie Afrikanerbeeste was selde eenvormig van aard, maar dikwels ook 'n verskeidenheid kombinasies van kleurpatrone, rooi (donker of lig), wit, blou (swart) en geel. Hierdie osse het uiteenlopende groeivorms van die horings, met die punte soms twee tot drie meter van mekaar (Gronum, 1975:29-31). Oom Rooi Jozeph du Plessis noem in 1928 dat tot voor die Anglo-Boereoorlog, Afrikanerbeeste bestaan het uit rooiskimmels, groot donkerrooies met lang horings, rooiwitrugge, rooiwitpense, geles en swartes (Du Plessis, 2012:47). Onder Suid-Afrikaanse osdrywers is hierdie osse hoog aangeslaan vir hul geskikte temperament, liggaamsbou en -grootte, trekkrag, uithouvermoë, asook 'n flink en vasvoetige stapaksie.

Die tradisionele osdrywer het persoonlike bevrediging gekry met die saamstel van 'n span van eenvormige kleur (donkerrooi, geel, swart, ens.) of kleurpatroon (rooiwitpens; swartwitrug, ensovoorts). So ver as moontlik is dan ook gepoog om sodanige span saam te stel met 'n groeipatroon van die horings wat eenders is, hetsy bakkop, hangkop, weglêers, ens. Mettertyd was hierdie fenotipe kenmerke belangrike faktore ter beoordeling van spanne osse tydens kompetisies op landbouskoue (Clayton, 1988; Smith, 1988). In die osdrywerstaal word die term "horing" nie gebruik met verwysing na die groeiwyse van horings nie, maar wel die term "kop"

soos in bakkop, hangkop, skewekop, ensovoorts. 'n Uitsondering in hierdie verband is die gebruik van die term "weglêers", wanneer die horings horisontaal en reghoekig tot die os se kop uitgroeï. Hierdie fenotipe eienskappe is 'n belangrike element van die tradisionele Suid-Afrikaanse osdrywer se estetika in die uitbou en bevreëding van sy geestelike kultuur.



Figuur 3-3: Swart- en rooiwitrugosse
Marius Oosthuysen-fotoversameling



Figuur 3-4: Hangkop, skewekop, opkrul bakkop, weglêers
Marius Oosthuysen-fotoversameling

Teen die laaste helfte van die 1700's was hulle reeds 'n bewese beesras, wat veral as trekosse onder die plaaslike omstandighede hoog aangeslaan is deur die pioniers. Die runderpes (1896-97) en die verskroeideaardebeleid van die Britse regering en militêre bevelvoerders tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), waar honderde beeste vernietig is, het daartoe gelei dat die Afrikanerbees byna uitgesterf het. Ná die oorlog is klein kernkuddes wat behoue gebly het deur verskillende beeseienaars uitgebou. 'n Hooffenotipe onder hierdie kuddes het uitgestaan, naamlik die rooi, of vleis-Afrikaner met goeie eienskappe vir vleisproduksie en kenmerkende fyn, lang weglêers, eweneens ook 'n trekdier by uitnemendheid (Bosman, 1988:20-29; Gronum, 1975:28-30). Vir die behoeftes van daardie tyd was dit ewe belangrik om doelgerig trekosse, naas die produksie van vleis, te teel.

Tydens die stigting van die Afrikanerbeestelersgenootskap (19 Junie 1912), op die terrein van Potchefstroom se Landboukollege, onder leiding van die hoof van die kollege en met die ondersteuning van 'n aantal pioniertelers, is begin om hierdie inheemse bees amptelik as volwaardige beesras te erken. In 1905 is die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging gestig en die Afrikanerbees is een van die eerste beesrasse wat by die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging geregistreer is. "Die ras se aanvanklike funksie sou wees om as trek- sowel as slagdier te dien" (Du Plessis, 2012:43-48). Buitendag (2012:16) skryf: "Die trekos ... Afrikaner van 1912 het binne die eerste 25-jaar van die ABTG se bestaan grotendeels plek gemaak vir die 'veredelde' skoubees". De Kock & Tissier (2012:24) betoog: "Dit moet aangeneem word dat die rooi Afrikaner suiwer opgeteel is uit inheemse beeste en deur sorgvuldige seleksie". Seleksie is 'n werkwyse waardeur alleen diere met bepaalde eienskappe vir voortplanting aangewend word. Vir die trekosteler dien dit ter bevestiging van die voorkeure en bevrediging van persoonlike estetika in die daarstelling of vestiging van bepaalde fenotipe eienskappe, soos 'n bepaalde haarkleur, kleurpatroon, horinggroeiwys, bouvorm, gedragspatrone en so meer in 'n bepaalde beesras. Lede van die Afrikanerbeestelersgenootskap het 'n sterk voorkeur vir 'n rooi haarkleur openbaar. Die trekos in Suid-Afrika manifesteer dus sterk op die terrein van beide die patisiër- en volkskultuur.

'n Tweede Suid-Afrikaanse beesras het eweneens sy ontstaan en voorkeur vir die Suid-Afrikaanse trekoseienaar en -teler te danke aan die besonder voortreflike eienskappe as trekos. Die grondslag van hierdie ras was die inheemse swart Kaapse beeste wat reeds in 1659 in Khoi-Khoi-besit in die Suid-Kaap (die huidige Bredasdorpomgewing) gevind is. Alhoewel die herkoms van hierdie beeste vaag is, word bespiegel dat hulle moontlik dateer uit Spaanse handel met die Khoi-Khoi in die 16de eeu. In 1690 het die Kaapse owerheid vir die eerste keer beeste vanaf Nederland ingevoer, maar hul betrokkenheid by beesboerdery is in 1695 gestaak (Bosman, 1988:20). Hierdie stap het 'n meer volhoubare en standvastige patroon van beesboerdery gevestig. Hierdeur is die Vryburgers en latere trekboere meer vrye teuels gegun, nie alleen in die voorsiening van slagvee nie, maar veral ook vir die teel en voorsiening van trekosse, wat

vragvervoer, graanverbouing, landbou en ontdekkingsreise (veral deur natuurkundiges van daardie tyd) in die algemeen sterk ondersteun het.

Swart bulle vanuit Groningen in Nederland is vir kruisteling met die plaaslike swart Kaapse beeste gebruik. Die kruisings het as "Vaderlanders" ('n geharde bees en gewilde trekos vir die plaaslike omstandighede) bekend gestaan (Bosman, 1988:20). Die Vaderlanders is hoofsaaklik gekenmerk deur hul korter horings en oorwegend swart kleur, wat soms met 'n wit streep op die rug af (swartwitrug), of wit vlekke onder die buik (swartwitpens) gekenmerk is. Die lyf was lank en die bene in verhouding kort. Met die eerste oogopslag het hierdie osse 'n rankerige voorkoms gehad, maar dit is 'n mistasting. In werklikheid was hulle swaar en gespierd, met 'n besonder innemende geaardheid en van die voortreflikste trekosse beskikbaar. Kruisings tussen Vaderlanders en Afrikaners het 'n groepering bekend as Baster-Vaderlanders tot gevolg gehad, eweneens voortreflike trekosse met besonder sterk inslag van die Vaderlander se mak geaardheid (Delegorgue's, 1990 [1840's]:20).

Tydens die Groot Trek was die Vaderlanders, naas die Afrikaners, gewilde trekosse voor die waens. In die besonder het Jacobus Johannes Uys (1838) met Vaderlanders uit die Suurveld (Grahamstadomgewing) aan die oosgrens getrek en homself uiteindelik in die huidige distrik van Wakkerstroom gevestig. Hier en in die omliggende distrikte is spoedig na die ras as "Uysbeeste" verwys. In 1946 (1 Mei) het die Uysbeestelersgenootskap tot stand gekom, maar in 1947 (7 November) met die stigting van die Suid-Afrikaanse beestelersgenootskap is die naam "Drakensberger" vir die ras gevestig (Bosman, 1988:29).

3.7 Praktiese meriete van trekosse in Suid-Afrika

Die ruwe en ongebaande Suid-Afrikaanse bodemgesteldheid het met betrekking tot vragvervoer groot eise aan die Europese pioniers gestel. Volgens Van Der Merwe (1983:54) kon geen ander voertuig as die robuuste plaaslik ontwerpte ossewa, en die goed aangepaste en geskikte plaaslike trekosse, destyds hierdie moeilik begaanbare terreine aandurf nie.

In die konteks van die trekostydvak was die tempo waarteen die trekos beweeg vir die ontdekkingsreisiger tot groot voordeel. Eerstens het dit tyd gelaat vir 'n rustige en deeglike waarneming van die omgewing, vir die versameling van interessante en tersaaklike wetenskaplike materiaal, onder andere op die gebied van fauna, flora, antropologie, geologie en so meer. Die reisiger kon waar nodig te voet ondersoek instel of te perd ietwat wyer terrein verken, sonder om van sy ossewa geïsoleerd te raak. Tweedens kon die relatief ruim ossewaens doelgerig vir die besondere behoeftes met betrekking tot berging van die reisiger se versameling en/of as woonkwartier ingerig word. Eweneens het dit ruimte gebied vir die verpakking van noodsaaklike ruilgoed, soos krale, tabak en brandewyn asook vuurwapens en ammunisie.

Die botanis en natuurkundige navorser van die vroeë negentiende eeu, Burchell (1824:170-171, 246) bevestig uit sy persoonlike ervaring die meriete van die trekos (teenoor die perdekar) as voorkeurtrekdiër vir reise in Suid-Afrika. Hy stel dit dat hy vir sy reisdoeleindes perde wat galop verfoei en verkies om agter sy eie span osse, wie se pas skynbaar presies afgemeet is om die waarnemer en bewonderaar van die natuur te pas, te kon sit. Gedurende sy reise het hy die perd en die os selde gering geskat, maar die geduldige vertoning tydens die eindelose daaglikse werksaamhede, het die Suid-Afrikaanse trekos sterk aan hom verknog.

In die vroeë ontwikkeling van Suider-Afrika was die veelsydige trekos, as 'n kragbron, 'n belangrike skakel om nuwe weë te baan vir die vervoer van uiteenlopende lewensmiddele. Gronum (1975:130) verwys na 'n seldsame gebruik waar die tradisioneel stadige trekos vir 'n sneldiens van posvervoer benut is. Pos uit die Kaap is vanaf Kimberley met Zeederbergkoetse, wat hoofsaaklik 'n passasiersdiens was, na Mafeking vervoer, vanwaar dit met oskarre na Bulawayo geneem is. Om hierdie sneldiens op die betrokke roete te lewer, is agt osse voor 'n ligte kar, 'n tweewielrytuig waarvan die bak op vere aan die onderstel geheg is, ingespan. Op gereelde afstande, wat gewissel het tussen 13 tot 16 km (soms tot 19 km), is oskrale, oftewel stasies, ingerig waar die spanne en drywers omgeruil is. Vir hierdie doel is die osse geleer om van stasie tot stasie te draf. Ongeveer 1.5 km vanaf die stasie het die drywer sy aankoms met 'n beuel aangekondig sodat die volgende span osse in gereedheid gebring kon word. Met die aankoms is die nuwe span bloot in die plek van die vorige span aan die kar gehaak en die nuwe drywer het voortgegaan. Die drywer en osse het dus heen en weer op dieselfde gedeelte van die roete beweeg. Hierdie kombinasie het mekaar en die roete goed geken, wat die aanleer van die osse om op die karspoor te draf, vergemaklik het. Alhoewel die drywer die kar nie te swaar wou laai nie, is enkele passasiers, wat ten duurste moes opdok vir die guns om so vinnig in Bulawayo aan te land, soms toegelaat. In die geheel gesien is dit egter 'n uitgebreide infrastruktuur wat onderhou moes word.

3.8 Faktore wat die aantal trekosse, wat vir uiteenlopende take benodig word, beïnvloed

Wat betref die getal osse, wat vir verskillende doeleindes benodig word, speel uiteenlopende behoeftes 'n rol. Bodemgesteldheid bly egter die hoofoorweging, ongeag of dit vir ploeg, reis of transportry is. Met betrekking tot reise oor lang afstande of tydperke moes die wadrywer onvoorsiene omstandighede in berekening hou.

Die trekboer het, om die kakebeenwa op die spore oor die bergreekse te hou, twaalf tot sestien en meer osse in die span voor die wa benodig. Op minder moeilike terrein was tien tot twaalf osse in die span voldoende. Om hierdie rede het hy tydens lang reise meestal voorsiening gemaak vir 'n aantal bykomende osse, wat los geloop het saam met die geselskap, ter vervanging van die wat weens siekte vrek, deur ongediertes verskeur of deur Boesmans gesteel is (Botha, 1970

[1926]:76). Soms was 'n belangrike voorsorgmaatreeël om 'n bykomende span of twee trekosse saam te neem (Sparrman, 1975 [1785-1786]:146).

Vroeë ontdekkingsreisigers het eweneens dikwels bykomende osse ('n aflosspan) saamgeneem (Burchell, 1824:401). Die osse kon dus afgelos word om onnodige uitputting te voorkom. In noodgevalle, waar watersuipplekke (soms deur onvoorsiene droogtes) ver van mekaar verwyder is, kon aflosspanne help om die verlangde pas te handhaaf om by waterbronne uit te kom. In sanderige of heuwelagtige gebiede het aflosse dienooreenkomstig 'n doel gedien. Hierbenewens is ook vir beserings en onvoorsiene verliese onder die trekosse voorsiening gemaak. Op lang reise het vleis as stapelvoedsel gedien en wildsbokke is gereeld vir die pot geskiet. Waar wild skaars of die jag onsuksesvol was, moes van die trekosse ook by geleentheid noodgedwonge as proviand dien. Vir hierdie tipe reise, dikwels op ongebaande weë, het die reisiger se sin vir versigtigheid 'n wye spektrum van potensiële struikelblokke verreken.

Die transportwadywer het die lengte van sy span bepaal na gelang van die gewig van die vrag wat hy vervoer. Indien die vrag, na sy oordeel, deur twaalf osse behartig kon word, is twee of vier osse meer ingespan om vir normale onvoorsiene omstandighede voorsiening te maak (Aucamp, 1942; Gronum, 1975:56). Transportry is 'n handelstog en moes met die minste verdragings gepaard gaan. Vanweë die beslommernis om loslopende osse (as 'n aflosspan) op die transportpad saam te neem, is van bogenoemde strategie gebruik gemaak. Hierbenewens het transportryers, meestal in groepe, op vaste roetes met vaste skofafstande beweeg en, as deel van die osdrywersetiek, mekaar op moeilike plekke bygestaan. Die tydsduur en problematiek van elke roete was goed bekend en die nodige voorsorgmaatreëls kon grotendeels akkuraat vooruit verreken word.

Die aantal osse in die span van die saaiboer, voor die ploeg of wa, is oorwegend deur die bodemgesteldheid, hetsy bergagtige gebied, sand- of turfgrond en vlakteveld, beïnvloed. Op leem- en sandgrond is meestal tien osse ingespan, maar op die swaarder turf- en kleigrond is twaalf tot veertien osse gejuk (Aucamp, 1942; Gronum, 1975:56; Sneyd, 2009). Hierbenewens het die grootte van die ploeg (hetsy een of twee skare) en die snywydte deur die grond van elke skaar en rysterplaat (veertien of sestien duim) 'n groot invloed op die weerstand tydens die ploegproses in die verskillende omstandighede. Dit dien as 'n belangrike maatstaf om die aantal osse wat in die span gebruik moet word, vas te stel.

Dit is 'n onomstootlike feit dat die trekos 'n kardinale rol in sowel die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika as die materiële en geestelike kultuur van die land se mense, in besonder ook die Afrikaner, gespeel het. In hoofstuk 4, voordat die rol van die osdrywer in besonderhede bespreek word, word die profiel van die Suid-Afrikaanse trekos ontleed deur die tipiese kenmerke van die trekos aan te dui en te ondersoek watter rol hierdie kenmerke in die naamgewing van osse gespeel het.

HOOFSTUK 4:

PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE TREKOS

4.1 Inleidende oriëntasie


Universeel bestaan daar 'n intieme band tussen die mens en sy huishoudelike werkdier. Die Amerikaanse pionier en "Cowboy", asook die Arabier, het hul perde. Die Inuïet het sy honde voor sy sneeuslee. Desgelyks het die Suid-Afrikaanse osdrywer sy trekos, wat hy op eiesoortige wyse inspan om met hom te werk. Hierdie omgang met sy beeste in die algemeen, maar met die trekos in besonder, word sterk weerspieël in die uitken en uitwys van individuele trekosse (beeste).

In hierdie hoofstuk gaan dit oor die profiel van die Suid-Afrikaanse trekos. Onder "profiel" word hier verstaan daardie gegewens wat die kenmerkende eienskappe van individuele trekosse weergee. Die klem val veral op die faktore wat 'n rol speel in hoe trekosse uitgeken word en hoe name aan hulle gegee word. Die eienskappe van trekosse kan met verskillende aspekte - die herkoms van 'n os, sy uiterlike voorkoms of sy kenmerkende geaardheid of besondere vermoëns - verbind word. Voordat die kenmerke en name van trekosse in besonderhede ontleed word, word hulle trekposisies eers verduidelik. Om 'n os in 'n span uit te wys, is dit nodig om die trekposisies te ken.

4.2 Trekposisie in die span as aanwyser van 'n bepaalde os

Osse as trekdiere word in pare van twee ingespan. Vir ligte werk kan twee of vier osse ingespan word, waarna verwys word as 'n paar of dubbelpaar osse. In Brittanje, die VSA en ander wêrelddele word na 'n enkel paar jukmaats as 'n "team" (oftewel 'n span) verwys (Conroy, 2007:3). Suid-Afrika was oor die eeue heen bekend vir die besonder lang spanne osse van tot soveel as vier-en-twintig osse wat hier gebruik word. Plaaslik verwys die term "span" gevolglik na veelvuldige pare (drie pare of meer) wat agter mekaar ingespan word.

Die benaming van die posisie waarin 'n os trek, dien vir bepaalde doeleindes van kommunikasie 'n nuttige doel. Enersyds word dit gebruik om aan 'n buitestander tot die span 'n bepaalde os of osse in die span uit te wys. Andersyds dui dit ook die spesifieke behoefte van 'n osdrywer aan wanneer hy om die een of ander rede 'n os in sy span moet vervang en 'n os van 'n medetrekoseienaar wil aankoop om in die betrokke posisie in sy eie span te trek (Sneyd, 2001).



**Figuur 4-1: Trekposisies in 'n twaalfspan osse
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Spesialistrekposisies is dié van die agterosse en voorosse. In 'n ietwat minder mate geld dit ook vir die naasvoorosse – die tweede paar van voor, - en die naasagterosse – die tweede paar van agter. 'n Derde kategorie is die osse wat tussen genoemde posisies trek en waarna gesamentlik as die middelosse verwys word. Hulle is in 'n minder mate spesialiste, maar in 'n gevestigde span trek elkeen konsekwent in sy bepaalde posisie. Elke posisie het 'n eie benaming. Die terme "hot" (links) en "haar" (regs) ten opsigte van 'n span osse, word konsekwent in die osdrywerstaal gebruik, soos gesien vanaf die wa, ploeg, ensovoorts. Ongeag die lengte van die span bly die indeling van "hot" en "haar" van toepassing op elke paar vanaf die agteros tot die vooros. Vir die indeling van 'n span van tot en met sestien osse volg die posisionele benaming van agter af, met hot óf haar as voorvoegsel vir elke posisie, as volg: -agteros, -naasagter, -op ses, -op agt, -op tien, -op twaalf, -naasvoor, en -vooros. Kyk figuur 4-1. Vir 'n uitsonderlike lang span van agtien tot vier-en-twintig osse volg die aanduiding, aanvullend tot voorgenoemde benamings, as volg: -op ses van voor, -op agt van voor, -op tien van voor, -op twaalf van voor, -naasvoor en -vooros (Oosthuysen, 2011b).

4.3 Intellek

Slegs 'n klein persentasie osse kan as uitstaande voorosse geleer word (Anderson, 1888:47). Gronum (1975:58) stel dit so: "Osse se karakter verskil baie. Jou vooros sal nie 'n agteros wees nie, net so min as wat die agteros 'n vooros kan wees". Ander osdrywers (Scholtz, 1987; Smith, 1988; Sneyd, 2001) is dit eens: "'n Werklik goeie vooros word gebore – nie gemaak nie". Die voorosse (en in ietwat minder mate die naasvoorosse) van 'n span moet beskik oor bepaalde eienskappe, fisies sowel as die nodige intellek. Hulle word onder andere uitgesoek op grond van hul ingebore neiging om die voortou in die span te neem en flink te stap. Hulle moet as trekpaar flinkweg op die touleier (voorloper) se leigebare, hetsy 'n ligte trek aan die leiriem, 'n handgebaar of

stemtoon, reageer. Ook moet die deurgewerkte paar voorosse, waar hulle die span op eie stoom, sonder die touleier, in die ploegvoor, 'n gereelde waspoor of trekpad voorgaan moontlike struikelblokke vermy. Eweneens is 'n skerp reaksie op die osdrywer se bevel, aanmoedigend of kalmerend, hetsy verbaal met die uitroep van die os se naam, en/of met 'n ligte toepaslike klap van die ossweep langs 'n bepaalde os, deurslaggewend.

4.4 Sintuiglike waarnemingsvermoë

Die trekos beskik oor besonder fyn sintuiglike waarnemingsvermoë, hetsy gehoor, sig, reuk of herinnering aan omstandighede van aangename of minder aangename ervarings. Wanneer hulle hanteer word, reageer die meeste van hulle ewe sterk op die drywer se visuele aanwysings, soos sy liggaamshouding, arm- en handgebare, as op sy stemtoon (Conroy, 2007:63). In die dryfproses maak die osdrywer van verskillende (in die persepsie van die oningeligte buitestander soms uitsonderlike) uitroepe, stemtoon of liggaamstaal gebruik. Gereelde hantering met konstantheid in die eenvormige toepassing van hierdie sintuiglike hulpmiddels aan die kant van die drywer, speel 'n deurslaggewende rol in die proses van suksesvolle afrigting van trekosse. Die osse word dus volgens die drywer se persoonlike roetine gekondisioneer en hulle reageer dienoooreenkomstig daarop. Osse sal dus nie noodwendig flink reageer onder 'n vreemde drywer nie.

4.5 Uitkenning en naamgewing van trekbeeste en -osse

Reeds vroeg ná die Nederlandse nedersetting aan die Kaap in 1652 het die trekos 'n aandeel gehad aan die vestiging en uitbou van 'n plaaslike kultuur met sy eie besonderse aard. Benaming van trekosse, en die rasionaal daaragter, is deel van die tradisionele Suid-Afrikaanse trekoskultuur. In samehang met die trekos, as kragbron, vorm die benaming van individuele osse 'n integrale komponent van die volkskultuur soos onder andere vervat in die osdrywerstaal van die trekosboer, osdrywer, touleier en ander betrokke hanteerders van die trekosse.

Tog is die ontleding van die naamgewing van osse in studies oor die trekoskultuur afgeskeep. Erasmus (1940:27) se mening van etlike dekades gelede, dat die aard van ossename 'n interessante studieveld is wat nog nie voldoende aandag ontvang het nie, geld steeds. Hy het geskryf: "Die rede hiervoor, meen ek, is dat die ossename in die spesifieke spreektaal van die boer self voortbestaan en net onder spesifieke omstandighede gebruik is en gebruik word". Hy het beklemtoon dat ossename nou verbonde aan die boerelewe is en "dat 'n mens daarin die invloed van verskillende historiese en sielkundige faktore kan bespeur".

Waar 'n os binne die meer intieme verhouding van hanteerders en ander bekende betrokkenes onderling aangedui word, vervul naamgewing, 'n eienaam vir elke individuele os, 'n deurslaggewende rol. Elke trekos ontvang, binne die dryfstyl en behoeftes van die betrokke osdrywer, 'n noemnaam. Deur volgehoue interaksie met die osdrywer raak die trekos, soos daar

binne die betrokke werkkring met hom gewerk word, vertrouwd met sy naam en reageer daarop wanneer die osdrywer sy aandag vereis. As 'n natuurlike uitvloeisel groei die naam wesenlik vir mens (en dier) aan die os vas, inderwaarheid 'n proses van personifikasie. As 'n span die drywer se stemtoon ken, het die gebruik van die osname 'n stimulerende (of kalmerende) uitwerking op die osse, waardeur 'n goeie drywer wondere met sy span kan verrig. Erasmus (1940:27) stel dit dat: "Die os weet presies wanneer van hom meer verwag word en of die baas maar net spog-dryf".

Vir die osdrywer, en persone wat in noue verband tot hom en/of die betrokke os/se staan, weerspieël bepaalde osname dikwels, direk en indirek, persoonlike innerlike emosies, sentimente, asook die nostalgie en romantiek verbonde aan 'n spesifieke era, gebied, insident, trekos of span osse. Osname ontbloot dikwels inderwaarheid gevalle van: *Wat die hart van vol is, loop die mond van oor*.

Teen die agtergrond van die os se besonderse eienskappe en karaktertrekke as voorkeurtrekdiër in Suid-Afrika, kan die osdrywer en die touleier se gemoed jeens sommige van sy osse, asook hul empatie en intieme herinneringe, selfs na vele jare later, goed begryp word. Verskeie reisigers en outeurs van die trekosera verwoord hierdie empatie van menige osdrywer besonder passievol. Sommige trekosse het 'n veel groter indruk op die gemoed nagelaat en word baie duideliker onthou as baie mense wat saam met die os/se of daarna geken is (Fitzpatrick, 1986 [1907]:135-136). Na vele myle se ossewareise het Delegorque's (1990 [1840's]:115) die Suid-Afrikaanse trekos van nader leer ken en kon hy saam met die Suid-Afrikaners hul liefde vir hierdie gehoorsame, geduldige en toegewyde metgeselle deel. Eensaam soos hy soms was, omring deur mense van onbetroubare aard en karakter, was sy ware vriende, sy mees getroue diensknegte, sy osse.

Die eerste lys osname vir 'n volledige span in Suid-Afrika dateer uit 1852, en is deur Barter in Natal aangeteken, naamlik: Colesberg, Human, Wildeman, Platberg, Vryman, Sausman, Botman, Oortman, Kleinveld, Engeland, Koopman. Benewens die name verduidelik hy ook die standaardbenaming van die Suid-Afrikaanse osdrywer vir die trekposisies van osse in die span. Kultuurhistories is hierdie lys van groot waarde (Van Rooyen, 1938:56-57). Uit die verduideliking van die trekposisies is dit duidelik dat Barter na 'n 12-span verwys. In hierdie lys, soos deur Van Rooyen weergegee, is 11 name aangedui. Een naam is waarskynlik per abuis weggelaat. Kyk figuur 4-1 vir die trekposisies in 'n span.

Osname in Suid-Afrika, in hul toepaslikheid en in die spitsvondige taal van die osdrywer, is wesenlik eg Afrikaans (of fonetiese verbuigings daarvan), wat as sodanig oor taal- en kultuurgroepe heen inslag gevind het.

Osname is 'n eksponent van die noue verhouding wat daar tussen elke trekos en die osdrywer bestaan. Elke naam gee gewoonlik 'n aanduiding van die een of ander aspek wat op 'n bepaalde wyse, direk of indirek, op die betrokke os, en/of eienaar (hanteerders) van toepassing mag wees.

Aanvanklik is name meer bewustelik om bepaalde redes toegeken. Mettertyd het dit egter meer om sentimentele redes en deur oorlewering toepassing gevind. Hierdie benamings weerspieël 'n kaleidoskoop van 'n wyd uiteenlopende spektrum eienskappe, kenmerke en agtergrond van beide mens en dier. Gevolglik kan 'n wye reeks uiteenlopende faktore, met inherente oorspronklikheid en fyn waarneming deur die naamgewer, die proses van naamgewing beïnvloed. Hierdie benamings gryp gevolglik dikwels die verbeelding van buitestanders aan wanneer hulle op die betrokke rede/s vir 'n bepaalde benaming van die os gewys word.

By die hantering van trekosse word naamgewing van individuele diere vindingryk toegepas. Die Britte het die name van elke paar so gekies dat een os van elke paar 'n naam kry met twee lettergrepe, soos "Lively", "Nimble" en "Pheasant" vir die haaros (regs). Sy jukmaat, die hotos (links), kry 'n enkellettergreepnaam, soos "Hawk", "Pert" en "Quick" (Williams & Cousins, 2004:80). Osse beskik oor besonder fyn gehoor en 'n geredelik voor die hand liggende rede van so 'n strategie is om flinker reaksie van die betrokke os aan die bepaalde kant waarin hy trek, tydens 'n spesifieke situasie, te verkry.

Omdat lang spanne osse in Suid-Afrika gebruik is, moes die Suid-Afrikaanse osdrywer tydens die dryfproses veel meer, en op 'n ander wyse, kommunikeer as wat met die hantering van 'n enkele paar osse die geval is. Wanneer die Suid-Afrikaanse osname nagegaan word, val dit op dat die meeste name uit twee lettergrepe bestaan. Na aanleiding van navorsing oor osname merk Oosthuysen (2011a) op dat veral die klinkers "a", "e", "o" en 'n dubbele klinker "oe" in die laaste lettergreep vir die osdrywer gerieflik op die tong val. In die dryfproses word hierdie klinkers soms uitgerek, asook melodies en passievol in die eiesoortige voordragritme van die betrokke osdrywer uitgespreek. Dreyer (1942:21) gee 'n lys van 'n span osse se name en noem: "Baie osname het krag en melodie ... en die name van die span in die mond van 'n goeie drywer klink lieflik":

Sestien Bokveld

Waks Seeland

Bantom Manas

Tierbêr Ingeland

Domkrag Malgas

Suid-Afrikaanse osname getuig van die karakter van beide die trekos en van die osdrywer en openbaar die drywer se verbeeldingsvermoë. Die name weerspieël nie alleen sy toepaslike beeldende taal en voorliefde vir die musikale woord nie, maar ook die skerp waarnemingsvermoë, lughartigheid en geestigheid. Humor ontbreek ook nie. Lategan (1940:19) verwys na 'n geval waar die osdrywer, wat daarvoor bekend was om kru taal te gebruik, sy godsdienstige waardes en respek vir die leraar se kerklike vermaning omseil het deur sy agterosse "Donder" en "Bliksem" te noem.

'n Aantal faktore (aanwysers) beïnvloed die uitken en uitwys van 'n spesifieke individuele trekos (bees) in 'n span of trop en gevolglik ook die naam wat aan daardie os gegee word. Ten einde die rasionaal van naamgewing met deursigtigheid te evalueer, kan faktore wat naamgewing beïnvloed gerieflikheidshalwe in 'n aantal kategorieë ingedeel word. Hierdeur word hul ontstaan, gebruik en toepaslikheid, as 'n element van die volkskultuur met die trekos as kultuurbousteen, aangetoon en meer breedvoerig uiteengesit. Hierdie eienskappe word dan ook dikwels in kombinasie met mekaar toegepas. Daar bestaan egter heelwat oorvleueling en wisselwerking tussen die kategorieë en op die onderskeie tersaaklike invloede van naamgewing by trekosse. Baie van die benamings van trekosse het, weens hul voortreflikheid, deur oorlewering van geslag tot geslag en tussen taal en volksgroepe heen neerslag gevind. As sodanig kan Suid-Afrikaanse osname, vanuit 'n kultuurhistoriese perspektief as tradisioneel en klassiek bestempel word. 'n Ontleding van bykans 1,000 osname (Bylaag 2) bevestig die waarneming van Erasmus (1940:27) dat "dit blyk dat daar feitlik geen osname gebruik word wat uit die meer moderne omstandighede spruit nie".

Die benaming van 'n trekos staan dikwels in noue verband met die groeipatroon van sy horings, sy geaardheid, haarkleur, liggaamsgrootte en die pas en aksie van sy stap. Hierbenewens weerspieël die naam ook kenmerke wat vir verskillende trekposisies in die span van toepassing is: Spoed, ratsheid en skerpsinnigheid vir voorosse en krag, geskiktheid en betroubaarheid by agterosse.

In die naamgewingsproses kan die fenotipiese en nie-fenotipiese kenmerke van trekosse 'n rol speel. Fenotipiese kenmerke is kenmerke wat met die uiterlike voorkoms van die os geassosieer word. Nie-fenotipiese kenmerke sluit ander soorte kenmerke, wat nie op die uiterlike voorkoms van die os gebaseer is nie, in.

4.6 Fenotipiese kenmerke wat 'n rol speel by die uitkenning en naamgewing van osse

Dit is logies dat die uiterlike voorkoms van 'n spesifieke os daardie os van ander osse onderskei en gevolglik die mees waarskynlike kenmerk van die os is wat gebruik word om hom uit te ken en daarom gewoonlik ook 'n deurslaggewende rol speel in die naam wat hy kry.

Om 'n bepaalde trekos aan buitelanders uit te wys, speel 'n aantal fenotipiese kenmerke (en kombinasies van hierdie kenmerke) 'n onontbeerlike rol. Uitstaande fenotipiese kenmerke soos haarkleur, horings se groeiwyse, liggaamsbou en die stert dien gereeld as 'n basis vir die drywer om, veral in beskrywende en metaforiese uiting, sy skerpsinnige waarnemings in gevatte toepaslike name vas te vang. Osname wat op fenotipiese kenmerke terugslaan, is besonder beskrywend van aard met betrekking tot die betrokke eienskappe en word met ander terme geassosieer, wat dikwels metafores in die name vasgevang is.

Hoofsaaklik vier kategorieë fenotipiese eienskappe, individueel of in kombinasie met mekaar, word benut by die aandui of uitken van 'n spesifieke os of span osse. Hierdie kenmerke dien soms

ter bevrediging van die geestelike kultuur by die os-eienaar wanneer hy, ter bevrediging van persoonlike voorkeur, 'n span saamstel wat eenvormig is ten opsigte van 'n spesifieke fenotipe, of 'n groepering van fenotipes. Hierdie eienskappe is 'n belangrike element ter bevrediging van die tradisionele Suid-Afrikaanse osdrywer se estetika. 'n Span van eenvormige kleur (donkerrooi of geel, ensovoorts) of 'n kleurpatroon (rooiwitpens, swartwitrug, ensovoorts) en/of met 'n eenvormige groeipatroon van die horings of met 'n bepaalde liggaamsbou verskaf groot persoonlike bevrediging. Wanneer hy 'n span saamstel (of aankoop) wat eenvormig is wat 'n bepaalde fenotipe of die groepering daarvan betref, sal hy sodanig daarna verwys. As voorbeeld: "Ek soek 'n rooi span met reguit (of terugkrul) weglêers met 'n effense hangkruis of 'n swartwitrugspan met wye (gladde/geriffelde/wit) bakkoppe, 'n hoë skof en plat kruis, ensovoorts" (Oosthuysen, 2001). Eweneens kan hy byvoorbeeld dalk net in 'n span hangkoppe, ongeag ander fenotipiese kenmerke, belangstel. Hierdie estetiese bevrediging word steeds deur kenners van trekosse met genoeë bejeën.

4.6.1 Haarkleur en haarkleurpatrone

Haarkleur en/of haarkleurpatrone is die mees voor die hand liggende kenmerke waardeur spesifieke osse uitgewys kan word. Enersyds bestaan daar verskillende skakerings (donker of lig) van 'n bepaalde kleur. Andersyds word haarkleurpatrone by veelkleurige osse dikwels, soos by naamgewing, met standaardterme van die osdrywerstaal omskryf of aangedui, byvoorbeeld donker- of ligrooi, rooiwitpens, swartwitrug, rooibont, ensovoorts. Kyk figuur 4-2.

Name gebaseer op kleurskakerings beklemtoon bepaalde fenotipiese kenmerke, soos byvoorbeeld Swartberg, Donkerman en Swartland vir 'n swart of donkerbruin os, of Roman (Rooiman), Rooinek (oordraagtelik van Engelse soldate) en Rooiveld vir 'n rooi os, met Bontveld vir 'n veelkleurige os. Waar -berg as suffiks in die benaming by eienskappe soos haarkleur voorkom, is dit ook 'n aanduiding van 'n groot sterk os.



Figuur 4-2: Haarkleur fenotipe: Rooibont, (rooiwitrug links agter en donkerrooi regs voor)

Marius Oosthuysen-fotoversameling

Die volgende is 'n klompie voorbeelde van osname (uit Bylaag 2) geskoei op kleur:

Blou: Blouberg.

Bont (veelkleurig): Blom, Bontberg, Skiller, Skilderberg (Skillerberg), Tierberg ('n geelbruin skiller).

Donkerbruin of swart: Donker, Donkerberg, Donkerland, Potberg, Swartbooi.

Geel: Geelman, Goudveld, Seeland (metafores:- geel sandduine).

Rooi: Engeland en Engelsman (in oordragtelike betekenis) en Janbloed (donkerrooi), Ligman (ligrooi), Roman (verbuiging van Rooiman), Rooiland, Rooiveld.

Vaal: Vaaltyn (ook gewilde donkienaam).

Wit: Witbooi


Voorbeelde van name wat die kleurpatroon op die os se vel beskryf:

Gekleurde liggaamsdele: Geelbek, Sin(g)kwas (gewoonlik 'n groot wit stertkwas), Witlies (ook 'n bekende koeinaam) en Witvoet.

Kol- of lapvorme: Appel, Bles (wit streep op voorkop), Blesberg, Blesman, Blom, Hartman (hartvormige kol teen voorkop), Kolberg, Kolvoet (wit vlekke aan die pote), Laksman (swart os met wit streeppatrone aan die lyf), Lap, Lapman, Vlam, Vlek (opvallende vlek aan die lyf, dikwels die lies).

Streepvorme: Bantom, Broekman (wit agterlyf), Kolbroek (wit agterbene met swart of rooi vlekke), Kruisman ('n streep oor die kruis) en Rinkhals (wit streep om die keel; metafoor verwys na die rinkhalsslang).

In figuur 4-3 kan die betrokke fenotipiese eienskappe aanleiding gee tot 'n aantal verskillende osname. Geskikte tradisionele name vir hierdie trekos, wat weens sy geaardheid Wakkerman heet, sou kon wees soos aangedui. As jy hierdie os vir die osdrywer in die veld gaan haal om in te span, sou hy die naam Wakkerman gee. Indien die trop vir jou vreemd is, sou hy 'n beskrywing bygee, byvoorbeeld "Die swart os met die wyehorings en kol voor die kop, met die witkwas en die wit kolle op die voete".



**Figuur 4-3: Fenotipe eienskappe
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

4.6.2 Groeiwyse van die horings

Die groeiwyse is meestal geneties vasgelê, maar beserings, veral op 'n jong ouderdom, beïnvloed ook die groeipatroon. Die horings se vorm (dik of dun en elegant), groeiwyse, tekstuur (glad of geriffel) en kleur (wit of donker) is besonder akkurate aanwysers om osse van mekaar te onderskei.

Met verwysing na die groeipatroon van die horings bestaan daar in die osdrywerstaal 'n verskeidenheid beskrywende terme. Hierdie terme bevat selde 'n direkte verwysing na die woord "horing", maar die woord "kop" dien as sinoniem. Bakkop verwys dus na 'n groeiwyse uit die kop met 'n ronding sodat die punte na voor, sirkelvormig na mekaar toe groei. Desgelyks verwys "hangkop" na 'n groeiwyse waar die horings met 'n boog langs die kop af na die grond toe en "skewekop" as een waar die horing skuins na onder groei. Na besonder lang horings, wat wesenlik horisontaal van die kop uitgroeï ('n kenmerk van die Afrikanerbeesos), word verwys as "weglêers" (Oosthuysen, 2001). Die benaming van dié tipe horing kan eweneens in verskillende grade aangedui word, byvoorbeeld "effense" hangbakkop, "wye" bak- of hangkop, "liggies" of "sterk" geriffel, en so meer. Figuur 4-4 dui enkele voorbeelde van die groeipatrone by beeste aan.

Vir die osdrywer is die groeipatroon van die os se horings sy trots. Dit word beklemtoon in sy mondelinge beskrywing van die os, waar die arms en hande dikwels kunstig ingespan word om die groeiwyse te demonstreer of te beklemtoon.

'n Seleksie van name wat op die horings terugslaan:

<u>Agteroor</u>	'n Bakkopos waarvan die punte van die horings na bo en na agter buig.
<u>Bakker</u>	'n Os waarvan die horings bak staan, metafories soos die arms van 'n man wat deeg knie.
<u>Kappie</u>	Meesal 'n koei se naam, maar ook metafories gebruik vir 'n os waarvan albei horings langs die kop afhang.
<u>Links</u>	'n Os waarvan die linkerhoring hang, dit wil sê na onder groei.
<u>Regop</u>	By naamgewing groei die horings skerp na bo; soms draai die horings later en dan het die naam nie meer die beskrywende betekenis nie
<u>Slapkop</u>	Die horings (gewoonlik kort) is nie aan die skedel vas nie, maar hang slap aan die vel. Die term is meestal van toepassing op koeie.
<u>Stamper</u>	'n Os met kort stomp horings.
<u>Vlakveld</u>	'n Os waarvan die horings haaks en plat vanuit die kop groei (besonder reguit weglêers).
<u>Vooroor</u>	'n Bakkopos waarvan die punte van die horings met 'n skerp ronding na voor buig.
<u>Wiegman</u>	Lang weglêhorings wat saam met die kop tydens die stapaksie ritmies wieg.



platkop



opkop



slapkop



plat bakkop



hangkop



skewekop

**Figuur 4-4: Horing-groeipatrone
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

4.6.3 Name wat liggaamsbou beklemtoon of karakteriseer

Fisiese karaktertrekke van die liggaamsbou vervul naas kleurname eweneens 'n baie belangrike rol by naamgewing, dikwels ter oordragtelike beklemtoning en in kombinasie met die kenmerkende stamuitgange in osname, naamlik -berg, -land, -man en -veld.

Verskeie kenmerke van die os se liggaamsbou kan, afsonderlik of in kombinasie met mekaar, dien as aanwysers vir 'n spesifieke trekos. Die keelvel kan geplooi, glad en vir beide kenmerke kort of lank wees. Die kop kan groot (grof) of klein (fyn) wees in vergelyking met die normale kopgrootte van die ander osse in 'n span. 'n Os kan 'n hangkruis, hoë of plat kruis hê. Die skof kan hoog, los of plat wees.

Name wat verband hou met die liggaamsbou is onder meer.

Groot en sterk osse: Blokland, Domkrag, Rondeberg, Tafelberg, Ysterberg, Ysterman.

Fatsoene (metafories) Buffel (groot dik kop), Eland (hoë statige os), Skilpad (bonkig met
wat op ander diere dui: effe krom rug, of wat met 'n effe uitskopstapaksie van die
agterpote loop).

Kleinerige osse: Kortman, Kleinjan, Kleinveld.

Liggaamsgebrek: Pistool ('n os met 'n stomp stert), Skeeloog.

Skraal en maer osse: Ryperd, Riemland.

4.6.4 Stert

Die stert is eweneens 'n opvallende fenotipiese kenmerk. Dit geld veral die struktuur, hetsy dun (slank) of dik, asook kort of lank. Die stertkwas is egter die mees uitstaande kenmerk, hetsy in grootte, naamlik klein (dun en fyn) of groot, of in kleur, naamlik donker, wit of bont.

Enkele name hou verband met die stert:

Pistool: 'n Stomp stert sonder kwas.

Witkwas, Sin(g)kwas 'n Groot digte kwas, wat 'n swiep- of singklank maak as die os sy
stert aggressief swaai.

4.6.5 Metafore

Die proses van "vergelyking" wat verrykend op 'n taal inwerk, het 'n sterk aandeel aan die benaming van die Suid-Afrikaanse trekosse. Hierdie metaforiese verwantskappe, soos in meegaande indelings toepaslik aangestip, word kundig en bondig in die onderstaande lysie as voorbeelde saamgevat:

Boesman: Kort op die been.

Broekman: Agterbene is wit; dit laat mens aan 'n wit broek dink.

Potberg: So swart soos 'n [driepoot]pot.

Haelveld: Het klein wit kolletjies op 'n donker agtergrond en die kolletjies word met haelkorreltjies vergelyk (Erasmus, 1940:27).

4.7 Karakter – geaardheid, gedrag en temperament van die trekos

Kenmerke van 'n os wat vir naamgewing ingespan word, maar wat nie verwys na die fenotipiese kenmerke (uiterlike voorkoms) van die os nie, sluit aspekte soos die herkoms, geaardheid en fisiese vermoëns van die os in.

Trekosse is inherent gewoontediere wat dag na dag, met vergenoegdheid, dieselfde eenvormige roetine sal navolg, mits dit hulle nie fisiese of psigiese ongemak besorg nie. Met blootstelling aan gewysigde of meer genotvolle roetine, sien hulle egter ook maklik af van ou werkwyses om onder nuwe omstandighede in te skakel en aan te pas (Conroy, 2007:62).

In die algemeen is een van die nuttigste bates van die goed afgerigte trekos 'n bedaarde geaardheid. Dit is 'n eienskap wat, ten spyte van die os se groot krag, dit moontlik maak dat selfs 'n jong seun 'n vol span osse onder die juk alleen kan hanteer. Die makheid van die trekos leen hom daartoe dat 'n deurgewerkte span osse, selfs van twaalf of meer, deur slegs die drywer en 'n tienerseun hoi-gejaag, word (Gronum, 1975:68-69; *Suid-Afrikaanse Boerdery*, 1924:117). Aansluitend hierby meld Sneyd (2009) dat hy waargeneem het dat 'n span van agt osse deur die drywer alleen gehoi en ingespan is. Die drywer plant bloot sy kiere op die ploegland in die grond en drapeer sy baadjie daaroor, met die rieme langsaan op die grond. Hy jaag die osse, man alleen, hoi-hoi daarheen en hulle staan geduldig voor die baadjie om met die rieme gevang te word. Die term "hoi-jaag" en "hoi-hoi" verwys na die aankeer na die trekgoed toe, sodat die trekosse met hulle koppe naby mekaar en na die trekgoed toe gerig staan, en dan met rieme om die horings gevang word. Kyk figuur 4-5.



Figuur 4-5: Hoi-jaag (hoi-hoi) van osse om die rieme om die horings te sit
Marius Oosthuysen-fotoversameling

Soos by mense het trekosse elk 'n eiesoortige persoonlikheid wat die osdrywer deeglik in ag neem in sy hantering van elke individuele os en die span in geheel. Onder trekosse word ook dié gevind wat uitsonderlik óf gewoon is. Daar is osse wat skroomvallig of stoutmoedig, gewillig of humeurig is. Ander is rusteloos of vergenoeg, trou of lamsakkig. Verder is daar ook dié wat senuweeagtig, lusteloos of toegeneë is (Fitzpatrick, 1986 [1907]:135).

Hierdie eienskappe beïnvloed die keuse van jukmaats hetsy aan die hot- of haarkant, asook die posisie waar 'n os, na voor of na agter, in die span trek. Namate die osse se karaktertrekke duideliker uitstaan, soos wat hulle tot die juk ingebreek word, skuif die drywer hulle na gepaste posisies in die span. Die fyner, flink os word na voor geskuif om die trektou styf te hou en die sterk, rustige en stadiger os na agter om die wa of ander vrag op moeiliker terrein te beheer (Oosthuysen, 2011b). 'n Stewige agteros beskik oor merkwaardige fisiese krag. "Daar is manne wat al jare transport gery het maar wat nog altyd sê niemand weet wat die krag van 'n os is nie", aldus Gronum (1975:66-67). In hierdie verband wys hy op talle gevalle te Kimberley waar die vrag van die wa te swaar was vir die skaal om te registreer. Die skaal was ietwat verhewe bo die gelyk oppervlakte van die grond gemonteer. Die twee agterosse het, bloot met die aanmoediging van die osdrywer se stem, die swaar vragte op die skaal getrek.

Karaktertrekke is 'n belangrike komponent in die proses van naamgewing. Die gedragstipe wat tydens aanvanklike hantering deur die osdrywer skerp waargeneem word, hetsy met aanjaag in die veld en aankeer in die kraal, is meestal deurslaggewend. 'n Os se flink stapaksie en kenmerkende gang vang die oog van sy hanteerders. Hierbenewens manifesteer die geaardheid en temperament van 'n os in sy naam ook duidelik in die eerste indruk wat hy moontlik op die osdrywer tydens een of ander voorval nalaat onder meer as kalf, of tydens die proses van inbreek, of by die aankoop van die os. As kalf of tydens die inbreekproses mag hy dalk aggressief, bedaard, geniepsig, sku, ensovoorts wees, wat aan hom 'n toepaslike naam besorg. Dikwels is sy gedrag in die betrokke omstandighede bloot reaktief en verander dit tot meewerking namate hy aan die trekroetine gewoond word. Al is die optrede soms slegs beperk tot 'n enkele voorval of ontgroei die os 'n bepaalde gedragstipe, bly die naam weens die vroeë indruk egter lewenslank aan hom kleef.

Verduidelikende voorbeelde (uit Bylaag 2) van hierdie naamgewing is:-

Blaasbalk: Baie geblaas en gesnork tydens inbreek.

Bloedman: Hanteerder raak gestamp.

Boosman: Bulk en/of skop met hantering of inbreek.

Breker: Gewelddadig; rieme of skeie gebreek.

Dooiman: Gaan lê by inspan.

<u>Hoogmoed:</u>	Trotse houding.
<u>Makman:</u>	Hondmak.
<u>Matroos:</u>	Effense waggelstap.
<u>Optel:</u>	Flink en vasvoetige stap.
<u>Stamper:</u>	Geniepsig, veral teenoor die ander osse.
<u>Wiegman:</u>	'n Stap wat die weglêhorings ritmies laat kantel.

4.8 Geskiedkundige gebeurtenisse, landstreke en plekke

Ossname is nou verbonde aan die lewe van die pionier, trekboer en die landelike lewe van sy era. Van die ossname staan in nou verband met plekke en voorvalle in die geskiedenis van Suid-Afrika. In hierdie verband verwys Poland *et al.* (2008:94) byvoorbeeld na aangetekende name uit 1852 en merk op dat die ossname Engeland en Engelsman name is wat uitgesonder is vir die osse met die swakste trekkrag of wat die mees weerbarstige in die span is. As sodanig weerspieël ossname soms persoonlike innerlike emosies van die tydvak wat daarmee gepaard gaan.

Lande, landstreke en nasionaliteite wat 'n invloed op die osdrywer se gemoed en verwysingsraamwerk uitgeoefen het, is eweneens dikwels aan sy osse se name gekoppel. Name soos Basotholand, Bloedrivier, Duitsland, Engeland, Engelsman, Fransman, Grahamstad, Holland, Kafferland, Natal, Skotland, Suurveld en Vrystaat kan in hierdie verband genoem word (Erasmus, 1940:27). Vroeër sou die verbintenis meer bewustelik toegepas wees, maar dit het mettertyd meer onbewus van aard geword ten opsigte van die osdrywer se gemoed, weens die gepaste dryfklanke van die name, oorlewering en om sentimentele redes. Sentiment by naamgewing word in 4.12 meer breedvoerig behandel.

4.9 Persoonsname, titels of plek van herkoms

In die eerste helfte van die 20ste eeu was die trekos 'n belangrike kragbron vir die vervoer en produksie van voedsel (gewasse) in die landbou. Wanneer die saaiboer nie vir homself voldoende osse kon voorsien nie, het groot beestelers op aanvraag osse geleer en verkoop. In sulke gevalle het die naamgewing by die nuwe eienaar berus, wat dikwels 'n os na die teler vernoem het. Vanne met die agtervoegsel -man ('n foneties-geskikte dryfnaam) het hier baie maal as ossname diens gedoen wanneer die os na 'n verkoper soos Ackerman, Gousman, Herman, Hoffman, Human, Rademan, Weideman vernoem is. Hierbenewens kon die osdrywer 'n bepaalde karaktereienskap, soos bot, flink, rats, veelkleurigheid in kleredrag, ensovoorts waarneem in die os wat hy vernoem, wat hom aan die een of ander persoon herinner.


Aansluitend hierby weerspieël osname soms ook aanduidings van gesagspersone in range en titels van militêre en skeepvaartard. Dit verteenwoordig elemente wat regdeur die Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n prominente rol in die gemoedstoestand van die beeseienaar en osdrywer gespeel het en waarvan die dryfklanke die benaming ondersteun, soos: Generaal, Kaptein, Korporaal, Krygsman, Luitenant, Matroos.

Ander name wat op -man eindig en nie noodwendig beskrywend is nie, maar na die herkoms of karaktertrekke van die os verwys, is byvoorbeeld: Lierman (groot sterk os – verwys na die hystoestel op skepe), Seeman ('n donkerblou witrugos wat herinner aan matroosdrag en/of met 'n waggelgang beweeg, soos 'n seeman pas op land), Stuurman (vooros wat die span besonder goed lei soos die stuurman van 'n boot), Vryman. In die Suid-Afrikaanse osname is ook die gang van die geskiedenis te bespeur.

4.10 Die gebruik van bepaalde stamme in die name van osse

Die gebruik van bepaalde stamme in die konstruksie van osname kom algemeen voor, want 'n beduidende aantal osname sluit af met, of kombineer met: "-berg", "-land", "-man" en "-veld". Volgens Aucamp (1942:27) word hierdie name baie gebruik want: "... ek glo dat dit in die meeste gevalle so is omdat sulke name so lekker uitgespreek kan word as 'n mens die span dryf".

Lategan (1940:71) beskryf dit as 'n analogiewerking, versterk deur die klankrykheid van die nasale, trillers en rolklanke in die agtervoegsels". Bylaag 2 bevat 'n naamlys van 974 trekosse wat dateer uit geskrewe bronne vanaf die 1840's en mondelinge bronne (soos in hierdie studie benut) vanuit die laaste helfte van die 20ste eeu. Hierdie syfers dien bloot as 'n aanduiding van die frekwensie waarteen hierdie uitgang in die lys voorkom en gee 'n redelike aanduiding van die gewildheid van sodanige uitgang in die praktyk. Figuur 4-6 toon 'n ontleding van die persentasies in bylaag 2 wat op die onderskeie stamme, naamlik -land, -berg, -veld en -man, uitloop.



Figuur 4-6: Gewilde stamme by die benamings van trekosse (Marius Oosthuysen se ontleding van trekosname in bylaag 2)

Hierdie stamme toon hoe sterk sekere osname in die praktyk op mekaar inwerk. Dit blyk duidelik uit die vele name wat eindig op: "-berg", "-land", "-man" en "-veld" se fyner nuanses nagegaan word. Soms behou die stam sy kenmerkende betekenis, soos in "Basotholand", "Hardeveld", "Perdeberg", "Riemland", "Rigterveld", "Skotsman", "Sauerman" en "Tafelberg". In die meeste gevalle het die stam sy trefkrag verloor en wesenlik sinoniem met "os" geword. "Kleinveld" beteken dan bloot 'n klein ossie, "Wakkerman" 'n flink os, "Swartberg" 'n swart os en "Rooiveld" 'n rooi os. Dit val egter op dat die beeldspraak van grootte en krag in die uitgang -berg behoue bly. Die eerste gedeelte van hierdie name is die beskrywende of tiperende gedeelte. Dit blyk dat dieselfde byvoeglike naamwoord (eerste stam) met al vier die genoemde laaste stamme (laaste lettergrepe) verbind kan word, byvoorbeeld "Rooiberg", "Rooiland", "Rooiman" en "Rooiveld". Die analogie en melodieuze klankrykheid in die osname is verantwoordelik vir 'n veelheid van vorme, maar daarmee saam soms 'n verlies van sinvolheid ten opsigte van die inherente betekenis van name.

Verbuigings in die fonetiese uitspraak van die oorspronklike name weens die betrokke drywer se beklemtonings, asook sy plasing van dalende of stygende aksent/e by die uitspraak van die osse se name tydens die dryfproses, kom algemeen voor. Hierdie verbuigings kan veral daaraan toegeskryf word dat hulle ingepas word by die melodieuze voordrag, soms as rympies van die osdrywerstaal, wat die dryfstyl van die betrokke drywer ondersteun. Hierdie verbuigings van die Afrikaanse osname is veral opvallend wanneer dit deur ander taal- of bevolkingsgroepe gebesig is. Dit beklemtoon die besondere akkulturasierol van die trekos in die trekosera.

Weens die tradisionele grondslag en klassieke aard van naamgewing by die meeste hedendaagse osname weerspieël bogenoemde stamme (-berg, -land en -veld) uiteenlopende gebiede, landmerke of streke waarlangs die pionier, trekboer en transportryer met sy wa en trekosse beweeg of gevestig het. Vele hiervan is in osname vasgevang. Voorbeelde is "Blomveld" (natuurlike veld in blom), "Boland", "Duineveld" (gebiede langs die kus), "Sandveld", "Suurveld", "Tafelberg", "Suurberg" en "Waterberg". Hierdie stamme is selfs gevoeg by woorde wat nie beskrywend van 'n gebied, ensovoorts is nie, maar wel in metaforiese verband om simbolies 'n individuele os soos "Swartland" of "Potberg" as 'n swart driepootpot of vir 'n os met 'n swart haarkleur te beskryf.

Aansluitend hierby beklemtoon die stam "-man" ook die besonderse kameraderie, toegeneentheid en wisselwerking wat tussen die osdrywer en trekos bestaan. Dit word dikwels vasgelê by die toekenning van toepaslike osname. Soms is uitstaande eienskappe voor die -man geplaas, soos Kwaaiman, Makman, Wildeman en Maerman. Eweneens beklemtoon die name dikwels bepaalde fenotipiese kenmerke van die betrokke trekos.

4.11 Name vir vroulike diere

Onder buitengewone omstandighede is vroulike beeste wel as trekdiere saam met osse, maar met behoud van hul vroulike name, in die trekspan benut. Na afloop van die Anglo-Boereoorlog is koeie en verse noodgedwonge weens 'n tekort aan osse as trekdiere benut. Trekkoeie is soms vir uitkampdoeleindes aan die kus of ander saamtrekplekke ingespan om melk vir die vakansietyd te voorsien. As deel van die trekspan het dit die logistiek om haar by die eindpunt en terug te kry, vergemaklik.

Ook in gevalle waar 'n bepaalde koei aanvanklik buitengewoon befoeterd is om te melk of te hanteer, is sy saam met osse ingespan om haar te tem. Volgens Dreyer (1942:21) het die benutting van vroulike trekbeeste ook, as moedige poging om op die been te kom, by 'n arm of beginnerboer voorgekom. Hierbenewens het die inspan van bepaalde vroulike diere ook ander toepassings gehad. Aucamp (1942:21) skryf: "dit is algemeen bekend dat as 'n vers nie wil teel nie, span haar in, en alles is opgelos. Ek het dit self gedoen en die resultaat gesien". Ten opsigte van die verpersoonliking deur naamgewing tydens die benutting van vroulike beeste as trekdiere, het die vroeë Suid-Afrikaanse beesboer en osdrywer bepaalde sentimente voorbehou, soos Aucamp (1942:21) meld: "Vir gewone doeleindes sou ek seer sekerlik nie 'n vers of koei inspan nie, alleen vanweë die innerlike trots van 'n mens".

Sommige geykte vroulike benaminge is nie aan osse gegee nie. " ... die Boerseun voel dat name soos, Blommetjie en Rosie, koei- en versname is" (Dreyer, 1942:21).

Benaminge van vroulike diere gaan dikwels gepaard met die gebruik van verkleinwoorde, soos by name van klein wildsoorte (as metafore), troetelname (knaagdiertjies), blomme (as estetiese uiting). Name is ook gekoppel aan die koei se karakter of temperament. Hierbenewens is bepaalde huishoudelike lekkernye ook gewilde vroulike name. Voorbeelde van hierdie benaminge vir koeie wat hieronder volg, is verkry tydens persoonlike onderhoude met Sneyd (2001) en Scholtz (1987).

Blomme: Angelier, Blommetjie, Gousblom, Rosie.

Haarkleur: Kolletjie, Vlekkie, Witlies, Witrug.

Horinggroei Poena (horingloos), Kommetjie (horing groei gekrom na bo), Kappie (horings wat met 'n boog na onder groei).

Karakter: Gaffel, Mamba, Rooikat, Tiermuis.

Troetelname Bontmuis, Soetmuis, Streepmuis, Veldmuis.

Lekkernye: Beskuit, Roomys, Vetkoek.

Persoonsname: Antjie, Hettie, Saartjie.

Wildsbokkies: Duiker (bruinerig van kleur), Blesbok (met 'n wit bles voor die kop), Springbok (aanvanklik skopperig en/of springerig om gemelk te word).

Bulle is soms, soos in die geval van vroulike beeste hierbo genoem, ook in die span tussen die osse ingespan. Dit is egter nie 'n wenslike praktyk nie en hou bepaalde risiko's in, veral tydens togte waar daar naby vreemde beeste (ook bronsstige koeie) uitgespan is en ongewenste dekkings voorkom, wat aansienlike eise vir skadevergoeding tot gevolg kon hê (Aucamp, 1942:21). Bronstige koeie in die span of in die omgewing van die gemengde span kan die bul/le onhanteerbaar stem en hou dus 'n wesenlike gevaar vir die osdrywer en die osse in, as die bul onder die juk befoeterd raak of dwars trek.

4.12 Sentiment by naamgewing

Spesifieke name kan om uiteenlopende sentimentele redes aan osse gegee word. "Waarom sou ou Piet nou eintlik sy naam Mooiveld gegee het? Hy was mos glad nie die mooiste os in die span nie, ... Om die waarheid te sê, hy was vir my bepaald lelik ... Gee vir hom 'n naam jong, sê Pa vir ou Piet Mintoer toe hy die juk op sy nek sit. Ek sê sy naam moet Mooiveld wees, Baas, Mooiveld is mos 'n mooi naam" (Boerneef, 1975:89).

'n Bepaalde naam kan bloot aanklank by 'n osdrywer vind omdat dit vir hom welgevallig is, in soverre ander oorwegings soos bouworm, haarkleur, temperament, ensovoorts nie 'n bepalende of voorkeurrol speel nie. Andersins word 'n naam ook toepaslik gebruik omdat 'n persoon met sentimentele bande (byvoorbeeld oupa, broer, vriend) so 'n naam gebruik het. Hierbenewens kan die betrokke dier in sy karaktertrekke op die een of ander wyse ooreenstem met herinneringe van die osdrywer aan 'n ander uitsonderlike trek, hetsy een van sy eie of van 'n kennis van hom.

Sentiment het mettertyd grootliks die oorspronklike rede of emosie wat in die naam opgesluit lê, vervang. Die gebruik van dieselfde osname (oor geslagte heen) en analogiewerking, gepaard met die feit dat die klankelement en melodie van die naam, binne die styl van die betrokke drywer, dikwels belangriker as die sinvolheid van die naam is, het die oorspronklike analogie en/of betekenis van baie name afgestomp.

4.13 Pedagogiese benutting van osname

Erasmus (1940:27) onthou: "'n Gewoonte wat vroeër bestaan het was om kinders, seuns in hierdie geval, gedurende die voorskoolse jare die name van spanne osse as rympies te laat opsê". Hierbenewens, in die opvoeding van kinders binne die konteks van die volkskultuur van die trekosera, het kinderspele en tydverdryf met dolosse en kleiosse eweneens 'n belangrike opvoedkundige rol vervul. Die seuns is tydens hierdie spele op informele wyse toegerus om osse te

versorg, te dryf en te hanteer. Dermate so dat 'n seun van veertienjarige ouderdom 'n standaardspan van tien of twaalf osse met groot behendigheid kon inspan en dryf.

Hierdie intieme verhouding met die trekos, as pedagogiese hulpmiddel, word deur Lategan (1940:19) raakgevat:

(1) "My vader onthou nog hierdie rympie met sy ryk verskeidenheid van voor- en agterryme en klankspeling.

Vuurslag en Vlam,

Ysterboom en Koperboom,

Janbloed en Jannewer,

Agteroor en Vooroor,

Skalwanker en Skeilwinker,

Fluit en Beskuit".

(2) Tante van my vader (dus nog 'n geslag verder) kan nog die volgende rympie uit haar kinderjare opsê:

"Jager en Kriger,

Smelt en Tiger,

Regter en Roos,

Skilder en Matroos,

Doortjie en Lap,

Poortjie en Pap,

Fluit en Beskuit".

Lategan (1940:19) beklemtoon voorts die feit dat die name wat in rympievorm is daarop dui dat hulle besonder lank reeds in gebruik is. Hy verwys na Kriger (Kryger) en Tiger (Tyger) wat aan Middelnerlandse vorme herinner en "ander soos bv. Skalwanker raak verlore in die newels van die verre verlede". Dit is duidelik dat geen klinkklare verduideliking vir sommige van die rympienames gegee kan word nie. Hulle is waarskynlik bloot ter wille van beryming ingevoeg.

4.14 Tegnieke om eienaarskap van beeste aan te dui

Tussen 'n relatief geslote groep beeseienaars, hetsy familie-groepe of bure, speel bepaalde merke wat fisies aan die os (bees) aangebring is 'n rol by die bepaling of aandui van persoonlike eiendom.

Letsels van verskillende aard is tradisioneel met verskillende tegnieke algemeen aan dele van die lyf aangebring om eienaarskap van beeste te bevestig. Tans word sommige van hierdie letsels soos brand- en tatoeëermerke van owerheidsweë statutêr vasgestel. Vir hierdie doel bestaan 'n brandmerk uit een tot drie karakters (wat ook statutêr vasgestel is) in 'n bepaalde konfigurasie toegeken en geregistreer in die naam van 'n bepaalde persoon by die Nasionale Departement van Landbou (Wet op Veebrandmerke. 87 van 1962). As sodanig word dit in die nasionale register aangeteken synde die unieke eiendomsteken op die beeste van die betrokke eienaar. Hierdie reling dien veral as maatreël teen veediefstal om die oorsprong van beeste vinnig en effektief vas te stel.

4.14.1 Oormerke

Onder 'n oormerk word ingesluit enige merk wat in of aan die oorskulp/e (links en/of regs soos van agter die bees gesien) aangebring is, wat as eiendoms- of onderskeidingsteken dien. Die trek-, pionierboer en transportryer het 'n aantal standaardpatrone aan die oorskulp, wat met sy knipmes aangebring is, gebruik om die uitken van verskillende eienaars se beeste, binne familie- en gesinsverband, en tussen bure te vergemaklik. Gronum (1975:56) gee 'n goeie beskrywing van hoe die osdrywer sy osse aan die oormerk uitwys: "Dis my merk daardie regteroor slip-en-snyttjie. My ander broer se merk is ook slip-en-snyttjie van voor en myne is die slip-en-snyttjie van agter, altwee regter-ore". Die WAT (2014. Lemma: oormerk) gee eweneens 'n voorbeeld waar die patrone gekombineer word: "My buurman se oormerke is linkeroor winkelhaak van agter en regteroor skuinsstomp".

Die term "van agter" verwys na die rigting van die hoek van die snit in die rigting van die kop en die term "van voor" verwys na die rigting van die hoek van die snit weg van die kop.

Van die meer algemene oormerke, ongeveer 5 tot 10 mm diep, is:

Halfmaantjie: 'n Halfmaanvormige keep wat uit die oorskulp gesny is.

Jukskei: Kepe soortgelyk aan die kerf van die skei waaraan die strop geheg word.

Skuinsstomp: Die voerpunt van die oor is van bo skuins na die punt afgesny.

Slip: 'n Skuins snit na voor of na agter aan die borand van die oor.

Stompoor: Die voorpunt van die oor word reguit afgesny (gewoonlik om uitskotdiere aan te dui).


Swaelstert: 'n V-vormige keep aan die punt van die oor.

Winkelhaak: 'n Gewone reghoekvormige patroon.

Die toepassing en benaming van die onderskeidingsteken aan die linker- of regteroor is as sodanig onderskei met die benaming van die merk gekoppel aan links of regs, asook na bo of na onder en na voor of na agter, aan die oorskulp. Snymerke is 'n praktyk wat steeds, alhoewel in mindere mate, gebruik word. 'n Gebruik wat dikwels hiermee saamval is om, by geboorte van 'n kleinkind of kind (as geboortegeskenk) 'n kalf te merk vir die nuwe aankomeling, wat kan dien as grondslag van 'n latere eie kudde.

In die laat 20ste eeu is die basiese knipmetode aangepas deur die kepe met 'n metaaltang aan die oorskulpe uit te knip. Elke posisie aan die oorskulpe, soos in figuur 4-7 aangedui, verteenwoordig 'n bepaalde syferwaarde om die nommer van elke individu aan te bring.

'n Tweede tegniek van uitkenning is die gebruik van oorplaatjies (aanvanklik metaal en later ook plastiek), wat aan die oorskulp geheg word. Dit het sedert die sestigerjare van die 20ste eeu tradisionele oormerke, veral in kommersiële boerderye, grootliks vervang. In die geval van die metaalplaatjies word die betrokke identiteitsmerke (letters of syfers) op die klein plaatjie ingekap en met 'n spesiale tang aan die oor vasgeknip. Die plastiekplaatjies wissel in grootte en kleur en die identiteitsmerke word met 'n spesiale inkpens met die hand geskryf en eweneens met 'n spesiale apparaat aan die oorskulp geheg. 'n Groot voordeel van die plastiekplaatjies is dat die dier nie gevang hoef te word om die merke na te gaan nie, die inligting kan op 'n redelike afstand waargeneem word. Die plaatjies leen hulle tot gerieflike bestuur van die kudde deurdat tersaaklike inligting soos die kuddenummer, geboortedatum, ens. met 'n oogopslag beskikbaar is. Eweneens speel die kleur van die plaatjie dikwels ook 'n belangrike rol in die bestuurspraktyk van die beesboer.



Figuur 4-7: Gebruik van oortang vir knip van oormerke
www.landbou.com/<http://www.landbou.com/>



**Figuur 4-8: Oormerke en plastiek plaatjie om beeste te identifiseer
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Op die keper beskou is dit duidelik dat die aanbring van letsels aan die oorskulp/e die mees praktiese metode was vir verskillende eienaars om hulle beeste te eien.

4.14.2 Brandmerke

Brandmerke word tans met spesiale brandysters, wat die geregistreerde brandmerk van die eienaar bevat en witwarm verhit is, op bepaalde plekke aan die lyf van die bees ingebrand. Die minimum- en maksimumgrootte en die konfigurasies van die letters vir geregistreerde brandmerke is statutêr vasgestel. Die eienaar mag 'n brandmerk op enige deel van die bees waar dit duidelik sigbaar is, aanbring, met die uitsondering van die nek en skof. Hierdie gedeelte is deur die Staat gereserveer vir brandmerke, waar beeste, met die tersaaklike in- en uitvoerpermitte, oor die landsgrense heen beweeg. Beeste word ook op die nek en skof gemerk wanneer hulle as sekuriteit vir staatslenings dien. Die kruis en sykanke van die boude is die algemeenste liggaamsdeel waar beeseienaars brandmerke aanbring omdat dit 'n posisie is waar dit maklik waargeneem kan word. Soms word beeste ook op die blad of wang gebrandmerk. 'n Wetlike vereiste is dat beeste nie voor die ouderdom van ses maande gebrandmerk mag word nie.

Tradisioneel is die aanteelkalwers jaarliks, in die laat winter of vroeë lente wanneer brommers minder aktief is sodat die moontlikheid van besmetting met maaiers gering is, gebrandmerk. Die jong, gespeende beeste is deur 'n paar mans met rieme gevang en op die grond neergetrek en stewig vasgehou om met die witwarm brandyster gemerk te word. Droë miskoeke, wat hoë hitte vrystel, is as voorkeurbrandstof gebruik om die yster mee te verhit (Oosthuysen, 2009). 'n Eietydse gebruik is om die bees in 'n drukgang aan te druk en met 'n immobiliseerder teen lae volts te verdoof terwyl die brandmerk aangebring word. Hierdie tegniek ontwig die dier minimaal, aangesien geen nuwe-effekte, soos lomerigheid met die toediening van narkose, ondervind word nie. Die brandysters word gerieflik in 'n spesiale gasoondjie tot die verlangte hitte verhit.

4.14.3 Tatoeëring

Tatoeëermerke word uitsluitlik aan die binnekant van die oorskulp met 'n tatoeëertang aangebring. Die tatoeëermerke (of karakters) word soos die brandmerke eweneens statutêr geregleer. Die tegniek word om praktiese redes algemener by kleinvee toegepas as by beeste. By laasgenoemde moet die bees telkens in 'n drukgang gevang word, soms met veel moeite, om die betrokke merke na te gaan. Toediening van die merke geskied met karakters wat met behulp van fyn naalde in 'n basis uitgelê word en wat in 'n spesiale tang inpas. Tatoeëerink word aan die binnekant van die oorskulp gesmeer en met die naalde van die tang in die oorskulp impregneer (Oosthuysen, 2009).

In hoofstuk 5 word gekyk na die profiel van die Suid-Afrikaanse osdrywer, die vakterminologie van die osdrywerstaal en die osdrywer se etiek in die beoefening van sy nering. Aansluitend hiertoe word die invloed van hierdie komponente op die Afrikaanse taal bondig saamgevat.

HOOFSTUK 5:

DIE TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE OSDRYWER

5.1 Inleidende agtergrond

In hierdie hoofstuk lê die klem op fasette van die nering, vaardighede en taal van die tradisionele osdrywer. Die term "osdrywer" dien dan ook meestal as versamelnaam (in bepaalde kontekste selfs as sinoniem) vir die terme baas (eienaar), touleier (voorloper) en ander hanteerders (handlangers). Hierdie groepering vorm in die algemeen 'n funksionele eenheid. Die osdrywer verteenwoordig egter die dominante of regulerende komponent. Binne die dryftechniek van die betrokke osdrywer tree die bogenoemde betrokkenes, tydens die hantering en werkverrigting van die trekosse, in ooreenstemming en binne die raamwerk van sy styl op. Teen hierdie agtergrond word kortliks 'n profiel van die tradisionele Suid-Afrikaanse osdrywer, sy etiek en die vakterminologie van die osdrywerstaal in die beoefening van sy ambag geskets. Dit "*trek soms hotagter*" om nie "*oor die tou te trap*" of "*tou op te gooi*" en "*kopsku te wees*" of "*dwars te trek*" en "*skeie te breek*" om "*die wa deur die drif te trek*" nie, ten einde nie "*voor op die wa te wees*" nie om meer duidelikheid aangaande hierdie aangeleentheid te gee.

Kultuurgeskiedenis strewe daarna om op sy uitsonderlike wyse daartoe mee te help om die ingewikkelde verskynsel "mens" in sy oorweldigende omvang van manifestasies te ontrafel. In die algemeen spits kultuurgeskiedenis hom toe op verskynsels van die sogenaamde middel- en onderkultuur, waaronder volkskultuur met sy ryke verskeidenheid terreine, onder meer volksstaal en volksvertellings met gepaardgaande taalgebruik en aforismes. Dit kan dan uiteindelik dien as boustene vir 'n oorkoepelende oorsig oor 'n besondere tydperk waaruit 'n uitgebreide geskiedenis van 'n land of sy styltydvak kan voortvloei (Grobelaar, 1995:9-10). Hierdie hoofstuk het wesenlik ten doel om 'n sinoptiese blik te bied op die invloed van die tradisionele Suid-Afrikaanse osdrywer en trekos (en tersaaklike benutting van aanverwante toerusting) in die ontstaan, ontwikkeling en vestiging van Afrikaans. In die besonder word gepoog om die intieme verwantskap van Afrikaanse spreekwoorde (waarvan daar 'n omvattende reeks bestaan, wat in die Afrikaanse literatuur aangeteken is), asook die vakterminologie van die Suid-Afrikaanse osdrywerstaal, en ander tersaaklike fasette wat met die trekos verband hou, te beklemtoon.

In die sêgoed, woorde en die eie aard van Afrikaans, soos ook by ander tale, is die voor- en teëspoed van die voorvaders asook hul belewenisse in verskillende toestande en tye vasgelê (Snijman, 1964:25). Kok (1942:40) skryf: "Die talryke vergelykinge hang in die eerste plek saam met die trek en die transportryery, insluitende die taak en karakteristieke eienskappe van die os, die bedrywighede met die in- en uitspan, die manewales van die jongosse". Die taak en karakteristieke kwaliteite van die tradisionele osdrywer loop ook hand aan hand hiermee saam.

Talle woorde, idiome, spreekwoorde en uitdrukkings rondom die trekos, toerusting en die ossewa, asook terme van die osdrywerstaal ken ons in Afrikaans van die 21ste eeu meestal nog net in oorgedraagde vorm. Ons weet dikwels nie meer wat die oorsprong of toepaslike gevatheid van sodanige woorde en uitdrukkings is nie.

5.2 Profiel van die vaardige Suid-Afrikaanse osdrywer

Die trekos staan nie in isolasie tot die voorwerp (ossewa, ploeg, slee of ander implemente) wat hy trek nie. Daar is 'n wisselwerking tussen hierdie komponente. As kultuurkomponente vul hulle mekaar onlosmaaklik aan. Dit het in die trekosera 'n omvattende spektrum kultuurbehoefte bevredig. As komponent van die volkskultuur van daardie tydvak het dit oor 'n breë spektrum voorsien in die behoeftes (tasbaar en nietasbaar) van mense. Eweneens staan die mens ook nie in afsondering tot hierdie besondere kultuurpakket nie, maar staan sentraal in hierdie kultuurskeppingsproses. Die osdrywer is 'n sleutelkomponent van hierdie ineengestremde groepering van kultuurprodukte. Hy is inderwaarheid die katalisator vir die interaksie tussen tersaaklike kultuurboustene van die trekosera.

Alle regulering van die span deur die osdrywer geskied met behulp van sy stem en ruim benutting van die sweep se klapgeluide (sag of hard) en rapse, soos en wanneer nodig (Anderson, 1888:72-73). In die hantering van sy span osse benut die osdrywer beperkte hulpmiddele. Van teuels of leisels is daar nie sprake nie, slegs 'n leiriem van nagenoeg 4.5 meter, waarvan die punte om die horings van die twee voorosse gekoppel is en wat deur die touleier hanteer word. Hiermee lei (of trek) die touleier die voorosse om die span oor moeilike terrein in die verlangde rigting te beweeg ten einde struikelblokke te vermy. Andersins dien dit bloot as 'n ligte verbinding tussen die touleier en die voorosse wanneer daar met die span gewerk word.

Vir die buitestander is die een span osse soos die ander, die dryfkuns bloot 'n reeks uitroepe en klapgeluide van die lang ossweep (Fitzpatrick, 1986:132; Oosthuysen, 2011b). Dit is 'n feit soos 'n koei dat daar veel meer daarin steek. Die osdrywer maak doelgerig gebruik van uitroepe van aanmoediging, liggaamshouding, arm- en handgebare, die klap van 'n sweep en in uitsonderlike gevalle ook van die meer robuuste dubbelsweep.

Osdrywers is nie mense wat hulle bemoei met allerlei selfondersoeke en innerlike ontledings nie. Oor die geheim van sy sukses, sal die goeie osdrywer dit waarskynlik bloot toeskryf aan harde werk en gesonde verstand (Fitzpatrick, 1986:135; Sneyd, 2009). Die osdrywer se beroep is geen grootse of verhewe ambag nie, maar 'n beskeie nering sonder fieterjasies. Die ambag is tradisioneel van kindsbeen af deur speel met speelgoedossies (dolosse en kleiosse) in die volkskultuur van die trekosera vasgelê. Die maak van modelletjies van 'n trekos, van natuurlike klei gevorm en in die son of in 'n oond gedroog, het 'n kreatiewe en pedagogiese doel vervul.

Om 'n paar jong osse te leer, is 'n tydsame proses. Elke os in die span beskik inderwaarheid oor 'n "persoonlikheid" van sy eie. Ongeag die individuele karaktertrekke van elke trekos reageer elke individu hoofsaaklik op die grondslag van wat tydens die inbreek (leerproses) van die jongos vasgelê word. Die goeie osdrywer is bedag daarop om nie individuele osse se moed te breek nie. Dit verg besondere vaardigheid en geduld wat met paai, mooi praat en woorde van aanmoediging, rustige arm- en handgebare asook liggaamshouding gepaard gaan. In die afrigting van trekosse lê die kuns van die osdrywersambag daarin om elke os op sy eie meriete, en met meelewing, te hanteer. Dit is die taak van die osdrywer om elke jong os, namate hy as trekos ontwikkel, te beoordeel. Scholtz (1987) en Sneyd (2009) stel dit dat die flinker os nie agter in die span deug nie, aangesien 'n stadige os voor hom sy natuurlike gang om die trektou styf te hou, belemmer. Eweneens sal die ligter os nie noodwendig as jukmaat van die swaarder os die mas opkom nie. Daarvolgens kies die osdrywer jukmaats, hetsy aan die hot- of haarkant en bepaal hy hul trekposisie in die span. Elke individu in die paar wat saam trek word met gelyke agting en onverdeelde aandag afgerig aangesien 'n os maklik steeks word indien hy oormatig ooreis word.

Vir die drywer is die ossweep 'n belangrike hulpmiddel, maar hy moet meer met sy stem dryf as om die sweep fisies op die osse te gebruik (Van Rooyen, 1938:54). In die uitvoering van sy nering het die osdrywer baie verpligtinge en verantwoordelikhede. Hy moet deurentyd toesien dat elke os sy plig doen, almal moet saamtrek. Teen afdraandes moet hy toesien dat die remmeganisme betyds en met oorleg beheer word. Na die trek van die dag moet hy ná die osse omsien vir water en weiding. Om 'n swaar vrag oor moeilike terrein te verskuif, verg inherente krag en geneentheid van elke trekos in die span. Op lang reise, op die ploegland of vir sleepwerk moet hy dus toesien dat hulle nie onnodig ooreis word nie. Dit vereis bedrewenheid en goeie oordeel in die besluitneming van die osdrywer om in die praktyk te bepaal waartoe elke os (en sy span gesamentlik) in staat is. Gronum (1975:58) en Sneyd (2009) stel dit dat die werklik bedrewe osdrywer, veral op moeilike terrein, sal weet wanneer, hoe gereeld (soms net enkele treë) en hoe lank (meestal slegs enkele minute) hy hulle moet laat blaas. Dit is bloot om die span, veral onder moeilike trektoestande soos 'n opdraand of los grond, te laat urineer en rus. 'n Trekos sweet nie lyfnat soos 'n perd nie, maar reguleer sy liggaamstemperatuur deur die loslaat van urine.

Gronum (1975:59) stel dit treffend: "'n Goeie drywer daar voor op sy klampie hoef net so een kyk te gee oor sy span as hulle so aanstryk met sy vrag dan weet hy haarfyn of ou Warmberg ... of Kolberg nie sy kant bring nie ... noem sy naam en gee hom net so skelm 'n rapsie met die fyn voorslag". Met 'n rustige gang van sake, wanneer met 'n wa oor gelykmatige terrein beweeg word, neem die drywer plaas op die klampie aan die voerpunt van die wa vanwaar hy die dryfwerk doen. Dit is gerieflik binne bereik van die agterosse wat hy meestal met die sweepstok beheer. In uiterste omstandighede is hierdie posisie ook goed geleë om hulle met die kort agterossambok, wat naby die klampie aan die bokbalk gebêre is, aan te dryf. Waar 'n wakis deel van die uitrusting

op die klampie was, het dit dan ook as sitbank of ruglening gedien wanneer vanaf die klampie gedryf is. Kyk figuur 5-1.

Die gesoute osdrywer waak daarteen om nie pal reg langs die span osse te stap en vandaar onnodig en aanhoudend te praat, en/of met die sweep te klap en te raps, terwyl hulle flink stap en gelykmatig trek nie. Dit kondisioneer die osse tot so 'n roetine en gevolglik verslap hulle hul pas wanneer hy vanuit 'n ander posisie dryf, byvoorbeeld op die klampie waar hy self dikwels sit om te rus. Die taktvolle osdrywer verwissel sy dryfposisie gereeld en gesels net af en toe, soos wat dit nodig mag wees, met die osse. Waar hy vanaf die klampie dryf, word die sweep op die wa neergelê of rustig in die hande gehou om byderhand te wees as dit dalk nodig sou wees om 'n os aan te moedig (Gronum, 1975:59-60; Sneyd, 2009).



**Figuur 5-1: Die klampie van die ossewa as dryfposisie
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Leal, die sekretaris van 'n Portugese Diplomatieke Kommissie, se weergawe van sy besoek aan Potchefstroom en terugreis na Lourenco Marques in 1869-1870 bied uit sy eerstehandse ervaring 'n besonder treffende profilering van die Suid-Afrikaanse osdrywer met hul unieke lang spanne osse. Diegene met 'n intieme kennis en persoonlike ervaring van die osdrywer se ambag sal sy fyn waarneming en vertolking van die tegniek van osse dryf in Suid-Afrika, hoog aanslaan.

Leal (1943 [1870]:12-13 soos aangehaal in Ferreira, 2008:157-158) profileer die osdrywer met treffende empatie in sy woordkuns en beeldspraak as volg: "Hy is voortdurend besig om die osse in 'n reguit lyn te hou; hy roep die naam van elke os wat sy pas verslap en bekragtig elke bevel met 'n sweepslag, wat die osse die stem laat gehoorsaam. Die drywer spring dikwels van sy sitplek af na die grond om die voorste osse aan te spoor, hardloop regs en links van die voertuig met die risiko om getrap te word, terwyl hy die lui osse steeds in tradisionele uitdrukkings aanspreek. Hierdie soort taak vereis 'n groot mate van takt, vaardigheid, ratsheid en stoutmoedigheid; dit is so 'n moeisame werk dat dit veels te uitputtend vir 'n Europeër is, maar

die Boere van Suid-Afrika is trots daarop om in staat te wees om 'n wa bedrewe te beheer en beskou die taak nooit as harde werk nie. Vir hulle is die hantering van die sweep, terwyl hulle voor op die wa sit gelykstaande aan die optrede van die seeman wat sy skip deur die golwe stuur".

'n Ander reisiger, Delegorgue's (1990 [1840's]:124), in die 1840's, sluit hierby aan. Na mate sy kennis en ervaring van die Suid-Afrikaanse trekos en die plaaslike osdrywer se voortreflikhede verbeter het, vat hy sy agting en bewondering saam met 'n uitspraak, waar hy verwys na die opgang in die berge waar hulle teen struikelblokke te staan gekom het wat enigeen, behalwe die Suid-Afrikaanse osdrywer, sou afskrik. By osdrywers het onderlinge agting vir die goeie drywer nie ontbreek nie (Bosman, 1988:118; Gronum, 1975:67; Fitzpatrick, 1986:132-134; Sneyd, 2001).

Trekosdrywers is lief om staaltjies rakende hul gunstelingtrekosse, hetsy as 'n individu, jukmaats of span, uit te ruil. In die algemene omgang openbaar die osdrywer 'n intense affiniteit en partydigheid jeens sy osse. Tydens ontmoetings volg die gewone hoflikheidsgesprekke oor persoonlike welstand, ensovoorts. In die gesellige verkeer met mekaar wat daarop volg, is die goeie hoedanighede van 'n bepaalde trekos, of die welslae van 'n bepaalde span, in die fynste besonderhede met mekaar gedeel. Die aansien van 'n bepaalde os of jukmaats, veral die voor- en agterosse, is met empatie uitgepluis. Die kuns van osse dryf is onderling hoog aangeslaan. Fitzpatrick (1986 [1907]:135) stel dit, uit sy eie ervaring, dat daar net soveel belangstelling in die bespreking van hul eie en mekaar se osse is, as wat daar tydens 'n byeenkoms van moeders ten opsigte van babas is.

Die oningeligte Europese reisiger van die negentiende eeu het die liefde van die Suid-Afrikaanse osdrywer vir sy osse vreemd gevind. Delegorgue's (1990 [1840's]:115) meld dat hy in sy onkunde hierdie osdrywers daarvoor geterg en goedig gespot het. Teen die agtergrond van sy Europese verwysingsraamwerk kon hy hierdie hartstogtelikheid aanvanklik nie begryp of verklaar nie. Veel later het sy volle span weens tsetsevlieg gevrek, waaronder sy gunstelingvoorosse. Hy beskryf hulle as die intelligentste en betroubaarste lede van die herkouerfamilie. Hul jammerlike lyding het sy hart gebreek, wat hom laat huil het.

In Suid-Afrika moes vroeë buitelandse reisigers osdrywers huur. Om die lang ossweep perfek te kan klap, is 'n voorvereiste om sy vaardigheid te bepaal (Anderson, 1888:7). Een van die belangrikste maatstawwe om 'n drywer se vaardigheid te evalueer, is sy vermoë om die lang ossweep te hanteer. Dit is 'n sleutel tot die sukses van sy nering. Hierdie vaardigheid is 'n goeie aanduiding dat hy die sweep met oorleg kan benut om die span osse in hul trekaksie te beheer en aan te moedig. Daarbenewens het die klapgeluid van die sweep uiteenlopende toepassings gehad. Eerstens is dit 'n baie nuttige kommunikasiemiddel vir die osdrywer om sy teenwoordigheid op 'n bepaalde plek aan te dui. Enersyds, wanneer hy ná 'n lang afwesigheid sy woning nader, kon hy sy terugkeer reeds op 'n afstand (1.5 km en meer) aankondig. Andersyds

het die geluid van die sweepklap bepaal of bergpasse of 'n smal poort beset is alvorens hulle binnegegaan word. Tweedens, weens die besondere toonhoogte van die sweep se klappgeluid, trek dit veel verder as die klank van 'n vuurwapen en irriteer die gehoor van roofdiere meer doeltreffend (Sparrman, 1977 [1785-1786]:45). Om roofdiere te verdryf, is die klappgeluid van die osdrywer se lang sweep, onder verskillende omstandighede, dus besonder doeltreffend. Wanneer rivierlope, gewoonlik ook die houplek van roofdiere, in die pioniertyd genader is, was die klap van die ossweep 'n standaardvoorsorgmaatreël om roofdiere af te skrik.

Die deugde van die vaardige hantering van die ossweep word deur Leal (aangehaal in Ferreira, 2008:187) onderstreep: "Pretorius (President van Transvaal) het in die wa geslaap. Skielik het hy 'n beroering onder die osse gehoor, wat hom van gevaar in die nabyheid bewus gemaak het. Hy het op die kis gespring, wat as sitplek vir die drywer diens doen, en naby die wa 'n jong leeuwyfie tussen die osse gesien. Die opgerolde sweep, wat op sy plek langs die kant van die wa gestaan het, was die naaste wapen binne sy bereik. Hy het die sweep kalm afgerol, dit hard geklap en die leeuwyfie so hard daarmee op haar neus getref dat sy brullend van pyn gevlug het."

Aansluitend hierby verhaal Anderson (1888:17) 'n voorval waar die osse skielik vir 'n ver ent op loop gesit het, gelukkig in die spore van die wapad deurdat die drywer die sweep aan weerskante van hulle geklap het. Die klappgeluide van die ossweep het ongetwyfeld ook die leeus, wat langs die span gehardloop het, afgeskrik.

Die osdrywer en sy touleier (voorloper) is in die volkskultuur, binne die konteks van die trekosera, elk 'n vakman in eie reg. 'n Goeie osdrywer beskik oor die natuurlike vermoë (wat alleen deur praktiese ervaring geslyp en ontwikkel word) om die innerlike gemoedsrus, die psige van die trekos (en beeste in die algemeen) goed te begryp ten einde die trekos se behoeftes, reaksies en lyftaal onder verskillende omstandighede te vertolk en/of te voorsien. Soos Gronum (1975:58) dit stel: "as jy maar hoor dan het ou Piet weer bly staan iewerster. Hy het eenvoudig nie die oorleg om met 'n os en 'n dier te werk nie. Hy ken die siel van daardie dier nie".

5.3 Osdrywersetiek

Dit is 'n natuurlike ingesteldheid van die osdrywer om, in die uitvoering van sy werk, aan die linkerkant van die trekosse te loop. Dit kan toegeskryf word aan regshandigheid van die meeste mense. Deur die natuurlike aksie van die drywer word sy belangrikste hulpmiddel, naamlik die ossweep, sodoende ten beste aangewend. Op die ploegland word sy roetine so beplan dat hy aan die hotkant loop op die ongeploegde grond, waarop die drywer self makliker stap om sy osse te beheer. Om op die kluitrige en los grond te beweeg, sou veel meer energie van die drywer verg.

Op ossewapaaie, veral waar die verkeersvolumes hoër was, het dit in die algemeen aanleiding gegee tot ongeskrewe selfregulering en algemene etiket. Onder die transportryers het die

konvensie bestaan dat die osdrywer na links (hotkant) van die pad afdraai wanneer daar om die een of ander rede uitgespan moet word (Gronum, 1975:56). Die drywer het nie in die pad gestap langs die osse nie, maar 'n paar treë weg van die wapad. Op die transportryroete noord van Mafeking het nagenoeg 2,000 waens gefunksioneer. Op roetes soos hierdie, waar die verkeersvolumes hoog was, is 'n drywerspaadjie uitgetrap. Op dergelike roetes was daar dan ook twee paaie parallel aan mekaar. Die swaargelaaide waens, met vragte van 3,800 kg tot 4,000 kg en selfs soveel as 4,500 kg bly in die linkerkantse pad. Aan die regterkant van hierdie waens ry die terugkerende leë waens (Gronum, 1975:65, 89-90). Hierdie gebruik het bygedra tot ordelikheid wanneer spanne osse bymekaar verbybeweeg. Die drywers was nie direk langs die vreemde span wat in die teenoorgestelde rigting verbytrek nie.

Teen skotige opdraande was daar soms drie bane langs mekaar. Die waens wat stadiger trek, het op die middelbaan gery. Die vinniger waens, met ligter vragte of langer en sterker spanne osse, kon aan die hotkant van die stadiger wa verbystek. Dit het die regterkantste pad oopgelaat vir die waens wat in die teenoorgestelde rigting beweeg. Waar die wapad oor 'n bergpas of deur 'n poort moes gaan, was dit dikwels slegs 'n enkelbaan. Op dergelike plekke is nie blindelings met die ossewaens ingegaan nie. Om te bepaal of die pad reeds beset is, het die osdrywer sy sweep geklap. Indien dit reeds beset was, sou die drywer in die pas dit bevestig met 'n sweepklap.

Die jagter, avonturier en transportryer van ouds het op moeilike terrein of in noodsituasies nie gehuiwer om 'n mededrywer tot hulp te wees nie. Kragte is saamgevoeg. Die een het die ander met sy span voorgehaak of gehelp om die span bak te trek. Waar nodig is handgegee met uitspan (Gronum, 1975:62; Fitzpatrick, 1986 [1907]:134,138).

Die osdrywer het die welsyn van sy osse vooropgestel. Die drywer wat nie daaraan gehoor gegee het nie, is nie deur sy mededrywers hoog aangeslaan nie. Die respek van die os vir sy drywer word vasgelê deur die drywer se optrede teenoor die dier. Die sweep moet met groot oorleg gebruik word. Sweephoue op 'n os, waar bloed uitkom, is die teken van 'n swak en onoordeelkundige drywer (Gronum, 1975:60; Scholtz, 1987).

5.4 Regulasies en verkeersreëls

In die vroeë agtiende eeu is waens in die dorp Kaapstad uitgespan waar die wadrywer dit goedgevind het. Dit het daartoe gelei dat die toestand van die strate en paaie veel te wense oorgelaat het. Die strate is bemors met voer wat uitgestrooi is en rondgewaai het, terwyl die osse die paaie stofgetrap en met mis bemors het. Om die probleem op te los, het die owerheid teen 1724 op die buitewyke van die dorp 'n uitspanplek aangewys. Dit het die osdrywers groot plesier verskaf om hul vaardigheid met die sweep ten toon te stel, maar die klappgeluid kon selfs vensterruite kraak of laat verbrokkel. Vir ander padgebruikers en verbygangers was daar dus

gevaar aan verbonde. Osdrywers is gevolglik verbied om hul osse te vinnig aan te dryf of om hul lang osswepe te klap (Botha, 1970 [1926]:20).

Teen 1743 is 'n vorm van staatspligtigheid ingestel. 'n Beroep is op mense gedoen om hulle persoonlik en/of hul slawe en trekdiere vir openbare diens beskikbaar te stel. Die eienaar van elke ossewa, wat produkte na die dorp Kaapstad bring, moes 'n bepaalde aantal vragte klip na Mouille Point, waar die breekwater toe in aanbou was, aanry (Botha, 1970 [1926]:33).

In stedelike gebiede met sy beperkte beweegruimte moes egter verder amptelik teen die, hoofsaaklik nagtelike, onverskillige gedrag van sommige osdrywers opgetree word. In 1800 het goewerneur Caledon die eerste verkeersregulasies ingestel. Oortreders kon met 'n stywe boete gestraf word. Twintig riksdalders (£1-10 sjielings) was 'n algemene norm.

Hierdie regulasies het onder andere die volgende ingesluit:

- Alle ossewaens (en perdewaens) wat die paaie gebruik het, moes by die owerheid geregistreer wees. 'n Duidelike registrasieplaat is aan die regtersykant van die voertuig aangebring. Hierop is die eienaar se naam, die voertuig se nommer en die naam van die distrik waarin hy woon, aangebring.
- Die eienaar van die voertuig is verantwoordelik gehou vir die drywer se optrede.
- Die osdrywersetiket is gevestig. Op die dorpspaaie van Kaapstad moes verkeer te alle tye links op die strate hou. Oortreding van hierdie regulasie, waar dit tot 'n botsing lei, het bepaal dat die oortreder die ander rytuig herstel of die voorgeskrewe boete (20 riksdalders) opdok.
- Wanneer 'n span osse met 'n wa Kaapstad verlaat (veral teen skemeraand) moes hulle op die vasgestelde roete, deur die Kasteel, beweeg en dan met Lower of Summer Road uitry.
- Binne die stadsgebied was dit verbode vir die osdrywer om sy sweep te klap.
- Die ordonnansie het verder bepaal dat binne stadsgrense, en vir 5 kilometer (3 myl) daarbuite, 'n touleier diens moes doen (Bosman, 1988:74-76). Op die trekpaaie het die span trekosse meestal die pad of spoor gevolg. Met 'n deurgewerkte paar voorosse was die dienste van die touleier op sulke gebaande paaie minimaal. Die ervare osdrywer kon hulle (en die gang van die hele span) met sy dryfvernuf beheer. Met 'n touleier van buite, vir wie die besige stadspaaie met beperkte beweegruimte onbekend was, was dit meer problematies. Plaaslike touleiers, wat hulself met 'n manel geïdentifiseer het, se dienste is dikwels verkry (Scholtz, 1988).

Teen 1830 is regulasies uitgebrei na hoofroetes in die hele Kaapkolonie om roekelose ry- en dryfgewoontes aan te spreek. Boetes van tot £5 of gevangenisstraf, met of sonder

hardearbeid, van een maand kon opgelê word. Ten einde hierdie probleem beter te hanteer, is in 1846 'n paaiemagistraat aangestel. Hy kon binne perke boetes (10 sjelings tot £5) oplê. Hierbenewens was hy by magte om, indien die oortreder nie kon betaal nie, beslag te lê op die wa en osse. 'n Interessante verwikkeling hiervan was dat, indien die aanklag ongegrond of vals was, die klaer self vervolgt kon word (Bosman, 1988:76).

Gesien teen die agtergrond dat alle voertuie destyds deur osse of perde getrek is, is dit begryplik dat gepaste maatreëls getref moes word. 'n Ossewa met sy span osse vooraan is 'n lomp voertuig. Die drywer moes, met deeglike inagneming van ander padgebruikers se behoeftes, die hantering van sy osse met goeie oorleg toepas.

Onder die Voortrekkers in Natal is, veral tydens kommando-optrede, bepaalde reëls ingestel. In 1840 het hoofkommandant Pretorius 'n kommandobevel uitgereik. Hiervolgens moes ossewaens in enkelgelid, en nie langs mekaar, deur riviere en smal deurgange gaan. Waar breekskade aan die waens veroorsaak of die osse beseer is, het die Krygsraad ondersoek ingestel. Gepaste strawwe is dienoooreenkomstig ingestel (Van Rooyen, 1938:79).

Sedert die 1920's het die binnebrandmotor redelik algemeen die hoofpaaie met die ossewaens en perdekarre begin deel en mettertyd die ossewa en perdekar vervang. In die 21ste eeu handhaaf die verkeersvloei op die linkerkant van die Suid-Afrikaanse paaie steeds die grondslag wat deur die praktyk en etiket van die vervloë osdrywer daargestel is.

5.5 Die osdrywer se berekening en omskrywing van afstand en spoed

Waar die bodemgesteldheid gunstig is, is die spoed van 'n span osse op 'n kort reis ongeveer 5 km per uur en ietwat minder op 'n lang reis (Burchell, 1967 [1824]:289-90; Botha, 1970 [1926]:77; Sneyd, 2001). Die pas waarteen 'n span osse beweeg, word bepaal deur opdraande, bergpasse en algemene bodemgesteldheid soos sand of harde grond. Op langer reise bereken die osdrywer nie die afstand wat hy aflê in terme van myle (of kilometers) nie. Die afstand word in terme van tydsduur uitgedruk, hetsy ure of dae: die aantal ure vir kort reise van minder as een dag of die aantal dae wat dit duur om sy bestemming te bereik. 'n Dagreis is op sy beurt verdeel in skofte, synde die afstand wat ononderbroke getrek is voor daar weer uitgespan is. Die duur van 'n reis is egter soms ook uitgedruk in terme van die aantal skofte.

Togryers het gewoonlik twee daaglikse skofte (van nagenoeg vier tot ses uur elk) afgelê. Soms is 'n derde kort middagskof ook ingepas. In die somer het hierdie skofte vanaf vieruur die middag tot nagenoeg agtuur die aand geduur, synde die middag- en aandtrek. Die osse is dan uitgespan en aan die trektou vasgemaak om drywer en osse slaap te bied. Teen ongeveer drieuur die oggend begin die tweede skof (oggendtrek) tot skuins voor sonop ten einde die osse te laat wei en herkou (Gronum, 1975:48; Spoelstra, (2001 [1922]:167). Om vroeg in die

oggend te wei, is 'n natuurlike roetine van die os (beeste). Die skoftye is dikwels met die stand van die maan (heldermaan) en tydens die langer nagte in die winter aangepas.

Vir die vroeë natuurwetenskaplike reisigers was die bepaling van die afstand wat hy oor 'n bepaalde tyd aflê soms belangrik. Ten einde hierdie afstand met 'n redelike mate van akkuraatheid te bepaal, is die afstand van die spoor (in lengtemaat van tree) wat deur die agterwiel van die wa, met 'n bepaalde aantal omwentelinge op die grond gedek word, gemeet. Hierdie tegniek bied prakties 'n veel akkurater bepaling van die afgelegde afstand as om bloot net die omtrek van die wiel as maatstaf te gebruik. Uit hierdie gegewens is twee tabelle saamgestel. Een tabel toon slegs die afstand wat met enige gegewe aantal omwentelinge van die wiel afgelê is. Kort afstande wat afgelê word, kan geredelik en maklik bepaal word deur die aantal omwentelinge van die wiel oor die afstand te tel. Om tellings van die aantal omwentelinge te vergemaklik, is 'n speek gemerk deur 'n stuk riem daaraan vasgebind. Die tweede tabel het die spoed waarteen per uur gereis word, aangedui soos afgelei van die aantal omwentelinge per gegewe tydsverloop – een minuut of verkieslik vyf minute indien omstandighede dit sou toelaat. Tydens die reistyd is hierdie waarnemings dikwels herhaal en aangeteken, wanneer daar aanduidings was dat die pas van die osse verander (Burchell, 1824:289-90). Indien die vrag wat die osse trek nie oormatig is nie en die terrein redelik gelykmatig is, handhaaf 'n span trekosse 'n standhoudende en egalige pas. Die gesoute reisiger neem enige verandering in die spoed baie geredelik waar. Eweneens is die osdrywer bedag op veranderinge in die pas van sy span, aangesien dit daarop dui dat van die osse dalk effe lyf wegsteek en die gang van die ander osse belemmer. So 'n situasie word deurentyd onder die wakende oog van die drywer reggestel met sy stem of 'n klap van die sweep. Latere reisigers soos Lord & Baines (1975 [1876]:635-636) het 'n afstandsmeter benut, wat ook aan die wa se agterwiel gemonteer is. Die aantal tande aan elke rat in die instrument het tot 'n bepaalde verhouding tot mekaar gestaan, wat 'n besonder akkurate bepaling van afstand moontlik maak.

5.6 Osdrywerstaal en terminologie van die osdrywer se nering

Ten einde die praktiese funksie van die osdrywerstaal (of enige ander taal) oor die algemeen in 'n ietwat duideliker perspektief te probeer stel, word vervolgens ter agtergrond kortliks gelet op wat die term "taal" wesenlik behels.

Woorde wat geuiter word, is bloot rimpels wat in die lug vergaan, maar in hul skepping en doelwit (die gees), is hulle die verbinding tussen mens en mens, die boustene van die gedagtes, gevoelsuiting as die oeroue besit van alle mense (Snijman, 1964:1). Taal is in wese 'n funksie en skeppingsprodukt van die menslike gees en is primêr 'n medium waardeur een mens sy gedagtes, behoeftes en gevoelens aan sy medemens kan openbaar. Dit is nie 'n selfstandige organisme nie, maar is bloot 'n handeling wat altyd saam met die mens aangetref word en wat geen eie bestaan buite die gees van die mens het nie (Coetzee, 1939:34; Smith, 1962:103; Smuts, 1968:18; VAWB

1977:1047). Sonder taal, as middel vir kommunikasie, sou die mens inderdaad 'n baie beperkte kennis kan inneem of oordra (Smith, 1962:192).

5.6.1 Taal

Taal wat gepraat word, is 'n menslike aktiwiteit wat nie kant en klaar van 'n mens se ouers oorerflik is nie, maar moet deur elkeen, na geboorte, van vooraf aangeleer word. Geleidelik word hy bedrewe in die interpretasie van die woorde en groei mettertyd in sy kultuurgemeenskap se gedagte-wêreld in (Snijman, 1964:26). Gesproke taal is wesenlik 'n ordelikheid van klanke, wat een mens as sein gebruik om sy mening, ervaring en gewaarwording aan 'n ander verstaanbaar te maak. By verskillende volke is hierdie geluidstelsels uiteenlopend, wat 'n veelvoud van tale in die wêreld tot gevolg het (Smith, 1962:196-197). Die beste taalgebruik vir 'n bepaalde taalgroep is dus dié taal wat die spreker in staat stel om met die minste omslagtigheid sy gedagtes en bedoelinge, op die mees verstaanbare wyse, omvattend en ten volle uit te druk (Coetzee, 1939:34).

Om onderling te kommunikeer, maak die mens fundamenteel van drie stelsels gebruik. Eerstens om klanke (woorde) te uiter met sy spraakorgane (synde spreektaal), wanneer mense met mekaar gesels. Tweedens deur fisiese letter- of syfersimbole, synde skrif, te gebruik. Derdens deur middel van gebare met verskillende liggaamsdele, oftewel lyftaal. Al drie die stelsels gebruik soms tegnieke ter beklemtoning van bepaalde behoeftes tydens onderlinge kommunikasie, hetsy deur wisseling in die stemtoon, gesigsuitdrukking, gebare met ledemate en/of houding van die liggaam (lyftaal), of aksentuering van die skriftekens.

Waar daar so 'n noue verbintenis tussen die mens en huishoudelike diere bestaan, kommunikeer mense eweneens deur middel van die gesproke woord (en ander bepaalde klankstelsels), weliswaar relatief beperk in omvang, wanneer daar met hierdie diere omgegaan word. In die geval van die interaksie met werkdiere geld die taalaktiwiteit eweneens as 'n klankstelsel wat nie oorerflik is nie, maar wat telkens deur elke betrokke geslag hanteerders en diere aangeleer word. Hierdie fenomeen is veral opvallend waar werkdiere (soos trekosse) ter sprake is.

Taal is 'n hoeksteen van kultuur met verbale kommunikasie, wat ook sterk deur die geskrewe taal ondersteun en in stand gehou kan word, as belangrike kultuurprodukte wat daaruit voortspruit. Hierdie komponente vorm dus 'n funksionele eenheid vir elke taalgroep of -gemeenskap. Die verbale terme en benamings wat die osdrywer in die uitleef van sy nering gebruik, vorm 'n integrale deel van die osdrywerstaal.

5.6.2 Grondslag van die osdrywerstaal

Trekosse (en beeste in die algemeen) kan nie woorde deurgrond nie – woorde is bloot wenke of aanwysings wat die osdrywer herhaaldelik gebruik wanneer die trekos positief reageer op dit wat van hom verlang word. Trekosse kan egter aanleer om 'n hele aantal verbale bevele of

lyftaalaanwysings, insluitend hul noemname, te onderskei en op 'n tiental en meer verbale opdragte te reageer (Conroy, 2007:64). Die tegniek wat die osdrywer aanwend in die woorde wat hy uiter, saam met die lyftaal en fluitgeluide met die mond, asook bykomende klankhulpmiddels (o.m. die sweep) is, soos alle spreektaal, nie oorerflik nie, maar word van geslag tot geslag aan mekaar oorgedra. Beide die onbedrewe osdrywer of oningewyde trekos word langsamerhand ervare in die vertolking van die klanke en tekens, en dit groei mettertyd in hul gedragspatrone vas, soos wat daar met hulle gewerk word.

'n Negentiende-eeuse beesboer in die VSA, William Youatt, het hom as volg uitgelaat oor die inherente intellek van die trekos: "Cattle, like other animals, are creatures of circumstance. We educate them to give us milk, fat, and flesh. There is not much intelligence required for these purposes, but when we press the ox into our immediate services, to draw our cart and plow our land, he rapidly improves upon us. He is in fact an altogether different animal. When he receives a kind of culture at our hands, he seems to be enlightened with a ray of human reason, and warmed with a degree of human affection. Many dairy and beef cattle have just enough wit to find their way to and from the pasture, but the ox rivals the horse in docility and activity, and fairly beats him out in the field of stoutness and honesty of work" (Conroy, 2007:66). Die kundige hanteerder van trekosse waak egter deurentyd daarteen dat die trekos aan onaangename fisiese ervaring blootgestel word, of gedurig aan onnodige afwykings van die betrokke osdrywerstaal, waarin hy afgerig en aan gewoond is, onderwerp word nie. Sou 'n verandering in roetine nodig wees, word dit van meet af aan geleidelik aangeleer.

In die hantering, benutting en identifikasie van sy trekosse beskik die Suid-Afrikaanse osdrywer in die uitleef van sy nering, oor 'n ryke verskeidenheid eiesoortige standaard- praktiese en vakkundige terme wat die kern van die alledaagse osdrywerstaal uitmaak. Baie van hierdie osdrywersterme is deur verskillende bevolkings- en taalgroepe van Suider-Afrika onderling oorgeneem, al is dit dikwels in verskillende uitspraakvorme. As leengoed is die terme en hanteringstenieke deur verskillende taalgroepe as hul eie aanvaar en toegepas en het 'n beduidende akkulturasierol vervul ten opsigte van positiewe interkulturele verhoudinge. Dit is as gemeenskaplike osdrywerstaal aanvaar en gebruik. Al hierdie vorme tesame kan omskryf word as die "osdrywerstaal".

In die konteks van die Suid-Afrikaanse osdrywerstaal is die voorbeeld van een so 'n term uit die osdrywerstaal, naamlik "whoop", hedendaags steeds algemeen gebruiklik om 'n span osse, ook beeste in die algemeen, aan te jaag of in beweging te bring. As sodanig dien dit as goeie voorbeeld van woordverbuiging in die volksmond. Nuutskeppinge word gemaak binne die proses van akkulturasie, waar die term "loop" *byvoorbeeld* vervang word deur "whoop". Verskeie beskrywings deur Burchell bevestig hierdie spesifieke wisseling van woorde. "Philip mounted his seat, and taking in his hand the great whip, the emblem of his office, made the street echo with one of his loudest claps; at the same moment, with an animated voice, calling

out to the oxen, Loop! The wagon moved steadily away" (Burchell, 1967 [1824]:169). "Without delay, the drivers clap their long whips, and, in a tone of voice half-expressive of ill-temper from their disappointment, loudly call out to the oxen, Loop! And instantly the whole of the caravan are again in motion" (Burchell, 1967 [1824]:301). Wat die span osse in beweging bring, is "the loud crack of the whip, the smart of its lash, or the whoop and noisy clamour of the boor and his Hottentots" (Burchell, 1967 [1824]:86). Burchell verwys hier na die terme "loop" en "whoop" as die gewone uitroep van die Kaapse wadrywers wanneer hulle die trekosse in beweging wil bring.

'n Wye reeks van dergelike osdrywerterme is in die tipiese Suid-Afrikaanse Engels opgeneem. Voorbeelde hiervan is vervat in "A Dictionary of South African English" met woorde soos: agteros, agterslag, brei, brey, hokaai, riem en riempie, sambok, skey, strop, voorloper, voorslag, voorspan, voortou, ensovoorts (Branford, 1978).

In Junie 2012 het Alwyn Sturgeon van Pretoria 'n besending nuwe stroppe, wat hy ontvang het aan sy jong werknemer vanuit Zimbabwe gewys. Die spontane reaksie van die werknemer was: "In my taal noem ons dit 'n *Strop*" (Sturgeon, 2012).

5.6.3 Die Afrikaanse osdrywerstaal en ander plaaslike tale

Waar 'n volk iets wesenlik het om by te dra tot die algemene lewensbehoefte, ook van ander groepe, sal hy stellig ervaar dat leenwoorde uit sy taal die wêreld wyd deurreis (Coetzee 1939:36). Die konsep trekosse het nie in die ervaringsveld van die vroeë swart stamme (voor hul ontmoeting met die Afrikaanssprekende trekboere) bestaan nie. Dit is dus opmerklik hoeveel terme van die osdrywer in die Suid-Afrikaanse swart tale grootliks aan Afrikaans ontleen is. Hierdie ontlenings is hoofsaaklik van toepassing op die landbou met die benutting van die os as trekdier. In die algemeen val osname en eie name vir beeste dan ook in hierdie domein (Poland *et al.* 2008:37; Sneyd, 1988; Ziervogel, 1968:166). Hierbenewens is terme van die swart tale binne die trekoskultuur, soos onder meer onderdele van die ossewa (disselboom, speak, ens.) ook ontleen aan Afrikaans. Die benaming vir die ossewa in Xhosa naamlik "*inqwelo*" dui op die invloed van die Khoi-Khoi-taal (Ziervogel, 1968:166). Dit is veral die klapgeluid van die suigklank op die letters *nqw* in die uitspraak, wat hier ter sprake is. Leenwoorde in die osdrywerstaal van die swart tale sluit ook 'n wye reeks terme (hoewel ietwat verbuig in uitspraak) uit Afrikaans in. Dit is veral van toepassing op die trekposisies van osse in 'n span (naasagter, vooros, ens.), terme van die trekgoed (juk, skei, strop, trens, ens.) en die sweep (agterslag, bovas, sweepstok, voorslag, ens.). Ook algemene terme van die osdrywerstaal, onder meer "hotom" en "haarom", "aanvoor" en "voor" (vir die ploegvoor), "hanou" (stop; staan stil) is van die Afrikaanse osdrywerstaal afkomstig. Hierdie tendens kom eweneens ook algemeen voor onder Engelssprekende Suid-Afrikaners soos blyk uit "A Dictionary of South African English" (Branford, 1978) waarin 'n wye verskeidenheid terme vanuit die Afrikaanse

osdrywerstaal voorkom, onder meer enkele voorbeelde soos agteros, agterslag, disselboom, hokaai, skei, trektoer, voorslag, voortou, voorkis (wakis).

In Suid-Afrika is eiename van osse meestal gegrond op naamgewing van die Afrikaanse osdrywer (Carstens, 1988; Poland *et al* 2008:94; Sneyd, 1988). 'n Osnaam ontleen aan Engels en ander plaaslike swart tale is hoogs uitsonderlik, soos blyk in Bylaag 2, waarin 974 plaaslike osname vervat is. Hierdie getal bevat wel verskeie name met verbuigings in uitspraak soos wat dit in 'n bepaalde taal gebesig word. Name soos "Bakir" in die Engelse uitspraak vir Bakker en "Dayiman" in die Xhosa-uitspraak vir Diamant is elk as afsonderlike naam aangedui. Baie dergelike ontlenings kom steeds voor onder hedendaagse andertalige osdrywers en hanteerders van trekosse in Suid-Afrika.

In die benutting van trekosse gebruik hanteerders van trekosse 'n ryke verskeidenheid vakkundige en praktiese terme. Die ossewa, trekos en trektoerusting was die wieg van uitdrukkings, idiome en gesegdes, wat ook buite die eng praktiese grense van die trekos neerslag vind. Vir die osdrywer en vroeë Afrikaanse skrywers was die trekos en sy trektoerusting, asook die ossewa en sy onderdele, 'n eietydse bron vir paslike uitdrukkings, wat die ontwikkeling, groei en gebruik van Afrikaans gunstig met eiegoed beïnvloed het. Lank nadat die trekos uit die hoofstroom van die Suid-Afrikaanse landskap verdwyn het, leef die gevatheid van die osdrywerstaal steeds voort. Dit manifesteer steeds in die Afrikaanse idiomatiek en in die volgehoue gebruik en toepaslikheid van die beeldspraak in baie uitdrukkings. Hiervolgens blyk dit dat die trekos, en alles wat daarmee saamgaan, 'n betekenisvolle funksie vervul het in die ontwikkeling en vestiging van die skryf-, spreek- en vaktaal van Afrikaans. Sien 5.7.1 met betrekking tot die vaktaal van bepaalde bedrywe.

5.7 Die bydrae van die trekos, sy toerusting en die ossewa tot Afrikaans

In alle tale van die wêreld word 'n groot persentasie vergelykings aangetref, waarin verwys word na die diereryk. Die mens, wat vanaf die vroegste tye in noue aanraking met die natuur en veral sy bewoners verkeer het, het hom so vertrouwd gemaak met hul gewoontes, eienskappe en eienaardighede, dat 'n vergelykende samevatting van die handelswyse of karaktertrekke van mens en dier 'n vanselfsprekendheid geword het. Sulke uitdrukkings het mettertyd tot gangbare beeldspraak uitgebrei en word vandag as gemeengoed in verskillende tale aangetref (Kok, 1942:41). Snijman (1964:1) stel dit so: "Die taal weerspieël die gemoed en die lotgevalle van die volk wat dit praat; dit toon hoe hy die wêreld om hom heen ervaar, sy kontakte met ander taalgroepe, sy geskiedenis, sy werk van dag tot dag, sy ideale vir die toekoms, sy siening van lewe en dood. Daarom kan daar gesê word dat 'n volk wat sy taal versorg en hooghou, sy verlede eer en bou aan sy toekoms".

Die ossewa en trekos was, vanaf die tweede helfte van die 17de eeu, onteenseglik deel van die alledaagse lewe van die Suid-Afrikaanse nasie. Op Afrikaans het dit in 'n hoë mate invloed

uitgeoefen. Weens hierdie daaglikse omgang en arbeidsaamheid volg dit spontaan dat aforismes en idiome in Afrikaans ontstaan het, wat mettertyd deel geword het van Afrikaans. Hierdie gesegdes ten opsigte van die trekoskultuur is grotendeels eiegoed wat in Afrikaans ontstaan het (Van Rooyen, 1938:108). Kok (1942:40) skryf: "Op die Afrikaanse taal het die ossewa sy spore duidelik en diep afgedruk. Selfs al word hierdie nederige vervoermiddel na eeue van diens deur ander verdring, sal sy invloed op die taal nooit ongedaan gemaak kan word nie. In die taal sal gedurigdeur die grootste monument van getuigenis afgelê word vir die noue samewerking tussen die ossewa en ons nasieskap". Histories en in die praktyk vorm die ossewa, trekos, trektoerusting en ander tersaaklike implemente 'n funksionele eenheid. As sodanig, veral wat die idiomatiek en spreekwoordeskat betref, selfs dekades ná die hoofstroomera van die trekos, het dit onteenseglik bygedra tot die besonderse kleurrykheid en gevatheid van die Afrikaanse spreek- en skryftaal.

5.7.1 Vaktaal

Die 1930's was, met betrekking tot Afrikaans, 'n periode van oplewing en vernuwing wat ook op die terrein van woordeboeke noemenswaardige resultate teweeggebring het. Die uitbou van die vakkundige taal is deur individue, die FAK en staatsamptenare met oortuiging onderneem. Hierdie aktiwiteit op die terrein van die vaktaal is met verhoogde pas ná die Tweede Wêreldoorlog voortgesit, wat gelei het tot die Vaktaalburo van die Akademie in 1950. Verskeie vaklyste, wat uiteenlopende vakterreine dek, het in hierdie studieterrein die lig gesien (Snijman, 1964:9).

Vanaf die tweede kwart van die 20ste eeu is die ossewa, trekos en perdekar relatief vinnig vervang deur meganiese voertuie. Talle woorde uit die trekosera het in onbruik geraak in die alledaagse omgang, maar vele het wel in oordragtelike sin of met 'n nuwe betekenis of toepassing hulself gehandhaaf. Baie mense gebruik tans terme uit daardie era, soos byvoorbeeld *uitspan*, *skof*, *trek*, ensovoorts sonder die persoonlike ervaringsraamwerk uit 'n vervloë tydperk. Aansluitend hierby was die term "kar" byvoorbeeld vroeër aanduidend van 'n tweewielvoertuig (kapkar vir perde of skotskar vir trekosse), terwyl met die term "wa" 'n vierwielrytuig bedoel is. Met die koms van die motorkar ('n vierwielrytuig) het die betekenis van die woord "kar" dieselfde vorm behou, maar onder die invloed van Engels, ook 'n aanduiding van 'n vierwielrytuig geword. Die betekenis van "motor" huisves dus 'n verandering van betekenis weens die invloed van Engels op Afrikaans (Snijman, 1964:25). Met die uitfasering van die ossewa as hoofstroomvervoermiddel het die terme "motorwa" en "vragwa" algemene gebruik geword en is in die *Weermagswoordeboek* (1953), en later ook in die *Woordelys* opgeneem (Van der Merwe, 1970:79). Desgelyks is die begrip "wa", as 'n voertuig vir die verskuiwing van vrag en toerusting, aldus as komponent van funksionaliteit, algemeen ingeburger in vele vaktaal terme van onder meer verskillende fasette van die hedendaagse vervoerbedryf. In hierdie opsig is

tersaaklike terme soos *aswa*, *brandweerwa*, *(motor)vragwa*, *patrolliewa*, *polisiewa*, *vangwa*, *leunwa* en *sleepwa*, van toepassing.

Voorts is verskillende benaminge vir die hanteerders van trekdiere (o.m. osse en perde) gebruiklik. Trekosse word deur die os(ossewa)-drywer gedryf, die koetsier beheer die perd/e vanaf sy sitplek op die perdekar en die masjinis beheer 'n lokomotief. Die destydse amptelike erkenning van die term *drywer* deur die S.A. Spoorweë in vaktaalwoorde soos *treindrywer/trokdrywer/kraandrywer* is betreur as anglismes uit Engels (Van der Merwe, 1970:171). In die oorgang na die binnebrandmotor en stoomkrag (stoomketel) as kragbron vir vervoer- en produksiedoeleindes (landbou, mynbou, ens.) het vele terme in die spreek- en skryftaal uit die trekosera egter in Afrikaans standgehou. Onder meer het die geskiedkundige betekenis en rol van *dryf* en *drywer* asook *wa* (by die ossewa) klaarblyklik tot hierdie tendens in die praktiese vertolking en toepassing bygedra. As sodanig is hulle (soos ook talle ander terme) vervat in die betrokke vakwoordelyste asook in verklarende Afrikaanse woordeboeke (nie net as terme nie, maar ook in tersaaklike idiomatiese en figuurlike verband) opgeneem. Hiermee saam is talle woorde en idiomatiese terme uit die trekosera steeds in omloop, beide in die formeler skryftaal asook in die omgangstaal.

Dit gebeur weinig dat iemand die woordeskat van sy moedertaal ten volle ken en gebruik. 'n Mens het normaalweg 'n aktiewe woordeskat, wat al die woorde insluit wat hy ken en namate hy dit nodig het, gebruik. Aan die ander kant is daar woorde wat verouderd is en deels of geheel en al nie meer in die aktiewe woordeskat gebruik word nie. As voorbeeld word 'n woord soos *terug* deesdae algemeen gebruik, maar in die trekosera is die wisselvorm *tru* (ook *troei*: agteruit beweeg, of na agter funksioneer) meestal tydens die hantering van die trekos gebruik (Boshoff, 1968:96). Die term *tru* het egter aansienlike lewenskrag in die vervoerbedryf getoon. In die vaktaallys, *Motortermes* (van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in die 1950's) verskyn reeds minstens sewentien samestellings met *tru* vooraan. Boshoff (1968:97) berig dat "uit die beskeie woordjie *tru* (lank in die beeskraal en perdestal aan die lewe gehou) het iets ontwikkel wat vir die Afrikaanse woordvorming en tegniese terminologie van groot nut geblyk het". In die osdrywerstaal is die woord *tru* (of *troei* – 'n uitspraakvariant) 'n bevelswoord wat algemeen gebruik word om 'n trekos, veral tydens die inspan en uitspan (en algemene hantering), agteruit te laat tree, byvoorbeeld wanneer sy jukmaat hanteer word. In die moderne Afrikaanse omgangstaal kom *tru* algemeen voor in woorde soos *trulig*, *trurat*, *truspieël* of om 'n motorvoertuig agtertoe te laat loop.

Die wamakersbedryf was vir meer as twee eeue die grootste enkele bedryf in Suid-Afrika (Van der Merwe, 1983:1). Om die omvang van die bedryf in perspektief te beoordeel, moet besef word dat dit wyer strek as net ossewaens, maar ook 'n verskeidenheid soorte rytuie (o.m. tweewielkarre, kapkarre, waens, ensovoorts) wat vir ander trekdiere (perde, esels en muile) ontwerp is, ingesluit het. As bedryf is wamakery tegnies van aard, wat vakkundige opleiding vereis in die verskillende tersaaklike terreine, o.m. smeewerk, timmerwerk en wielbou. Skriftelike gegewens, o.m. in

brosjures van verskillende wamakerye oor die tegniese besonderhede met betrekking tot die toerusting van wamakers en samestelling van waens, het behoue gebly. Hierbenewens bestaan oorspronklike voorbeelde van die verskillende soorte (modelle) ossewaens in talle museums en privaat besit, wat as bron vir fisiese ondersoek kan dien. In 1922 het W. Roome, 'n wamaker van die Paarl, 'n M.A.-verhandeling met die titel "Die Wamakerstaal", aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Dit bevat 'n omvattende lys van vakterme uit die wamakersbedryf, waarvan 'n beduidende aantal, uit die aard van die saak, ook in die osdrywer se alledaagse gebruikstaal voorkom. 'n Afskrif van hierdie werk is in besit van die WAT te Stellenbosch.

Op die terrein van die osdrywer was kennis en begrip van die vakterme van sy beroep grotendeels ook deel van die alledaagse aktiwiteite en gesprekvoering van die wyer Afrikaanse taalgemeenskap van die trekosera. As leksikale items het terme van die osdrywerstaal derhalwe 'n belangrike bydrae gelewer tot die breër Afrikaanse woordeskat en taalgebruik, waar die vakterme destyds deel van die omgangstaal was. Om hierdie redes is dit egter te begrype dat daar skynbaar geen amptelike lys van vakkundige terme, wat die vakgebied van die osdrywer verteenwoordig, die lig gesien het nie. In Afrikaanse verklarende woordeboeke is die individuele vakterme (en hul idiomatiese toepassing) egter omvattend, as deel van die omgangstaal en skryftaal, opgeneem en verklaar. Dit dien as 'n aanduiding van die betekenisvolle impak van die trekos (in die wydste sin van die woord) op Afrikaans as spreek- en skryftaal.

5.8 Die ontstaan, herkoms en groei van Afrikaans

Die Afrikaanse taal het gedurende die laaste helfte van die sewentiende eeu in Suid-Afrika, vanuit die sewentiende-eeuse Nederlands, tot stand begin kom (Opperman, s.a.:473). Met die vestiging van 'n verversingstasie (1652) vir die skeepvaart om die Kaap was die voertaal van Jan van Riebeeck en sy geselskap in hierdie nedersetting Nederlands. Hulle is mettertyd aangevul met Duits- en Franssprekendes. Die gesprekstaal van die uitgebreide nedersetting het, onder die invloed van verskeie faktore, geleidelik dermate eiesoortige karaktereienskappe ontwikkel dat daar teen 1750 kennelik na 'n taal met 'n eie aard, ten opsigte van die oorspronklike Nederlands, verwys kon word (Grové, s.a.:1). Die omvangrykste aanpassings het stellig tydens die eerste vyf dekades ná die vestiging van die halfwegstasie aan die Kaap plaasgevind (Smuts, 1968:26).

Ten 1795 was die meerderheid van die boerebevolking steeds binne 120 kilometer vanaf Kaapstad gevestig. Vanuit hierdie streek is daar na die res van die land inbeweeg (Smith, 1962:440). Die trekos as kragbron het tydens hierdie proses van uitbeweeg na die meer afgeleë gebiede, as 'n anker gedien vir die instandhouding en behoud van onder meer gereelde kerkplig en amptelike verpligtinge teenoor die owerheidsgesag. Gesinne, familiegroepe en gemeenskappe kon met die ossewa gereeld saam byeenkom en deel in hierdie belangrike saambindende sosiale

verpligtinge. Uit die aard van die saak het dit hul onderlinge taalgebruik en dus die vestiging van Afrikaans beïnvloed. Die trekos en sy toerusting het stellig op hierdie wyse indirek 'n belangrike bydrae tot die vestiging en ontwikkeling van Afrikaans gelewer.

Hierdie plattelandse gemeenskap, wat mettertyd die nuwe taal Afrikaans wellewend gepraat het, was egter nie van 'n eenvormige samestelling nie, en is beïnvloed deur 'n aantal ander tale, te wete Europese, Inboorling- en Oosterse tale (Smuts, 1968:18-21). Geen spraakgebied is egter ten volle afgeskei van 'n ander nie, en kom die een met minstens een of meer ander spraakgebiede in aanraking. Woorde en sêgoed word oorgeneem van die ander en desgelyks van sy eie aan die ander gegee (Coetzee, 1939:7-8). Reeds tydens die eerste paar dekades het 'n betekenisvolle proses, naamlik dialekvermenging, in die taalgebruik aan die Kaap plaasgevind (Smuts, 1968:21-22).

Weens die veehandel is daar reeds in die eerste jare van die halfwegstasie aan die Kaap noue kontak met individue en groepe van die Khoi-Khoi gemaak. Hierdie groepe, na aan die Kaap, het hulself skynbaar egter gou self met 'n vorm van Nederlands behelp. Tekens van Khoi-Khoi-invloed op die ontstaan van Afrikaans is hoofsaaklik beperk tot vele plekname asook die name van inheemse flora, fauna en woorde wat verband hou met die Khoi-Khoi se leefwyse (Smuts, 1968:22). Onder die inboorlinge van Suid-Afrika was die Khoi-Khoi by uitstek die beeskenner en sou die swart mense indertyd hul beste van die Khoi-Khoi verkry het. Voorts bestaan die veronderstelling dat sekere gebruike wat in die hantering van beeste onder Afrikaanse boere geld, soos die span van 'n koei om haar te kan melk, van die Khoi-Khoi oorgeneem is (Ziervogel, 1968:161). Die vaardigheid van die Khoi-Khoi met betrekking tot die hantering van hul osse word betekenisvol deur Gordon en Talbot (1938:5) weergegee. Met verwysing na die dood van D'Almeida in 1510, bied hierdie outeurs die volgende eerstehandse verslag soos weergegee deur J. de Barros (Lissabon, 1552): "... the blacks came on so furiously that they ... came into the body of our men, taking back the oxen; and by whistling to these and making other signs (since they are trained to these warlike device), they made them surround our men ... like a defensive wall, from behind which came so many fire-hardened sticks that some of us began to fall wounded or trodden by the cattle". Osse, as pak-, ry- en vegosse, het 'n belangrike funksie in die tradisionele kultuur van die Khoi-Khoi vervul. Op hierdie terrein was die Khoi-Khoi dus, met behulp van klanke en lyftaal, stellig bedrewe hanteerders van osse. Met hulle kennis en weens hul relatief noue kontak met lede van die vroeë nedersetting aan die Kaap, kon hulle mettertyd behulpsaam wees met die hantering van osse vir trekdoeleindes. Die hoi of hoi-hoijaag van trekosse herinner sterk aan 'n "*defensive wall*" soos hierbo beskryf.

Reeds vroeg ná die vestiging van die halfwegstasie aan die Kaap, is spoedig van trekosse gebruik gemaak vir verskillende doeleindes, soos die aansleep van houtstompe vir timmer- en skrynwerk, wat vir die oprigting van vroeë strukture vir skuiling benodig is. In die praktyk kon die Khoi-

Khoi destyds hierin stellig 'n betekenisvolle bydrae gelewer het met hulle kennis van die toepaslike "*whistling*" en "*other signs*" soos hierbo deur J. de Barros beskryf.

Hierbenewens sou hul intieme kennis met betrekking tot die hantering van hul pakosse, gepaardgaande met gebreide rieme en velle vir 'n verskeidenheid gebruike, stellig op die lange duur vir Suid-Afrikaanse osdrywers met hulle unieke lang spanne trekosse, ook handig te pas gekom het. Langs hierdie roete het die Khoi-Khoi waarskynlik mettertyd indirek, veral ten opsigte van 'n uitgebreide toepaslike beeldspraak en idiomatiek wat uit die trekoskultuur spruit, oor die jare heen 'n beduidende bydrae tot die uitdrukkingsvermoë en groei van Afrikaans gelewer. Aansluitend hierby stel Kok (1942:40) dit dan ook dat die spitsvondigheid van die omvattende Afrikaanse idiomatiek in talle beeldryke vergelykings en uitdrukkings, nou verbonde is aan die arbeidsaamheid en tipiese eienskappe van die trekos en in die benutting en bereiding van sy trekgoed.

In Afrikaans bestaan 'n verskeidenheid woorde, waarvan die slawetaal as bron van oorsprong kon dien, onder meer *baie*, *baadjie*, *bobotie*, *sambok* van Maleise afkoms asook *kraal* en *sambreel* van Portugese agtergrond (Smuts, 1968:22-23). In die Suid-Afrikaanse osdrywerstaal het die woorde *kraal* en *sambok* 'n hoë gebruiksfrekwensie. Vir die osdrywer dien die sambok (gesny uit seekoei- of renostervel) hoofsaaklik as slaanding om in bepaalde omstandighede die agterosse in die span te dryf. In die omgangstaal dien dit ook as algemene benaming vir 'n slaanding soos 'n karwats, lat, peits, plak en sweep.

5.9 Die trekos in die Afrikaanse spreekwoordeskat

In alle tale ter wêreld bestaan omvattende beeldspraak wat na die diereryk verwys. Weens die noue aanraking met die natuur se bewoners het die mens so vertrouwd geraak met hul eienaardighede, eienskappe en gewoontes dat vergelykings tussen die optrede en aard van dier en mens voor die hand liggend geword het. Sulke uitdrukkings het met verloop van tyd tot algemene gebruik ontwikkel (Kok, 1942:41). Die woorde en uitdrukkings van 'n taal ontbloot vir die noulettende die verloop van die geskiedenis. Dit verhaal die omstandighede van die sprekers van die betrokke taal, die inwerking van ander tale maar ook nuwe goed wat ontstaan en dan spontaan in die taal opgeneem word. In die idiomatiek van Afrikaans (soos ook in ander tale) is die lief en leed van die voorgeslagte, asook hul ervarings in uiteenlopende tye en toestande, dikwels opgesluit (Snijman, 1964:23-25). Spitsvondigheid van die omvattende Afrikaanse idiomatiek in talle beeldryke vergelykings en uitdrukkings is nou verbonde aan die arbeidsaamheid en tipiese eienskappe van die trekos en benutting en bereiding van sy trekgoed (Kok, 1942:40). In Suid-Afrika was die grootste kulturele rol van die os dié van 'n trekdier, met gepaardgaande bereiding en benutting van die trekgoed. Dit het in die vergelykings en idiomatiek van Afrikaans wyd neerslag gevind. As sodanig het die trekos ook op 'n meer

verfynde geestelike kultuurvlak van sy tyd, soos onder meer vervat in die woord- en digkuns, 'n besonder belangrike rol vervul.

Vir die belangstellende is die bepeinsing van spreekwoorde altyd fassinerend en prikkelend. Onder meer bied dit 'n mens 'n breër insig in die geskiedenis en gedagte-wêreld ten opsigte van 'n volk se gebruike, omstandighede, instellings, tradisies en lewenstyl. Die spreekwoordeskat is (hoewel nie uitsluitlik nie) 'n handige aanvullende maatstaf ter bepaling van die meer omvattende tipiese karakter van 'n volk. Dit gee toegang tot sy humorsin, opmerkzaamheid, kwinkslag, skerpsinnigheid, spontaneïteit, helderheid en bekoring in die trefkrag van 'n volk se gesprekstaal. 'n Belangrike kenmerk van die spreekwoord is die treffende voorstelling en die algemene aanvaarbaarheid in die spreektaal (Kok, 1968:149-150,158-159). Dit skyn wel moontlik om, in breë trekke, 'n paar afleidings vanuit 'n taal se woordeskat te maak. Mits dit noulettend bestudeer word, kan 'n redelik geloofwaardige spieëlbeeld van 'n volk se kultuureskiedenis verkry word (Boshoff, 1968:98). In die geval van Afrikaans is honderde uitdrukkings aan die ossewa ontleen (Kok, 1968:149-150, 158-159). Die term "ossewa" verwys hier na die veel wyer idiomatiese begrip, wat alle aspekte en aktiwiteite rondom die ossewa insluit. Dit sluit onder meer die werk, gedragspatrone, karaktertrekke, ensovoorts van die trekos (en beeste in die algemeen) in. In eie reg het die funksies en bereiding van die trekgoed, tesame met kenmerke van die ossewa self, asook sy onderdele, eweneens 'n betekenisvolle bydrae tot die totale omvattende idiomatiek van die trekosera, veral waarby die trekos direk betrokke was, bygedra.

5.10 Samevatting

Die sêkrag van 'n taal is veel groter as bloot net die aantal woorde wat in omgang is. Die manier waarop iets uitgedruk of uitgebeeld word, skep veelvoudige betekenisse van bepaalde woorde in die woordeskat (Snijman, 1964:1). Sprekende voorbeelde van hierdie uitgebreide vertolkings en betekenisse van baie terme en woorde in die osdrywerstaal is vervat in die honderde spreekwoorde, soos opgeteken in vele woordeboeke en ander publikasies wat op die omvattende spreekwoordeskat in die algemeen betrekking het en waarby die trekos en die trekgoed betrokke is.

'n Meer omvattende studie met betrekking tot die invloed van die trekos, sy hanteerders, toerusting, die ossewa en die aanverwante aktiwiteite op die Afrikaanse taal sal stellig meer grondig vanuit 'n suiwer taalkundig-historiese perspektief ondervang kan word. Die bondige uiteensetting, soos oorsigtelik in hierdie hoofstuk aangestip, dien slegs as aanduiding van faktore en woordkunsgenres wat intensiewer in so 'n studie ontleed kan word.

Benewens die trekos as kragbron en die betrokke tegnieke wat van toepassing is om dit tot sy volle reg te laat kom, dien 'n verskeidenheid neweprodukte van die trekos as grondstowwe vir kultuuruiting in Suid-Afrika. In hoofstuk 6 word die omvang en benutting van hierdie byprodukte uiteengesit.

HOOFSTUK 6:

NEWEPRODUKTE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE TREKOS AS KULTUURKOMPONENTE

6.1 Inleidende agtergrond

In toepaslike onvoorsiene omstandighede, soos breekskade aan die wa of weens moeilike bodemgesteldheid, is die energie van trekosse in die verlede soms (indien hulle temperamenteel geskik en sodanig afgerig is) ook benut as pak- en ryosse (Anderson, 1856:41). Die primêre funksie van die Suid-Afrikaanse trekos is egter om onder die juk, meestal in spanne van veelvoudige pare, te trek. As sodanig word hulle benut as 'n kragbron, wat hul grootste enkele neweproduk is, in die produksie van voedsel asook verskuiwing van vrag in uiteenlopende toepassings.

Hierdie merkwaardige en veelsydige dier, en beeste in die algemeen, is egter ook 'n bron van velerlei neweprodukte wat as grondstof vir die skep van kultuurprodukte kan dien. Enersyds behels dit gebruiksartikels wat in die benutting van die trekos se primêre funksie, naamlik trekkrag, toepassing vind. Vir laasgenoemde doel is die trekos (en ook die pak- en ryos) oorwegend selfvoorsienend ten opsigte van die verskaffing van die nodige en toepaslike roumateriaal. Andersyds voorsien verskillende byprodukte van beeste, in die Suid-Afrikaanse konteks oor eeue heen, in vele sekondêre stoflike en geestelike behoeftes, hetsy binne die eietydse, pedagogiese, tradisionele of volkskultuur. Daar bestaan tussen die primêre en sekondêre gebruike van die komponente nie noodwendig 'n direkte verband nie, maar die verskillende skeppings en/of toepassings word in hierdie studie as gelykwaardig beskou.

Selfs dekades ná die hoofstroomgebruik van trekosse, maak die trekos 'n besondere bydrae in die idiomatiek en uitdrukkings in die Afrikaanse taalgebruik. Neweprodukte van die trekos, en hul toepassing, word vervolgens individueel aangestip en meer breedvoerig in die opvolgende paragrawe en latere hoofstukke uiteengesit.

6.2 Bene

Reeds 2,000 jaar gelede het die Khoi-San in plaas van kliptoerusting goed afgewerkte bene, weliswaar van verskillende soorte diere, benut om messe en pylpunte van te maak (Boonzaaij *et al.* 1996:21). Onder swart volke soos die Zulu's is fluitjies kunstig uit been gemaak (WAT 2014. Lemma: bene). In die Suid-Afrikaanse konteks verwys Burchell (1824:199) na die benutting van been: "The arrow is so purely a Bushman manufacture, that the surrounding tribes, often procure them from this nation, as being better arrow-makers than themselves". Die kop van die pyl, wat onafhanklik is van die pylstok ('n lengte reguit fluitjiesriet wat om die punte met sening versterk is), is 'n stuk been wat glad afgewerk is en waarvan die basis stewig in die rietpylstok pas. In totaal

is die pyl tussen 450 mm en 550 mm lank. Wanneer geskikte stukkies metaal beskikbaar was, is dit styf in 'n spleet aan die voerpunt van die beenpylkop vasgesit en vlymskerp geslyp. Andersins is die been bloot spits, dun en skerp afgeslyp, ten einde in die prooi te dring. Die pylstok se voerpunt is gesplits sodat die beenhef van die pylkop daarin pas om dan stewig met sening vasgetrek te word (Burchell, 1824:199; Lewis-Williams *ed.* 2002:103-105).

Vir die pionier was bene die grondstof vir die maak van baie nutsartikels soos boordjieknope, gespes, haarkamme, hekelnaalde, knope, en hewwe van lepels, messe of vurke. Kyk figuur 6-1. 'n Vakman vir die maak van hierdie beenartikels staan bekend as 'n beendraaier (WAT 2014. Lemma: beendraaier). Been is kunstig gebruik as versiering en fyn inlegwerk op geweerkolwe, wandelstokke, en houthouers soos naaldwerkkissies (Bosman, 1988:89; Scholtz, 1987). Die boom en proppe van kruithorings is ook soms van been gemaak (Pretorius *red.* 1988:122; Mills, 2011).

Sekere bene van die os se skelet is in die trekosera, deur beskawings heen, deur kinders as speelgoed benut. In Suid-Afrika is die onderkake dikwels gebruik as waens om mee te speel. Beentjies in die hakskeengewrig dien as "osse" en is met riempies voor die kakebeen van 'n bees (of skaap) ingespan. Hierdie speelgoedossies staan bekend as dolosse.



Figuur 6-1: Hewwe van been

Foto met vergunning: Die President M.W. Pretoriushuis – Potchefstroom

Die Afrikaanse benaming kan waarskynlik tweërlei verklaar word, vanaf die Nederlands "dol/en" (speel) en "os", oftewel speelossies (WAT 2014. Lemma: dolos). Vanuit 'n suiwerder verwysingsraamwerk en vertolking van die Suid-Afrikaanse osdrywerstaal is die plaaslike oorsprong moontlik afgelei van die Xhosawoord "*!dolo*" wat "knie" beteken; dus speelgoed verkry vanaf die kniegewrig van die os (Smith, 1988). In die spreektaal, ook in Afrikaans, word algemeen na die enkelgewrig van beeste verwys as die knie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die knie by beeste morfologies meer versteek is en die enkelgewrig, wat meer prominent is, gevolglik vir die knie aangesien word. Die Xhosa term "*!dolo*" verwys dus morfologies-tegnies na die os se enkelgewrig.

'n Belangrike ekonomiese gebruik van bene is by die bereiding van fosfaat as aanvullings in dierevoedsel en kunsmis, laasgenoemde meer bepaald vir tuinbou- en potplantdoeleindes. Weens die hoë inhoud van kalsiumfosfaat in die as van verbrande bene is dit besonder geskik vir spesialis-nutstoepassings soos die skoonmaak van juwele en om kupels (dit is houers waarin goud of silwer gesuiwer word) van te maak (WAT 2014. Lemma: kupel).

Die tekstuur (hard) en voorkoms (dor) van bene vind ook neerslag in die idiomatiek van Afrikaans met verwysings soos beenhard, "so hard soos been", dus baie hard en beenoud oftewel baie oud, stokoud.

6.3 Bloed

Gedroogde bloed, bekend as bloedmeel, is 'n nuttige komponent van minerale byvoeding vir diere. Eweneens dien dit as 'n belangrike byvoeging tot skoenwaks (Bosman, 1988:88). In die pionierstydperk is sekere huishoudelike houttoerusting met beesbloed (soms met vet vermeng) behandel om die besmetting van hout met bepaalde houtkewers, soos houtpoeier- en meubelkewers, te beheer. Eweneens het vissermanne hul vislyne, wat indertyd van plantvesel gemaak is, in bloed gedoop en gedroog om dit langer te laat hou (Scholtz, 2001). As bron van voedsel word beesbloed ook tot wors, bekend as bloedwors, verwerk.

6.4 Derms

Katderm kan verkry word deur die verwerking van derms van byna enige dier (Lord & Baines, 1975 [1876]:684). Skaapderms is die algemeenste bron wat benut word. In hierdie verband noem Galton (1855:103) dat maer skape die beste eindproduk lewer.

'n Draad of snaar van gewenste dikte, berei van die elastiese bindweefsellaag van derms wat paslik skoongemaak, ontsmet en verwerk is, is onder meer gebruik vir snaarinstrumente (soos die antieke Italiaanse viool) en chirurgies as heg- en bindmateriaal (WAT 2014. Lemma: derm).

6.5 Gal

Om gemarmerde skutblaaie vir boeke te verkry, is verpoeierde, gedroogde osgal, vermeng met Ierse mos en verf (wat op die mengsel dryf) gebruik. Die funksie van die osgal is om ongewenste stowwe soos vette en sure te onttrek. 'n Spesifieke soort papier is vervolgens op die mengsel geplaas. Die verf dien as basis vir gekleurde patrone wat kunstig op die papier aangebring is. In Midde-Oosterse lande, soos Iran, is hierdie gemarmerde papier hoog aangeslaan. Dit is gebruik om die Sjah se paleise te verfraai. Hierdie soort papierprodukte word ook deur kunstenaars vir 'n verskeidenheid ander doeleindes benut (Bosman, 1988:90). Waar 'n vel nie met kalk haaraf gemaak is nie en berei is om perkament te maak, neig dit om vetterig te

wees. Hierbenewens is die vel tydens die breiproses met vet ingesmeer om soepelheid te bevorder. Indien dit vir skryfwerk benut gaan word, is die vetterigheid ongewens. Behandeling met osgal, wat help dat die vet oplos, het egter die probleem oorkom (Galton, 1855:103).

Onder swartmense is die gal van beeste dikwels vir medisinale doeleindes gebruik. Beesgal, vermeng met bepaalde kruie of bossies, word gedrink of aangesmeer vir pynverligting. Verskeie bonatuurlike kragte word aan die gal toegedig as sou dit bese geeste weg hou en wonings teen weerlig vrywaar (Bosman, 1988:90). Farmaseuties word droë soute van beesgal in mengsels gebruik om die lewer te stimuleer. Hierbenewens kan dit ook as purgeermiddel dien (WAT 2014. Lemma: gal).

6.6 Horings

Vanuit die Suid-Afrikaanse perspektief het die gebruik van die trekos se horings en sy horingdoppe oor eeue heen vele praktiese toepassings tot die voordeel van mense gevind. Die term horing, afhangend van die konteks waarna dit verwys, kan tweërlei vertolk word. Eerstens is dit elk van twee permanente uitgroeisels uit die voorkopbeen van beeste (die horings), wat bestaan uit 'n beenpit omhul met 'n harde en verdikte keratineskede of -dop. Vir die bees dien dit as natuurlike wapen vir aanval of verdediging. Tweedens is die term horing (waar dit slegs in die enkelvoud gebruik word) die harde en verdikte eiwitagtige stof (keratine) soos dit onder andere gevind word in hare en die doppe van beeste se horings (WAT 2014. Lemma: horing).

Vir die benutting en hantering van die trekos as kragbron is die horings 'n natuurlike punt waaraan die riem aan die kop gekoppel kan word. Poenskoposse word om hierdie rede selde, maar indien wel meestal as 'n noodmaatreël, ingespan. Vir hulle moet 'n halter gemaak word, waardeur die praktiese benutting van die trekos veel meer omslagtig is, veral wanneer hulle gevang word om in te span. Hierbenewens bied die groeiwyse van die trekos se horings 'n handige maatstaf om individuele osse te identifiseer en/of te beskryf. Kyk hoofstuk 4.

Horing beskik oor besonder nuttige eienskappe vir verwerking. Deur dit oordeelkundig aan hitte bloot te stel, versag dit dermate dat dit na behoefte vervorm kan word en by afkoeling die betrokke vorm behou. Tydens verhitting moet daar egter daarteen gewaak word dat die horing nie skroei nie, deur dit onder andere in water te kook of in warm sand te verhit (Galton, 1856:104). Andersins kan dit goed met vet of paraffienwas gesmeer en oor warm kole dermate verhit word dat dit plooibaar word, sodat die kundige vakman die vorm van die horingdop (byvoorbeeld die van 'n swartwitpens of 'n geskikte beeshoring) binne perke verander deur dit te verbuig of reguit te strek (Ferreira, 2013). Die verwerking is inderdaad 'n ambag in eie reg met die benaming van horingdraaier, 'n persoon wat voorwerpe uit horing draai (WAT 2014. Lemma: horingdraaier). As sodanig is die horingdoppe van beeste tot plate verwerk, waaruit velerlei en uiteenlopende alledaagse nutsartikels prakseer is.

In Suid-Afrika het groot horingdoppe, veral van osse, in die besonder gedien as houers waarin onder andere kruit en vloeistowwe geberg is. Sommige van die inheemse beeste se horings het 'n lengte van ongeveer 4 meter van punt tot punt bereik, met 'n inhoudsmaat van etlike gelling (1 gell. = 4.5 liter) vir 'n horingdop (Farini, 1973 [1886]:95; Lord & Baines, 1975 [1876]:448). Oshorings neig om langer uit te groei as dié van bulle en koeie, met 'n groter omtrek aan die basis teen die kop. Die voorpunt loop ook dikwels meer elegant tot 'n spits. Hierdie horingdoppe leen hulle dus tot 'n veelvoud van gebruike. Vir die maak van nutsartikels is horingdoppe glad afgewerk deur hulle af te skilfer met 'n skerp, plat ysterplaatjie of meslem, maar veral stukke gebreekte ruitglas is ideaal om mee te skraap. Ter afronding is die dop, veral ou droë doppe, liggies met lynolie of vet ingesmeer voordat hulle finaal glad afgewerk is (Oosthuysen, 2011a). Artikels van horing kan so goed afgewerk word dat hulle 'n gepoleerde voorkoms toon (Spoelstra, 2001 [1922]:21). Hierbenewens is deftige artikels soms met 'n dun lagie byewas blink poleer (Pretorius *red.* 1988:121).

Ten einde horingplaat, wat vele nutsgebruike het, te bekom, is die buisgedeelte van die horing afgesny, in water verhit, en in die lengte deurgesaag. As sodanig kan dit met bogenoemde tegnieke gebuig en vervorm word om bepaalde diensbare fatsoene te verkry of dit kan tot 'n plaat uitgestryk word. Hierdie plate is aan mekaar gesmee deur die rante, wat besonder skoon en vry van vetterigheid moet wees, voldoende te verhit en teen mekaar vas te druk terwyl dit afkoel. Vervolgens is die horingplaat tot 'n eenvormige dikte afgewerk. Horingplaat het dikwels as plaasvervanger van glas gedien. Die verhitte, sagte horingplaat is met behulp van 'n beitel verdeel in die verlangde grootte waarvoor dit nodig is (Galton, 1855:104). Uit die plate kan eweneens 'n verskeidenheid artikels, soos gespes, haarkamme, hewwe en veral knope vir klerasie gesaag en gevorm word.

Horingdoppe is in die praktyk, soos hieronder in die onderskeie hoofde meer breedvoerig uiteengesit word, wesenlik op vier wyses benut. Eerstens deur die dop as houer vir uiteenlopende doeleindes te benut. Tweedens deur die buisgedeelte vir pasmaakartikels aan te wend. Derdens deur die buis oop te vlek om horingplaat (vir bepaalde gebruike ook na verwys as horingglas), vir die maak van velerlei nutsartikels, te verkry. Vierdens deur die soliede punte van die horingdoppe in gebruiksartikels te omskep.

Teen die agtergrond van bogenoemde veeldoelige benutting van horings moet beklemtoon word dat alle horings nie noodwendig voor die voet vir die volle spektrum van toepassings geskik is nie. Insgelyks is nie uitsluitlik os- of beeshorings benut nie, maar ook wildsbokhoring, veral kleinwild, soos duiker, steenbok en springbok, vir fyn toepassings soos hardangerwerk ('n spesifieke soort borduurwerk). Vir laasgenoemde toepassing is die voorpunt van 'n uitgesoekte dun oshoring ook afgewerk om 'n pasmaakpatroon vir die vierkantige (soms ook ronde) motiewe te prakseer. Weens uiteenlopende groeiwyse en patroon met betrekking tot deursnit, fatsoen,

kleur en lengte van die oshorings is hulle doelgerig geselekteer vir 'n bepaalde nutsgebruik (Oosthuysen, 2011a).

6.6.1 Huishoudelike en persoonlike toerusting, hulpmiddels en versiering

By gebrek aan geredelike beskikbaarheid van noodsaaklike tradisionele huishoudelike en persoonlike gebruiksartikels of hulpmiddels vir die pioniers, trekboere en vroeë reisigers is geskikte artikels prakseer. Horing is vir hierdie doel 'n geredelik beskikbare, duursame en praktiese alternatief vir die noodgedwonge vervanging en herstel van baie gebruiksartikels. Hierbenewens is estetiese behoeftes, onder meer in wonings, bevredig deur afwerking, versiering en aanwending van horingprodukte.

6.6.1.1 Bekers

Houers om vloeistowwe mee te drink, of te skink, is in die pioniertydperk, soos onder andere blyk uit die dagboek van Louis Trichardt (Sondag 31 April 1837 in die Soutpanberge) uit 'n horingdop gemaak (Le Roux, 1977:36). 'n Horingdop van geskikte deursnit van beide die buis en deel van die soliede voorpunt is as drinkbeker gebruik, in welke geval die voorpunt, waarop die kommetjie stewig kon staan, groot genoeg moes wees, netjies haaks afgesaag, om sodoende as boom van die beker te dien (Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1938:135). Soos in die geval van kruithorings is die horingbekers dikwels kunstig versier en soms, waar die horingdop hom daartoe leen, is dit voorsien van 'n digsluitende bodem van been, glas, 'n harde houtsoort met digte fyn grein of van 'n geskikte soliede voorpunt van 'n horingdop. Hierdie bekere is as besonder nuttig en waardevol beskou en soms by geleentheid deur pioniers as geskenke aan besoekende hooggeplaaste amptenare gegee (Pretorius *red.* 1988:121; Scholtz, 1987). Hierbenewens is vaste stowwe, onder meer snuif en speserye, asook nutsartikels soos ink en olies, in horinghouers geberg (WAT 2014. Lemma: horing).

6.6.1.2 Blompotte

Horingdoppe wat tot blompotte aangepas en omvorm is, het in estetiese behoeftes voorsien. Hierdie versiersels was veral in die vroeë tot middel-20ste eeu in vele huishoudings besonder gewild en die doppe is met groot sorg vir bepaalde kurwes en spesifieke gebruike uitgesoek om aan persoonlike behoeftes te voldoen (Janse van Rensburg, 2009). Dit is op 'n voetstuk (houtbalkie of deel van 'n horingdop se punt) monteer. Vir hierdie doel is die horing gewoonlik horisontaal geplaas met die punt wat na bo krom is. 'n Langwerpige gleuf, van gepaste lengte en wydte op die horisontale gedeelte, dien as opening vir blommerangskikings. Die basisopening van die horingdop is met 'n prop van 'n harde houtsoort, wat soms aan die binnekant bykomend met pik bestryk is, verseël. Hierdie prop is op sy beurt aan die buitekant met 'n netjies afgewerkte (gepoleerde) horingplaat, met dieselfde kleurskakering as die blompot, bedek om vir 'n eenvormige afwerking van die blompot te sorg (Oosthuysen, 2011a). Kyk figuur 6-2.



**Figuur 6-2: 'n Trekshoring as blompotversiering
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

6.6.1.3 Brilrame

'n Bril waarvan die raam van horing of sintetiese stof, wat soos horing lyk, gemaak is, word na verwys as 'n horingbril (HAT 2011. CD-ROM; WAT 2014. Lemma: horingbril). Die keratienhoringdop, veral van osse weens die omvang van die omtrek wat groter stukke horingplaat kan lewer, is 'n duursame grondstof vir die maak van brilrame. Die kleurskakerings, tekstuur en duursaamheid van horingplaat, waarmee die rame gemaak word, dra by tot die estetiese voorkoms van die bril.

6.6.1.4 Eetgerei

Horing is (naas been) ook nuttig gebruik vir die maak van hewwe vir lepels, messe en vurke (WAT 2014. Lemma: horing). Vir die pionier was horing 'n belangrike grondstof vir selfgemaakte eet- en skeplepels. Hierbenewens verskaf dit goeie isolasie vir hewwe van lepels, messe en vurke wat van metaal gemaak is (Wolfaardt, 2013). Hierdie handvatsels met allerlei kleurskakerings van wit tot blou-swart word blink en glad afgewerk, en soms met motiewe wat daarop uitgesny is, versier om die estetiese voorkoms te verhoog. Selfgemaakte artikels van horing is 'n tradisionele kunsvorm wat besondere vaardigheid verg, maar tans deur min verwerkers beoefen word.

6.6.1.5 Else

Die punte van horings is as else vir 'n verskeidenheid toepassings gebruik. Geskikte horingpunte is vir hierdie doel spits afgewerk en onder andere gebruik om knope wat in 'n riem ontstaan, los te wael (Pretorius *red.* 1988:122). Osrieme kan, terwyl beeste hanteer word, toevallig knope opdoen. Indien die riem klam is tydens gebruik, kan so 'n knoop besonder styf vastrek. Wanneer bepaalde

take met rieme verrig is, soos tydens teraardebestellings, word hulle doelbewus op gereelde afstande geknoop om die handgreep te bestendig wanneer die kis in die graf laat sak is. Waar hierdie knope nie geredelik met die hande losgemaak kan word nie, kom 'n horingels nuttig te pas (Sneyd, 2001). Wanneer ysterringe of 'n oog aan 'n riem se punt geknoop of stroppe tydens vervaardiging geknoop is, word dit netjies afgewerk. Vir hierdie doel is else handig om die rante en punte rondom die snitte in die riem, waardeur die knoop gevleg word, netjies uit te stryk. In moderner tye word 'n skerpbeektang meestal vir die doel gebruik (Oosthuysen, 2011a).

6.6.1.6 Horingglas, -plate en lanterns

Horingplaat was besonder funksioneel in antieke skeeps lanterns (WAT 2014. Lemma: horingplaat). In tuisgemaakte lanterns van die trekosera, waar dit die vetkersvlamme teen wind en weer moes beskerm, is horingplaat eweneens nuttig aangewend (Mills, 2011). Horingplaat verwys na 'n horingdop wat oopgespalk en tot 'n plaat verwerk is. As sodanig het dit baie praktiese toepassings, waar dit in bepaalde gevalle onder meer as plaasvervanger vir glas dien. In robuuste omstandighede of by gebrek aan beskikbaarheid van glas, is geskikte dun plate van horing in lanterns en as vensterruite gebruik.

6.6.1.7 Kapstokke

In sommige wonings is goed afgewerkte (soms met verf versierde) lang horingdoppe (soms net die voerpunt) teen die mure aan 'n houtstaander monteer of met riempies aan die dakbalke gehang om as kapstokke te dien. In laasgenoemde geval is die riempies op soortgelyke wyse as by kruithorings aan die dop vasgeheg deur 'n gleuf naby die agterkant en op 'n geskikte afstand van die voerpunt af in die dop te kerf sodat die riempie in posisie bly (Janse van Rensburg, 2009; Pretorius *red.* 1988:121). Kyk figuur 6-3. Op dergelike hangende kapstokke is soms 'n klein spieël (dikwels oorblyfsels van 'n gebreekte spieël) in 'n raamwerk van kleiner horings monteer. Metaalhake is met riempies aan die horingdoppe gevestig. Dun staaldraad is omgebuig tot hakies waaraan artikels (hoede, kappies, gewere, ensovoorts) gehang kon word.



Figuur 6-3: Horings as kapstok
Foto met vergunning: Die President M.W. Pretoriushuis – Potchefstroom

6.6.1.8 Knope en haarkamme

Knope om kledingstukke aan die lyf toe te knoop is van horingplaat en uit die soliede punte van horing gesaag of gedraai. Vir die swaarder kledingstukke, soos jasse of baadjies, is die punte meestal benut om sterker knope (soms staafvormig) van geskikte afmeting te maak. Die horingplaat is gedraai en afgewerk om plat, ronde, selfs die delikaatste knopies, aan die hand van 'n horingdraaier te bekom. Horing is eweneens nuttig aangewend om haarkamme te prakseer om die hare te kam, die kapsel netjies te hou of bloot as 'n versiersel in die hare te dra (Wolfaardt, 2013; Janse van Rensburg, 2009). Kyk figuur 6-4.



Figuur 6-4: Haarkam van horing gemaak
Foto met vergunning: Die President M.W. Pretoriushuis – Potchefstroom

6.6.1.9 Lampstaanders


'n Oshoring met 'n besonderse of gepaste groeiwyse is uitgesoek en die dop glad afgewerk om as lampstaander te dien. Dit is nie bloot ornamenteel nie, maar dien as nuttige staander om op 'n stewige basis van hout 'n elektriese bed- of tafellampie te prakseer. Herinneringe aan 'n bepaalde trekos is ook dikwels in so 'n lampstaander vasgevang.

6.6.1.10 Medisinale gebruik

Fyn gebrande horing wat in kookwater getrek is, bekend as beeshoringwater, het as medisyne teen inflammasie gedien (WAT 2014. Lemma: beeshoringwater).

6.6.1.11 Pypstele

Van die soliede voorpunt van horingdoppe is pypstele kunstig afgewerk om in die pot van 'n pyp, waarmee tabak gerook is, te pas. Die soliede punt van die horing is tot die gewenste grootte en vorm afgewerk en met 'n gaatjie van geskikte deursnit deurboor. Om 'n gerieflike mondstuk te vorm, is die pypsteel met 'n mes (of vyl) afgeplat. Die pypsteel is soms, deur dit plooibaar te verhit, effens gekrom sodat die pyp gerieflik in die mond kan hang (Wolfaardt, 2013; Scholtz, 1987). Kyk figuur 6-5.



Figuur 6-5: Pypsteel
Foto met vergunning: Die President M.W. Pretoriushuis – Potchefstroom

6.6.1.12 Servetringe

Horingdoppe van geskikte deursnee, gewoonlik van 'n suiwer (wit) of eenvormige kleur, is in ringe uit die horingdop gesny om as servetringe te dien. Die ringe is blink en glad afgewerk. Soms is patrone as versiersels daarop uitgesny of geverf. 'n Gedeelte van die ring is dikwels plooibaar verhit en afgeplat om as voetstuk te dien (Oosthuysen, 2011a).

6.6.1.13 Skaalmodelle

Die maak van seilbootmodelle uit horingdoppe is 'n buitengewone stokperdjie wat besondere vaardigheid verg. Die plooibaarheid en tekstuur van horing is ten volle benut om die romp, maste en seile te vorm en blink af te werk (Janse van Rensburg, 2009).

6.6.1.14 Skoenlepel

'n Skoenlepel, oftewel ook 'n skoenhoring, is 'n apparaat wat as hulpmiddel dien om 'n skoen aan die voet te trek (WAT 2014. Lemma: skoenlepel). Vir hierdie doel is 'n halfronde strook van gepaste wydte (om oor die voet se hak te pas) in die lengte uit 'n horingdop gesny en aan beide kante glad afgeskuur, wat veroorsaak dat dit gemaklik kan uittrek wanneer die voet in die skoen geplaas is.

6.6.1.15 Teerputse

'n Geskikte groot horingdop, met 'n aansienlike inhoudsmaat, het dikwels as 'n baie gerieflike teerputs gedien. Die smeermiddel (teer of ghries) vir die wa se asse en skamels, is aan die onderstel van die wa gehang (Lord & Baines, 1975 [1876]:398; Sneyd, 2001). In uitdrukkings met betrekking tot die teerputs word gewoonlik neerhalend verwys na smerigheid of morsigheid aan of van 'n persoon. Dit kan toegeskryf word aan blootstelling aan vuiligheid, soos stof wat om die bewegende wa opslaan en maklik aan die teer buite-om die teerputs vassit.

6.6.1.16 Tregters

Om vloeistowwe in houers soos waterkruike te gooi, is geskikte horingdoppe as tregters aangepas. Die basis is skuins afgesaag ten einde die oppervlak van die opening en die hoek waarteen die vloeistof ingegooi word, te vergroot. Waar dit nodig is om vloeistowwe (soos heuningbier) te filtreer, is dit deur 'n sif of doek, wat vir die doel pasgemaak is, oor die wye opening aan die basis van die horingdop geplaas. Die voerpunt is op 'n gepaste plek, waar die buis van die dop 'n geskikte deursnit het, afgesaag om die vloeistof deur te laat (Janse van Rensburg, 2009).

6.6.1.17 Vet- en vloeistofhouers

Uitgesoekte groot horings, waarvan sommige 'n inhoudsmaat van etlike gelling (1 gell. = 4.5 liter) gehad het, met afmetings van punt tot punt van ongeveer 4 meter, het onder meer as houers vir vet, water en heuningbier diens gedoen (Lord & Baines, 1975 [1876]:448). Die wye agterste opening is, waar van toepassing, van 'n houtprop of deksel voorsien, wat stewig pas en die opening verseël het om vermorsing te beperk. Hierdie prop kon tog, wanneer nodig, maklik verwyder word. Die horingdoppe het die inhoud goed geïsoleer en koel gehou (Janse van Rensburg, 2009; Scholtz, 1987). Thomas Pringle, leier van 'n groep 1820-Britse Setlaars, verwys na 'n besondere benutting van horings geskoei op die kruithoring. Die groep boere wat sy geselskap vanaf Algoabaai na die Baviaansriviervallei vervoer het, het elk, naas hul kruithoring, 'n oshoring as brandewynbottel benut, waaruit saans 'n "zoopje" geskink is om saam met biltong, vir aandete, te geniet (Meiring, 1968:31).

Uitgebraaide vet en mengsels van vet en geurmiddels is vir 'n verskeidenheid gebruike in klein horinghouers gehou, onder andere as smeermiddel om melkkoeie se spene te smeer wanneer hulle gemelk is of vir 'n els wanneer stikwerk aan leer gedoen is. Vet is vir dergelike gebruike in 'n vethorinkie byderhand gehou deur dit met 'n riempie aan die lyfband of melkstoeltjie te heg.

6.6.1.18 Worsstoppers

Die lengte van die worsstopper, van 10 tot 13 cm, is gemaak om gerieflik in die hand te pas (Pretorius *red.* 1988:121; Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1938:135). Die voerpunt van 'n horingdop met geskikte deursnit om die vleismengsel (fyngerkerfde blokkies vleis) met die duim te kan deurdruk, is as worsstoppers benut. Die soliede punt is afgesaag, waar die buisgedeelte van die horing die gewenste deursnit het, om die vleis met gemak tot die derm, wat oor die voerpunt getrek is, in te voer.

6.6.2 Basuine en blaasinstrumente

In vroeër eeue was oshorings tydens oorloë gewilde oorlogsbasuine om soldate aan te moedig, op te roep of aan te spoor tot oorlogvoering en stryd. Die Kasteel De Goede Hoop in Kaapstad huisves 'n besonder mooi eksemplaar van sodanige basuin.

In Suid-Afrika is groot oshorings vroeër deur die osdrywers as basuin gebruik om onderling mee te kommunikeer. 'n Klein, spleetvormige opening, waaroor die lippe van die blaser netjies pas, word naby die punt van die horing aan die sykant uitgekerf. Wanneer kundig op hierdie horings geblaas word, is die klank daarvan oor groot afstande (etlike kilometer) duidelik hoorbaar. Op reis, veral tydens handelstogte in die transportry-era, het die wadrywers, wanneer die osse op 'n afstand wei, op die horingdoppe geblaas om die veewagters met die osse nader te roep (Gronum, 1975:77). Desgelyks het die reisiger die mense by die opstal reeds op 'n afstand verwittig van sy terugkeer. Wanneer lede van 'n geselskap op trek van mekaar afdwaal, het hulle mekaar op hierdie wyse gesoek. Die basuingeskal van die oshoring is eweneens gebruik om te bepaal of 'n bergpas met beperkte deurgang reeds deur 'n ander wadrywer beset is. Indien dit beset is, sou die betrokke drywer op gepaste wyse antwoord met sy basuinhorings of met die klap van sy sweep (Scholtz, 1987).

In bepaalde konteks verwys die term "horing" na 'n blaasinstrument wat tradisioneel van horing (of 'n horing) gemaak is. Tradisioneel is so 'n instrument as seininstrument, veral by georganiseerde jaggeleenthede of in oorlog, gebruik. Hulle is mettertyd van bepaalde hardehoutsoorte (tans ook van metaal soos brons of koper) nagmaak en dermate verfyn dat 'n groep van hierdie instrumente 'n integrale chromatiese onderdeel van 'n eietydse orkes kan uitmaak (WAT 2014. Lemma: horings). Hierbenewens het die konsep van die basuingeskal van die horing ook tydens die Sokker-wêreldbekertoernooi van 2010 in Suid-Afrika met groot fanfare deel van die jolyt uitgemaak. Alhoewel geskikte beeshorings, onder andere weens moderne boerderypraktyke, nie beskikbaar is nie, is 'n beperkte hoeveelheid koedoehorings, onder andere deur African Musical Instruments te Grahamstad in die Oos-Kaap, tydens die toernooi verwerk. Derduisende basuine van plastiek is egter tydens dié toernooi gebruik. Die tradisionele beeshoring speel dus indirek, ook in die eietydse kultuur, 'n belangrike rol by die bevrediging van stoflike, geestelike en estetiese behoeftes.

6.6.3 Kruithouers

Die benutting van horingdoppe as kruithouers was reeds in die sestiende eeu bekend (Pretorius, *red.* 1988:122). Tot in die laat negentiende eeu was een van die nuttigste alledaagse toepassings van oshorings in Suid-Afrika om as kruithouers, 'n voorraad kruit vir die geweer (voorlaaier) waarmee die pionier gejag en homself verdedig het, droog en byderhand te hou en dit gerieflik te kon afmeet om die geweer te laai. Hierdie houers met 'n natuurlike spits buis was maklik bekombaar en kon moeiteloos as kruithouer aangepas word. Hierbenewens is die horingdop lig

om aan die lyf te dra, maar sterk en stabiel in tekstuur vir die robuuste omstandighede waarin dit dikwels benodig is. Die tregtervormige buis van die horingdop vergemaklik eweneens die vloei van die kruit wanneer dit vir lading van die geweer afgemeet word.



Figuur 6-6: Kruithoring
Foto met vergunning: Die President M.W. Pretoriushuis – Potchefstroom

Die basis van die kruithoring is met 'n styfpassende houtprop dig verseël. Vir hierdie doel is die binnerand van die horing se wand skuins afgeplat sodat die prop, wat presies op die fatsoen van die horing se omtrek gemaak is, makliker ingedryf kon word. Ten einde die plasing van die prop in die horing te vergemaklik, is die basis van die horing goed in water verhit totdat dit versag en voldoende buigsaam is om oor die houtprop te rek wanneer die prop ingetik word. By afkoeling krimp die horing styf en dig om die prop. Vir estetiese doeleindes is die prop aan die buitekant gewoonlik kunstig met uitgekerfde patroontjies, met 'n sirkelblom as gewilde motief, versier. Die dun voorpunt van die kruithoring is afgesaag op 'n plek waar die opening die gewenste deursnee (ongeveer 10 mm) het en is netjies, glad en rond uitgekrap en voorsien van 'n noupassende proppe, gemaak van stabiele materiaal wat nie swel of krimp in die veld- en klimaatstoestande waarin dit gebruik is nie. Been, harde houtsoorte, horing of ivoor is algemeen gebruik. Die kop van die proppe is gewoonlik ook netjies afgewerk met 'n skouertjie of knoppie vooraan om 'n riempie in posisie te hou waarmee dit aan die kruithoring se skouerband verbind is om te verhoed dat die prop tydens gebruik buite bereik val of verlore raak (Le Roux, 1977:38; Mills, 2011; Spoelstra, 2001 [1922]:21). Kyk figuur 6-6.

Die kruithoring is gerieflik byderhand gehou deur dit met 'n riem van geskikte lengte oor die skouer, aan die sy te dra. Om die riem stewig en gebalanseerd aan die horing te heg, is die een punt van die skouerband om die omtrek van die kruithoring se basis geheg met netjies afgewerkte been-, ivoor- of koperspykertjies wat deur die horingwand ingeslaan en in die prop gevestig is. As sodanig het dit ook die vestiging van die prop in die horingbasis versterk en as versiering van die kruithoring gedien. Alternatiewelik is die riempie in 'n vlak gleufie, wat om die basis van die horing uitgekerf is om te verhoed dat dit verskuif, vasgetrek. Die ander punt van die skouerband is op

dergelike wyse aan die dik wande van die voorpunt vasgesit. Die mees praktiese afmeting van kruithorings is, afhangend van die eienaar se voorkeur en behoeftes, ongeveer 20-35 dm. (50-64 cm) lank. Die omtrek van die basis het eweneens gewissel tussen 200 en 250 mm (Mills, 2011; Pretorius *red.* 1988:122; Scholtz, 1987).

Horingdoppe van sommige groot lang horings van die inheemse beeste het 'n aansienlike inhoudsmaat (Lord & Baines, 1975 [1876]:443). As sodanig is hierdie horings ook soms as kruitmagasyn gebruik om groter volumes kruit te berg en te vervoer (Mills, 2011; Scholtz, 1987).

6.6.4 Lymstowwe

In die trekosera was horings, saam met velle, 'n basiese grondstof vir die vervaardiging van lym vir 'n verskeidenheid toepassings. Vir die vervaardiging van meubels en sekere musiekinstrumente was hierdie lym onmisbaar. In die hedendaagse restourasie van hierdie artikels word die tradisionele lym steeds deur die kundige vakmanne verkies. (Later in die hoofstuk volg 'n meer omvattende uiteensetting).

6.6.5 Ystersmidblaasbalke

Die inboorlinge van Afrika het tradisioneel op hul hurke gesit wanneer hulle ystersmeewerk doen. Die smid se es is op die grond gelykgeskraap en met 'n laag klei uitgelê. Elementêre tuisgemaakte blaasbalke (vir smidswerk) is vindingryk met beperkte hulpmiddels tot stand gebring. Om die toestel te prakseer, is lang oshorings nuttig as blaasbalkpyp benut. Die dik agterkant van die horings (soms ook grootwildhorings) is aan 'n gebreide velsak gekoppel om die blaasbalk te vorm waarmee die blaasbalktrekker die vuur aangeblaas het. Vir hierdie doel is die vel van kleiner diersoorte soos klein wildsbokke (steenbok) afgeslag sonder om dit in die lengte op die buik oop te sny. In die slagproses is 'n dwars spleet tussen die agterbene gemaak ten einde die vel in 'n sakvorm af te slag. Die nekopening (of een voorbeen) is dig om die lang oshoring, wat as blaasbalkpyp dien, met rouvelriempies vasgebind, terwyl die ander beenopeninge omgevou en dig toegewerk is. Die agterste snit is oopgesper deur twee reguit stokke wat aan die teenoorstaande rante van die spleet met riempies vasgewerk is, sodat 'n opening (ongeveer 75 mm wyd) gelaat is waardeur lug ingeneem kon word. Die kuns van die werking van die blaasbalk het daarin gelê om die spleet oop te maak om lug in te neem wanneer die hand gelig word en die lug af te sluit en deur die horingblaasbalkpyp te forseer wanneer die hand afgedruk word.

Elke sodanige toestel is van twee, nagenoeg ewe groot velblaasbalke voorsien, een vir elke hand van die blaasbalktrekker. Tydens die pompaksie is lug afwisselend in- en uitgesluit, ten einde deurlopend 'n lugstroom te bewerkstellig om die vuur aan te blaas. Die dun afgesaagde, oop voorpunt van die horing (blaasbalkpyp) is na die basis van die vuur gerig en met 'n kleilaag (gewoonlik 'n mengsel van gebreide miershoop en beesmis) bedek. Die blaasbalkpyp is verleng met 'n blaasbalkvorm van klei, ten einde die horing se punt teen die intense hitte van die vuur te

beskerm. Met relatief min hout en/of miskoeke kon 'n vuur gestook word wat die yster (byvoorbeeld 'n byl) binne enkele minute rooiwarm kon verhit. Hierbenewens is 'n swaar klip op die platliggende horings, wat as blaasbalkpype dien, geplaas om hulle te stabiliseer wanneer die blaasbalk gepomp word. Die smidswinkel is afgerond met 'n klip as aambeeld, enkele klein hamers en 'n groot horing met water om die gesmede yster af te koel (Burchell, 1824:483; Lord & Baines, 1975 [1876]:187; Scholtz, 1987).

6.7 Hoewe (Pote)

Uit die pote en onderbene van beeste (osse) is uiteenlopende gebruiksartikels en grondstowwe, soos in die opvolgende paragrawe uiteengesit, vir verskillende toepassings berei.

6.7.1 Gelatien

Gelatien dien as grondstof vir die bereiding van uiteenlopende produkte vir verskillende doeleindes. Gelatien vind uitgebreide toepassing op vele lewensterreine. Huishoudelik word dit gebruik vir die maak van lekkergoed en dien as voedingstof in jellie. In die wetenskap word dit as voedingsbron vir bakterieë gebruik. Op geneeskundige gebied dien dit as stelmiddel om bloeding te keer, asook vir die maak van kapsules. Tegnologies word dit aangewend by die bereiding van liggevoelige lae op fotografiese plate asook in die vervaardiging van lym en ander kleefmiddels (Bosman, 1988:85; WAT 2014. Lemma: gelatine).

6.7.2 Hoefdoppe

'n Gunstelingos wat vrek of geslag moes word se hoefdoppe is (dikwels om sentimentele redes) as nutshouers soos asbakkies, spelde- en vuurhoutjiehouers benut (Janse van Rensburg, 2009).

6.7.3 Kloutjiesolie

In die verskillende fases van die trekosera was kloutjiesolie 'n besonder veelsydige produk wat tuis gemaak is. Wanneer bees geslag is, is die pote gekrap (onthaar), opgekap in stukke en in water gekook. Die olie wat afskei, is versigtig in 'n houer afgeskep en warm gehou, waarna dit goed gesuiwer is deur dit weer te kook en sorgvuldig af te skep om van enige waterigheid ontslae te raak. Die kloutjiesolie is vervolgens in lugdigte houers (bottels of horingdoppe) gebêre om vir 'n veelvoud van gebruike aangewend te word (Sneyd, 2001; WAT 2014. Lemma: kloutjiesolie).

6.7.3.1 Beligting

Van Rooyen (1940:22) verwys na 'n eertydse gebruik om soms kloutjiesolie, by gebrek aan beter middele, te benut om lig te voorsien. Die lig wat dit voorsien, is egter swak. Hierbenewens gee kloutjiesolie ook 'n onaangename reuk af wanneer dit verbrand word (Scholtz. 1987; Van Rooyen. 1938:136).

6.7.3.2 Instandhouding van leertoerusting

Oormatige sweet van werkende diere verhard leer sodat dit bros word. Nuwe leerprodukte, veral saals, skoene, stewels en tuie, is met kloutjiesolie impregneer om dit sag en soepel te hou. As alternatief is kloutjiesolie soms met ander stowwe soos byewas en/of uitgebraaide beesvet vermeng om leer, onder andere perkament, te beskerm deur dit met die mengsel in te smeer om, benewens dit sag te hou, ook dig te maak teen vogtigheid (Miles, 2005; WAT 2014. Lemma: kloutjiesolie).

6.7.3.3 Medisinale gebruike

Kloutjiesolie, met lemmetjiesap en byewas gemeng, is tuis as medisyne gebruik om brandwonde te behandel. Pioniers het kloutjiesolie eweneens as 'n bestanddeel van heilsame middels teen borskwale benut. Vir hoes is kloutjiesolie met 'n stukkies droë kamfer en 'n stukkies teesuiker gemeng en vir die pasiënt ingegee. Hierbenewens is kloutjiesolie ook gebruik as 'n baie doeltreffende middel teen kroep ('n skor hoes), veral by kinders, weens die ontsteking van die lugweë, veral van die strottehoof (Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1938:136; WAT 2014, Lemma: kloutjiesolie).

As beesmedisyne is kloutjiesolie gebruik om beeste wat as gevolg van blousuurvergiftiging opblaas (onder andere weens die oormatige inname van groen lusern) te behandel (Sneyd, 2001).

6.7.3.4 Smeerolie

Goed gesuiwerde kloutjiesolie is gebruik as smeerolie vir fyn ratjies van huishoudelike masjiene soos horlosies (staan- of hangklok), karrings en naaimasjiene. Hierbenewens is dit beskou as goeie geweerolie, asook om roeserigheid, veral in die klammer dele van die land, op saagblaaië, beitels en ander handgereedskap te bekamp (Scholtz, 1987; Sneyd, 2001).

6.7.4 Sult

Die koue, gestolde, fynafgekookte en gekruide sjeleiagtige eindproduk van die skenkels van beeste is 'n besonder gewilde lekkerny (Sneyd, 2001; VAWB 1977:1035).

6.8 Mis

Pioniers in die afgeleë distrikte van die Kaapkolonie het groot getalle beeste besit, wat gereeld oornag gekraal is. Mis het tot 'n dik laag in die kraal opgehoop. Van tyd tot tyd is die mis in blokke uitgespit en op hope of op die kraalmure gepak waar dit kon uitdroog om as brandstof vir vuurmaakdoeleindes te dien. Sommige van hierdie krale se mure was ten volle met hierdie uitgedroogde miskoeke opgebou (Lord & Baines, 1975 [1876]:482; Burchell, 1824:114). Tydens reise was reisigers dikwels verplig om by uitspannings beesmis te versamel om vuur mee

te maak. Die beesmis brand vinnig en gee goed hitte af, maar hierdie hittebron is in nat weer nie bruikbaar nie (Mohr, 1973 [1876]:78).

In gebiede waar brandhout skaars of onbekombaar was, is droë miskoeke ook in die veld versamel en op hope gepak om as vervanging van vuurmaakhout te dien. Alvorens droë beesmis goed brand, gee dit 'n effe onwelriekende reuk af, maar verskaf besonder intense hitte, wat veral goed te pas kom waar die ystersmid die ysterbande van 'n wawiel kort. Eweneens is dit 'n nuttige hittebron vir kookdoeleindes en algemene verhitting in koue lugtemperatuur.

Kraalmis het eweneens ook ander belangrike toepassings. Dit is gewoonlik jaarliks voor die plantseisoen met ossewaens (of skotskarre) aangery en as bemesting op die ploeglande uitgestrooi (Bosman, 1988:88-89; Sneyd, 2001). Hierbenewens leen hierdie taak hom goed daartoe om jong osse te leer trek, omdat die roete gewoonlik gelykmatig en die roetine ongekompliseerd is.

Vars beesmis, effens met water verdun, is gebruik om kleimure en -vloere van wonings en skuilings te smeer en te verseël, om afskilfering te bekamp en vir 'n meer estetiese afwerking. Hierbenewens is die vloere en mure gereeld (minstens weekliks) met vars beesmis bestryk om ongewenste insekteplae, veral vlooië, wat andersins onbeheers sou aanwas, te bekamp (Jeal, 1973:77; Meiring, 1968:44; Scholtz, 2001).

Lord & Baines (1975 [1876]:188) verwys na 'n pasmaakwerkstafel wat die ystersmid met ruwe klip tot die gewenste hoogte opbou en daarna 'n werkblad, van uitstaande kwaliteit, met 'n mengsel van beesmis en miershoopklei pleister en glad afwerk.

In streke in die binneland met besonder droë klimaat het die hout van die wawiele uitgedroog en dermate gekrimp dat die speke in die naaftappe los raak. Om die uitdroging teen te werk, is dik, sterk tou om die nawe gevleg om as greep te dien vir 'n laag nat osmis wat daagliks (selfs meer gereeld) aangeplak is wanneer die wa in die dag of nag staties is (Lord & Baines, 1975 [1876]:398; Sneyd, 2001).

Velle waarvan rieme gebrei word, is met beesmis onthaar. Die vel is bloot op die grond (of in die miskraal) met die haarkant na bo uitgestrek, goed met kraalmis bedek en klam gehou. Dit is dan daagliks nagegaan. Wanneer die hare loskom, is dit met 'n plat, gladde klip of plat stuk hout (meestal 'n jukskeikop) afgestroop, alvorens die rieme uitgesny en gebrei is. In hoofstuk 8 word hierdie prosedure meer volledig uiteengesit.

Die Khoi-Khoi het beesmis benut in die breiproses van velle, wat onder andere vir kleding en as karosse gebruik sou word. In dié proses is die vel om die beurt goed met vet en beesmis, aan die vleiskant, ingevryf alvorens dit in die son geplaas is om warm te bak (Galton, 1855:102; Schapera, 1963 [1930]:310). Die beesmis het verhoed dat die vel te vinnig uitdroog sodat die vet, wat in die hitte van die son smelt, die vel beter indring om die breiproses te vergemaklik. 'n

Moderner tegniek, waardeur beesmis vermy word, is om die vel aan die vleiskant mildelik met 'n mengsel van vet en seep in te vryf. Dit word dan liggies opgerol en in 'n plastieksak dig toegemaak en vir ongeveer 'n uur in die son gelê om te sweet alvorens met die breiproses begin word (Oosthuysen, 2009).

6.9 Proviand, spoorsny en beskerming

Die Portugese seevaarders het met hul vroegste ontmoetings met die Khoi-Khoi aan die kus van Suid-Afrika reeds waargeneem dat hulle besonder vaardige hanteerders van hul osse is. Vegosse is afgerig om op hul eienaars se bevale (fluitgeluide, gebare en stem) te reageer (Axelson *ed.* 1988:8; Gordon & Talbot, 1983:5). Volgens Kolbe, soos aangehaal deur Schapera (1963 [1930]:297) het die Khoi-Khoi-veewagters uitgesoekte osse afgerig om behulpsaam te wees om hul vee op die weiveld te beskerm. Hierdie osse was streng gehoorsaam aan die stem van hul eienaar en het allerlei indringers verdryf en rowers 'n onwelkome ontvangs gegee. Alhoewel Schapera die benutting van osse, wat soos skaaphonde gebruik word, betwyfel, is die benutting van vegosse onder ander omstandighede egter deur verskeie ander waarnemers, soos hierbo aangedui, bevestig.

Swart impies het tydens hul militêre ekspedisies en rooftogte groepe osse vir proviand saamgeneem, terwyl ander osse as spoorsnyers meegeneem is. Laasgenoemde osse het die geroofde beeste, dikwels in nagtelike terugkeer, na die rowers se tuiskraal gelei (Angas, 1974 [1849]:52). Beeste beskik oor 'n besonder fyn reuksin, asook aanvoeling vir rigting. As osse van hul bekende weivelde, of kudde, weggedryf word kan hulle sonder veel moeite op hul eie spoor terugkeer.

6.10 Senings

Die benutting van senings (soos hieronder aangedui) het uiteenlopende toepassings by die konstruksie van praktiese gebruiksartikels gevind.

6.10.1 Pyle en boë

In die Suid-Afrikaanse konteks is die San, wat die maak van pyle betref, as meesters van hul vak beskou. Vir die pylstok is riet gebruik, waarvan die punte gesplits is sodat 'n pylpunt van been daarin kon pas. Die riet se punt is vervolgens netjies versterk, met senings styf daarom gedraai, om te verhoed dat hulle tydens hantering oopbars sodat die styfpassende beenpylpunt daarin bly sonder om permanent gevestig te wees (Burchell, 1824:199). Die senings wat vir hierdie doel gebruik is, is goed met speeksel in die mond aangeklam, waarna dit styf om die las met die rietpylstok gedraai en aan die beenpunt vasgebyt is. Dit is dan gelaat om te droog sodat dit om die las kan vaskrimp. Die impak van die pyl in die prooi was egter voldoende om die versterkte rietsplitsing te breek sodat die pylstok makliker kon afval terwyl die beenpylkop (met gifstof bestryk) in die prooi gevestig bly.

Hierbenewens is senings gebruik om die gesplete skag van 'n vlerkveer (volstruis of ander groot voël), wat as 'n weerhaak in die prooi se vleis dien, aan die pylkop te heg. Die pylkop is verder met senings oor dié weerhaak opgebou om as basis te dien waaroor die nat, lymagtige gifstof (gifstowwe van slange en plante) gesmeer is, om droog te word. Wanneer warm bloed en liggaamsvog van die prooi die gifstof oplos, dien die gesplete veerskag as geleibuis vir die gifstof tot in die prooi se liggaamswaefsel (Lewis-Williams *ed.* 2002:107). 'n Groot bate van sening vir hierdie doel, teenoor ander hegmiddels soos riempies of boombasvesels, is die lae massa en fyn draad daarvan, wat nie die ewewig van die pyl versteur nie. Dit maak die pyle meer vaartbelyn.

Die lang rugstringvesels van die sening van beeste, veral groot osse, is goed benut as boogsnare, aangesien dit besonder geskik is om pyle mee af te skiet.

6.10.2 Huishoudelike naaldwerk

Garing van linne is nie geskik om die nate van velklere mee vas te werk nie, aangesien die nate neig om gou los te trek. Die pioniers het vir hierdie doel die senings gebruik wat van die spiere aan die rugstring van beeste (en ander groot herkouers) verkry is (Spoelstra, 2001 [1922]:135-136). Hierdie senings is relatief lank en breed sodat die seninggaring in gewenste breedtes gesny en gerol of rondgestryk is (met 'n strykriempie) om aan spesifieke behoeftes van die werkklas te voldoen.

6.11 Speelgoed

Argeologiese opgrawings dui daarop dat die gewrigsbene uit die bees se knie millennia gelede reeds as speelgoed gedien het. In hierdie verband verwys Bosman (1988:90-91) na opgrawings deur dr. S.J. du Plessis gedurende 1978, in die Kidronvallei in Israel. 'n Stel dolosse van nagenoeg 2,000 jaar oud is daar gevind. Hierbenewens het opgrawings by Selonsberg in die Rustenburgomgewing kleiosse opgelewer wat ongeveer 300 jaar oud is. Dolossies wat uit klip en brons nagmaak is, dui daarop dat Babiloniese en Griekse kinders ook lief was om met dolosse te speel (WAT 2014. Lemma: dolos).

Tydens die trekosera in Suid-Afrika was die trekos 'n besondere inspirasie vir kinders om hul eie speelgoed, geskoei op daaglikse aktiwiteite van die volwassenes, te maak. Uiteenlopende tipes materiale is gebruik om speelgoedosse, -waens en -sleë te skep.

6.11.1 Dolosse (gewrigsbeentjies)

Gewrigsbeentjies van die hakske van beeste was 'n gunsteling-speelgoedmateriaal. Die knobbel aan die punt van die beentjie bied 'n handige punt om die riempies aan die speelossie te koppel wanneer dit ingespan word. Die juk is bloot 'n stokkie teen die "skof", wat met 'n toutjie, gevlegte grashalms of dun riempie om die "nek" vasgebind is. Die trektou is van dieselfde materiaal gemaak. Tydens spel kon die hele span dolosse, met wa (onderkaak van 'n bees) of slee (bladbeen van 'n bees/skaap of 'n mikstok met dwarshoutjies), vooruitskuif deur bloot die voorste paar te trek (Scholtz, 1987). Kyk figuur 6-7.



**Figuur 6-7: Speelgoed van been verkry
Van Schalkwyk, V**

6.11.1.1 Kleiosse (Potklei)

Potklei was 'n gewilde alternatiewe materiaal om speelgoedosse te vorm. Rooi of swart klei is deeglik deurgebrei. Die kleios, sonder te veel detail, is volledig soos 'n os moet lyk, gevorm en met die duim netjies glad afgewerk. Vir hierdie doel is die duim met speeksel of water benat. Hierna is dit, ten einde barsies te voorkom, binnenshuis in die koelte gelaat om stadig en goed uit te droog. Hulle is dan teen lae temperatuur in 'n oond gebak om hard te word. Die kleiossies is ook, voordat hulle gebak is, liggies met 'n mengsel van vet en osbloed gesmeer om 'n besonderse glans te verkry. Die horings van klei is dikwels vervang met geskikte doringe, onder andere van die soetdoringboom. Wanneer kleiosse "gedryf" is, is die span nie bloot aan die voorste paar (soos met dolosse) getrek nie, maar die ossies is paar vir paar beweeg om te verhoed dat breekskade, veral aan die pote en horings voorkom. Tydens spel het die jong drywers hulself ten volle uitgeleef. Elke dolos het sy naam en trekposisie gehad en is luidkeels met die standaardosdrywersterme gedryf (Bosman, 1988:90-94; De Coning, 1984:1-3; Scholtz, 1987).

6.12 Die vel

Die vel van die trekos (en van ander herkouters) is 'n besonder veelsydige byproduk. Velle is gebruik by die vervaardiging van uiteenlopende hulpmiddels, nie alleen in die direkte benutting van die trekos as kragbron nie, maar op vele ander lewensterreine van die verskillende Suid-Afrikaanse volksgroepe. Die velle van vele ander diersoorte (soos wildsbokke, dassies, ensovoorts) is insgelyks benut en berei, hetsy ter aanvulling van die osdrywer se hulpmiddels van osvel of as nutsartikels in eie reg. In hierdie studie word die bereiding en benutting van dergelike velle (hoewel nie 'n direkte byproduk van die os nie), waar van toepassing, as 'n integrale onderdeel in die kultuur van die trekos beskou. As sodanig dien die benutting en verwerking van velle ook as 'n bousteen van kultuur by onderskeie volke en het dit ruim bygedra tot die bevrediging van stoflike en geestelike behoeftes en die uitbouing van tradisionele kultuur. Hierbenewens is produkte van vel 'n belangrike element van akkulturasie ter versterking van wedersydse uitings van kultuur.

In Suid-Afrika het die Khoi-Khoi reeds toe die Portugese seevaarders, en die latere reisigers na die binneland, met hulle in aanraking gekom het, osvel vir 'n verskeidenheid doeleindes gebruik. Dit was 'n komponent van hul volkskultuur en hul tegnieke in die bereiding en verwerking (breimetode) van velle. Veral smal stroke wat vir die maak van rieme aangewend is, is 'n primêre grondslag wat grootliks bygedra het tot die unieke tradisionele Suid-Afrikaanse karakter verbonde aan die benutting daarvan. Vir die pioniers, reeds vanaf die 17de eeu, was die bereide rieme wat uit osvel gesny is 'n volhoubare en geredelik beskikbare vasbindhulpmiddel vir 'n veelvoud van alledaagse toepassings.

Binne die verwysingsraamwerk van die Suid-Afrikaanse osdrywerstaal word veral twee terme, te wete "varsvel" en "rouvel", duidelik onderskei. 'n Varsvel is die pas afgeslagte vel (onbehandel, onbewerk en ongesout) waarvan bloederigheid wat daaraan mag wees, vanweë die afslagproses, afgewas is. Sodra die vel primêr verwerk is, word daarna verwys as rouvel, wat benut word in die vervaardiging van allerlei gebruiksartikels. In die Suid-Afrikaanse konteks behels hierdie primêre bereiding (om verrotting te voorkom) meestal 'n behandeling met sout (natriumchloried), maar vroeër dikwels ook aluin (dubbelsout - 'n mengsel van aluminiumsulfaat en kaliumnitraat). Ná behandeling is die vel oopgevelek om te droog vir latere bewerking. Sekondêre verwerking behels ontharing (indien nodig) en die looi of brei van die rouvel (Miles, 2005; Oosthuysen, 2009). Die tegniese en praktiese aard van die bereiding, benutting, en verwerking van osvel (en velle in die algemeen) word meer omvattend in hoofstuk 7 en 8 uiteengesit.

Die onderstaande paragrawe omskryf 'n meer uitgebreide uiteensetting van tersaaklike benutting, gebruike en toepassings van beesvelle.

6.12.1 Beskutting

As materiaal vir die bekleding van skuilings teen die natuurelemente is die velle van beeste (en wildsoorte) algemeen onder uiteenlopende omstandighede benut. Trigardt meld in sy dagboek, op die 16de Desember 1837, dat sy seun Pieta velle oor die skerm getrek het (Le Roux, 1977:6). Die Khoi-San het meestal hul skuilings met rietjiesmatte beklee, maar in koue en reënweer is die hutte versterk met velle (Schapera, 1963 [1930]:310). Tydens die Anglo-Boereoorlog is velle by wagposte te velde nuttig as bedekking vir skuilings benut (Visser, 1985:27). Hierdie velskuilings het met geredelik beskikbare materiaal 'n goed gekamoeleerde afronding verskaf.

6.12.2 Estetiese waarde

Leer van beide rou- en gelooide vel leen hom tot 'n verskeidenheid uitinge van kuns. In die besonder leen die osvel hom onder andere tot die bereiding van geskikte panele vir skilderwerk. 'n Vel wat goed berei en gebrei is, word behoorlik gespan om met 'n toepaslike verf daarop te skilder. Dit verteenwoordig 'n tegniek wat nie alleen plaaslik toegepas is nie, maar ook in ander lande, soos Argentinië, waar beesboerdery wyd beoefen word (Bosman, 1988:86-87). Benewens skilderkuns is ander artikels van leer, soos vlegwerk (veral met tradisionele rouvel) en patrone wat in reliëf op leer aangebring word, spesialiskunsvorme. Desgelyks word boekomslae van leer besonder duursaam en waardevol geag.

Leer, met sy vele gesofistikeerde tegnieke van bereiding en afwerking, is tans, onder andere wat aktetasse, handsakke, kleding, koffers en bekleedsel vir meubels betref, in die praktyk besonder duur, luukse produkte van groot praktiese en estetiese waarde.

6.12.3 Kleding

Tydens die hoofstroom-era van die trekos in Suid-Afrika het mense uiteenlopende kledingstukke uit vel, waarvan kalf- en osvelle weens hul geredelike beskikbaarheid 'n belangrike komponent was, gemaak. Hierdie kledingstukke en veldoekhoofotoisels was keurig en sierlik (Burchell, 1824:363, 380). Velle is op groot skaal gebruik vir die maak van kleding en skoeisel (Van Rooyen, 1938:134). Hierbenewens is die stukke vel, waar die kledingstukke gefatsoeneer is, dikwels met senings of dun, rondgestrykte riempies aanmekaar vasgewerk of is riempies as toeknoopbandjies benut.

6.12.3.1 Komberse, karsse en slaapmatte

Gebreide, behaarde ligte beesvelle, benewens kleiner velletjies (van kleiner diersoorte) is in die pionierwonings en op die wakatel as karsse (komberse, dekens) en slaapmatte benut. Die karsse (met en sonder hare) is algemeen deur die Khoi-San as mantel of skouerkleed en slaapbedekking

gebruik. Die wakatel wat algemeen op trek gebruik is, het bestaan uit 'n stewige raamwerk van hout, met vier los pote, en is met riempies gemat.

Die benutting en bereiding van velle as kombers (of deken) is 'n eg Suid-Afrikaanse praktyk geskoei op die Khoi-karos, maar behels 'n veel groter weergawe daarvan waar verskeie stukke vel aanmekaargewerk is. Velle van die inheemse skape, met hul haarbedekking in plaas van wol, was 'n gewilde keuse. Wanneer hierdie velle deeglik berei, skoongemaak en afgewerk is, bied dit 'n meer knus, warm bedekking as wat van enige ander beskikbare materiaal verkry kon word. In Suid-Afrika is hierdie karosse of velkomberse, weens hul besondere nuttigheid, deur die pioniers hoog geag en vry algemeen, veral in die koue streke, gebruik (Burchell, 1824:175).

6.12.3.2 Baadjies, dasse en hoofbedekking

Die pioniers het benewens die gelooide velle van kleiner diersoorte ook kalfsvel as onderbaadjies en broeke benut. Velle is ruimskoots benut vir die maak van velklere, veldasse en hooftooisels (Botha, 1970 [1926]:81; Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1938:134).

6.12.3.3 Kuit- en enkelringe

Die Khoi-Khoi en die inwoners van Kaffraria het 'n aansienlike getal ringe van rouvel om die bene en arms gedra, wat op die oog af die bene 'n lomp voorkoms gegee het. Die oningeligte buitestander kon dit aansien as 'n vorm van versiering, maar inderwaarheid is dit 'n meganisme van beskerming teen krapmerke van doringagtige bossies en ander soortgelyke obstruksies wat oral in die veld, waardeur hulle gestap het, voorgekom het. Die dik ringe van rouriem (uit osvel verkry) het die bene, veral by die vroue, vanaf die wreef tot bokant die kuite bedek. Hierbenewens is die arms ook op dergelike wyse beskerm. Om die pasmaakringe te verkry, is stroke uit nat rouvel gesny. Die punte is aan mekaar geplooi en gevou om 'n ring te vorm en die riemstrook dan netjies rondgeslaan tot so 'n mate dat die las haas onsigbaar is. Die ringe is oor die voet gedwing en van tyd tot tyd met vet gesmeer om oormatige uitdroging en hardheid te beperk (Burchell, 1967 [1824]:396; Burchell, 1824:563; Thunburg, 1779:178).

6.12.3.4 Skoeisel

Vir die pioniers was osvelle 'n belangrike grondstof waarmee skoeisel, veral ook die tradisionele velskoen, prakseer is. Hierdie velskoene, met 'n lae of geen hak nie, was geskoei op verskeie patrone van sandale wat algemeen deur die Khoi-Khoi gedra is. Hierdie skoeisel, wat besonder gemaklik aan die voet pas, is om die voete vasgegespe of met riempies aangeheg (Botha, 1970 [1926]:81; Van Rooyen, 1938:134).

Beide die Khoi-Khoi en die Trekboere was hul eie skoenmakers, wat selde ander skoeisel gedra het. Twee basiese tegnieke het algemeen voorgekom. In die eerste geval word die vel van 'n os, weens sy dikte, slegs vir die sole gebruik, terwyl die boleer, wat aan die sool

vasgewerk word, van 'n klein wildsbok se vel of enige ander vel wat ewe sag en plooibaar is, gemaak. Vir die sole word die varsvel in stukke, volgens die grootte van die voet, gesny en gelaat om te droog. Vervolgens word die stukke met vet gesmeer en gehamer (gebrei) tot dit witterig vertoon en die voorkoms van leer het. Die tweede metode is veel eenvoudiger, aangesien die skoene uit 'n enkele stuk osvel, sonder enige stikwerk, bestaan. 'n Stuk varsvel, met die hare na buite, word aangewend. Die patroon van die vel word so uitgesny dat dit om die voet toevou. Reg om die rand van die uitgesnyde stuk vel, uitgesonder die deel wat agter die hak van die voet opgebui is, word 'n ry gaatjies gemaak waardeur dun riempies geryg is om die skoene stewig, maar gerieflik, om die voet te bind. Om sy fatsoen te behou, bly dit aan die voet totdat die rouvel voldoende droog en volhard. 'n Nadeel van hierdie velskoene is dat klammigheid dit dermate versag dat hulle beswaarlik aan die voete kan bly, terwyl hulle in droë weer baie hard en onbuigsaam word en die sole op bepaalde oppervlaktes soos skuinstes, veral met 'n grasbedekking of op plat rotse, besonder glad kan wees om mee te loop (Burchell, 1976 [1824]:214-215).

Buitengewone pasmaakskoene is deur die Khoi-Khoi en San uit die hakskeenvel van 'n dier van geskikte grootte (bees, sebra, ensovoorts) verkry. Die vel is op geskikte hoogte bokant die hak in 'n buisvorm na onder afgeslag sodat die hoek wat die os se hak vorm 'n natuurlike skoenhak uitmaak. Die voorpunt van die buis is toegeryg terwyl die bopunt, waar die voet ingelaat is, net lank genoeg oopgesny is en met riempies oor die wreef vasgetrek is (Lord & Baines, 1975 [1876]:379). 'n Verskeidenheid sandale is ook gebruik. Die buitelyne van die voete is op 'n geskikte stuk osvel afgetrek en uitgesny om as sool vir die sandale te dien wat met riempies aan die voet verbind is (Lord & Baines, 1975 [1876]:384).

Die voorbeeld van 'n houtlees (in die Klerksdorp museum) waarop skoene geskoei is, illustreer duidelik dat die grootte van die skoene wat gemaak word maklik aangepas is deur stroke leer of riem om die rand van die lees, tot die gewenste grootte vir die betrokke voet, aan te bring. Die beslommernis om 'n veelvoud lese aan te hou om verskillende groottes skoene te bedien, is op hierdie wyse met stroke riem omseil.

6.12.4 Lym


Die term "lym" verwys onder meer na 'n kleefstof wat berei word deur dierlike afvalstowwe soos hoewe, horings en (of) velle (of 'n mengsel van hierdie grondstowwe) te kook waardeur die kollageen hidroliseer tot glutien (WAT 2014. Lemma: lym; VAWB 1977:554) Tydens die bereiding moet streng gewaak word daarteen dat die inhoud van die kooksel nie skroei nie (Galton, 1855:101). By afkoeling verhard die glutien. Dierlike lym is nie uitermate bros ná afkoeling in 'n voeg nie, maar behou 'n mate van buigsaamheid – 'n besonder nuttige eienskap waar 'n geringe mate van soepelheid in die tersaaklike voeg van die eindproduk benodig word.

Dierlike lym het 'n besonder lang funksionele lewensduur. Oor eeue heen het dit uiteenlopende toepassings op 'n wye spektrum van menslike behoeftes, beide tasbaar en nietasbaar, gevind. Dit is onder andere in die vervaardiging van houtmeubels benut om voeë stewig te heg en te verseël. 'n Knus voeg, behoorlik gelym, behoort sterker as die hout self te wees. Voordat die gelymde voeg vir gebruik onder spanning geplaas word, moet die lym egter goed afkoel en set. Dierlike lym is 'n veelsydige produk, wat benut word vir die versterking van bekleedsel en boogsnare, om bekleedsel aan houtmeubels te heg, in bereiding van dun vernis vir houtprodukte en les bes in die vervaardiging van bepaalde musiekinstrumente (WAT 2014. Lemma: lym). In die hedendaagse restourasie van onder andere antieke viole, houtfluite en -meubels, word dierlike lym steeds deur die kundige vakmanne verkies. Teen die sewentigerjare van die 20ste eeu is die vervaardiging van lym, vir alledaagse gebruik, toenemend deur sintetiese stowwe oorheers.

6.12.4.1 Bereiding van lym uit vel en/of horing

Die vel of horingdoppe word in water gekook om 'n vloeibare jel (glutien) te verkry, wat in geskikte vorms gegiet is om af te koel en te stol. By afkoeling verhard dit tot 'n harsagtige tekstuur, wat as sodanig geberg word vir latere gebruik. Vir kommersiële gebruik en verpakking is die lym tot korrels of klein stukkie verwerk.

Vir gebruik as lym word 'n hoeveelheid van die korrels afgemeet en in water verhit tot dit sag is. Daar moet daarteen gewaak word dat dit nie kook of aan hoër temperature as stoom blootgestel word nie, want dit verswak die klewerigheid van die lym. Ten einde hierdie probleem te ondervang, is die lym met water in 'n lympot (van gietyster) vir aanwending verhit. Die lympot bestaan uit twee ronde houers waar 'n kleiner houer in die groter houer inpas. Die klein houer is voorsien van 'n plat skouer om die borant, wat op die borant van die groter houer rus. Die buitehouer, wat aan die hittebron (primusstofie of 'n oop vuur) blootgestel word, bevat water wat die binnehouer omsluit sodat die lymkorrels in die binnehouer, wat met 'n lagie water bedek is, nie aan uitermate hoë temperatuur onderwerp word nie. Hierbenewens dien die warm water in die buitehouer om die lym tydens gebruik vir 'n langer tydperk op die verlangde graad van sagtheid vir aanwending te hou (Van Zyl, 2009). Tydens die verhitting van dierlike lym, om dit sag en plooibaar vir gebruik te maak, moet daarteen gewaak word dat die lymstof nie skroei en die tekstuur benadeel nie.



Figuur 6-8: Lympot
Marius Oosthuysen-fotoversameling

6.12.5 Meubels

Benewens die indirekte benutting van die verwerkte vel as 'n lymstof by die vervaardiging van meubels en leerbekleedsel is dit in Suid-Afrika eweneens as matwerk vir meublement, beide in wonings en die waens, benut.

Die pioniers in die afgeleë, landelike gebiede was op hulself aangewese vir die voorsiening van hul meubels. Dit het geskied met beperkte gereedskap vir die opsaag en verwerking van houtstompe. Hierbenewens het geskikte, bruikbare houtsoorte in sommige gebiede dikwels ook ontbreek. 'n Belangrike praktiese oorweging was die beperkte laairuimte en dravermoë van die waens. Ligte en opvoubare meubels was in hierdie opsig 'n groot voordeel. In wese is die basiese ontwerp van die meublement bloot 'n raam van hout. Om die probleem van spaarsaamheid met beskikbare hout, en swaar lomp meubels te oorkom, is die sitplek van stoele, en dikwels ook die rugleunings, met 'n matwerk, wat uit gebreide rouvelrieme gesny is, voorsien. Sterk en duursame riempiematte (waarvan die riempies, teenoor ander matmateriaal soos rottang, vryelik beskikbaar was) vervang dus grootliks die funksie van hout. Hierdie riempiesmeubels (banke, beddens, katels, stoele, veld- en opvoustoeltjies, ensovoorts) is 'n eg Suid-Afrikaanse

toepassing wat in 'n groot mate geskoei is op genoemde praktiese oorwegings. In hierdie verband beklemtoon Lord & Baines (1975 [1876]:388) asook Meiring (1968:40) byvoorbeeld die praktiese nut van die ligte duursame pasmaakriempiesbed (ook die wakatel). Gebreide rouvelle wat aan mekaar gewerk is (soms opgestop met wol of gras), het as elementêre matras oor die katel se riempiemat gedien (Barrow, 1806:118).



Rusbank gemat met gebreide riempies



Stoeltjie met riempiesmat

Figuur 6-9: Meubels met riempies
<https://www.ougatmeubels.co.za>

6.12.6 Rieme

Met verwysing na rieme as 'n primêre kernkomponent van die trektoerusting van die Suid-Afrikaanse trekos word dit in hoofstuk 7 meer omvattend beskou en uiteengesit. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word hoofsaaklik na sekondêre gebruike van rieme gelet, hetsy gebrei of rouriem. Van die vele produkte of artikels wat uit die osvel verkry word, is rieme sekerlik die veelsydigste en nuttigste kultuurproduk, vir 'n veelvoud toepassings van sy tyd. Rieme, wat in lang stroke uit die rouvel gesny en gebrei is, was vir die Khoi-Khoi, reisiger, trekboer, transportryer en saaiboer van die Suider-Afrikaanse pak- en trekosera onmisbaar.

Hierbenewens is die deugsamheid van ongebreide, nat rouvel dat dit verhard en neig om te krimp wanneer dit droog word (in teëstelling met plantaardige vesel wat verslap); dit klem dus vas om die artikel wat styf met die nat rouvel verbind word (Lord & Baines, 1975 [1876]:191). Oor die eeue heen is die gebruiksmoontlikhede van rieme, hetsy rou (ongebrei) of gebrei, legio. Die toepassing in gebruik van die twee tipes rieme is soms, vanweë hul inherente verskille, uiteenlopend.

Vroeë reisigers in Suid-Afrika het die algemene waarde van rieme deeglik besef en dit as 'n reddingsmiddel van selfbehoud beskryf (Balfour, 1896:138). Hierdie reisigers het, wat breekskade aanbetref, nie goedsmoeds in wanhoop verval nie. Mits hout, 'n paar stukke basiese gereedskap en veral rouvel beskikbaar was, kon 'n funksionele herstel van bykans enige breekskade aan hul rytuie en toerusting prakseer word.

6.12.6.1 Bindmateriaal

Tot vroeg in die twintigste eeu het die Khoi-Khoi van die Kalahari nog grootliks van pak- en ryosse (wat besonder gemaklike rydiere is) as vervoermiddel gebruik gemaak. As sodanig is die osse beheer en hanteer met behulp van 'n relatief ligte, dunnerige neusriem, wat met behulp van 'n klein mikstokkie deur 'n gaatjie in die neusseptum geheg is. Om goedere op die pakos te pak, is 'n kuns in eie reg. Die vrag (byvoorbeeld die karkas van 'n hartebees of die raamwerk van 'n skuiling) word gebalanseer aan beide kante van die rug geplaas en met lang rieme, herhaaldelik oor die rug en onder om die buik gevleg, vasgetrek. Daar moet egter deurentyd daarteen gewaak word daarteen dat die os homself nie in die proses opblaas nie, aangesien die vrag verskuif wanneer die grootte van die os se lyf na normaal terugkeer (Hodson, 1911:36).

As 'n koord vir velerlei vasbinddoeleindes, onder andere aan onderdele van die ossewa, watent, wonings en ander gebruiksartikels, was rieme (riempies) standaard bindmateriaal. Die booglatte van die watent (gewoonlik vyf) is aan weerskante van die wa met kramme op hul vaste posisies aan die bo- en onderleerbome geheg, die punte van twee teenoorstaande latte is na mekaar omgebuig en stewig met rieme op die verlangde ronding, om die boog te vorm, vasgemaak. Aan die sykante is die boë met verskeie dwarsrye riete (die ribbetjies van die tent) stewig en kunstig met riempies aanmekaar geheg. So 'n watent kon vir jare as woon- en slaapruiimte dien (Spoelstra, 2001 [1922]:78). Die seil wat oor die raam gespan is se onderste rant is eweneens goed met riempies, wat daaraan vasgewerk is, aan die leerboom vasgeknoop (Lord & Baines, 1975 [1876]:388).

Die bedekking van luike en deure van pionierswoningen is algemeen met riem, as skarniere, aan die mure vasgesit (Meiring, 1968:44). Die dakkappe is meestal met stroke nat rouriem (wat krimp wanneer dit uitdroog) aan mekaar en aan die houtpale van die mure vasgetrek om 'n duursame, harde hegband te vestig.

'n Besonder bondige, maar treffende samevatting deur Bosman (1988:88) illustreer die veelsydige gebruik van rieme as volg: "Voordat draad beskikbaar was, is alles wat vasgemaak moes word met rieme gebind, of dit nou 'n koei was wat gespan is om gemelk te word of bale wol, koringgerwe of vragte hooi wat vervoer word ... Byna alles wat breek, is tydelik met 'n lengte platriem gelas, van die disselboom tot 'n geweerkolf, stoelpoot, tentpaal en hamersteel".

6.12.6.2 Herstel, versterking en/of vervanging van onklaar toerusting

Wanneer 'n ysterkram van die osjuk sou breek, is 'n stuk riem as plaasvervanger gebruik om die trektou aan die juk te heg (Burchell, 1967 [1824]:433). In die trekosbedryf word rieme algemeen benut om gebarste, gebreekte of los onderdele (meestal hout en yster) van die trektoerusting, implemente of voertuie te versterk of tydelik te vervang. Vir hierdie onvoorsienighede is 'n

verskeidenheid rieme hetsy vir stroppe, swepe, trense en so meer in die bokkis van die wa gehou (Gronum, 1974:32; Gronum, 1975:63; Scholtz, 1987).

Wanneer die ossewa se langwa (die houtbalk wat die agterste en voorste stel wiele aan mekaar verbind) weens die een of ander onvoorsiene voorval 'n ernstige kraak sou ontwikkel, is dit tydelik versterk deur nat rieme styf daarom te draai en vas te bind totdat 'n nuwe balk, wat uit 'n geskikte boomstomp gekap word, verkrygbaar is (Balfour, 1896:138). Desgelyks word die punte van jukke oftewel die jukkoppe, wat dikwels neig om te bars weens uitdroging van die hout, versterk met 'n riem (rou of gebrei) wat styf daarom gedraai en vasgebind is.

'n Alternatiewe vorm van rouriem is wanneer dele van die vel in 'n kous- of buisvorm van geskikte dele van die ledemate of stert, vir 'n spesifieke toepassing, afgeslag word. In die spesifieke geval van 'n disselboom wat bars en nie geredelik vervang kan word nie, word die vel van 'n os se been van voldoende lengte, waar dit die geskikte deursnee het, afgeslag. Terwyl dit nat is, is dit noupassend oor die gebarste deel van die disselboom (of langwa) getrek. Wanneer die vel droog word en styf om die disselboom krimp, kan so 'n las selfs sterker wees as die oorspronklike houtbalk. Dienooreenkomstig versterk 'n geskikte gedeelte van die stertvel ook 'n gekraakte sweepstok van die wasweep (Lord & Baines, 1975 [1876]:191).

In die geval waar 'n speek aan 'n wawiel sou breek, dien die osriem as betroubare band om 'n tydelike vals speek aan die wiel te heg ten einde die velling (en wiel) te versterk. Vir hierdie doel is 'n houtbalk, dikker as die bestaande speek, gebruik. Aan die een punt wat aan die agterkant van die wiel oor die velling pas, is 'n skouer ingesny om teen die binnerand van die velling vas te druk, terwyl die ander punt knus pas in die ruimte tussen die aangrensende speek om teen die naaf vas te skop wanneer dit in posisie ingeslaan word. Aan die buitekant van die wiel word twee dwarshoutbalke (die volle deursnit van die wiel) aan weerskante van die naaf en oor die velling geplaas en met osrieme aan die aangrensende heel speke vasgebind om die vals speek deeglik in posisie te hou (Lord & Baines, 1975 [1876]:192).

'n Wielband van nat rouvel wat kundig om die velling van die wawiel geheg is en stadig droog word, is in die praktyk bykans net so doeltreffend as smeeyster (Lord & Baines, 1975 [1876]:398).

Vir die toepassing van laasgenoemde prakseersel is dit egter voor die hand liggend dat 'n geskikte groot en dik vel, soos dié van 'n volwasse os, vir die doel gebruik word en dat dit in die koelte droog word ten einde goed om die velling te klem tydens inkrimping.

In tye voor die geredelike beskikbaarheid van ysterdraad en kettings was rieme ook in die remstelsel van ossewaens onontbeerlik (Lord & Baines, 1975 [1876]:390). Die houtremskoene is onder die agterwiel/e met 'n sterk riem aan die voortang asook aan 'n speek en velling gevestig.

Die briekblokke is desgelyks haaks teenoor die agterwiele (aan die skilpad op die briekbalk) van die bokwa geheg.

In die praktyk dien bogenoemde voorbeelde slegs om die uiteenlopende aard van die gebruik van rieme aan te dui, bloot as 'n beknopte raamwerk van die wye spektrum van toepassings.

6.12.6.3 Maatbande

Die erwe van vele dorpe is in die trekosera, by gebrek aan landmeterkettings, met rieme uitgemeet. Enkele voorbeelde van hierdie benutting van rieme word aangehaal. Daar moes egter gewaak word teen die gebruik van rieme aangesien hulle in nattigheid (dou in die oggend) rek, met die gevolg dat die eerste afgemete erwe soms aansienlik groter kon wees as dié wat later in die dag uitgemeet is. In die geval van Vryburg moes die uitmetings die volgende dag oorgedoen word (Van Rooyen, 1938:134). Die stigtingserwe van Potchefstroom was in die algemeen nie in 'n reguit lyn nie vanweë rieme wat gerek het. In Wakkerstroom was die opmetings egter baie akkuraat en latere opmetings het min foute aangetoon (Bosman, 1988:82).

6.12.6.4 Trektoerusting

Die belangrikste alledaagse gebruik van rieme is as komponent van verskillende onderdele van die trektoerusting. As sodanig dien dit eerstens as 'n elementêre halter oftewel 'n osriem. Die osriem is gewoonlik 3.3 tot 4.2 m (11-16 vt.) lank met 'n oog óf met 'n ysterring ongeveer 32 tot 38 mm binnemaat, om 'n lus aan die een punt te kan vorm. Deur bloot die lus van die riem om die trekos se horings te vestig dien dit as leiriem of om hom, wanneer nodig, aan iets vas te maak.

Die hoofbenutting van die osriem is vir die hanteerder om die os, tydens algemene hantering of die inspanproses, vas te hou. Terwyl die osse ingespan is, bly die riem van elke jukpaar om hul horings. Die riem van die haaros (regterkant) word netjies reguit en nie té styf na die hotos (linkerkant) oorgetrek, en saam met die riem van die hotos om laasgenoemde se horings gekoppel (geveg). Die punt word aan die vlegsels geknoop sodat dit nie los hang en die os se oë pla nie (Burchell, 1967 [1824]:151; Oosthuysen, 2011b). Hierdie koppeling dien om elke paar osse tydens die trekaksie ewewydig aan mekaar in die span te hou. Tweedens dien korter lengtes rieme as trensrieme (ook jukrieme of trense genoem) waardeur die jukke aan die trektou gekoppel word. Voorkeurdele van die vel vir trense is die sagter pens- en liesdele om die maak van die koppeling tussen die jukkram en trektou te vergemaklik (Smith, 1988; Sneyd, 2009).

Derdens word deeglik sag gebreide osvel verwerk (gerol-draai en geknoop om lusse aan die punte te vorm) tot stroppe wat om die keel van die os strek en aan die jukskeie gevestig word, om die juk op die verlangde posisie teen die skof te hou wanneer die os trek.

Die sweep is in die algemeen 'n vierde standaardhulpmiddel. Dit dien nie alleen as onderdeel van die trektoerusting nie, maar is 'n belangrike instrument vir vele en uiteenlopende nutsfunksies, ook buite die direkte bestek van die osdrywer se nering.

'n Sweep word meestal uit geskikte gebreide rieme vir die doel waarvoor dit gebruik word pasgemaak, hetsy as kalwer-, lammer-, pluimvee-, veewagter-, wa-sweep en so meer. As sodanig beskryf Burden (1991:66) dit, in die konteks van die trekosera, as 'n prominente deel van seuns se opvoeding om 'n sweep vaardig te hanteer en behendig te kon klap.

Die unieke Suid-Afrikaanse osdrywersweep is 'n apparaat wat weens sy uitsonderlike lengte met beide arms hanteer word. In die hande van 'n ervare osdrywer is dit 'n uiters nuttige werktuig om die lang spanne osse te beheer. Die samestelling, afmetings, konstruksie en benutting word met meer detail, as deel van die trektoerusting, in hoofstuk 7 uiteengesit.

Vir die osdrywer is die buitengewoon lang wa-sweep primêr 'n instrument waarmee die span osse aangedryf word. Die klap van die lang, dun, ronde, spitslopende en soepel sweep lewer 'n veel harder geluid met 'n veel meer intense vibrasie van die lug wat veel verder as dié van 'n geweeskoot waargeneem kan word. As sodanig is dit 'n besonder effektiewe metode waarmee ongewenste wilde diere afgeskrik kan word (Sparrman, 1977 [1785-1786]:45).

Hierbenewens is die klap van die sweep onder bepaalde omstandighede, soos wanneer groepe waens tydens 'n trek van mekaar sou afdwaal, nuttig gebruik as 'n kommunikasiemethode, om mekaar se posisies te bepaal. In hierdie verband verwys Burchell (1967 [1824]:422) na vele voorbeelde van die skerp en luide klank wat die lang Kaapse wa-sweep voortbring en wat in bepaalde gevalle oor 'n afstand van meer as 3.25 km (2 myl) gehoor kon word. Die openheid van die landskap het grootliks bygedra tot die uitgebreide reikafstand van die klank.

'n Verdere noodsaaklike komponent van die trekapparaat waarvoor osvelle in die pionierstyd onmisbaar was, maar later met ysterkettings vervang is, is in die konstruksie van trektoue waaraan die trekosse ingespan is om vrag te verskuif. Benewens die benutting van rieme by trekosse is die toerusting ter benutting van donkies, muile en perde, soos halters, meestal van rieme gemaak (Van Rooyen, 1938:133).

6.12.7 Tromme

Silindervormige, hol slaginstrumente waarvan die koppenente met rouvel oorgetrek is, is enersyds in vervloë tye deur die swart inboorlinge van Suid-Afrika gebruik om bepaalde onderlinge boodskappe, veral tussen groepe, te kommunikeer. Andersyds is tromme, as slaginstrumente, steeds 'n belangrike komponent in die uitlewing van geestelike kultuur (Miles, 2005; Oosthuysen, 2011b).

6.12.8 Velsakke

Tydens die vroeë trekosera het sakke en kuipe van osvelle in 'n verskeidenheid formate as houters vir, asook in die verwerking van, uiteenlopende produkte toepassing gevind.

Duursame sakke wat van gebreide of gelooide velle gemaak is, is as saalsak op ryperde gebruik om toerusting vir die jag soos bykomende koeëls, koeëldoppies, pluïesies, proviand (biltong, beskuit) en ander nutsartikels (dokumente ensovoorts) byderhand te hê. Desgelyks is 'n bladsak aan die persoon se sy gedra en vir soortgelyke doeleindes benut.

Vir die Khoi-Khoi met hul groot troppe beeste was melk 'n belangrike deel van hulle dieet. Hulle het melksakke uit 'n enkele stuk osvel, wat omgevou en toegewerk is, gebruik om dikmelk in te maak. Hierdie driehoekvormige sakke het aan die bopunt 'n opening, wat met 'n groot houtprop toegestop is, terwyl 'n klein opening desgelyks aan die onderkant as uitlaat vir die wei dien. Die melk koaguleer binne enkele ure in die sak en as sodanig is dit, veral in warm weer, meer verfrissend as vars melk. Deur melk in die sak te skud (te karring) vorm die room botterklonte, wat as 'n velroom aan hul lyf gesmeer is (Burchell, 1824:523, 593; Thunburg, 1779:198).

Vir die Khoi-San was oker en vet 'n belangrike smeermiddel om hul vel teen die natuurelemente te beskerm. Vir hierdie doel is dit in rouvelboksies geberg, wat wanneer dit droog word, hard, lig en stewig is om saam te dra (Lord & Baines, 1975 [1876]:249).

Velsakke (velkuipe) is deur die pioniers en reisigers benut om allerlei voorrade te berg. Wanneer 'n os op reis vir proviand geslag is, is sy vel aan die vleiskant deeglik ontvlies. Vervolgens is dit ingevryf met aluin en so gelaat. Wanneer winddroog, is dit sag gebrei en tot 'n groot sak of kuip omvorm. Die vleis is in die kuip met tafelsout (natriumchloried) gepreserveer (Arbousset & Daumas, 1968 [1846]:81; Scholtz, 1987). Dergelyke kuipe is desgelyks ook aan die onderstel van die wa, voor die agteras tussen die agterwiel en die tangarms, gehang waarin groot hoeveelhede binnevet van wild (vir die maak van vetkerse en om seep te kook) tydens jagtogte versamel is (Gronum, 1974:32).

By gebrek aan goiingsakke (streepsak of mudsak van jute geweef) het die pioniers hul gedorste graan in selfgemaakte velsakke (by voorkeur van gebreide skaapvelle) gestoor of verkoop. Hierdie velle is aan die kante met riempies toegewerk, met die nek wat vir 'n bek oopgelaat is, maar toegebind kon word (Spoelstra, 2001 [1922]:96). Hierdie velsakke was lywig en kon meer as 'n mudsak 90 kg (200 lb.) graan inneem. Velsakke van gelooide beesvel is ook algemeen gebruik (Van Rooyen, 1938:134). Waar die graan vir eie gebruik uitgehou is, het hierdie beesvelsakke, vanweë die groot inhoudsmaat as 'n miniatuursilo gedien (Scholtz, 1987).

Beesvelle is gebruik vir die vervaardiging van die looikuip (Van Rooyen, 1938:134). In gebiede waar sebras of wildebeeste verkrygbaar was, is hul velle by voorkeur benut (Spoelstra, 2001 [1922]:108). Die looikuip was vir die trekboer en pionierlandbouer 'n noodsaaklike apparaat

aangesien hy grootliks uit gelooide velle vir 'n veelvoud van gebruiksartikels, wat hy self moes vervaardig, afhanklik was. Vir hierdie doel is die rante van 'n geskikte vel netjies met 'n mes afgerond en van klein spleetvormige openinge reg om die rant voorsien. Nadat die vel deeglik ontvlies is, is dit met rieme deur die openinge geryg en op 'n gerieflike hoogte aan 'n vierkantige houtraam op houtpale, met die haarkant na buite, monteer ten einde 'n looikuip te vorm.

6.12.9 Versiersels

Die veelkleurigheid van beesvelle en die stertkwaste is kunstig as estetiese versiering, veral onder die swart stamme, onder andere aan die arms, bene, as hooftooisels, aan kieries, en vir kleding, aangewend (Bosman, 1988:88). By spoggeleenthede soos troues en kulturele feesvieringe het groot wit stertkwaste besonder mooi vertoon aan spesiaal bereide langsteelskeikoppe van die voorosse se juk (Oosthuysen, 2011a). Desgelyks het 'n netjies afgeslagte stertkwas wat aan die punt van 'n ronde kierietjie (dikwels kunstig versier met fyn gekerfde patroontjies) geheg is, diens gedoen as lugwaaier om die gesig af te koel, of 'n vlieëplak wanneer kos berei is (Timm, 1988).

6.12.10 Wapentuig en jagtoerusting

Binne die Suid-Afrikaanse konteks, soos blyk uit voorbeelde in onderstaande paragrawe, figureer die benutting van beesvelle veral sterk in die wapentuig en jagtoerusting van die pionierstydperk.

6.12.10.1 Forte

Tydens oorloë aan die Oosgrens het 'n boer wat baie na aan die grens gewoon het, maar vasbeslote om sy man te staan, 'n pasmaak fort prakseer. Dit het bestaan uit 'n klein verdedigingstoring waarvan die plat dak met rou beesvelle bekleed is en bokant hierdie harde veldak is 'n borswering met skietgate voorsien. 'n Enkele ingang, onder in die toring, was 'n klein en lae deuropening, versterk met steenwerk ten einde die vyand te dwing om gebukkend, met sy kop as maklike teiken, binne te tree. Die trappe om op die dak te kom, was 'n houtleer wat gerieflik na bo gehys is om die vyand toegang tot die dak te ontsê. Geen brandbare materiaal is in die toring gelaat nie en as bykomende voorsorg teen brand is 'n groot balie met water in die fort gehou (Lord & Baines, 1975 [1876]:261). Die harde rouveldak het as skild teen die assegaai van die vyand gedien, maar het eweneens ruimte gelaat om hulself van bo af te verdedig.

6.12.10.2 Klipsakke

Vir die Khoi-Khoi was sakke van rouvel, met geskikte klippe daarin om as projektele te dien, deel van hul verdedigingstoerusting. Dit blyk duidelik uit die eerstehandse weergawe met betrekking tot die sterwe van De Almeida (die Portugese seevaarder) in 1510 aan die Kaap die Goeie Hoop (Ferreira, 2002:122).

6.12.10.3 Koeëlsakkies en patroonboksies

Patroonbande, en koeël- of patroonsakke van gebreide vel, daaraan geheg, en stewige harde patroonboksies van rouvel was 'n onontbeerlike deel van die trekboer en reisiger se uitrusting ten einde sy ammunisie gerieflik vir gebruik byderhand te hou (Burchell, 1824:285).

6.12.10.4 Pylkokers

Die Khoi-Khoi- en San-jagters het hulle gifpyle meestal in rouvelpylkokers, gewoonlik in 'n harde, stewige buisvorm gemaak van dik osvel, met 'n riem teen die rug gedra (Burchell, 1824:199). Inmiddels was die sterk rouvel 'n betroubare beskerming vir die draer teen die gifpyle wat hy tydens die jag daarin saamgedra het.

6.12.10.5 Skildvelle

In die Suid-Afrikaanse konteks het velle as skilde in persoonlike beveiliging, veral in militêre konflik, vir meer as twee eeue 'n integrale deel van beskerming uitgemaak. In die walaer van die pioniers het dit die watent bedek, versterk en inwoners beskerm teen die assegaaie van die vyand. Desgelyks was die skildvel 'n standaarddeel van swart volke se oorlogsuitrusting. Nie alleen die gebruik as borswering van die taai, geharde rou beesvel was van belang nie, maar die haarkleur en kleurpatrone het gepaard gegaan met die ervaring, rang of status van die kryger.

Die skild, ongeveer 135 cm (4 vt. 6 dm.) hoog van elke Zoeloe-kryger is van 'n halwe osvel gemaak. Elke regiment het skilde van 'n eenvormige kleur (blou; geel; rooi; wit) of wit met 'n bepaalde rooi of swart kleurpatroon gebruik, wat uit die koninklike kudde verkry is (Poland *et al.* 2008:33). By tradisionele byeenkomste, lofbetuigings en -danse dien die seremoniële osvelskild steeds as 'n belangrike kulturele instrument.

6.13 Vet

Vet is uiters waardevol vir oneindige praktiese gebruike (Lord & Baines, 1975 [1876]:686). Deur eeue heen het vet in die daaglikse lewensbehoefte van die Suid-Afrikaanse pioniers vele praktiese toepassings gehad. In verwerkte en onverwerkte vorm is beesvet 'n sleutelgrondstof wat bygedra het, nie alleen tot die benutting van die trekos se trekkrag nie, maar ook vir 'n wye spektrum algemene lewensbehoefte in die trekostydperk. Benewens die brei, verwerking en instandhouding van leer en rouvelprodukte is die gebruik van vet ook vervat in 'n verskeidenheid huishoudelike toepassings.

6.13.1 Beligting

Vir die pioniers was vet die belangrikste grondstof vir tuisgemaakte kerse, waarmee snags onder die watent op die wa, in tente of skermes en binnenshuis lig voorsien is. In vele wonings was vet ook die brandstof in ouderwetse lampies.

Vir die maak van kerse is by voorkeur uitgebraaide binnevet van beeste (osse) en wildsbokke (veral groter wildsoorte soos eland en wildebees), wat by afkoeling hard stol, verkies. Volgens Galton (1855:102) verskaf 'n mengsel van skaap- en osbinnevet die voortreflikste kerse.

In wese is twee basiese tegnieke gebruik om kerse te maak, te wete waterkerse en vormkerse. Alhoewel vet die brandstof van die pioniers se kerse was, is in die omgang, spesifiek na aanleiding van die tegniek van vervaardiging en bymiddels wat gebruik is, verskillende benamings vir bepaalde tipe vetkerse gebruik.

Omdat gesmelte vet en die stolling daarvan die grondslag in die proses van vervaardiging van vetkerse vorm, is kerse meestal, weens die laer temperatuur, in die wintermaande gemaak. Daar is gevolglik gepoog om voldoende voorrade, wat tot die volgende winter in die behoeftes kon voorsien, te maak (Scholtz, 2001; Van Rooyen, 1940:22). By laer temperature stol die vet, soos wat die kers opgebou word, vinniger tot 'n harde eindproduk wat vir doeltreffende vetkerse 'n voorvereiste is. Die goed gesette, harder vetkerse het ook die proses van verpakking vir latere gebruik vergemaklik. Varkvet en die karkasvet van beeste en skape het 'n besonder sagte tekstuur en is ongeskik vir die maak van vetkerse.

6.13.1.1 Blakers

Verskillende materiale en eenvoudige tegnieke is benut om kersstaanders te prakseer. Om die kers regop te hou, is onder andere 'n gat met 'n mes in 'n kluit of aartappel gemaak, 'n spyker deur 'n plankie gekap om die kers daarop te vestig of die kers is in 'n hol been gevestig (Galton, 1855:105).

6.13.1.2 Kerspitte

Om vet as 'n ligbron te benut, is dit noodsaaklik dat 'n dun koord van linne, synde die pit van die kers, wat in die gestolde vet gesetel is, aan die brand te steek om met die vlam lig te voorsien. Wanneer die pit aan die brand gestee word, smelt die vet aan die basis van die vlam en trek in die pit op om 'n gelykmatige vlam en lig te voorsien.

Om 'n kerspit vir die vetkers (hetsy vorm- of waterkerse) te maak, verg baie oefening om dit tot 'n fyn kuns te vervolmaak. Die pit is met groot sorg van smal strokies ongeveer 6 mm ('n ¼ dm. wyd) uitgediende linne gemaak. Om 'n meer helder vlam van die kers, met minder rokerigheid, te verkry, is die linne voor verwerking in sterk soutwater geweek en dan laat droog word. Die strokies lap is in lengtes, wat twee en 'n kwart keer die lengte van wat die kers moet wees geknip om voorsiening te maak vir 'n lus aan die bopunt waaraan dit hanteer en opgehang kan word tydens die proses waardeur die kerse in sag gesmelte vet tot die verlangde dikte opgebou word (Lord & Baines, 1975 [1876]:77; Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1940:22).

Om 'n effektiewe kerspit, wat die kerse goed laat brand, te verkry, moet die pit so egalig en rond moontlik wees. Om die pit te vorm, is die een punt van die smal plat linnestroom met die vingers van die linkerhand op 'n tafelblad vasgedruk en met die vingers van die regterhand styf geroldraai om 'n koord te vorm. Soms is die bobeen van die persoon wat die pit draai, met 'n styf gedrapeerde voorskoot daaroor, vir hierdie taak benut. Die gerolde stroom word dan tussen die hande styf gestrek, na die mond gebring en reg in die middel liggies tussen die lippe vasgebyt. Alternatiewelik het die hulp van 'n tweede persoon se vingergreep die gebruik van die mond uitgeskakel. Die twee bene word na vore bymekaar gebring en aan die punte stewig op mekaar vasgehou met die linkerhand. Wanneer die greep van die mond verslap, draai die twee bene van die pit, onder die spanning wat die roldraai veroorsaak, styf om mekaar. Indien die kerspit dalk nie styf genoeg gedraai is nie, word die proses herhaal. Om te verhoed dat die pitte, onder die spanning van die roldraai op hulself en/of inmekaar indraai, is die dubbelkoordpit vervolgens liggies in warm, gesmelte vet gedompel (of die vet is met behulp van 'n vetlepel daarop bedrup) om te verhoed dat dit losdraai. Terwyl die vet nog warm is, word die vet ingevryf om die pit goed met die vet te smeer. Die pit is pylreguit gestrek en so gehou totdat dit afkoel en stol. Die reguit kerskern is dan gereed vir die proses van kerse maak. Alvorens met die opbou van die kerse begin is, is 'n groot aantal pitte (etlike honderde tot 'n duisend was nie buitengewoon nie) voorberei (Galton, 1855:105; Spoelstra, 2001 [1922]:126-128; Van Rooyen, 1940:22-24). Hierdie groot getalle kerspittle was nodig om die res van die proses goed te laat vloei sodat 'n groot getal kerse tydens 'n enkele sessie, met 'n voldoende volume vet, berei kon word. 'n Latere ontwikkeling was dat kerspitdraad in bolle aangekoop kon word.

6.13.1.3 Kersstok

Kersstok verwys na 'n dun, reguit stokkie (dikwels bamboes of kweperlat), wat by die maak van vetkerse gebruik is. 'n Ry kerspittle (gewoonlik vyf of ses) is eweredig aan die kersstok, twee vingers (45-50 mm) van mekaar, geheg. Hierdie battery van pitte word, tydens die proses om die vetkers tot sy verlangde dikte op te bou, in gesmelte vet gedompel (Van Rooyen, 1940:24; WAT 2014. Lemma: kersstok). Tydens 'n sessie waar kerse gemaak is, is meestal 'n veelvoud van kersstokke gebruik.

'n Eenvoudige stellasië is prakseer waaraan die kersstokke met kerspittle wat tot kerse tydens die kersmakery opgebou word, gehang is sodat die opeenvolgende lagies warm vet kon stol en goed afkoel. Vir hierdie doel is stewige mikstokke as stutte vir lang stewige latte waarop die kersstokke gerangskik is, ewewydig in die grond ingeplant. Die kersstokke met die kerse (van die verlangde lengte) kon gerieflik daarvoor pas en vry hang om af te koel. Elke lat is in die mik van die stut met 'n riempie vasgebind om die raam stewig te hou. Die grootte van die stellasië is bepaal deur die hoeveelheid kerse wat met elke sessie gemaak is (Scholtz, 1987). Waar spykers beskikbaar was, is die stutte en latte van die stellasië soms ook aan mekaar vasgespyker (Spoelstra, 2001 [1922]:127).

6.13.1.4 Vetkerse

Vetkerse word gemaak deur die vooraf bereide pit met warm vet op te bou totdat die kers die verlangde dikte bereik. Waar enkele kerse opgebou word, is die eerste stap om die pit/te eweredig, twee vingers uitmekaar, aan die lus op die kersstok te rangskik. Vervolgens is die pit/te aan die onderste end met 'n toutjie (of riempie) verleng en van 'n gewig voorsien wat op die bodem van die houër met warm vet rus. Die kersstok word gelig sodat die pit/te styf en in 'n loodregte vertikale posisie bokant die vet hang. Met behulp van 'n vet- of potlepel ('n lepel met 'n lang steel en 'n tuitjie aan die kant) is die warm vet vlugtig teen die pit/te afgegiet en gelaat om af te koel. Die vet aan die verlengkoordjie word soos nodig telkens afgekrap sodat die kers slegs om die pit opbou. Namate die vet stol en verhard word die gietproses herhaal en die kers dus laag vir laag (van enkele mm elk) opgebou totdat die kers die gewenste dikte, wat die betrokke kersmaker verkies, bereik. Ten slotte word die kerse uitgehang om goed af te koel en dan aan die bo- en onderpunte met 'n mes plat afgewerk (Lord & Baines, 1975 [1876]:77; Pretorius *red.* 1988:112; Scholtz, 1987).

6.13.1.5 Waterkerse

Die benaming waterkers verwys na 'n bepaalde metode wat gebruik is om vetkerse te vervaardig. Die tegniek berus daarop dat water in 'n groot driepootpot (dikwels 'n seeppot) tot byna kookpunt verhit is, waarna uitgebraaide gesmelte binnevet bygevoeg is om 'n laag sagte, drywende vet te vorm. Die diepte van die vetlaag moet sodanig wees dat die kerse wat in die normale verloop van sake gemaak word met hul volle lengte tydens die vervaardigingsproses daarin gedoop kan word. Hierbenewens moet die totale inhoud van die pot hoog genoeg wees om te verseker dat, wanneer die kersstok op die borand van die pot vasdruk, die kers nie net gedeeltelik in die vet gedompel is nie. Indien die kerse slegs gedeeltelik ingedompel word, lei dit tot 'n misvormde eindresultaat waar die kers nie oor die volle lengte ewe dik is nie of spits loop. Die groot volume warm water help dat die vetlaag 'n optimale temperatuur redelik lank behou ten einde die vet in die gewenste sagte of vloeibare vorm te hou om die kersmakery vlot te laat verloop. Indien nodig is die water se temperatuur ondersteun met gloeiende kole onder die pot. Sou die vlak van die pot se inhoud daal, weens onttrekking van die vet tydens die vervaardiging van die kerse, kan dit met warm water tot die gewenste hoogte aangevul word en terselfdertyd ook die verlangde temperatuur van die vetlaag handhaaf (Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1940:24).

Om enkele kerse op hierdie wyse te maak, is dus 'n relatief tydsame proses. Ten einde die proses vinniger te laat vloei, is 'n veelvoud kerspitte voorberei en in groepies (5 tot 6) aan verskeie kersstokke verbind. Die kerse van elke groep is dan, een na die ander, gelyktydig laag vir laag opgebou en met die kersstokke aan die kersstokstellasie gehang om te stol en af te koel. Voldoende kersstokke is gebruik sodat wanneer die laaste groep opgehang is om te stol die eerste groep genoegsaam afgekoel het om weer ingedompel te word. Op hierdie wyse kon

tientalle kerse tydens 'n enkele sessie opgebou word. Om die proses van afkoeling te versnel, is die kerse telkens, soos hulle opgebou is, soms eers in koue water gedompel alvorens hulle uitgehang is om goed te set (Scholtz, 1987; Spoelstra, 2001 [1922]:126-128; Van Rooyen, 1940:22).

6.13.1.6 Gammaboskerse

Brandende vetkerse neig om te rook en walms af te gee, veral as gevolg van die vet wat vinnig wegbrand en die pit wat nie dienoooreenkomstig wegbrand nie. 'n Langer deel van die pit word ontbloot, wat sodoende 'n al groter vlam tot gevolg het om die kersvet nog vinniger weg te brand, wat tot rook en oormatige walms aanleiding gee. Die pit moet dus gereeld met 'n snuiter kort gehou word (Spoelstra, 2001 [1922]:128).

Die vruggies (bessies) van die wasbessie of gammabos (*Myrica cordifolia*), wat met 'n natuurlike lagie plantaardige was bedek is, is om die helfte met binnevet (o.m. van osse) ingesmet om kerse mee te vorm. Hierdie kerse het nie alleen skoner gebrand nie, maar die mooi groen kleur het ook 'n estetiese waarde verleen. J. Fick (In: Pretorius *red.* 1988:113) skryf: "Die bessies lyk net soos was. Ons vat half vet en half bessies en kook dit saam en daar is nou vandag nie mooier kerse as die gammaboskerse nie. Hulle brand lank en skoon". 'n Alternatiewe metode was om die bessies in water te kook. Die gesmelte was, wat op die water dryf, is deur kaasdoek gesyg en gelaat om te stol. Hierdie was is eweneens om die helfte met vet gesmet en goed vermeng om kerse van te maak (Thunberg, 1772 aangehaal deur Pretorius *red.* 1988:113).

Gammaboskerse verteenwoordig 'n gewysigde resep vir die kersvet waarmee waterkerse gemaak is. Hardevet gemeng met bepaalde plantaardige was lewer kerse wat besonder skoon brand deurdat die mengsel van plantaardige was en dierevet, wat as brandstof dien, langamer wegbrand. Die gevolg is dat die pit in hierdie vetmengsel beter wegbrand, wat die grootte van die vlam beter beheer en die gebruik van 'n snuiter grootliks uitskakel. Waterbessiewas (met 'n groenerige kleur) het ook gedien as 'n basis vir salf en meubelpolitoer, vir welke doel dit in die son geblyk is ten einde die hout nie te vlek nie.

6.13.2 Vormkerse

Vormkerse is 'n latere ontwikkeling in die tuisbedryf vir die maak van vetkerse tydens die trekosera. Tot in die laat negentiende eeu is net waterkerse vir beligting gemaak (WAT 2014. Lemma: kersvorm; Van Rooyen, 1940:22). Die vormkers verwys na 'n kers waar die gesmelte vet (later sintetiese kerswas) tydens vervaardiging in 'n vooraf vervaardigde, ronde vorm gegiet is om te stol. Die vorms is vertikaal in 'n raamwerk van metaal, ook na verwys as 'n kersvorm, wat van die nodige openinge voorsien is om die kersvorms stewig regop te hou, geplaas om 'n battery van gietvorms te vorm. Die aantal gietvorms in die battery het tussen 2 tot 35 gewissel (Galton, 1855:102). Gewoonlik is ruimte vir agt tot 'n dosyn kerse voorsien (WAT 2014.

Lemma: kersvorm). Vroeë reisigers het, ter wille van beligting vir hul nagtelike aantekeninge, soms tog daarna gehunker om vinnig enkele kerse vir sporadiese gebruik te bekom. Die meeste Suid-Afrikaanse jagters het hul gewere, met besonder lang lope, se punte afgesaag om dit vir plaaslike toestande aan te pas. Hierdie stuk van die loop (20 cm tot 25 cm lank) het as ideale gietvorm, waar enkele kerse benodig is, gedien (Lord & Baines, 1975 [1876]:77).

Die ronde kersvorme, wat aan die een punt spits loop, om vormkerse in te giet, is meestal van dun metaalplate gemaak. Die middel van die spits punt is van 'n gaatjie voorsien waardeur die styf gedraaide linnepit (later gekoopte kerspitdraad), met die lus na bo gestee is. 'n Dun stokkie is deur die lus gedruk om bo-op die buis te rus en die pit reguit, in die middel van die kersvorm, in posisie te hou terwyl die pit na onder styfgetrek en geknoop is (Cook, 1972:105-106). Die knoop het ook gedien om die gaatjie dig te sluit sodat die gesmelte vet, wat ingegiet word, nie kon deurloop nie. Vervolgens is die buise met behulp van 'n vetlepel of 'n beker met 'n tuit, met gesmelte hardevet gevul, en gewoonlik oornag gelaat om goed hard te stol. Om die gevormde kers uit die buis te kry, is die knoop onderaan die kershouer afgeknip, die kershouer met sy volle lengte vir 'n kort rukkie in warm water gedompel sodat die vet teen die houer se wand kon versag en die kers met behulp van die kersstokkie uitgetrek kon word. Die lus is deurgesny om die kersstok te verwyder alvorens die kerse weggepak is.

Vir die maak van vormkerse is slegs vet, in voldoende volumes vir die betrokke getal kersvorme, telkens voorberei. 'n Belangrike voordeel van hierdie tegniek is dat weggedoen is met die beslommernis van groot volumes vet en warm water in die groot potte, soos wat nodig is vir die vervaardiging van waterkerse.



Figuur 6-10: Vormkershouers

Mary Alexander Cook, *The Cape Kitchen*, Stellenbosch Museum Uitgewers, 1972:106.

6.13.3 Kookolie

In die trekosera was vet, as kookolie, 'n belangrike item vir die bereiding van kos en bepaalde lekkernye. Dit is veral benut vir bakdoeleindes in die bereiding van geregte soos eiers en tradisionele deeggeregte, onder meer koeksisters, oliebolle, poffertjies, vetkoek, ensovoorts.

- Koeksisters: Vroeër is in die algemeen na enige kleinerige koekie wat in kokende diepvet gebak en gewoonlik warm in 'n koue soet stroop gedompel, of ook soms in suiker of heuning gerol is, verwys as koeksisters. Dit is indertyd veral op kommando, of tydens togreise as proviand saamgeneem (WAT 2014. Lemma: koeksister). Tans is koeksister beter bekend as 'n lekkerny berei uit ingesuurde, stywerige deeg van koringmeel wat uitgerol is en in die verlangde reghoekige lengtes gesny en in twee of drie egalige repe gesny en om mekaar gedraai of gevleg word. Vervolgens word dit in kokende diepvet bruin gebak en vlugtig op 'n sif geplaas om te dreineer en in koue suikerstroop gedompel om daarmee deurtrek te word.
- Oliebolle: 'n Oliebol is 'n ronde of ringvormige lekkerny gemaak van deeg wat in olie of diepvet gebak word. Dit word meestal met 'n soet vulsel (konfyt, room) en/of met 'n lagie suiker of sjokoladesous daaroor bedien.
- Poffertjies: Deegkoekie wat in 'n groot hoeveelheid kokende vet gebak word, wat in die proses taamlik uitrys, gewoonlik hol van binne is en gevul kan wees met vrugte, vleis, groente of dergelike vulsels.
- Vetkoek: Klein, platterige koekie van ligte deeg wat in vet gebraai word en dikwels as plaasvervanger vir gebakte brood dien.

6.13.4 Seep

Vir die bereiding van seep met vet was die pioniers in die afgeleë landelike gebiede aangewese op die benutting van loog, synde 'n aftreksel van loogas. Die oplossing bevat 'n alkali (soos seepsoda of natriumhidroksied) in water. Hierdie alkali is onder andere verkry uit die as van bepaalde plante, soos verskeie soorte gannabos of loogbos (enigene van verskeie kleinerige tot taamlik groot struik van die geslag *Salsola* asook *Psilocaulon*). Volgens Lord en Baines (1975 [1876]:686-687) is hierdie as in water opgelos om loog te vorm. Om die alkaliese konsentrasie van die loog te verhoog, is dit ingedamp deur dit te kook. Waar skulpe beskikbaar was, is dit verbrand om kalk van goeie kwaliteit vir die kook van seep te verkry.

Om seep te kook is nie so eenvoudig as wat dit mag skyn te wees nie. Vet dien as die hoofbestanddeel van seep, maar goeie kennis van en toesig oor die proses is 'n vereiste om seep van 'n goeie kwaliteit te kook. Die kwaliteit word onder andere beïnvloed deur die gepaste mengsels van bogenoemde alkalië en kalk met die vet (Lord & Baines, 1975 [1876]:686). Seep is

in 'n besonder groot (50 liter of meer) koper- of gietysterpot berei. Die kookproses duur ure lank, oor etlike dae, waartydens die vuur baie oordeelkundig gestook en die inhoud geroer is, om te verhoed dat die mengsel oorkook, alvorens die seep uitsak. Voordat die seep koud is, is dit in koeke gesny of in bolle gevorm om te set (Barrow, 1806:331; Lord & Baines, 1975 [1876]:687).

Die tuisgemaakte seep, in die omgang bekend as boerseep, is in aansienlike hoeveelhede deur byna elke boeregesin berei en in voorraad gehou (Barrow, 1806:330; Meiring, 1968:44). Boerseep is vry algemeen deur destydse buitelandse reisigers as 'n uitstekende produk beskou. Die pioniers het die seep nie alleen vir huishoudelike en persoonlike gebruik benut nie, maar dit het, as ruilmiddel, hul inkomste aansienlik aangevul (Barrow, 1806:330-331; Burchell, 1967 [1824]:80). In Kaapstad is die beskikbare uitgebraaide vet hoofsaaklik benut in die bereiding van voedsel vir die inwoners en plaaslike garnisoen (Barrow, 1806:332). Vet om seep te kook, was dus nie geredelik beskikbaar nie. As grondstof vir boerseep was skaapvet in die vroeë 19de eeu monetêr meer werd as wat die lewendige skaap aan 'n slagter verkoop sou word. Vleis was 'n stapelvoedsel wat by elke maaltyd geëet is. Voldoende volumes vet kon dus opgegaar word om aansienlike voorrade seep te kook, wat tydens besoeke aan Kaapstad verkoop is of as ruilmiddel gedien het. Hierdie besoeke (gewoonlik jaarliks) het dikwels gepaard gegaan met 'n amptelike kerk- of owerheidsaangeleentheid waartydens huishoudelike voorrade en klerasie aangevul is (Barrow, 1806:331; Burchell, 1824:113).

Tot in die eerste helfte van die 20ste eeu was tuisgemaakte seep van goeie kwaliteit die boervrou se trots. Op landbouskoue is sterk meegeding in kompetisies en op die kerkbasaar het die verkope daarvan veel bygedra tot die fondsinsameling (Bosman, 1988:88). Tans is die bereiding van tradisionele boerseep 'n vergange kuns wat by uitsondering, tydens spesifieke geleenthede by enkele kultuurhistoriese museums, demonstree word.

6.13.5 Smeermiddel

Vet is 'n veelsydige bestanddeel van smeermiddels wat vir uiteenlopende aanwendings aan persoon, voedsel of toerusting, hetsy as mengsels of in eie reg, benut is.

6.13.5.1 Brood

Om broodsmeer smaaklik te maak, is smeervet (hoofsaaklik die sagter uitgebraaide karkasvet) as smeermiddel (ter vervanging van botter) op droë brood gebruik. Met 'n bepaalde geurstof gemeng, onder andere suurlemoensap of dun stukkies lemoenskil, is dit 'n gewilde plaasvervanger vir botter. Ook in die idiomatiek vind hierdie gebruik van vet treffend neerslag in die uitdrukking: *Vet en brood en vis is beter as botter en brood en twis*. Om met die tweede beste oor die weg te kom, is beter as om met oorfloed in onmin te leef.

6.13.5.2 Houtartikels

Wanneer hout (veral groen of nat hout) verwerk is vir die maak van nutsartikels soos houtbakke, kieres (wandelstokke) en meubelstukke is dit goed met vet bestryk (Burchell, 1967 [1824]:407). Dit het grootliks verhoed dat die hout bars, kraak of skeur deurdadig die hout stadiger uitdroog en die droë houtvesels, weens die vet, soepel bly. Deur die vet met plantaardige kleurstowwe te meng, kon patrone op die hout aangebring word.

6.13.5.3 Salf

In die bereiding van salf vir die behandeling van wonde en om die vel in die algemeen teen elemente van die natuur te beskerm of as 'n primitiewe parfuim, is vry algemeen van dierevet gebruik gemaak om allerlei mengsels met bepaalde aromatiese struikgewasse soos boegoe te verkry. Boegoe is 'n benaming vir tientalle inheemse soorte aromatiese struikgewasse, hoofsaaklik van die geslagte *Agathosma*, *Barosma* en *Diosma* uit die familie *Rutaceae*. Die gedroogde blare is met behulp van 'n klip verpoeier (Burchell, 1967 [1824]:396.; WAT 2014. Lemma: boegoe).

Om allerlei wonde op mense te behandel, was vet eweneens 'n belangrike bestanddeel van tuisgemaakte geneessalf, om teen liggaamstemperatuur 'n gewenste tekstuur en sagtheid op die wond te verkry (Burchell, 1967 [1824]:480; Janse van Rensburg, 2009). Om waterblase (veral aan die voete) te behandel, is gesmelte vet in brandspiritus gedrup, afgeskep en mildelik aangewend op die seerplek/ke aan die voet en aan die kouse om die sere te ontsmet en sag te hou (Lord & Baines, 1975 [1876]:384). Skaafmerke, wonde en oop swere by beeste (en kleinvee) is met 'n mengsel van skoonteer en vet behandel om besmetting met brommers te voorkom en sagte rowe te skep.

6.13.5.4 Tuie

Goeie kwaliteit tuisgemaakte smeermiddels om swepe in die algemeen, asook tuie, tooms en saals van ry- en trekdiere en osrieme, stroppe en trense van die trekos sag en soepel te hou, is met behulp van verskeie byprodukte van beeste verkry. Onder meer is 'n mengsel van byewas (1 kg), harde beesvet (2.5 kg) en suiwer kloutjiesolie (4.5 liter) gebruik (WAT 2014. Lemma: kloutjiesolie).

Wanneer stroke leer met behulp van 'n els aanmekeer gewerk word, dien vet as 'n smeermiddel vir die els om gaatjies deur die leer te steek. Die els word telkens tydens die proses deur die vet getrek. 'n Geskikte stuk dop van 'n beeshoring is vroeër vry algemeen deur tuiemakers hiervoor gebruik (Miles, 2005). Vir hierdie doel word die vet in 'n houertjie, bekend as 'n vethorinkie, gehou (VAWB 1977:1177).

6.13.5.5 Vuurwapens

By die gebruik van die voorlaaier het linnelappies wat met vet deurdrenk is as pluise gedien en terselfdertyd as smeermiddel vir die loop gedien. Hierdie lappies is met groot sorg voorberei ten opsigte van hul grootte, deurdrenking met vet en die verpakking daarvan in rouvelboksies (Janse van Rensburg, 2009).

6.13.5.6 Wa-asse

In die pioniers- en transportrydae, voor die vrylike beskikbaarheid van ghries, is die wa-asse en skamels met uitgebraaide binnevet of met 'n mengsel van stockholmteer en dierevet gesmeer om die gladde beweging van die wiele om die as, asook die bostel op die skamel van die wa, moontlik te maak (Scholtz, 1987; Sneyd, 2001).

In die latere ontwikkeling en gebruik van ghries ('n dik halfvloeibare, vetterige smeermiddel) om wawiele te smeer het die talktipe, synde 'n mengsel van vet en palmolie met 'n bietjie minerale olie en grafiet, is binnevet (van beeste) eweneens 'n belangrike bestanddeel (WAT 2014. Lemma: ghries).

6.14 Vleiswaarde

In teenstelling met ander werkdiere is die trekos, wanneer hy weens ouderdom of ongeskiktheid aan diens onttrek is, tradisioneel aan die slagter verkoop, waardeur die eienaar geldelik aansienlik kon baat. Andersyds is dit ook deur die eienaar as voedsel vir eie gebruik benut deur die vleis vars, gesout, gedroog of in verwerkte vorm soos sult en wors te benut. Hierbenewens is die vel, waar dit nie vir eie gebruik benut is nie, aan die vellehandelaar verkoop vir monetêre gewin.

6.15 Samevatting

By nabetraging van die benutting van die neweprodukte van die trekos is dit duidelik dat hierdie uiteenlopende reeks produkte die mens, selfs lank ná die stond van die trekos se sterwe, in die uitleef van kultuuraktiwiteite ondersteun. Deur heel die trekosera het sy neweprodukte in 'n meerdere of mindere mate, direk en indirek, stoflike en geestelike kultuuruiting ondersteun. In vele aspekte het die tradisionele volkskultuur binne die eietydse kultuur, tot in die 21ste eeu, behoue gebly, onder andere ten opsigte van die idiomatiek van die Afrikaanse taal, riempiesmeubels en gebak, soos koeksisters en vetkoek.

In die primêre benutting van die Suid-Afrikaanse trekos, naamlik as kragbron, het die trektoerusting (ook na verwys as trekgoed) 'n tipiese karakter aangeneem. In hoofstuk 7 word die trekgoed en die toepaslike gebruik en benutting daarvan meer breedvoerig bespreek.

HOOFSTUK 7:

TREKGOED VAN DIE SUID-AFRIKAANSE TREKOS

7.1 Inleidende agtergrond

Die HAT (CD-Rom:2011) definieer trekgoed as "alles wat nodig is by die inspan van trekdiere". In terme van die osdrywerstaal verwys die term "trekgoed", afhangend van die konteks waarin dit gebruik word, eerstens na die toerusting wat nodig is by die inspan en dryf van trekosse, synde 'n verskeidenheid items wat direk in verband staan met die benutting van die os se trekkrag. Tweedens verwys dit ook na al die trekosse wat vir 'n betrokke taak ter sprake is. Derdens verwys dit in bepaalde gevalle na tersaaklike bykomstighede, onder andere die domkrag, remblokke, remtou, houters vir ghries en water vir die benutting en onderhoud van die ossewa, slee ensovoorts. Laastens behels dit ook al drie bogenoemde kategorieë gesamentlik. In hierdie hoofstuk, binne die afbakening van die studieveld, val die klem hoofsaaklik op eersgenoemde toepassing met 'n bondige tersaaklike uiteensetting van die veelvuldige items wat insgelyks betrokke is.

Die vel van die os (en wilde diere) is 'n primêre bron van materiaal waaruit onmisbare komponente van die trekgoed, vir die benutting van die os as kragbron, vervaardig is. Die verwerking van velle vir die vervaardiging van bepaalde komponente van die trekgoed was, uit die aard van die saak, deel van die pionier se lewenskultuur wat tot 'n volkskuns ontwikkel het. Ook vir kleding, skoeisel en skuiling, wat ten nouste met die trekosera saamgaan, was velprodukte (onder andere velle van die trekos) vir die baanbrekers van die trekosera onontbeerlik. Louis Trigardt verwys byvoorbeeld dikwels in sy dagboek van die 1830's na hierdie alledaagse aktiwiteite, wat wissel van die vervaardiging, asook herstel, van trektoue en osrieme tot skuiling, skoeisel en kleding (Le Roux, 1977:35; 36; 37; 40; 43; 72; 82).

Deur die verloop van die geskiedenis het komponente van die trekgoed vir die benutting van trekosse in verskillende wêrelddele eiesoortige toepassings getoon. In die universele benutting van osse word hulle meestal in enkelpare, maar soms ook veelvuldige pare agter mekaar, ingespan. In sommige Wes-Europese lande, soos Duitsland, is die trekos ook individueel met behulp van 'n tuig van leer benut (Lord & Baines, 1975 [1876]:405-406).

7.2 Juk

Die juk van hout met 'n relatief eenvoudige ontwerp om die trekkrag van osse te benut, word universeel reeds eeue lank benut. Die juk dien as kernkomponent van die trekgoed, waarmee die os as kragbron vir die mens benut word. Die juk word primêr gebruik om twee osse langs mekaar in te span, met 'n trektou (van hennep, ysterketting, riem of leerband) om implemente vir grondbewerking ensovoorts te trek. Die trektou word aan die middelpunt van die juk geheg en


loop tussen die paar (of pare) osse deur en word aan 'n haak met die betrokke implement verbind. Andersins word 'n disselboom, om 'n wa te trek, desgelyks aan die juk gekoppel.

In verskillende wêrelddele het aanpassings in die basiese ontwerp van jukke om osse in te span uiteenlopende toepassings gevind, te wete die kop- en die nekjuk. Hierdie benamings verwys na die anatomiese posisie waar die juk aan die osse gevestig word. Waar 'n enkelos ingespan word, is die tuig met twee stringe langs die sye van die os aan 'n swingel gekoppel om 'n implement te trek (Lord & Baines, 1975 [1876]:405-406).

In die ontwerp en benutting van jukke is osdrywers in verskillende wêrelddele beïnvloed deur die bouvorm van die beesras wat hulle gebruik, asook deur die geografie van die landskap, plaaslike kreatiwiteit, gewoontes of tradisies en beskikbaarheid van geskikte houtsoorte. Meningsverskil bestaan soms onder osdrywers oor die voor- of nadele in die ontwerpe van jukke. Meeste van die ontwerpe is doeltreffend, maar sommige is meer aanvaarbaar vir die os se werkverrigting onder die betrokke plaaslike omstandighede. Die ideale stelsel, vir elke omstandigheid, is egter dit wat die minste teenspoed vir die os se welstand inhou. As sodanig is jukke op uiteenlopende wyses aangewend (Conroy, 2007:111).

7.2.1 Kopjuk

Die eerste ruwe jukke vir osse is waarskynlik die kopjuk wat in Suidoos-Europa en Wes-Asië gebruik is. Hulle is waarskynlik aan die kop van die os geheg, maar is nie afgewerk om goed op individuele osse te pas nie. Mettertyd is jukke egter verfyn en beter afgewerk. Aanvanklik is jukke ontwerp om op die kop, agter die horings, te pas maar verskeie ontwerpe is ontwikkel om ook voor die horings te pas (Conroy, 2007:111). Sodra die jong osse se horings stewig ontwikkel het, kan die kopjuk op hulle gepas word. Die juk is uitgekerf om agter die kroon, op die kop te lê. 'n Pasmaakholte, wat die kontoer van die horing volg, word vir elke horing uitgekerf, sodat dit nie teen die gevoelige basis van die horing druk nie, maar ongeveer 50-75 mm vanaf die basis knus om die harde horingdop pas. 'n Stewige leerkussing word teen die voorkop monteer en met leerbande aan die kopjuk gekoppel sodat die os sy trekrag teen die voorkop uitoefen. Kyk figuur 7-1. 'n Baie belangrike vereiste waaraan die os moet voldoen om met die kopjuk te trek, is dat die os 'n kort en dik nek moet hê om reguit na vore te trek, sodat daar minder neiging is om die nek te buig of te swaai (Miles, 2003). Dit is belangrik dat gepaardgaande apparaat en 'n juk wat aanvanklik goed pas gereeld nagegaan word. Jong osse groei vinnig en wen vinnig massa, wat deurentyd die geskikte passing van die juk en die tersaaklike bybehore beïnvloed (Conroy, 2007:113).




Figuur 7-1: Kopjuk
Conroy, 2007: 113

In Wes-Europa, veral in die bergagtige hooglandgebiede van die Duitse, Franse, Spaanse en ander volke was die kopjukstelsel gewildste. Vele variasies het in die basiese ontwerp voorgekom (Conroy, 2007:111). In Spanje is die juk teen die voorkop van die paar trekosse met 'n koord om die basis van die horings verbind (Lord & Baines, 1975:405-406). Die setlaars van die verskillende koloniale moondhede in die Nuwe Wêreld het elk hul vaderlandse voorkeurstelsels van die kopjuk toegepas. Osdrywers in Latyns-Amerika is beïnvloed deur Spaanse en Portugese kopjukstelsels. Die juk is agter op die kop neergelê en met koord om die basis van die horings vasgebind (Conroy, 2007:112-113; Lord & Baines, 1975:405-406). In Kanada en die Franse kolonies in Afrika is die gebruik van die kopjuk eweneens deur die plaaslike Franse bevorder (Conroy, 2007:112-113). Hierdie neiging is onder andere sterk beïnvloed deur die feit dat die Nuwe Wêreldse lande oor geen getemde herkouters beskik het nie. Australië het trouens geen inheemse herkouters nie. Die setlaars het vir hul behoeftes beeste van die vaderland na hul nuwe tuiste ingebring.

7.2.2 Nekjuk

Die nekjuk is in Brittanje en Noord-Europa ontwikkel, alhoewel 'n soortgelyke, maar minder gekompliseerde juk, beide wat die konstruksie daarvan en montering aan die os betref, in Asië benut is (Conroy, 2007:114). Die Britse ontwerp is sodanig dat die juk uitgehol is om goed oor die nek en teen die skof van die osse te pas. In Brittanje en meeste Britse kolonies van die Nuwe Wêreldse lande (VSA en Australië) is dié juk die voorkeurstelsel en word op die nek van hul osse met 'n U-vormige boog van sterk buigsame hout (veral olmhout), wat nie geneig is om te af te splinter nie, om die keel geheg. In Australië is 'n boog van yster (nagenoeg 25 mm dik) gebruik. Die boog word onder om die keel geplaas en deur twee gate in die juk met behulp van 'n lunspeen, aan die bokant van die juk, in posisie gehou. Hierdie ontwerp staan bekend as die "boogjuk". Kyk figuur 7-2.



Figuur 7-2: Nekjuk
Lord and Baines (1975 [1876]:407)


Die Asiatiese nekjukstelsel (waarna soms verwys word as die skofjuk) behels 'n reguit en ronde juk en benut 'n houtpen (skei) weerskante van die nek van elke os, met 'n koord wat die twee skeie onder om die keel verbind, om die juk in posisie te hou (Anon. *Agricultural Journal*, 1897:209-210; Conroy, 2007:111-115; Lord & Baines, 1975 [1876]:407). Lord en Baines (1975 [1876]:405) beskryf en skets die jukke wat in Australië gebruik is. Hulle stem ooreen met dié wat in Suid-Afrika gebruik word, maar word met 'n ysterboog, in plaas van skeie en 'n strop, op die osse se nek gevestig, "so that, when once an ox is yoked, nothing on earth can free him till the yoke is removed". Teen die einde van die 19de eeu het die Britse nekjuk, in teenstelling met Suid-Afrika, in Australië egter meer neerslag gevind. In laasgenoemde geval is ysterboë steeds gebruik (Anon. *Agricultural Journal*, 1897:209-210).

Die boogjukstelsel het nie aanklank by die Suid-Afrikaanse osdrywers gevind nie. Die minder gekompliseerde Asiatiese jukstelsel is van meet af gebruik en het om etlike praktiese redes die voorkeurstelsel gebly. Materiaal vir die eenvoudige juk kan relatief maklik deur die osdrywer uit sy omgewing verkry word, terwyl die konstruksie minder gekompliseerd is as die boogjuk. In die lang spanne wat plaaslik gebruik is, bestaan 'n groter moontlikheid dat 'n balorige os kan dwarstrek en val. Met die hout- of ysterboog is dit bykans onmoontlik om die os te bevry voordat hy verwurg. Plaaslike osdrywers beskou 'n houtskei wat breek of 'n strop wat afgesny en vervang moet word, goedkoper as die afslag van 'n os.

7.2.3 Enkelosjuk en -tuie

Om osse individueel in te span is nie algemene gebruik nie. Die jukke wat hier ter sprake is, is eweneens ook netjies pasmaak ontwerp om as kopjuk, hetsy aan die voorkopjuk of agter die horings diens te doen. Hierbenewens is die nekjuk soms aangepas om funksioneel vir 'n enkelos benut te word (Conroy, 2007:111). In Suid-Afrika het enkele osdrywers die skofjuk bloot vir die aardigheid aangepas om ligte werk te doen (Miles, 2004).

Vir 'n ligte wa met 'n dubbeldisselboom wat weerskante van die trekdier pas, word 'n kort juk gemaak. Die lengte van so 'n juk is die afstand tussen die twee disselbome waartussen die dier trek se punte en het die dikte van 'n standaardosjuk. Twee skeigate word in die middel van die juk gemaak om oor die os se nek te pas. Hierbenewens word 'n gat, groot genoeg om 'n riem deur te ryg, naby elke punt van die juk gemaak. Die voorpunt van elke balk van die disselboom word ook van 'n soortgelyke gat voorsien. Om in te span word die juk aan elke punt met 'n riem aan die ooreenstemmende gat in die disselboom se punt verbind. Skeie word in die skeigate geplaas en 'n strop aan die haarskei gehang. Die os word onder die juk ingebring en vasgestrop (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1915:16). In sekere Europese lande, onder andere Duitsland, is die enkelosjuk vervang met tuie wat van sterk leer gemaak is. 'n Breë strook opgestopte kussing, van stewige leer, is teen die skof geplaas en met 'n ligte leerbuikgord en 'n leerband om die nek in posisie gehou. Die punte van die band is van sterk ringe voorsien, waaraan leerstringe geheg is ten einde 'n implement te kan trek (Conroy, 2007:112-113; Lord & Baines, 1975:405). Die tuig het die voordeel dat die os sy volle gewig en krag tydens die trekaksie kan benut. Die toerusting is egter relatief duur teenoor die houtjukke, terwyl die inspanproses aansienlik meer gekompliseerd is en dit dus langer neem om die osse in te span (Anon. *Agricultural Journal*, 1897:209-210; Conroy, 2007:112). Die gebruik van 'n tuig vir enkeltrekkosse is in die praktyk 'n opsie op osse met 'n boggel op die skof. Kyk figuur 7-3.



Figuur 7-3: Enkelostuig
Lord and Baines (1975 [1876] : 406)

7.2.4 Suid-Afrikaanse osjuk

Die jukstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word, is geskoei op die Asiatiese nekjuk (Anon. *Agricultural Journal*, 1897:209-210). Suider-Afrikaanse lande in die Sub-Saharastreek gebruik eweneens ook hierdie stelsel, soms met kleiner variasies in ontwerp wat beïnvloed word deur kulturele voorkeure en plaaslike kundigheid. Die juk word meer teen die skof gevestig en as sodanig dra dit ook die benaming van "skofjuk" (Conroy, 2007:114-115). Dié juk (gewoonlik 'n ronde houtbalk) wat op die os se nek geplaas word, word met behulp van houtskeie en stroppe (gewoonlik van gebreide rouvelrieme) om die keel, op die gewenste posisie teen die skof van elke os gevestig.

A. Die Suid-Afrikaanse osjuk



Plasing van die juk op die trekos se nek met die skeie weerskante van die nek

Marius Oosthuysen-fotoversameling

B. Boogjuk



Plasing van die boogjuk op die trekos se nek met die houtboog om die keel

Conroy, 2007: 121

Figuur 7-4: Osjuk

'n Meer gedetailleerde beskrywing en uiteensetting van die ontwerp en tersaaklike aanpassing, vir verskillende gebruikstoepassings, wat met verloop van tyd by die Suid-Afrikaanse osjuk ingetree het, volg in 7.4.6.1 – 7.6.2.3.

7.2.5 Aanvullende trekgoed tot die osjuk

Vroeë besoekers en reisigers in Suid-Afrika was verwonderd oor die lang spanne osse en sommige, vanuit hul ervaringsveld, selfs krities oor die relatief elementêre trekgoed wat gebruik is. In hierdie verband haal Burman (1988:60) verskeie reisigers direk aan:

- Mentzel (in die 1740's) noem dat 'n juk aan die voorpunt van die disselboom aan 'n ysterring en kram vasgeketting is, terwyl die jukke van die ander vier pare osse aan 'n ketting, tou of koord vasgeheg is. Geen ander toue of swingel word gebruik nie. Die osse stoot bloot met sy skof teen die juk om die wa te trek en gebruik nie 'n borsplaat, tuig en swingel, soos in Europa, vir hierdie doel nie.
- Lichtenstein (1804) noem dat die kopjuk, ten spyte van pogings deur Europeërs om die stelsel hier te bevorder, nie plaaslik posgevat het nie. Hy is van mening dat die bouvorm van die Kaapse beeste die gebruik van die nekkjuk, soos wat dit hier toegepas is, begunstig.
- Latrobe (1816) noem dat die osse wat met hul skouers (oftewel die skof) teen die juk druk die wag met gemak trek. Twee houtpenne (skeie), weerskante van elke os se nek, hou die juk in posisie.

Die hoofkomponente van die Suid-Afrikaanse trekgoed vir osse is dikwels deur buitestaanders as uiters elementêr van aard beskou. Dit behels 'n trektou (trekketting) wat aan die disselboom van die wa gekoppel is met die verlangde aantal jukke, agt tot tien voet uitmekaar, daaraan geheg. Die aantal osse wissel tussen 12 en 18 in elke span. Geen teuels is gebruik nie, slegs 'n leiriem is aan

die twee voorosse gekoppel waarmee die voorloper (touleier) die span, wanneer nodig, in die gewenste rigting trek of lei. Alle ander regulering van die span geskied met behulp van luidrugtige praterij met die osse en die mildelike gebruik van die ossweep deur die drywer van die span (Balfour, 1896:72-73). Spanne osse van 12 en 18 (selfs tot 22) het betrekking op die bokwa wat eers teen die vroeë 1860's op die Suid-Afrikaanse landskap verskyn het. Dit is 'n tipe ossewa wat van die kakebeenwa, meestal deur 10 of 12 osse getrek, sodanig aangepas is om veel swaarder vragte, weliswaar op daardie tydstip meer op vaste roetes en beter gebaande wapaaië, vir die behoeftes en bedrywighede van die ontwikkelende mynbou, te vervoer. Aanvanklik was hierdie transportry na die diamantmyne te Kimberley en later na goudmyne in die Oos-Transvaal en die Witwatersrand. Hierbenewens was die transportwa ook benut vir transportry vanaf spoorwegaansluitings en -eindpunte verder die binneland in asook algemene vervoer vir landbou- en reisdoeleindes. Hierdie waens is in verskillende groottes, meestal met laairuimte van 14, 16 en 18 voet gebou, met die aantal osse in die span wat dienoreenkomstig gewissel het. Hierdie swaarder vragte het eweneens ook tersaaklike aanpassings aan die trekgoed genoodsaak.

Die praterij met die osse, soos hierbo beskryf, verwys na die drywer se kommunikasie met die osse ten einde elkeen in die span, op meriete, aan te spoor of tot stilstand te bring. Die gebruik van die sweep, met klap- of swiepgeluide langs, óf ligte raps met die voorslag aan die betrokke os wat aangepor word, dien meestal om die span as eenheid te laat trek. Hierteenoor is 'n onsinnige aanhoudende praterij en klap van die sweep kontraproduktief. Die betrokke os (osse) sal spoedig nie onderskei wanneer en hoe hul op bepaalde opdragte moet reageer nie.

7.3 Maatstok van die osdrywer

Ten einde in die praktyk 'n redelike lengtestandaard te handhaaf waarvolgens verskillende komponente van die trekgoed saamgestel en vervaardig is, pas die Suid-Afrikaanse osdrywer 'n verskeidenheid basiese lengtemate toe. Dit vind toepassing in die benutting van bepaalde liggaamsdele van die osdrywer. Kyk figuur 7-5. Hierdie lengtemate is geskoei op 'n stelsel van jaart, voet en duim. 'n Jaart is oorspronklik 'n lengte-eenheid van Brittanje wat in vele ander lande met geskiedkundige Britse verbintenisse, onder andere ook Suid-Afrika, oorgeneem is. Die oorsprong van die woord is Angel-Saksies vir 'n roede en het met verloop van tyd 'n meer gevestigde betekenis gekry vir 'n stok van 3 voet (0.914 meter) of 4 span. Dit blyk uit oorlewering dat onder die heerskappy van koning Hendrik die 1ste van Engeland die wettige jaart die afstand van die punt van sy neus tot aan die punt van sy duim was (WAT 2014: Lemma: jaart).

In die praktyk meet die Suid-Afrikaanse osdrywer die jaart, 'n lengte-eenheid van 3 voet (36 dm of 0.914 meter), as die afstand van die punt van die duim tot die middel van die borsbeen óf die punt van sy neus wanneer hy haaks na voor kyk met die arm horisontaal gestrek. In terme van die osdrywerstaal is dit soms sinoniem met die term "tree", synde die afstand tussen die twee voetspore wanneer 'n volwasse man loop. Die lengtemaat van een "span" is desgelyks die afstand

tussen die punte van die duim en pinkie of middelvinger wanneer die hand plat geplaas word en die vingers ten volle sywaarts gestrek is, synde 9 duim (0.229 meter). Die afstand tussen die punte van die vingers aan die regter- en linkerhand wanneer die arms ten volle sywaarts uitgestrek is, verteenwoordig 'n afstand van ongeveer 6 voet (synde 'n vaam) oftewel 1.83 meter.

In die tradisionele oskultuur in Suid-Afrika is die osdrywer konvensioneel op verskillende ledemate aangewese om in uiteenlopende behoeftes van meting en metingsmetodes te voorsien. Die breedte- en lengtemaat van verskillende komponente van sy trekgoed is binne die redelike perke van sy eie behoeftes en gebruik gestandaardiseer. Die standaardafstand tussen die jukke aan die trektou is nege voet, synde drie jaart of drie treë. 'n Klassieke antieke Suid-Afrikaanse riemtrektou vir 'n span van twaalf osse het 'n lengte van 33 jaart wat in die proses van konstruksie sodanig afgetree is. Om die ysterringe, waaraan die jukke aan die trektou gekoppel is, te spasieer, is 'n afstand van drie treë tussen die jukke afgetree. Daarenteen is die trensrieme (jukrieme), vir die verlangde aantal voet vir elke trens, met die hande afgemeet. Wanneer die hande plat langs mekaar geplaas word, met die punte van die uitgestrekte duime wat teen mekaar druk, strek die afstand oor die kneukels na die buiterand van die hande nagenoeg een voet. Ook die lengte van die osrieme en stroppe word op hierdie wyse in die bepaalde en toepaslike lengtes van die osdrywer se behoeftes afgemeet.



Riemstrook 3
vingers wyd



6 duim



9 duim (1 span)



1 voet



1 Jaart



1 meter



Vaam

**Figuur 7-5: Maatstok van die osdrywer
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Wanneer 'n vel in stroke gesny is om rieme van te brei, word die breedte van die strook rouvel met die term "vingers" uitgedruk, synde die breedte van die tersaaklike aantal vingers wanneer hulle na voor gestrek teen mekaar gehou word. Die breedte van die stroke rouvel wat gebrei moet word, is bepaal deur die dikte en tekstuur van verskillende dele van die betrokke vel asook die doel waarvoor die eindproduk benut sou word. In hierdie verband word onder meer verwys na stroke as twee-, twee-en-'n half (ongeveer 40 mm), drie of vier vingers (ongeveer 80 mm) wyd.

7.4 Dryftoerusting

Die samestelling van die toerusting waarmee die lang spanne osse in Suid-Afrika aangedryf word, is relatief ongekompliseerd. Gebreide rouvel van 'n verskeidenheid diere is die belangrikste grondstof waarvan die dryftoerusting vervaardig is. Die beskikbaarheid en seleksie van die tersaaklike velle waaruit die verskillende artikels en van hul onderdele saamgestel en vervaardig is, is meestal vry algemeen uit die osdrywer se woon- of reisomgewing verkry. Hierdie artikels is met verworwe vaardigheid, geduld asook selftevredenheid, meestal deur die osdrywer self gemaak, om aan sy spesifieke behoefte in die beoefening van sy dryfkuns te voldoen.

Die enigste onderdeel van die lang ossweep wat nie uit velle verkry word nie is die sweepstok van etlike meter lank, synde die "handvatse" waaraan die sweep geheg word. Weens die lengte van die totale sweep word hierdie handvatse tydens die aandryf van die span trekosse met beide hande en arms, en soms ook met toepaslike vastrap van die bene en voete beheer, onder meer wanneer geklap of 'n raps na 'n beperkte teiken gemik word.

Die dryftoerusting en meer spesifiek die ossweep moet met goeie oorleg en vaardigheid gebruik word. Vir die aandrywing van trekosse is ander aanvullende vaardighede, buiten die osdrywer se hantering van tersaaklike slaangoed, ewe-eens ter sake.

Die touleier (voorloper) is onder bepaalde omstandighede, soos in die oop veld of waar die wapad oor moeilike terrein beweeg, van onmisbare waarde. In *The Farmers Annual* (1914-15:302) som 'n osdrywer die rol van die touleier in die dryfproses besonder goed op: "Commonsense Advice ... Whether donkeys or oxen, good leaders are of more importance than any whip; the silly 'hullabaloo' and whip-cracking 'swank' so often seen and heard are quite superfluous and show bad driving".

Die hantering van die remstelsel verg ook oordeelkundige toepassing. Op goed gebaande paaie of ongekompliseerde terrein is dit 'n taak wat deur die drywer self hanteer word. Waar moeilike toestande sodanig is dat die drywer sy volle aandag aan die manipulerings van die span osse skenk, is 'n kundige briedraaier egter onmisbaar. 'n Taak wat met noue oorleg van toepaslike gebare en gesproke opdragte van die drywer asook die briedraaier se eie fyn aanvoeling uitgevoer word om veral die veiligheid van die agterosse en die wa met sy vrag te verseker.

Die dryftoerusting om trekosse aan te dryf behels slegs 'n klein aantal items, soos hieronder meer breedvoerig uiteengesit, wat onder spesifieke omstandighede of vir bepaalde doeleindes aangewend word.

7.4.1 Agterossambok

Die terme sweep en sambok word dikwels as sinonieme gebruik waar 'n kort slaanding van tot ongeveer 2 meter lank ter sprake is. Meestal bestaan dit uit een stuk vel (seekoei of renoster) wat

na voor spits toeloop, maar soms ook met rieme van ander velsoorte gevleg met 'n stywe houtstok as handvatsel.

Die agterossambok het beperkte maar, wanneer nodig, nuttige toepassings vir die osdrywer. Tradisioneel is dit gesny uit vars renoster- of seekoeivel, in lengtes van tussen 150 cm tot 210 cm lank en tussen 25 mm en 32 mm deursnit aan die agterkant. Hierdie stroke rouvel is met 'n klophamer rond geslaan en met 'n mes glad afgewerk. Die agterste helfte van die sambok is dik, stewig en onbuigsaam, terwyl die voorste helfte spits afgewerk is om dit buigsaam te maak en effens soepelheid daaraan te verleen wanneer 'n hou daarmee geslaan word (Miles, 2004; Van Rooyen, 1938:65). Voorkeur is aan seekoeivel gegee aangesien dit meer natuurlike vet in die vel bevat om die nodige soepelheid aan die voerpunt te verleen. Om hantering van die sambok te vergemaklik is dit met 'n riemlus aan die agterpunt voorsien om aan die pols of kapstok te hang (Scholtz, 2001).

Met die vervoer van swaar vragte is die agterossambok onder buitengewone omstandighede, soos moeilike terrein, gebruik om veral die agterosse, wat dalk effe wil lyfwegsteek, met 'n hou daarmee tot die nodige aksie te dissiplineer. Vir hierdie doel is die sambok by die waklampie byderhand gehou deur dit onder andere aan die bokbalk te hang of in te druk (Gronum, 1975:65; Van Rooyen, 1938:51). Wanneer osse ingespan word, is dit 'n nuttige hulpmiddel om as verlenging van die arm te dien om die osse bymekaar te hou wanneer hulle uitgekeer word en hoi staan. Eweneens is dit onder hierdie omstandighede ook nuttig gebruik om 'n moedswillige of baldadige os in bedwang te hou wanneer hulle hoi staan of om hom uit te trek na die juk toe.

7.4.2 Agterossweep

As 'n alternatief vir die tradisionele agterossambok is 'n agterossweep gebruik. Dit is 'n sweep (aan 'n kort stewige stok) nagenoeg gelykstaande aan die lengte van die standaard agterossambok maar in konstruksie is die sweep effe dikker as die ossesweep. In verhouding is die volgorde van die onderskeie onderdele, van hingsel tot voorslag, (en van dieselfde riemmateriaal as die ossesweep) in ooreenstemming met die konstruksie van die ossweep (Van Rooyen, 1938:47). Sien ook taboes onder 7.4.4 wat eweneens as alternatief vir die agterossambok gebruik word.

7.4.3 Prikkel

Sommige Spaans-Amerikaanse osdrywers het prikkels, lang stokke waaraan 'n plat ysterstafie met 'n skerp punt gevestig is, benut om hul osse onder die juk mee aan te dryf (Lord & Baines, 1975 [1876]:406). Die Suid-Afrikaanse osdrywer gebruik nie hierdie tipe apparaat nie, behalwe dat hy die hotagteros soms met die stomp agterkant van die sweepstok met 'n ligte stamp (of druk) teen die lyf sal aandruk.

7.4.4 Taboes

Die agterossambok is uit die aard van sy samestelling 'n relatief aggressiewe slaanding waarmee die os soms onverdiend geniepsig getug is. Om hierdie rede het sommige osdrywers 'n spesifieke kort swepie, bekend as 'n taboes verkies. Dit is bloot 'n stuk stewige plat riem wat effe spits na die voorpunt gesny is en aan 'n toepaslike kort stok verbind is. Om die agteros te reguleer, klap die taboes hard teen die os se lyf sonder gepaardgaande geniepsigheid (Gronum, 1975:65; Sneyd, 2001). In teenstelling met die agterossweep (7.4.2) is die afwerking van die taboes minder verfyn.

7.4.5 Ossweep

Die gesamentlike lengte van die stok en riemgedeelte van hierdie swepe is nie minder as dertig voet nie en soms selfs meer. Vir die oningeligte buitestander is die behendige hantering en harde klapgeluide van die lang sweep beide vreemd en vermaaklik (Burchell, 1967 [1824]:52). 'n Uiteensetting van die trekgoed vir die trekos in Suid-Afrika sal ernstig tekortskiet sonder meer gedetailleerde besonderhede met betrekking tot die konstruksie en samestelling van die konvensionele eiesoortige ossweep van die Suid-Afrikaanse osdrywer.

Van Rooyen, (1938:47) verduidelik: "'n Tipies outydse ossesweep bestaan uit die volgende dele, nl. die hingsel om die sweep aan die sweepstok te bind, dan volg die sweep, daarna die agterslag en eindelijk die voorslag". Afhangend van die konteks waarin die begrip "sweep" gebruik word, kan dit op verskeie begrippe dui. Die woord "sweep" verwys eerstens na die volledige apparaat waarmee 'n span osse aangedryf word, bedoelende die sweep met al sy komponente, van die stok tot die voorslag. Tweedens verwys dit bloot na die totale riemkomponente sonder die stok soos met die stelling: "Die osdrywer het sy sweep opgerol en in die wakis gebêre". Derdens sinspeel die term, veral tydens konstruksie of met meer detailbeskrywing, op die hoofriemkomponent synde die dikker deel wat volg op die hingsel tot en met die aanhegting van die agterslag. Ten einde moontlike verwarring in betekenis te beperk, word in hierdie hoofstuk die term "ossweep" vir eersgenoemde twee betekenisse gebruik. Vir 'n meer gedetailleerde uiteensetting van die dryftoerusting verwys die term "sweep" desgelyks na bogenoemde derde betekenis. Die sweepgedeelte verteenwoordig tradisioneel 'n lengte riem (of rieme afhangend van die wyse van konstruksie) wat van agter na voor rond en spits afgewerk is.

Die VAWB (1977:714) definieer die ossweep as: (1) "'n lang sweep aan 'n lang stok waarmee 'n span osse aangedryf word" en (2) "so 'n slaanding sonder die stok". Die WAT sluit hierby aan en meld voorts dit is: "Enigeen van verskeie swepe wat gebruik word om osse wat 'n ossewa trek, mee aan te dryf" (WAT 2014. Lemma: ossweep). Die verwysing na "verskeie swepe" sinspeel eerstens hoofsaaklik op die verskillende lengtes van osswepe wat wesenlik bepaal word deur die lengte (aantal pare osse) van die betrokke span waarmee gewerk word. Tweedens kan dit daarmee saam ook sinspeel op verskeie tegnieke in die konstruksie van die sweep, onder andere opmekaar gestikte beesvelrieme of 'n soliede dik riem byvoorbeeld van 'n kameelperd- of

swartwitpensvel. Wat die lengte van bogenoemde lang stok betref kom dit in die praktyk daarop neer dat die stok se lengte (en ook dikte) binne perke van die standaard 14 litte waarin sweepstokke bemark is, bepaal word deur die individuele drywer se persoonlike voorkeur vir die lengte van die stok waarmee hy vir die lengte van 'n bepaalde ossweep gemaklik is.

Vir die ortodokse osdrywer is die ossweep onontbeerlik, maar nie onverganklik nie (Gronum, 1975:62). Teen hierdie agtergrond word die sweep, van die stok tot die voorslag, deur tradisionele osdrywers met groot omsigtigheid hanteer en versorg. Wat lengte betref is die ossweep die lompste item van die dryftoerusting. As sodanig verg dit ervaring en besonderse vaardigheid om dit funksioneel effektief goed te hanteer. 'n Belangrike maatstaf waarteen die osdrywer se vaardigheid beoordeel of getoets is, is sy vermoë om die sweep met perfektheid te kan klap. Hierdie vaardigheid vind toepassing in uiteenlopende behoeftes. Lord en Baines (1975 [1876]:388) beskryf die ossweep in die hande van 'n ervare en geoefende drywer as 'n besonder gedugte wapen. Hier word dus nie net na die nut van die lang dun ossweep om die span osse aan te dryf, verwys nie maar ook na vele nutsgebruike, onder andere om roofdiere af te skrik en om posisies aan te dui waar individue van 'n groep tydens 'n trek van mekaar sou afdwaal. Burchell (1967 [1824]:422) bevestig hierdie benutting van die Kaapse ossweep soos volg: "... judging, from the clapping of our whip, that we had lost our way. The distance at which he had heard us, could not have been less than two Miles,; a proof of the sharp and powerful sound which such a whip is capable of producing. Innumerable proofs of this kind, and among them some which would be thought almost incredible by those who had never heard a Cape whip, were given during my travels. The openness of the country is indeed favourable to the wide extension of the sonoric undulations of the air". Die afstand van twee myl is gelykstaande aan 3.2 kilometer. Anderson (1888:17) beskryf 'n besonder treffende funksie van die ossweep in die hande van 'n ervare osdrywer: "... suddenly the oxen bolted for some distance, but luckily in the tracks, by the driver cracking his whip on both sides of them, which no doubt kept off the lions also, who was galloping alongside".

Tradisioneel word die lengte van die ossweep onder osdrywers in terme van die aantal osse in die span aangedui, soos onder meer 'n agt-, tien- of agtienspansweep. Die sweepmaker (indertyd gewoonlik die drywer self) het sy ledemate as maatstok gebruik om die lengte van die riem/e waarmee die lang sweep gemaak is uit te meet soos in 7.3 uiteengesit. In die praktyk is hierdie lengtes dus nie tot op die sentimeter na byvoorbeeld gelyk aan 'n vaste afmeting soos 'n vaam (6 voet, oftewel 1.83 meter) nie, maar binne geringe en aanvaarbare perke wissel die sweep se lengte dus van drywer tot drywer. Desgelyks kan, in die praktyk, byvoorbeeld die twaalfspansweep van een drywer na 'n ander, binne perke effens wissel in lengte.

Veral in die transportrydperk van die trekosera het drywers 'n lang sweep verkies om enige os, ongeag sy trekposisie in die span, tydens die dryfproses met 'n ligte raps te beheer (Gronum, 1975:64; Spoelstra, 2001 [1922]:79; Smith, 1988; Scholtz, 1987). Onder gunstige werktoestande

waar die osse oor gemaklike terrein relatief gemaklik trek, sit die drywer meestal op die klampie op die voerpunt van die wa om die osse te dryf.

Selfs wanneer die drywer, hetsy met 'n eg, ploeg, slee of wa, langs die span loop, beheer hy die span vanaf sy stapposisie effe skuins na voor teenoor die hotagteros en effens tru van die hotnaasagteros, ongeag die lengte van die span. Vir beheer oor die span pas hy die afstand wat hy van die hotagteros af loop in ooreenstemming met die lengte van die span effe aan. Vir 'n lang span stap hy ietwat verder weg van die span af om elke os se aksies tydens die dryfproses beter onder oë te hou. Die posisie aan die hotkant van die span ondersteun die natuurlike aksie van 'n regshandige drywer se arms met die hantering van die sweep tydens die dryfproses. Hierbenewens is die spesifieke dryfposisie teenoor die hotagteros om praktiese redes. Sou die drywer vanaf 'n posisie verder na vore dryf, veroorsaak dit 'n remmende aksie op die osse agter hom in die span. Dit belemmer die gesamentlike trekaksie van die span en kan selfs van die agterste osse laat dwars trek, met rampspoedige gevolge vir die trekgoed en die trekkrag van die span in geheel. Die ideale lengte van die sweep wat die osdrywer gebruik, is lank genoeg om al die osse wat in die span trek vanuit hierdie posisie/s te kan beheer. Ten einde elke os in die span gerieflik vanaf hierdie tradisionele dryfposisie, met die sweep, te bereik, maak die osdrywer meestal vir sy betrokke span, waarmee hy gereeld werk, 'n pasgemaakte ossweep.

Dit is nodig om die ossweep in verskillende segmente saam te stel, hoofsaaklik omdat die rieme vir elke segment aan bepaalde funksionele vereistes ten opsigte van dikte, kwaliteit en soepelheid moet voldoen. Die vereistes van die tersaaklike segmente van die ossweep word vervolgens, alfabeties in volgorde van benaming, meer breedvoerig uiteengesit.

7.4.5.1 Agterslag

Die benaming agterslag verwys meer algemeen na die segment van die ossweep wat tussen die gestikte (of soliede) en rond afgewerkte sweep en die voorslag ingevoeg word. Aan die sweepkant word dit met behulp van 'n els met 'n dun riempie, soos duiker- of steenbokvel, vasgestik, maar soms ook met 'n skuifknoop geheg. Aan die voerpunt van die agterslag word die voorslag met 'n spesifieke maswerkknoop, in die osdrywerstaal die voorslagknoop genoem, vasgeheg.

'n Minder gebruiklike toepassing (waarskynlik meer gewestelik) van die term "agterslag" vervang soms die meer algemene term "hingsel" (sien 7.4.5.3) as die segment van 'n ossweep wat die sweep aan die sweepstok heg.


7.4.5.2 Bovas

'n Bovas is wanneer 'n ossweep met die voorslag aan die bopunt van die sweepstok, maar gewoonlik aan die hingsel, vasgemaak is om 'n dubbele vorm aan die ossweep te gee. Daar word

hierna ook verwys as bovassweep of dubbelsweep. Hierdie tegniek word toegepas wanneer 'n os in die span weerspanning of dwarsstrekkerig is en dit soms nodig is om hom ietwat meer geniepsig in bedwang te hou. In die osdrywerstaal word gesê: "Hy het die os met die bovas geraps". Hierdie gebruik van die ossweep het dus 'n korter reikafstand en is meer spesifiek op die balhorige os gerig, sonder dat die swiep van die lang sweep ander osse in die span ontwig. Die drywer moet nader aan die balorige os beweeg om hom te raps. Uit hierdie toepassing van die ossweep spruit dit soms dat die term bovas ook dikwels as sinoniem vir die konvensionele term hingsel gebruik word.

7.4.5.3 Hingsel

Die hingsel is die lus van 'n relatief dun riempie wat as verbinding tussen die sweepstok en die ossweep dien. Die benaming nekriempie dien soms as sinoniem vir hingsel. Vir die ossweep is hierdie lus verkieslik tussen 10 en 15 cm lank, ten einde die swaaibeweging van die sweep te laat vloei. 'n Soepel riempie, gewoonlik van die dikker deel van 'n gebreide vel wat vir voorslae berei is (tradisioneel koedoe, bosbok of die dunner pensdeel van 'n beesvel) word vir hierdie doel gebruik. Afhangend van die dikte van die betrokke riempie word 'n enkel, twee- of driedubbele lus gevorm. Om 'n lus te vorm, word die punte van die riempie op die verlangde lengte met 'n maswerkknoop verbind en vasgetrek. Die lus, hetsy 'n enkel, twee- of driedubbele lus kom aan die sweepstok met 'n kniehalterslag vas (Oosthuysen, 2011b; Sneyd, 2001).



Figuur 7-6: Hingsel
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.4.5.4 Kwinter

Die kwinter is 'n besonder dun riempie wat uit die gebreide vel van klein wildsoorte (duiker of steenbok) verkry word en aan die voerpunt van die standaardvoorslag geheg is. Gronum (1975:64) stel dit dat: "... voor aan hierdie koedoeagterslag kom nou 'n koedoevoorslag ... Op die punt van daardie koedoevoorslag sit hulle nou eintlik die spoggertjie aan, wat hulle die kwinter genoem het. Dit is so 'n lang riempie, van sterk steenbokvel en mooi sterk gestryk. Dit is nou die mannetjie wat die fyn skreeuwerk doen hier deur die lug". Die gebruik van die kwinter aan die

voorpunt van die sweep dien meer wanneer die drywer sy span osse wou spogdryf. Dit het veral gepaardgegaan met sy aankoms by sosiale geleenthede, onder meer by huwelike of ander feestelike geleenthede, of by sy vakansieoord. Die fyn klappgeluide volg op behendige hantering van die sweep in die lug, in teenstelling met die klassieke klap waar die sweep na voor en grondwaarts gerig word.

7.4.5.5 Sweep

Die term "sweep" verwys na die dikker deel van die ossweep, synde die gedeelte wat volg op die hingsel tot en met die aanhegting aan die agterslag (Van Rooyen, 1938:47). Dit behels 'n netjiese, rond afgewerkte riem wat tradisioneel op 'n bepaalde wyse gefatsoeneer is. Die agterste deel van die ortodokse sweep is vir die eerste paarspan, destyds meestal met 'n sweepskaafie, na die agterpunt effens spits afgewerk. Na die eerste paarspan behou die sweep, in verhouding tot die totale lengte van die betrokke sweep, sy dikte na voor vir 'n meter of twee. Hierna is die sweep eweneens na vore baie geleidelik afgewerk tot die verlangde dikte waar die agterslag vasgeheg word. Ten einde die afwerking te vergemaklik, word die riem waarvan die sweep gemaak word, klam gehou. Die finale, netjiese, koeëlronde afwerking behels dat die sweep op 'n plat oppervlak (tafelblad) met 'n houtklopper (houthamer) rond geslaan word. Vervolgens word dit, onder druk van die arms en hande, met 'n gladde houtblok gerol en/of met 'n riempie gestryk. Verskillende konstruksietegnieke van die sweep word in 7.4.6 uiteengesit.

Wanneer literatuur van die trekosera, onder meer reisbeskrywinge en tydskrifartikels, nagegaan word, is dit duidelik dat osdrywers onderling verskil wat die lengte van hul swepe aanbetref. In die algemeen is dit in verhouding tot die lengte van die sweepstok bereken. Hieroor skryf Gronum (1975:64): "... Party boere hou van 'n sweep wat 1½ keer die lengte van die stok was. Baie boere het twee lengtes en nog 'n kwart die stok se lengte verkies vir die sweep". Vir 'n span van 12 tot 14 osse is die lengte van die sweep (naas die 3.05 tot 4.55 meter oftewel 10 tot 15 voet lang sweepstok) 'n ongeveer 6 meter (20 vt.) lang riem. Die voorslag was 1.2 tot 1.5 meter (4 tot 5 voet) lank (Lord & Baines, 1975 [1876]:388). In antwoord op 'n leser se navraag met betrekking tot die lengte van die ossweep reageer verskeie osdrywers met uiteenlopende afmetings wat hulle vir die onderskeie komponente van die ossweep aangee. Hiervolgens wissel hul afmeting vir die lengte van die sweep tussen 3.2 m (11 vt.) vir 'n ligte plaaswa tot 4.5 meter (15 vt.) vir 'n standaard transportrysweep. Hul afmetings vir die agterslag wissel ewe-eens tussen 75 cm en 120 cm (2 vt. 6 dm. en 4 vt.), met die voorslag wat tussen 30 cm tot 1.8 meter (1 vt. tot 6 vt.) wissel. Wat die lengte van die sweepstok betref spesifiseer een korrespondent dit as 3.3 m (11 vt.), die ander verwys slegs na 'n gemiddelde of lang stok (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914-15:302).

Die insette van verskillende lesers is duidelik op hul persoonlike ervaring of persepsies geskoei en is veral van toepassing op die lengte van 'n bepaalde span osse waarmee hulle vertrou is.

Bogenoemde verwysing na die korter afmetings vir die ossweep is meer van toepassing op karweiwerk van onder andere graan en hout op die plaas, waar agt of tien osse in die span 'n algemene norm was. Die standaardlengte vir 'n transportrys span was 16 tot 18 osse, daarom dus die aanbeveling deur 'n leser vir 'n langer sweep van 4.6 meter (15 vt.) asook langer sekondêre komponente, waarby hy bloot na 'n lang stok verwys.

Die redes vir die meningsverskil oor die lengte van die sweep word besonder raak saamgevat deur 'n osdrywer in Transvaal: "... the length depends on what the enquirer wants to drive. No one would use a tandem whip for a single horse nor an 18-ox whip for six oxen. Coming to practical detail, the enquirer will probably have to do with an average length stick from the nearest winkel. He will find that if the 'thong' complete (what ever fancy names farmers may apply to imaginary component parts of it) is about 1½ times the length of his stick, he will be all right; the 'lash' of course is a matter of convenience, and what he can get, say, 1 to 2 ft." (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914-15:302).

Uit bogemelde uiteensetting blyk dit dat in die konstruksie van die ossweep die sweep die hoofkomponent is. Hierby kan die sekondêre ondedele, soos die agterslag en voorslag, met min moeite gerieflik toegevoeg en/of ten opsigte van afmetings aangepas word. Die gerieflikste totale lengte van die ossweep vir elke individuele drywer word fundamenteel bepaal deur die lengte (aantal pare) van die betrokke span osse waarmee gewerk word. Die terrein waar gewerk word beïnvloed ewe-eens die lengte van die sweep. In bosagtige of langs boomryke kronkelpaaie is 'n korter sweep meer geskik. In die praktyk kom dit daarop neer dat, binne die perke van die sweepstok se afmetings, die lengte van die ossweep bepaal word deur elke drywer se dryfstyl en persoonlike voorkeur met dit waarmee hy gemaklik is. Hierdie beginsel geld ten opsigte van die lengte van die stok, sweep en die span osse wat hy in bepaalde omstandighede dryf.

Die agter- en voorslag se lengte wissel na gelang van die drywer se persoonlike voorkeur om 'n pasmaaklengte vir sy ossweep vir die bepaalde span te verkry. Dit geld veral waar klein verskille in die lengte van die span, byvoorbeeld 'n tien- of twaalfspan, ter sprake is. Trouens die agterslag is nie so onontbeerlik as die voorslag nie en kan weggelaat word indien die konstruksie van die sweep komponent sodanig is. Die voorslag word dan direk aan die smal dun voerpunt van die sweep gekoppel (Gronum, 1975:64; Miles, 2004). Dit spreek vanself dat die sweep vir 'n span van agtien lig en dus dun afgewerk moet wees, aangesien 'n besonder lang ossweep vereis word, wat tydens gebruik besondere hefboomkrag op die sweepstok uitoefen. 'n Onnodig swaar (dik) sweep kan meer geredelik daartoe lei dat die punt van die lang stok knak.

7.4.5.6 Sweepstok

Bamboes, omdat die stokke van geskikte lengte, sterk, lig en buigsaaam is, word meestal deur osdrywers as sweepstokke vir die lang ossweep gebruik. Die struktuur van bamboes leen hom daartoe om met toepaslike tegnieke, effe krom stokke netjies reguit te buig. Van Rooyen

(1938:51) noem dat die pionierboere in Natal ook gebruik gemaak het van die sogenaamde "litjiesstok" wat in die houtbosse van Natal verkry is. Die naam spruit uit die feit dat dun takkies ongeveer 15 cm (6dm.) uitmekaar op die stam groei. Na verwydering van die takkies vertoon die stok oor sy volle lengte merkies of litjies.

Die lang bamboesstok is die een komponent van die ossweep wat nie algemeen vryelik vir die osdrywer uit sy omgewing beskikbaar is nie. Om hierdie rede is dit met groot sorg hanteer en neergelê wanneer daar met die span osse gewerk is. Aan die wa is 'n spesiale bēreplek vir die sweepstok aan die wa se reling ingerig vir wanneer dit nie in gebruik is nie. Weens sy lengte en tekstuur kan dit maklik knak wanneer daar op ongelyke grond, deur mens of os, daarop getrap sou word.

Die voortreflikste sweepstokke is in beperkte gebiede met geskikte grondtipes, reënval en klimaatstoestande, soos in die McGregor- en Napieromgewing, waar die klimaat as die beste ter wêreld vir die doel beskou is, gekweek (Bosman, 1988:54). As sodanig het dit 'n besonder lonende sekondêre bedryf van die trekosera op skraal grond verteenwoordig met opbrengste per hektaar wat goed met wingerd (op meer vrugbare grond) vergelyk het (De Wet, 1976:17). Osdrywers, veral in die binnelandse gebiede van Suid-Afrika, het hul stokke van sweepstokkewekers of handelaars (wabouers en algemene handelaars) vanuit die Wes-Kaap, in bondels van twaalf, aangekoop (Gronum, 1975:64). Teen die einde van die negentiende eeu was sweepstokke in die binneland ook vryelik by algemene handelaars beskikbaar (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914-15:302; Scholtz, 2001; Smith, 1988). Vir bemerking is die stok van die ossweep gewoonlik in lengtes van 14 litte elk ('n totale lengte van nagenoeg 4.9 meter (16 vt.) gesny (Scholtz, 1988; Sneyd, 2001).

Bamboes kom ook in ander streke van Suid-Afrika voor waar ewe-eens goeie kwaliteit stokke verkry is. Louis Trigardt meld in sy dagboek, op datum 12 Januarie 1838: "Pieta kwam met de draagos, hij brag mijn een bamboes sweep stok zoo mooi als ik in ons land wijinig gesien heb ... een bos van bamboes gevonden had ... dat wij nu geen houd stokken van noden heb" (Le Roux, 1977:145). Dit is duidelik dat Trigardt verheug was oor die fonds om van die gewone houtstokke ontslae te wees. Oorblyfsels van klein bamboesbosse is steeds op plekke in die Oos-Kaap, onder meer in die distrikte Albanie, Alexandria en Bathurst, te vinde. Kwaliteit sweepstokke is in hierdie gebied tot vroeg in die een-en-twintigste eeu, deur osdrywers vir eie gebruik verkry (Oosthuysen, 2011b).

Alhoewel die ideale stok se litte byna eenvormig in lengte is, is die voorste litte effens langer en dunner, wat die sweepstok van agter na voor geleidelik spits laat loop met 'n mate van buigsaamheid na die punt toe. Dit versterk die soepelheid van die ossweep in die geheel. Sou die bamboes te geil groei en die litte dus te lank wees, knak hulle makliker onder die hefboomkrag wat op die stok uitgeoefen word wanneer die lang sweep tydens die dryfproses geswaai en geklap

word. Uit hierdie basiese stok kan elke drywer die lengte aanpas deur dit agter of voor af te saag om in sy persoonlike behoeftes, soos die lengte van sy span wat hy dryf, die sweep, of sy persoonlike voorkeur van die stok se greep en lengte, te voorsien.

Die reguit sweepstok sluit hom by die ossweep aan en word ook van agter na voor baie geleidelik effens dunner met 'n meer soepel voorpunt. Die agterste gedeelte vir die handgreep is die dikste en onbuigsame deel.

Vir 'n meer omvattende uiteensetting van die sweepstokkultuur ten opsigte van die omvang van die bedryf, verbouing en verwerking kyk Bylaag 1.

7.4.5.7 Voorslag

Die voorslag verteenwoordig die voorpunt van die ossweep. As sodanig is dit die dunste en mees soepel deel en verskaf die kenmerkende knalgeluid wanneer 'n ossweep geklap word. Vir die konvensionele ossweep is die voorkeurvelle om voorslae van te maak dié van bosbokke en koedoes (Lord & Baines, 1975 [1876]:388; Sneyd, 2001; Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1938:47). In die praktyk is 'n algemene norm onder osdrywers dat die vel van skaduwild besonder geskik is vir voorslae. In binnelandse grasveldstreke is ook algemeen van blesbokvelle gebruik gemaak (Miles, 2004; Oosthuysen, 2011b). Om 'n vel te benut vir voorslae moet dit voorberei word deur dit te onthaar en daarna gebrei word tot dit soepel is. (Die tegnieke om velle te onthaar en te brei word meer breedvoerig in hoofstuk 8 uiteengesit.)

Om voorslae voor te berei, word die gebreide vel langs die rug in twee gedeel. Toepaslike smal repies, in die verlangde lengtes en breedte van die betrokke osdrywer se behoeftes vir sy sweep, word vanaf die rugkant met 'n skuins hoek na die pensgedeelte uitgesny. Dit verskaf 'n natuurlike afdun van die voorslag van bo na onder.

Die vel bestaan uit twee lae. In die osdrywerstaal word na die buitenste epiteellaag verwys as die haar- of nerfkant. Die nerf is horingagtig en kan min rek. Die laag daaronder is die leerhuid met 'n heel ander tekstuur, wat met bepaalde verwerkings aansienlik kan rek en sodoende die soepelheid van die voorslag verhoog. 'n Voorslagriempie wat die nerf aan het, reageer tydens die voorbereiding en gebruik anders aan die bokant as aan die onderkant. Namate die leerhuid tydens gebruik meer rek as die nerf, vorm dit dwarskrakies in die nerf wat die voorslag verswak en maklik tydens gebruik laat afbreek by sulke barsies. Omdat hierdie lae verskillend reageer, word die nerf van die voorslagriempie afgetrek, of met 'n skerp mes afgeskil, voordat dit gestryk word ter voorbereiding vir gebruik aan die ossweep.

Om die voorslagriempie te stryk, behels die rek en gladmaak daarvan om 'n ronde soepel voorslag te vorm. Vir hierdie doel word die generfde riempie ongeveer 10 mm van die agterpunt af, in die middel van die riempie, met 'n lengte spleet (5 mm lank) voorsien, waardeur die voorpunt gestee en getrek word om 'n lussie te vorm. Vervolgens word dit in water (verkieklik louwater)

aangeklam en die lussie aan 'n stewige haak gekoppel. Die voorpunt van die riempie word stewig met die een hand vasgehou en styf getrek. 'n Stewige strykriempie word met 'n lus (of dubbel lus) om die voorslagriem gevou. Die strykriempie se punte word met die ander hand vasgevat en die voorslag, oor die volle lengte daarvan, aanvanklik stadig en liggies op en af gestryk. Namate die voorslagriempie afglad en rek word die druk op die strykriem (binne perke) verhoog en die stryaksie ietwat versnel totdat die voorslag uitgerek en gereed is om aan die sweep geheg te word. Na die strykproses word die voorslag met sagte (gesmelte) bees- of skaapvet ingesmeer om dit soepel te hou tydens berging en latere gebruik.

7.4.6 Konstruksie van die sweep

Die konstruksie van die tradisionele osdrywer se sweep is sodanig dat hy al die osse wat in die betrokke span trek vanaf die drywersposisie kan beheer. Die konvensionele sweep was nie so dik (swaar) as wat later soms deur osdrywers gebruik is nie (Spoelstra, 2001 [1922]:79). Die dikste deel van die sweep is ongeveer 'n sentimeter of, in terme van die osdrywer se maatstok, nagenoeg so dik as die drywer se pinkie (De Beer, 1975:69; Lord & Baines, 1975 [1876]:388; Samson, 1988).

Om 'n goeie funksionele sweep te maak, word deeglik geselekteerde gedeeltes gebreide rouvelrieme van enige van 'n verskeidenheid diersoorte waarvan die velle vir die doel geskik is, gebruik. Waar dit beskikbaar was, is by voorkeur rieme van kameelperd- en swartwitpensvelle gebruik (Farini, 1973 [1886]:202; Gronum, 1975:63; Van Rooyen, 1938:46). Vir die maak van die sweep beskou Gronum (1975:63) die swartwitpens as die prima riem aangesien dit in klammigheid sy "knyp", oftewel stewigheid van tekstuur, beter behou teenoor die riem van kameelperdvel wat neig om in sulke omstandighede effens te swel of sagter te word. Die gebruik van die dunner gedeelte (pens) van die velle van seekoeie is ook indertyd vir die maak van die sweep benut (Van Rooyen, 1938:46). Die tekstuur van die seekoei se vel behou eweneens ook sy knyp besonder goed en as sodanig is dit 'n voorkeurvel, soos reeds in 7.4.1 genoem, om die agterossambok van te maak. Genoemde soorte velle was in sommige streke mettertyd nie meer vryelik verkrygbaar nie. Om praktiese redes is later, en tans nog steeds, in die algemeen voorkeur gegee aan 'n volgroeiende os se vel weens sy goeie kwaliteite en redelike dikte, maar veral weens die geredelike beskikbaarheid daarvan (Van Rooyen, 1938:46; Muir, 2013; Niper, 2013; Spoelstra, 2001 [1922]:79; Sneyd, 2009).

Met die verskillende soorte velle wat benut is, word uiteenlopende tegnieke toegepas in die konstruksie van die sweep. Meestal is die boepens- of mambafatsoen nagevolg. Hiervolgens is 'n sweep vir 'n span van tien osse, met 'n lengte van drie vaam en drie span (6.2 m), vir die eerste drie span effens na agter spits afgewerk, maar word geleidelik dikker tot die gewenste dikte van ongeveer die dikte van die drywer se pinkie. Hierdie dikte (of pens) van die sweep word vir etlike span gehandhaaf en dan weer geleidelik dunner na die voorpunt waar die agterslag of voorslag

aangeheg is (Bosman, 1988:54; Gronum, 1975:64; Spoelstra, 2001 [1922]:79). Die dikte van die agterslag sluit by die voerpunt van die sweep aan, maar is eweneens smaller na voor afgewerk om by die voorslag aan te sluit, om die soepelheid van die sweep na voor te handhaaf.

Om 'n sweep mooi rond en in die verlangde fatsoen uit die riem te sny, is 'n kuns en 'n relatief tydsame proses wat etlike dae kon duur. Om op reis tyd te bespaar as 'n sweep sou breek, het osdrywers meestal die nodige sweeprieme, agterslae en voorslae by hul waens byderhand gehou (Gronum, 1975:62-63; Spoelstra, 2001 [1922]:79). Op reis was die ossweep, veral vir die osdrywer in die transportry-era waar oponthoude tot 'n minimum beperk moes word, 'n uiters noodsaaklike deel van die dryftoerusting, wat altyd gereed moes wees en goed onderhou is. Sy knipmes en/of sweepskaaf is deel van die osdrywer se mondering wat altyd byderhand gehou is. Met die sweeprieme wat in die wakis gebêre is kon, tussen skofte by die uitspanning, 'n reserve sweep gereedlik in gereedheid gebring word.

Die fatsoenering van die sweep het ten doel om die soepelheid van die sweep oor sy volle lengte te verhoog. Dit bevorder daarmee die intensiteit van verskillende klappgeluide en rapse, wat die osdrywer as deel van sy dryftaal, voortbring wanneer hy die osse dryf. Bosman (1988:54) som dit baie elegant op in goeie toepaslike osdrywerstaal: "sodat dit maklik hanteerbaar is en kan "praat", sing, sis, neurie, streel of raas".

7.4.6.1 Dubbelgevoude stroke riem

Soms moes die osdrywer rieme wat uit 'n bepaalde vel verkry is dubbel vou en op die regte wydte, in die middel langs, vaswerk. Die oortollige riem aan die buitekant van die stiksel is dan weggesny (Van Rooyen, 1938:48). Hierdie tegniek word meestal noodgedwonge toegepas waar rieme uit die dunner vel van 'n jong bees gebruik moet word om 'n sweep te maak. Dikwels is die sweep dikker gemaak en beter gefatsoeneer deur 'n plat gestrykte riem styf om 'n gepaste ronde binneriem te vou en teen die binneriem met 'n naairiempie vas te stik. Die omgevoude riem is dan aan die buitekant teen die stiksel weggesny. Hoewel hierdie konstruksie soms as onnet afgemaak word, lewer dit tog 'n redelik duursame en funksionele ossweep.

7.4.6.2 Dubbelstroke gestikte riem


'n Beesvel se rieme is té dun om as 'n enkelstrook 'n goeie sweep te maak. Om 'n goed gebalanseerde sweep te maak, word twee rieme so lank as wat die betrokke sweep moet wees, op mekaar geplaas en in die lengte netjies in die middel met 'n dun riempie vasgestik (Van Rooyen, 1938:48). Die nodige gaatjies word met behulp van 'n els gemaak. Gewilde riempies wat vir stikwerk gebruik word, is onder meer van duiker- en steenbokvel. Indien nodig kan 'n bykomende stukkie riem ingevoeg word op gedeeltes waar die hoofrieme dalk effens té dun is om 'n eenvormige dikte oor die volle lengte vir die sweep te verseker. Aan die voerpunt word een van die dubbelrieme effens langer gelaat (ongeveer 75 mm) en afgeplat om die agterslag, wat

eweneens afgeplat word, daaraan vas te stik. Om die verlangde spitslopende fatsoen te verkry, is die oortollige deeltjies weerskante van die stiksel sorgvuldig weggesny. Die aanmekaargestikte rieme word effens aangeklam, met 'n houtklopper netjies rond geslaan en/of met 'n ligte houtbalk op 'n plat oppervlakte netjies rond en glad gerol.

7.4.6.3 Geroldraaide stroke riem

In die praktyk is hierdie tegniek relatief ongekompliseerd. Indien die rieme in voorraad is, kan so 'n sweep binne 'n uur of twee gemaak word. Dit vind veral toepassing waar, onder bepaalde omstandighede, werk vinnig afgehandel moet word soos egwerk om gesaaides wat spoedig in klam grond bedek moet word of waar 'n damskrop gebruik word om gronddamme skoon te maak of om 'n stuwal te bou. Hierdie tipe take verg veel aandag van die drywer om die toerusting te hanteer waartydens die punt van die sweep gereeld op die grond gesleep word. Langdurige blootstelling aan dergelike klam en nat toestande en opvolgende uitdroging van die sweep benadeel die tekstuur van die leerhuid. Dit neig om bros te word en te breek. Onklaar swepe kan dus maklik vervang word (Oosthuysen, 2011a; Sneyd, 2001). Soms is die sweep in twee segmente gemaak. Die agterste deel bestaan uit 'n tradisionele sweepkonstruksie maar met die voerpunt wat geroldraai is. So 'n sweep wat byvoorbeeld vry algemeen gebruik is met die konstruksie van die barrage in die Vaalrivier tydens die bou van die Vaaldam is na dekades steeds 'n kleinood (Van der Westhuizen, 2009). Die voordeel van hierdie konstruksie is dat die relatief kort voerpunt, wat die meeste aan verwerping blootgestel word, terstond vervang kan word. Die duursamer agterstuk dien sy doel gevolglik veel langer.

Die tegniek is soortgelyk aan dit wat by die maak van stroppe, om die juk teen die os se skof te vestig, toegepas word. Sweeprieme vir hierdie doel word verkry van die vel van 'n jong bees (ongeveer twee tot vier jaar oud) waarvan die leerhuid nog dun is. Die agterste punte van twee platgestrykte rieme, wat spitslopend gefatsoeneer en in geskikte wydte gesny is, word met 'n maswerkknoop aan mekaar gekoppel om 'n lus aan die agterpunt van die sweep te vorm. Om die sweep te konstrueer word die agterpunt vervolgens aan 'n stewige haak gevestig. Elk van die rieme word om die beurt ferm getrek terwyl dit oor die volle lengte styf geroldraai word om 'n ronde riemkoord te vorm. Kyk figuur 7-8. Die styf gedraaide riemkoorde word van agter na voor oormekaar gevleg en na aan die voerpunt met 'n maswerkknoop aan mekaar gebind. Voldoende ruimte word na die knoop aan die punt van die plat gestrykte riem van die sweeprieme gelaat om die agterslag vas te stik. Die sweep kan eweneens uit 'n enkelriem gemaak word waar die riem van die middelpunt na albei punte spitslopend gesny word. Die lus wat dus tydens die roldraai op die middelpunt gevorm word dien om die hingsel te heg. Die breekkrag van die oormekaargevlegte sweep is veel groter as die somtotaal van die oorspronklik plat gestrykte rieme.



Figuur 7-7: Geroldraaide ossweep
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.4.6.4 Omgevlegte riem

Onder tradisionele osdrywers was die gebruik van gevlegte osswepe 'n uitsondering. Tientalle outeurs van reisverhale in Suid-Afrika wat geraadpleeg is maak geen spesifieke melding van gevlegte swepe nie – 'n verskynsel wat sekerlik aandag sou getrek het. 'n Aanduiding dat ongevlegte swepe hoog aangeslaan is, blyk uit 'n "prijst lijst" van Middelburg (Tvl.) se Landbouskou van 1919: "Ossewage Zweep, ongevlogten" (Bosman, 1988:78). Uit dieselfde tydperk meld Spoelstra (2001 [1922]:79) dat 'n standaard twintigvoetossweep om 'n binneriem gevleg is, wat geruime tyd in beslag geneem het om te maak. Ander outeurs oor die kultuur van die trekosera soos Gronum (1975) en Van Rooyen (1938) maak egter nie melding van gevlegte swepe nie. Hulle beklemtoon die opmekaar gestikte dubbelriem en soliede enkelriem wat in die verlangde vorm afgewerk is.

In gesprekke met vele osdrywers oor verskeie dekades heen, die meeste met verbintenis deur 'n pa of oupa met die transportry-era, het slegs enkele melding gemaak van 'n gevlegte ossweep. Hierdie swepe is hoofsaaklik vanaf die middel twintigste eeu gebruik vir 'n kort span van agt (of minder) osse vir ligte werk op 'n plaas (Oosthuysen, 2011b; Scholtz, 1987; Sneyd, 2001).


7.4.6.5 Soliede stroke riem

Waar besonder dik velle, soos in 7.4.6 genoem, vir die maak van swepe gebruik is, is 'n enkele stuk riem vir die doel benut en verwerk. Om reguit sweeprieme, elkeen van min of meer gelykvormige dikte uit 'n bepaalde sone van die vel, te verkry, is genoemde velle op die ruglyn in twee verdeel. Die sweeprieme is in die verlangde breedte vanaf die nek na die basis van die stert gesny om gebrei te word. Van Rooyen (1938:47) wys daarop dat vir sweeprieme wat op hierdie wyse berei word, die vel nie so lank is dat die sweep vir 'n langerige span osse in 'n enkele lengte riem gemaak kon word nie. Die sweep het gevolglik meestal uit twee lengtes bestaan wat aan mekaar gelas is deur die rieme by die laspunte met 'n skuinshoek (ongeveer 60 grade) deur te sny. Die skuinsvlakke is oor mekaar geplaas en met 'n dun riempie, met behulp van 'n els om die gaatjies te maak, vasgestik.



Figuur 7-8: Sweepskafe
Marius Oosthuysen-fotoversameling

Om die sweep netjies in die verlangde fatsoen te kry, is 'n proses wat etlike dae kon duur. Om die dik riem met 'n sweepskafe af te werk, is dit ongeveer op borshoogte tussen twee stewige vaste punte (twee bome of 'n boom en die wa) goed styfgetrek (Gronum, 1975:63). Die sweepskafe is 'n ligte instrument wat met een hand gemanipuleer kan word. Kyk figuur 7-9. Die snydiepte van die lemmetjie is maklik verstelbaar, wat fyn verstellings moontlik maak om die sweepriem met fyn repies tot die verlangde vorm af te skil. Tydens die snywerk word die riem met een hand vasgeklem en, soos nodig, links en regs gedraai soos wat die ander hand die sweepskafe tydens die afskilproses manipuleer. Op hierdie wyse is die sweep egalig en rond geskaaf. Ter finale afronding word die sweep, onder toepaslike druk, met behulp van 'n ligte houtbalk op 'n gladde plat oppervlak, oor die volle lengte heen en weer gerol.



Figuur 7-9: Werking van die sweepskafe
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.5 Bykomstige trekgoed

Verskeie items ter aanvulling en/of ondersteuning van die standaardtoerusting is onder spesifieke omstandighede noodsaaklik. Meestal is dit ter wille van die welsyn van 'n trekos, maar soms ook om gewasse waarin gewerk word teen beskadiging te beskerm of om die wa onder problematiese toestande te hanteer.

7.5.1 Klou-ysters

Die lang afstande wat die trekos soms op ruwe terrein moes aflê het die horinglaag, veral van die agterkloue, van sommige osse se kloutjies deurgeslyt en druk uitgeoefen op die vlak senuwees van die kloutjie. Dit skep 'n uiters pynlike toestand wat, indien dit nie betyds verhoed word nie, die tred van die os totaal aan bande kan lê sodat hy nie verder kan loop nie. Buitekantste agterkloue is meeste blootgestel aan slytasie omdat, wanneer 'n os trek, die meeste krag in die agterbene is. Hierbenewens kan die loopaksie van 'n os, byvoorbeeld om die agterbene effens te swaai of ander vormlike afwykings in die groeipatroon van die poot, slytasie van kloutjies beïnvloed.

Om hierdie probleem te voorkom, is 'n goeie voorraad spesiaal gevormde ligte, dun klouysters, wat die fatsoen van kloutjies pas, met die nodige klein hoefspykers by die waens gehou. Om die punt van die kloutjie te beskerm, is die voorpunt van die hoefyster opgekrul. Soms is ook twee toepaslike dele van 'n perd se afgeslyte hoefyster afgekap om, indien nodig, albei kloutjies van die poot te beslaan (Gronum, 1975:71; Bosman, 1988:58). Selfs toepaslik gevormde stukkies droë rouvel van geskikte dikte is vir hierdie doel benut (Scholtz, 1987; Oosthuysen, 2001a).

Om osse te beslaan, is 'n veel meer komplekse taak as by perde. 'n Os is nie geneë om, soos 'n perd, op drie bene te staan terwyl daar aan sy pote gewerk word nie. Dit neem verskeie mense om die os met rieme plat te trek, vas te hou en effens op sy rug te draai met die bene in die lug, om die pote gerieflik by te kom. Daarbenewens moet hy sonder veel oponthoud beslaan word, aangesien die herkouer se ingewande (die grootpens en die blaarpens) teen die middelrif vasdruk wanneer hy plat op die sy lê en dit dus die werking van die longe en hart nadelig beïnvloed. Dit kan redelik gou die asemhaling dermate belemmer dat die dier kan versmoor, des te meer as die voorlyf effens afdraand lê.

By sommige uitspannings langs die trekpad is voorsiening gemaak om met groter veiligheid te beslaan. Die os is in 'n houtraam, met rieme onder om sy lyf, opkatrol. Met die pote van die grond af kon die os met meer gemak beslaan word (Bosman, 1988:58). Andersins is die os langs die disselboom van die wa platgetrek en die disselboom van voor na agter tussen die bene geplaas om as raam te dien waaraan die pote verbind en in die lug gehou word wanneer die os beslaan is (Bosman, 1988:58; Gronum, 1975:72).

Om 'n os plat te trek, verg ervaring, kundigheid en vernuf om nie te veel geweld toe te pas nie, sodat die dier té hard val of 'n horing breek. Om elk van die pote, kort bokant die kloue, word 'n

osriem met 'n lus vasgetrek. Desgelyks word 'n riem om die horings aan die kop geheg. Meestal is 'n lang riem om die lyf teen die lieste getrek, op so 'n wyse dat die lus laag aan die buik kan vastrek om te verseker dat die nodige trekkrag gereguleer kan word as die os platgetrek word. Sou die lus aanvanklik té na aan die werwelkolom wees, gly dit meestal oor die rug met verlies aan die nodige trekkrag om die lieste. Drukking om die lieste help om die spierkrag van die agterkwart lam te lê en veroorsaak dat die agterbene makliker knak wanneer hy platgetrek word. Die pote is skuins na agter getrek terwyl die lies- en kopriem in die teenoorgestelde rigting getrek is om die os te laat lê. Dit is 'n proses wat goed gekoördineerd moet plaasvind.

7.5.2 Koggelriem (koggelstrop)

Sommige ingespande osse neig om sy jukmaat te tart deur telkens met sy binnekantste horing die trekmaat teen die kop en/of nek te karnuffel. Hierdie koggelry belemmer nie alleen die betrokke paar se trekkrag nie, maar ook dié van die ander osse in die span, veral dié wat direk voor en agter hulle trek.

Om die koggelaar in bedwang te hou, is verskeie planne prakseer. Die betrokke os se kop is met 'n riem (koggelriem) om die horings aan die kop van die juk (of om die kop van die buitekantste skei) vasgemaak. Die koggelriem is net lank genoeg om die os nie te belemmer as hy trek nie, maar ook so dat hy sy maat nie kan gaffel nie. Alternatiewelik is 'n gaatjie, groot genoeg om 'n dunnerige maar sterk riempie deur te steek, in die punt van die buitekantste horing van die koggelaar geboor. Die riempie is deur die gaatjie geknoop om 'n lussie te vorm en permanent aan die horing gelaat. Wanneer hy ingespan word, is 'n ander riempie deur die lus gestee en deur 'n gaatjie in die buitekantste jukskei se kop vasgebind, sodat die kop nie binnekant toe kan swaai om sy maat te koggel nie. In die osdrywerstaal staan sodanige riem/pie bekend as 'n koggelriem of -strop.

7.5.3 Koggelstok

'n Koggelstok, gewoonlik 'n stuk sterk hout of bamboes, dien om te verhoed dat 'n paar ingespande osse (meestal die voorosse) mekaar koggel. Koggel is wanneer die een os die ander telkens met die binnekantste horing teen die kop of nek stamp en sodoende die ritme van die span se trekaksie ontwrig. Hierdie stok van 0,7 m tot 1 m (2 vt. 3 dm. - 3 vt.) lank en nagenoeg 40 mm (1½ dm.) in deursnee is aan die een punt skerp gesny of van 'n kort spyker voorsien.


Die koggelstok is vindingryk met verskillende tegnieke tussen die koppe van die betrokke osse in dieselfde juk monteer. Die stomp punt van die koggelstok is van gaatjies voorsien en met 'n riempie aan die jukkram en om die juk of aan die trens(riem) of die binneskei van die os wat gekoggel word, vasgebind. Die skerpkant is aan die binneskei van die koggelaar geheg of met 'n riem om sy horing gehang, sodat die punt ongeveer 50 mm tot 75 mm (2dm. - 3 dm.) van sy wang

(tussen die oog en die oor) is. Indien die os koggel, kasty die koggelstok hom en die gewoonte word meestal gou afgeleer.

Dikwels is die betrokke osse se horings as heghaak vir die koggelstok benut. 'n Gaatjie is deur die soliede punt van die binnekantste horing van die koggelaar geboor of 'n geskikte gleuf is daarin uitgekerf. 'n Stok (sonder skerppunt) met 'n gaatjie deur beide punte is met 'n riempie aan die betrokke horing en die binneskei van sy maat vasgemaak. Andersyds is die koggelstok op dergelike wyse aan die binnekantste horing van albei jukmaats geheg sodat die stok as buffer tussen die horings vas is. Die koggelaar kan gevolglik nie sy maat met sy horing raakslaan nie. Alternatiewelik is die koggelstok bloot op genoemde wyse aan die binnehoring van die koggelaar geheg sodat wanneer hy sy maat gaffel die stok hom teen die bek tik (Miles, 2004; Niper, 2013; Sneyd, 2009; Sansom, 1988).

7.5.4 Muilband

Die muilband verhoed dat die osse die gesaaides beskadig deur dit te vreet, onder meer wanneer mielies geskoffel, en gerwe uitgery is. Dit is 'n bakkievormige struktuur wat los om die os se bek pas en word met 'n riempie om die horings gehang om dit in posisie te hou. Die muilband is vroeër van rouvelrieme gevleg, maar is mettertyd van geskikte ogiesdraad met klein openinge gemaak. Laasgenoemde is 'n veel makliker en ligter konstruksie.



Figuur 7-10: Muilband
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.5.5 Remtou (remketting)

Die remketting het gedien om die remskoen, wat onder 'n agterwiel geplaas is, aan die wa se skamel vas te maak ten einde die remskoen/e in die gewenste posisie onder die agterwiel/e te hou (HAT, CD-ROM: Lemma: remketting; Spoelstra, 2001 [1922]:80). By die kakebeenwa is die remtou, indertyd van rouriem gemaak, gebruik om waar nodig 'n swaar boomtak, wat as rem moes

dien, agter die wa te sleep. As sodanig is die term remtou voor die hand liggend. Die remtou is om die langwa gevleg om tydens 'n reis byderhand vir gebruik te wees.

Vir die ortodokse osdrywer is die remtou (remketting) 'n onmisbare hulpmiddel wat 'n integrale deel van sy wa se trekgoed uitmaak ongeag of die wa oor 'n briekstelsel beskik al dan nie. Waar die wa wel oor 'n briek en briekblokke beskik en dit dermate gerem word dat die agterwiele sleep, is die remskoen steeds gebruik om oormatige slytasie, of selfs deurslyt op die sleepvlak, van die wielbande te voorkom (Gronum, 1975:42).

'n Ander praktiese benutting was om dit as noodtrektou byderhand te hou in geval die wa sou vasval en uitgesleep moes word. Wanneer twee of meer spanne voor mekaar ingespan is om die wa deur te trek, is die voerpunt van die remtou aan die trektou, voor die disselboom se beul, gehaak. Vervolgens is dit om die disselboom gevleg om dit op te hou en onder die vooras deur aan die voortang agter die skamel stewig vasgebind. Dit het verhoed dat die oormatige krag van die spanne osse die beul van die disselboom of die watang, waar die disselboom aan die voorstel vaskom, uitskeur.

Soms het die wa besonder diep weggesak en moes tree vir tree uitgesleep word. 'n Remtou is bo om elk van die voorwiele getrek en hoog, skuins aan die agterkant, van elke wiel om die velling vasgebind. Die span (soms twee of drie spanne voor mekaar gehaak) trek net tot die remtou aan die wiel na voor is, sodat die wiel nie stukkend getrek word nie. Die proses is telkens herhaal, deur die osse tru te druk om die remtoue weer aan die wiele te kan bind, tot die wa uitgesleep is (Gronum, 1975:42).

Ten einde te onderskei tussen die standaardtrektou waaraan die span ingespan is en die funksie as 'n sleptou, het die benaming remtou (remketting) in die osdrywerstaal bly voortbestaan. Die term trektou, hetsy 'n gevlegte of gedraaide rouriem of 'n ketting, waaraan die jukke gekoppel word, is eweneens in die osdrywerstaal ingeburger. Ortodokse osdrywers verwys selde na 'n trekketting.

7.5.6 Voortou

Wanneer 'n wa getrek word, loop daar nie 'n trektou tussen die agterosse deur nie, slegs die disselboom waaraan die wa getrek word. In die geval waar 'n wa vasval en 'n tweede span osse van 'n ander wa voor die wa ingespan word, is 'n lengte trektou dus nodig om die agterosse van die voorste span aan die trektou van die agterste span te koppel. In die konteks van hierdie behoefte word na so 'n lengte trektou verwys as 'n voortou. Elke wa het so 'n voortou as standaardbystand, tussen die voor- en agterstel aan die langwa, byderhand gehad.

Die term voortou verwys na verskillende komponente van die trekgoed. Die meer algemene betekenis verwys na die leiriem aan die koppe van die voorosse waarmee die touleier die span lei (sien 7.6.3.2). Hierbenewens is die voorste segment van die trektou wat tussen die voorosse na

die naasvoorosse deurloop eweneens as 'n voortou bekend (VAWB 1977:1208). Die konvensionele trektou loop gewoonlik van agter na voor al dunner, met die deel tussen die voorosse as die dunste segment van die trektou.

7.6 Treктоerusting

Die trektoerusting behels 'n verskeidenheid komponente wat gesamentlik bydra om die direkte trekkrag van die trekos te benut. In hierdie afdeling word slegs die komponente van die trekgoed wat benut word om die Suid-Afrikaanse trekosse in te span, en waaraan hulle trek wanneer vrag ensovoorts verskuif word, uiteengesit.


Hierdie trekgoed het soms, veral vir die oningeligte Europese besoeker, besonder ondoeltreffend voorgekom. Die feit van die saak is dat hierdie tipe trekgoed in die praktyk voor die hand liggend is. Een van die hoofredes is dat die materiaal selfs deur ongeskoolde werkers geredelik uit die omgewing verkry en herstel kan word (Balfour, 1896:73). Burchell (1967 [1824]:477), 'n bekende reisiger in die vroeë negentiende eeu, bevestig hierdie selfvoorsiening uit die reisomgewing: "as we were in want of yokes, Philip had orders to remain there with the wagon till he had cut a quantity of wood for that purpose".

Van die vroegste omvattende uiteensettings van die Suid-Afrikaanse trekgoed is deur Peter Kolbe tydens sy besoek in 1705 tot 1707 aan die Kaap de Goede Hoop opgeteken. Uit sy geskrifte is dit duidelik dat die plaaslike trekgoed hom beïndruk het, maar dat die konstruksie, samestelling en gebruik daarvan vir hom geheel onbekend was (Van Rooyen, 1938:66).

7.6.1 Jukke

Om te voldoen aan die trekbehoefte van die osdrywer moet die jukke sterk wees. Die pioniers het die trekvermoë van hul osse en geskikte houtsoorte uit hul omgewing geken en die selfgemaakte jukke dienooreenkomstig in dikte aangepas. Waar dit beskikbaar was is voorkeur aan stinkhout gegee (Gronum, 1975:40; Van Rooyen, 1938:43). Stinkhout (*Ocotea bullata*) is 'n besonder sterk, stabiele en duursame houtsoort. Die fyn tekstuur maak dit moontlik om glad en blink afgewerk te word, wat ook die estetiese waarde van die trekgoed verhoog. Ander houtsoorte, wat onder meer in Oos-Kaapse distrikte byval gevind het, was Witpeer (*Apodytes dimidiata*) en Bostaaibos (*Rhus chirindensis*). In noodgevalle is dikwels van Akasiasoorte soos *Acacia erioloba* en *Acacia karroo* gebruik gemaak. Hierdie akasias is sterk, maar is besonder vatbaar vir houtkewers wat die lewensduur van die juk aan bande lê.

Die lengte van die standaard ortodokse juk is 1.6 m met 'n omtrek van 260 mm. Die tradisionele Suid-Afrikaanse osjuk van die wamakersbedryf behels 'n ronde houtbalk wat in 'n bepaalde patroon afgewerk is. 'n Tipiese juk bestaan uit jukknoppe aan die punte, twee paar jukskeigate aan elke punt en een of twee kramme in die middel van die juk. Kyk figuur 7-11.



Osjuk - Fabriekvervaardig



Osjuk - Handgemaak

**Figuur 7-11: Verskillende tipes jukke (gekoop/handgemaak)
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Die eerste 10 cm (4 dm.) aan elke punt is afgewerk om 'n ronde jukkop te vorm. Hierdie knoppe verbeter nie alleen die estetiese voorkoms nie, maar beperk in 'n mate dat die punte van die juk, weens uitdroging, in die lengte oopkraak. Indien die juk wel kraak, dien dit as 'n nuttige uitholling waar 'n stuk rouriem of draad vasgedraai word om die kraak in bedwang te hou. Weens 'n gebrek aan geskikte apparaat, soos 'n draaibank, het die hand- of tuisgemaakte jukke van die osdrywers meestal nie die jukkoppe nie. Die punt is bloot met 'n handbyltjie of vyl netjies effens rond afgewerk.

Die maak van osjukke was deel van die wamakersbedryf in die Kaapkolonie. Indertyd was dit deel van die handelstransaksies dat wanneer 'n nuwe wa verkoop is, dit onder meer ses jukke insluit. Hierdie fabrieksjukke was van eenvormige dikte en die materiaal soms van 'n minderwaardige aard, wat tot breekskade lei wanneer 'n sterk paar osse 'n swaar vrag moes verskuif. Alhoewel osdrywers daarvan gebruik gemaak het, het hulle tog verkies om hul eie jukke uit plaaslike houtsoorte te maak.


Geringe aanpassings in die standaardkonstruksie van verskeie komponente van die jukke vir verskillende posisies in die span word hieronder meer breedvoerig uiteengesit.

7.6.1.1 Voorosjuk

'n Tipiese vereiste vir die voorosse se juk is dat dit altyd van twee kramme voorsien is (Gronum, 1975:41; Oosthuysen, 2011b; Van Rooyen, 1938:44). Die kramme is eweredig vanaf die middelpunt van die juk gevestig en lê horisontaal (90°) na agter wanneer die juk op die voorosse se nek gevestig is. Kyk figuur 7-12. Sou die kramme vertikaal, soos die skeigate, monteer word, sal die trekrag van die osse die juk op hul nekke vooroor rol. Die skeipunte sal na agter gerig wees en die osse teen die skouers skaaf.

Hierbenewens sal die strop om die os se keel dermate vastrek dat die os wurg. Vier pasmaakgate is, reghoekig tot die jukskeigate, vir die kramme deur die juk geboor. Aan die voorkant is 'n plat ysterstaaf (ongeveer 32 mm breed), met toepaslike openinge om oor die punte van die kramme te pas, waaraan die kramme vasgeklank is. Die ysterplaat versterk die middel van die juk en verhoed dat die juk aan die voorkant om die kram se punt slyt.

Die twee kramme, met 'n trensriem aan elke kram, vervul 'n belangrike praktiese toepassing aan die voorosjuk. Op 'n draai word die trektou hoofsaaklik met behulp van die binnekantste trens deur die binneos na binne omgetrek. Spanning op die buitekantste trens verslap in die proses namate die buiteos versnel om die draai te maak. Die twee kramme verbeter die swaai van die juk aan die voerpunt van die trektou tydens 'n draai. Dit beperk die druk van die strop om die keel, en die juk op die nek van die voorosse tydens die draai.




Figuur 7-12: Voorosjuk
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.6.1.2 Middelosjuk

Middelosjuk verwys na die juk wat vir osse tussen die voor- en agterosse gebruik word. 'n Konvensionele middeljuk beskik oor slegs een kram (Van Rooyen, 1938:45). Tydens die transportry-era, in die tweede helfte van die negentiende eeu, het vele osdrywers voorkeur gegee aan middeljukke met twee kramme (Gronum, 1975:41). Hierdie tendens is in die twintigste eeu onder graanprodusente wat uitgebreide oppervlaktes bewerk het, voortgesit. 'n Wamaker van Pietermaritzburg adverteer in 'n katalogus slegs tweekramjukke waarvan die lengte na behoefte aangepas kon word (J. Merryweather & Sons, s.a.:41). Vir gewone aktiwiteite soos karweiwerk en kleinskaalploeëry geniet die enkelkramjuk steeds voorkeur onder osdrywers (Scholtz, 1987; Sneyd, 2009). 'n Belangrike oorweging vir die gebruik van twee kramme vir die middeljukke in bogenoemde eras is die feit dat die tyd waarin take afgehandel moes word, beperk was. Ná reëns moes grond bewerk word voordat dit té veel uitdroog. Sou 'n trekos onklaar raak, moes dit gou met 'n ander aflos-os vervang word om die werk betyds af te handel. Die twee nuwe jukmaats het dikwels nie ewe sterk getrek nie. Met twee kramme kon die lengte van die trense gerieflik verstel word sodat die sterker os nie sy maat ooreis nie. 'n Korter trens vir die sterker os gooi sy krag

meer direk aan die trektou en hy oefen dus nie soveel trekkrag direk op die effens stadiger of swakker jukmaat uit nie. 'n Verdere belangrike rede is dat wanneer geploeg word die ploegvoor reguit op die wenakker deurgetrek is. Die hele span moet dus op die beperkte ruimte skerp kan draai. Soos met die voorosjuk dien die twee kramme 'n belangrike praktiese funksie op die skerp draaie van die wenakker. (Kyk 7.6.1.1).




Figuur 7-13: Middelosjuk
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.6.1.3 Agterosjuk

Die konstruksie van agterosjukke verskil in enkele opsigte van ander jukke. Die tradisionele lengte van 1.8 m (6 vt.) is ongeveer 230 mm (9 dm.) langer as die ander jukke. Die kram is teen 'n hoek van nagenoeg 45° na onder, teenoor die jukskeigate gemonteer (Van Rooyen, 1938:44-45). Kyk figuur 7-14. Die juk word met behulp van 'n trensriem, met 'n drie- of vierdubbele lus, deur die oogbout aan die voerpunt van die disselboom gekoppel. Die rede vir die langer agterjuk is om die agterosse meer beweegruimte langs die disselboom van die wa, of die trektou van 'n implement, te gee. Die skuins hoek waarteen die kram monteer word, kompenseer vir die hoek van die disselboom aan die wa, of trektou aan die implement, wat gesleep word. Hierdie hoek (teenoor die 90° van die ander jukke) verhoed dat die juk nie op die nek van die osse terugrol en die stroppe sodoende die osse wurg, en die jukskeie se koppe teen die skouers van die osse druk en skaaf nie. Uit die aard van hul funksie, waar 'n wa met sy volle gewig dikwels op die agterosse rus, word groot en sterk osse benut. Sterk dikker jukke is gevolglik gebruik.

Sommige osdrywers maak graag van 'n agterosjuk met twee kramme gebruik. Die juk kom dan met twee trense aan die oogbout van die disselboom vas (Gronum, 1975:42; Sneyd, 2001). Wanneer die wa oor ongunstige terrein met gate en knoppe soos klipperige driwwe in riviere beweeg, kon die disselboom, indien die trens té lank is, so sterk heen en weer swaai dat dit die agterosse se ribbebene breek. As die lus van die trens té kort is, kon dit selfs 'n os se nek breek (Gronum, 1975:102-103). Die twee kramme, met gepaste verstellings aan die trense, is in die algemeen 'n poging om die intensiteit van die disselboom se rubbewegings te temper.



Figuur 7-14: Agterosjuk
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.6.1.4 Spesiale juk

Vir 'n groot deel van die 20ste eeu het die trekos as hoofkragbron gedien vir grondbewerking in die plant en bewerking van kommersiële verbouing van graangewasse soos mielies. Die wydte tussen die dubbelrye van 'n standaardplanter was 107 cm (3 vt. 6 dm.). Ten einde luginbeweging tussen die plante te optimaliseer, en om die gewenste plantdigtheid per oppervlakte-eenheid te verkry, is die afstand tussen plantrye aangepas. Osjukke, om die planters en skoffelploeë te trek, is dienoreenkomstig in die lengte aangepas. Die ruimte tussen jukskeigate en hul plasing vanaf die juk se punte van die juk, asook plasing van die kram/me is egter nie gewysig nie. Soortgelyk aangepaste jukke is in die pynappel- en suikerrietbedrywe gebruik. In osdrywerstaal is na hierdie spesiale jukke met 'n lengte van 2.1 m tot 2.5 m as "planterjuk", "skoffeljuk", "pynappeljuk", ensovoorts verwys.

7.6.1.5 Jukkram

'n Jukkram is 'n sterk ronde metaalstaaf (ongeveer 12 mm - 16 mm dik) wat in 'n U-vorm gebuig is. Dit pas horisontaal, in die middel van die juk, styf in twee pasmaakgate deur die juk waar dit aan die voorkant vasgeklink is. Kramme is lank genoeg om, benewens die deel wat deur die juk gaan, 'n boog van ongeveer 75 mm - 100 mm aan die agterkant van 'n juk te vorm. Die binnedeursnit is nagenoeg 60 mm - 80 mm. 'n Kram funksioneer as hegpunt om die juk, met trensrieme, aan die trektou (of oogbout van die disselboom) te koppel. Bogenoemde afmetings van die kram bied voldoende ruimte vir sodanige koppeling van die trense.

7.6.1.6 Jukskeigate

Aan elke punt van die juk is 'n stel van twee langwerpige jukskeigate, waarin die pasmaakhoutskeie stewig pas, elk 75 mm lank, 20 mm wyd en 350 mm uitmekaar gespaseer, met die smal sye effens rond afgewerk. Die buitekantste skeigat is ongeveer 150 mm van die juk se punt af. Dit laat voldoende ruimte aan die punt om te verhoed dat die juk oopbars. Die afstand tussen die gate is 200 mm om die skeie gerieflik weerskante van die os se nek te pas.

7.6.2 Jukskeie

Tradisionele jukskeie is van hout gemaak en word tans nog grootliks so gebruik. In die eerste deel van die twintigste eeu is dit in 'n groot mate deur ysterskeie, met kettings wat as stroppe gedien het, vervang (Van Rooyen, 1938:45). Die ysterskeie was 'n praktiese aanpassing, veral waar graanproduksie ter sprake was. Die plasing van ysterskeie aan die juk wyk nie af van die houtskeie nie. Om die ysterstawe so te konstrueer dat die skakels van die kettingstrop, vir verstellings, daaraan kan inhaak, is 'n proses wat nie geredelik deur die osdrywer self gedoen kon word nie. Die ysterskeijukke was fabrieksgoed wat hoofsaaklik deur wamakers soos Merryweather & Seuns van Pietermaritzburg ontwerp en bemark is. (Kyk 7.6.2.3).

In algemene taalgebruik met betrekking tot trekgoed is "jukskei" en "skei" sinonieme. Daar word meestal bloot van skei/e gepraat wanneer na skeie van 'n osjuk verwys word. Dit geld nie alleen vir Afrikaans nie, maar ook ander inheemse tale soos Sesotho, isiXhosa ensovoorts. In Suid-Afrikaanse Engels is "jukskei", "skei" of "skey" erkende taalgebruik (Branford, 1978:220).

7.6.2.1 Jukskeie en sosiale aktiwiteite

Die jukskei het ook as sosiale ontspanningsaktiwiteit impak gemaak. Na bewering het dit sy oorsprong reeds by die Voortrekkers gehad (Branford, 1978:1030). In die transportry-era is daar, tussen skofte op uitspannings, skeie gewerp na 'n skei wat op 'n bepaalde afstand vanwaar die gooier mag staan in die grond geplaas is. Deelnemers het elk met twee skeie meegeding om die regopstaande skei ('n pen) te tref of om so na moontlik aan die pen te kom. N. Mansvelt 1884 (In WAT 2014. Lemma: jukskei) verwys na hierdie aktiwiteit: "t Werpen met jukskeeë vormt een geliefkoosd mannenspel (jukskee speel), vooral als tijdverdrijf op badplaatsen". Die hedendaagse formele vorm van die spel word met ronde bottelvormige houtvoorwerpe van standaardafmetings, bekend as bottelskeie, gespeel. Desgelyks is die jukskei waarna gemik word, vervang met 'n ronde houtpen. Tot vroeg in die 20ste eeu was die spel jukskei tydens vakansies by strandoorde en boeresportbyeenkomste, besonder gewild maar het mettertyd in gewildheid begin taan. Tydens die 100-jarige herdenking van die Groot Trek in 1938 het jukskei herleef en tot 'n georganiseerde sportsoort ontwikkel (WAT 2014. Lemma: jukskei). Dit het landwyd gedy tot provinsiale, nasionale en internasionale vlak waaraan mans, vroue en kinders deelneem. Volgens Branford (1978:103) is die spel jukskei soortgelyk aan die Amerikaanse "horse-shoe pitching", wat oorspronklik met hoefysters beoefen is. Hierdie ooreenstemming dien soms as onderlinge basis vir gemeenskaplike deelname van internasionale werpskyfsportsoorte. Teen die einde van die 20ste eeu het nasionale kompetisies steeds jaarliks op Jukskeipark te Kroonstad plaasgevind.

7.6.2.2 Houtskeie

'n Tipiese standaardjukskei is 'n plat houtpen, ongeveer 75 mm breed en 20 mm dik, wat goed ingeskei is om styf in die jukskeigate van die juk te pas. Die jukskeikop, wat bokant die juk

uitsteek, is meestal 100 - 120 mm lank en 40 - 45 mm dik. Aan die agterkant is 'n skei gelyk met die kop, terwyl die kop aan die voorkant uitgehol is om 'n skouer te vorm waarop dit na plasing in die jukskeigat op die juk rus. Die kop verhoed sodoende dat 'n skei deur die jukskeigat na onder uitgly. Vir eenvormigheid word skeie met die skouer na voor in 'n skeigat geplaas.

Die mees gewenste afmeting van die gedeelte wat onder 'n juk uitsteek en teen die os se nek lê, is ongeveer 235 mm (9 duim) lank. Die totale lengte van die jukskei word bepaal deur die deursnee van die juk en die lengte van die kop wat deur die osdrywer verkies word. Hierdie afmeting bring mee dat stroppe se punte taamlik hoog om die kele van osse aan die skei geheg word, sodat die skei se punt nie die os se blad tydens sy trekaksie geredelik druk of skaaf nie. Die onderpunt van 'n skei is skuins en effens plat gepunt met twee skuins inkepings (kerwe), teen 'n hoek van ongeveer 30° na bo, aan die buiterand van elke skei waarin die strop se lus pas. Hierdie afplatting is nodig om die lus van die strop maklik tot in 'n skei se kerf te druk wanneer ingespan word. Kerwe is eweredig versprei met die boonste kerf nagenoeg 70 mm onderkant die juk. Waar die lengte van 'n strop vir die dikte van die betrokke os se nek voorsiening maak, bied die twee kerwe aan elke skei meestal voldoende kombinasies van verstelling van die strop, hetsy in die boonste of onderste kerf, om die juk op die gewenste posisie op die nek en skof van 'n betrokke os te hou.

Skeie se koppe word glad afgewerk en tradisioneel so gefatsoeneer dat die bopunt, vanaf die sye en kante, effens spits na bo loop. Koppe van buiteskeie van die voorosse word meestal van 'n grootkopskei voorsien. Dit is 'n skei waarvan die kop ongeveer een en 'n half keer die lengte van 'n standaardskei is. Die bopunt van die kop word soms uitgehol om 'n mik te vorm. 'n Mik dien om die leiriem op so 'n wyse daaraan te laat hang, om te verhoed dat 'n vooros daarop trap nadat 'n touleier sy leiriem daaraan hang, sodat die span op eie stoom loop. Op gebaande of gereelde paaie asook in die ploegvoor volg voorosse, wat goed deurgewerk is, vanself die spoor. Die leitou is meestal aan die hotvooros se skei gehang omdat dit die natuurlike rigting is waarheen 'n touleier van die osse af wegbeweeg.

Skeie met lang koppe, wat vir versierings by spoggeleenthede gebruik is, word op eie meriete vir elke tipe versiering (onder meer gevlegte linte of 'n stertkwas) gekonstrueer. Om 'n besondere digte stertkwas (meestal wit) daarop vas te sit, is die bopunt van die kop nagenoeg 15 cm - 20 cm lank en dik genoeg rond afgewerk om styf in die betrokke nat afgeslagte stertvelskede te pas. Die stert word in 'n kousvorm afgeslag en met riempies goed vasgetrek aan die jukkop. By uitdroging krimp die rouriem styf om die punt van 'n pasmaakjukkop.



Figuur 7-15: Langkopskei
Marius Oosthuysen-fotoversameling

Om goed te funksioneer, moet skeie reguit vertikaal en stewig in skeigate staan ten einde nie 'n os teen die nek of blad te pla nie. Namate 'n juk aktief gebruik word, slyt skeigate al groter uit en die skei sit mettertyd los in die gat. In die praktyk word hierdie lospassende skeie van tyd tot tyd met 'n ietwat dikker pasmaakskei vervang. Gronum (1975:43) noem dat wanneer die pionierboer 'n uitgebreide reis onderneem, 'n groot voorraad min of meer standaardgrootte skeie, as 'n noodreserwe vir breekskade en slytasie van die skeie, byderhand in die wa se sykis, gehou het. Sou hy nie gou 'n pasmaakskei tydens die betrokke skof vind nie, is 'n lospassende skei tydelik gebruik. Een van die groter reserweskeie is egter gou by die opvolgende uitspanning ingeskei om goed te pas. Die tradisionele osdrywers het gewoonlik 'n paar klein skeie, dun en smal wat los in 'n standardskeigat pas, met 'n kop wat in verhouding groot is, byderhand om tydelik in 'n noodgeval uit te help. Vandaar dan ook die uitdrukking: *'n Klein jukskeittjie met 'n groot kop* – synde 'n nuttige bruikbare persoon.

Skeie is van geskikte en beproefde houtsoorte gemaak. Onder die pioniers was 'n verskeidenheid houtsoorte vir hierdie doel besonder gewild, onder meer blinkblaar-wag-'n-bietjie (fam. *Rhamnaceae*) wat wydverspreid in Suid-Afrika voorkom, olienhout (*Olea africana*), ysterhout (*Olea capensis*) en stinkhout (*Ocotea bullata*) waar dit wel beskikbaar is (Van Rooyen, 1938:45-46). Ander houtsoorte wat onder osdrywers hoog aangeslaan is vir die maak van skeie, is kameeldoring (*Acacia erioloba*), soetdoring (*Acacia karroo*) en tolbos (*Diospyros specie*). Die hout waarvan die skeie gemaak is, moet nie bros wees nie, maar duursaam en sterk.


In die osdrywerstaal is 'n verskeidenheid benamings vir skeie met uiteenlopende funksies. Klein skeie, soos hierbo uiteengesit, is vir veeldoelige gebruik in noodgevalle waar die standardskei

tydens die skof breek, asook groot skeie wat té dik en breed is om in die jukskeigate te pas. Namate die skeigat verslyt, moet 'n groot skei van tyd tot tyd ingeskei word om styf in die betrokke gat te pas. Hierbenewens is daar die grootkop- en langkopskeie soos hierbo uiteengesit.


7.6.2.3 Ysterskeie en kettingstroppe

Ysterskeie van ronde ysterstawe met kettings wat as stroppe dien, het hand aan hand gegaan met die gebruik van tweekramjukke veral onder graanboere in die eerste helfte van die twintigste eeu. Groot lappe grond is gelyktydig met veelvuldige spanne osse bewerk. In die praktyk het hierdie skeie en stoppe vir die osdrywer vele voordele ingehou. Saans met uitspantyd kon die trekgoed net so langs die ploegvoor tot die volgende oggend gelaat word. Knaagdiere en dou het nie, soos in die geval van riemstroppe, die kettingstoppe benadeel nie. In die praktyk het dit baie tyd gespaar, aangesien stoppe nie elke aand van die skeie afgehaal en in presiese volgorde aan die haarvooros se strop ingeryg is om oornag onderdak gebêre te word nie. Desgelyks is die inspanroetine in die oggend aansienlik vergemaklik. Hierbenewens kon die kettingstrop baie gerieflik net aan die hotskei tot die verlangde lengte vir elke os verstel word, aangesien elke skakel 'n verstelling aan die ysterskei verteenwoordig. Ysterskeie is permanent aan die jukke gevestig, wat slytasie van die jukskeigate en gevolglike gereelde vervanging van skeie uitgeskakel het. In teenstelling met houtskeie is dit dus nie nodig om 'n goeie hoeveelheid reserweskeie byderhand te hou om skeie te vervang waarvan die jukskeigate uitslyt nie.

In hierdie tydperk is by uitstek kettingtrektoue gebruik. In bogenoemde omstandighede is meestal ook weggedoen met riemtrense, wat vervang is met 'n U-vormige skakelbout van yster om die juk en trektou aan mekaar te verbind.



Ysterskeijuk
Marius Oosthuysen-fotoversameling



Figuur 7-16: Ysterskeijuk
Merryweather, J. & Sons. C.1935

7.6.3 Osrieme

Van Rooyen (1938:58) verwys na die osriem: "Die sterk osriem wat vir so baie nuttige doeleindes gebruik is vóór, gedurende, en ná die dae van die Voortrekkers, verdien ook eervolle vermelding in ons kulturele lewe ... geen trek was moontlik sonder die osriem nie".

In die osdrywerstaal verwys die term "osriem" in die algemeen na 'n individuele riem waarmee elke trekos om sy horings gevang, hanteer, gelei, vasgemaak of ingespan word. As sodanig dien die osriem as elementêre halter. Die osriem kan ook as 'n nutsartikel vir 'n verskeidenheid ander vasmaakdoeleindes dien. In teenstelling hiermee word verwys na "buffelriem", "elandriem" ensovoorts as 'n osriem wat uit die betrokke diersoort se vel berei is.

Die lengte van die osriem wissel tussen 3.3 m (Scholtz, 1987; Smith, 1988; Sneyd, 2009) en twee-en-'n-half vaam of 4.8 m (Van Rooyen, 1938:62). Persoonlike voorkeur van elke osdrywer vir die riem se lengte waarmee hy sy osse hanteer, beïnvloed dikwels die keuse van osrieme se lengte. Die lengte van die osriem om trekosse te hanteer, word egter grootliks bepaal deur die horings se groeivorm. In die algemeen wissel die lengte tussen 3.3 m en 5 m (11 vt. - 16 vt.). Die langer osrieme vir osse met lang weglêers moet voldoende wees om met gemak om die horings geplaas te word. Hierbenewens moet dit voorsiening maak om die jukmaats, wanneer hulle ingespan is, só te koppel dat die binnekantse horings genoeg vry beweegruimte het. Daarenteen is korter rieme meer dienlik vir osse met 'n korter horingspan, sonder 'n oormatige figuur-agt vlegsels om die hot-os se horings, wanneer die paar gekoppel is. In alle gevalle word aan die een punt (dikker of sterker kant van die riem) 'n ysterring (meestal 32 mm - 50 mm as standaarddeursnit) met enige van 'n aantal knooptegnieke geheg. Om die trekgoed te estetiseer is die rieme soms voorsien van toepaslike ringe van brons. By gebrek aan 'n metaalring kan bloot 'n dienlike lus aan die punt van die riem geknoop word. As sodanig is die osriem 'n onmisbare komponent van die trekos se trekgoed.



Die riem oog



Stap 2



Stap 3



Voltooide riemoog

**Figuur 7-17: Die Riemoog stapsgewys
Marius Oosthuysen-fotoversameling**



Stap 1



Stap 2



Stap 3



Stap 4



Stap 5



Stap 6



Stap 7



Stap 8

**Figuur 7-18: Die koeksisterknoop. Die aanheg van ringe aan rieme.
Marius Oosthuysen-fotoversameling**


7.6.3.1 Koppelriem

Tradisionele osdrywers was baie gesteld op die praktiese gebruik van hul trekgoed en die netjiese wyse waarop die rieme aan die osse se koppe geheg is. Die koppellengte tussen elke paar osse moes die korrekte lengte wees om te verhoed dat die osse met hul nekke krom in die juk trek (Pienaar, 1980:36).

Die osriem waarmee die trekos om die horings gevang en onder die juk gebring word, bly om die horings gevestig solank as wat hy ingespan is. Om die paar osse in dieselfde juk parallel met mekaar te laat trek, word hul koppe met die haaros se riem gekoppel. As sodanig word na daardie betrokke riem as 'n koppelriem verwys. Die voorpunt van die haaros se riem word op die toepaslike afstand saam met die hotoos se riem om laasgenoemde se horings in 'n figuur-agtpatroon gevleg en gebind. In die praktyk kan dus gesê word dat die koppelriem van 'n bepaalde paar osse (naasvoor, op-agt, ensovoorts) té lank of té los gebind is.

7.6.3.2 Leiriem

Benamings soos leiriem, leitou en voortou word algemeen as sinonieme gebruik vir die riem waarmee 'n span deur die touleier (voorloper) gelei word. Albei die punte van die leiriem word van 'n toepaslike metaalring voorsien vir die lus waarmee die riem om die horings van elke vooros vaskom. Wanneer die lus om die horings geplaas word, is sorg gedra dat elke lusring skuins na die binnekant van die buite-oog teen die voorkop geplaas is. Dit verhoed dat die ring teen die riem afgly en die leiriem oor die binnekantste oog hang. Die standaardlengte vir 'n leiriem is 4.5 m. Vir 'n vurige paar voorosse is dit soms effens langer om die touleier meer beweegruimte voor die osse te gee. Die pioniers het gewoonlik die voorpunte van die voorosse se rieme op die verlangde lengte met 'n maswerkknoop aanmekaargebind, om as leiriem te dien. In die normale gang van sake trek die touleier nie die osse nie; hulle stap bloot agter hom aan. Die touleier hou die leiriem met 'n ligte greep in beide hande (teenoor sy heupe) agter die rug sodat hy met ligte trekrag die leiriem styf hou om die beweging van die osse agter hom aan te voel (Sneyd, 2001). Kyk figuur 7-19.



Figuur 7-19: Greep van die touleier aan die leiriem
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.6.3.3 Diverse gebruike van osrieme

'n Ewe belangrike benutting van osrieme is om as 'n sterk en soepel veelsydige bindmateriaal uiteenlopende artikels aan mekaar vas te bind. Lank na die vervanging van die trekos as hoofkragbron in landbou het rieme steeds 'n onmisbare rol gespeel as spantou en algemene vasmaakkoord by hantering van beeste en ander huishoudelike diere. Volgens 'n advertensie in *Farmer's Weekly* van 7 Nov 1973 blyk dit dat rieme steeds in aanvraag was. Rieme van 10 vt. lank (effens korter as die standaardosriem) is teen R5.00 elk aangebied (Branford, 1978:201).

7.6.4 Riemstroppe

Stroppe moet stewig gedraai en van matige deursnee wees, omdat 'n strop wat té dun gedraai is, in die os se keelvel mag insny (Bosman, 1988:51). Die insnyding van sodanige dun strop veroorsaak ongerief vir asemhaling van die betrokke os. Die tradisionele strop is 'n riem wat op 'n bepaalde wyse gekonstrueer is (kyk 7.6.4.1 - 7.6.4.7). Dit word onderom die keel van die os aan

die mees geskikte kerf van die jukskeie geheg, ten einde die juk op die gewenste posisie op die nek en teen die skof van die trekos te hou sonder dat dit té styf om sy keel span.

Lord en Baines (1975 [1876]:404) beskryf 'n baie elementêre konstruksie van die strop as bloot 'n sag gebreide dubbelriem wat so opgewen en geknoop is om 'n lus aan elke punt te vorm. Om die strop styf of slap om die os se keel te stel, is dit in die tersaaklike boonste of onderste kerf van elke skei ingehaak. Met twee kerwe aan elke skei bied dit 'n moontlikheid van drie verstellings. Wanneer fyner verstelling verlang is, kon dit skynbaar bloot stywer of slapper opgewen word ten einde dit tot die verlangde lengte vir die betrokke os te manipuleer. Van Rooyen (1938:71) beklemtoon dat dit nie gewens is om bloot 'n riem met 'n oog aan elke punt as strop te gebruik nie. Afgesien daarvan dat 'n plat riem met so 'n werkklas vinnig verweer, neig die riem ook om die osse teen die nek te skaaf. 'n Konvensionele strop sal jare diens lewer indien dit nie aan wind en weer blootgestel word nie.

Die tegniek waarvolgens 'n riemstrop gemaak is, verskil in verskillende streke en tydperke van die trekosera. In die algemeen verwys osdrywers en outeurs nie met 'n spesifieke benaming na 'n bepaalde soort konstruksie nie. Daar word bloot daarna verwys as 'n strop. Van Rooyen (1938:66-67) noem dat pioniers in die tydperk van die kakebeenwa in Natal (tot die middel 1830's) aanvanklik die "omsplitsstrop" gemaak het. Dit is mettertyd vervang met die "kaalnekstrop". (Kyk 7.6.4.3 en 7.6.4.4). Hy het hierdie benamings in 1938 op skrif gestel.

Hierdie soort stroppe het goed gedien vir die relatief ligte dra vermoë van die kakebeenwa en ligte implemente vir grondbewerking, met gepaardgaande ligter trekspanning op die trekos, van daardie tydperk. Die basiese knooptegniek waarmee die kaalnekstrop gemaak is, bly egter tot in die 21ste eeu steeds algemeen in gebruik. Geringe aanpassings aan die tegniek is teweeggebring om meer dienlik te wees vir die swaarder trekspanning op die trekos van die bokwatydperk en transportry-era vanaf die 1860's. Terwille van 'n kort uiteensetting van hierdie aanpassings word in hierdie studie, ter onderskeiding van die konstruksietegniek, twee aanvullende benamings gebruik, naamlik "transportrystrop" en "Suurveldstrop". (Kyk 7.4.6.4.5 en 7.4.6.4.6).

7.6.4.1 Voorkeurvelle vir stroppe

Wanneer die vel van 'n erdvark beskikbaar was, het die osdrywers by voorkeur stroppe van so 'n rou (ongebreide) vel gemaak. Hierdie stroppe is besonder duursaam met 'n lang lewensduurte. Ter voorbereiding is die vel gewoonlik oornag in water geweek om deeglik sag te word. Die vel is vanaf die buiterand al in die rondte na die middelpunt van die vel in een lang reep (25 mm - 30 mm wyd) gesny. Word die reep breër gesny, is die strop meestal onprakties dik. Tien tot twaalf stroppe kon geredelik uit die vel van 'n groot erdvark verkry word (Scholtz, 1987; Sneyd, 2009; Van Rooyen, 1938:67).

Waar erdvarkvelle nie beskikbaar was nie, is veral vry algemeen gebruik gemaak van deeglik sag gebreide beesvelrieme. Meestal is dunner gedeeltes (pens en lies) van die beesvel gebruik om stroppe te draai. Ook velle van groter wildsoorte, soos blouwildebees, eland, of 'n groot koedoebul, lewer besonder duursame sagte stroppe (Miles, 2004). Die breedte van die riem, meestal tussen 25 mm en 35 mm, waarmee die strop gemaak is, wissel na gelang van die dikte van die betrokke vel en die dikte strop wat die osdrywer verlang.

7.6.4.2 Stroppe draai


Met verwysing na die eiesoortige trekgoed van die Suid-Afrikaanse osdrywer laat Van Rooyen (1938:66) hom soos volg uit: "Die maak en die draai van stroppe is 'n boerekuns en 'n boerekultuur wat sinds die eerste reise per ossewa in ons land 'n belangrike rol gespeel het".

Om 'n strop te draai, moet die een punt stewig geanker wees, hetsy deur 'n tweede persoon wat dit aan 'n stok vashou of 'n gepaste haak waaraan dit geheg kan word. Daar bestaan verskillende tegnieke waarvolgens riemstroppe konstrueer word. Die kern van al die tegnieke is eerstens dat die strop uit 'n riem (by uitsondering soms meer) bestaan wat so verwerk word dat dit 'n silindervormige, gedraaide strop tot gevolg het. Tweedens word die riem met 'n klemhout platgestryk en sy kante ewewydig met 'n mes afgewerk alvorens dit geroldraai word. Derdens word die riem só gedraai dat die nerfkant na buite is. Namate die riem vanaf die een punt na die ander styf gedraai word, word die onderste punt van die gedraaide deel met een hand stewig vasgeknél. Ten einde die rande van die strop egalig en goed met mekaar te laat inbed, word die gedraaide gedeelte tydens die konstruksieproses deurentyd styfgetrek. Na elke 10 cm – 15 cm word die volle lengte van die gedraaide deel telkens met die ander hand stewig heen en weer gestryk. Hierdie proses kan taamlik stremming op die spiere van die hande en voorarms plaas (Sneyd, 2009). Wanneer 'n aansienlike aantal stroppe gedraai word, kan dit soms krampe veroorsaak. 'n Besonder toepaslike uitdrukking, in hierdie opsig vir die tradisionele stropmaker is: *Hy sal nog stroppe draai - synde hy sal nog swaar kry*.

7.6.4.3 Omsplitsstrop

In vergelyking met ander soorte riemstroppe is die konstruksie van die omsplitsstrop 'n veel meer tydrowende proses. Die rieme is vooraf in water geweek om goed sag te word. Elke strop benodig drie ewe lang rieme, elk ongeveer 2.1 m lank, met 'n lengtesnit aan die een punt om 'n gepaste dikte stok deur te steek. Hierdie stok is stewig aan 'n vaste punt geanker. Twaalf rieme, om vier stroppe gelyktydig te maak, is aan die stok gevestig. Elk van die rieme is afsonderlik met die hande styf geroldraai en vervolgens in groepe van drie om mekaar gevleg ten einde 'n enkele silindervormige strop te vorm. Om te verhoed dat die strop losdraai, is dit op gepaste afstande vanaf beide punte stewig met 'n dun riempie, wat etlike kere daarom gedraai en styfgetrek is, vasgebind. Vervolgens is die stroppe ewe lank gerek en styf gespan, deur dit met 'n osriem aan 'n ander vaste punt te anker, om winddroog te word (Van Rooyen, 1938:67).

Die los punte is verwerk om 'n oog aan elke punt van die strop te vorm. Aan die een kant is 'n lus, die jukskei-oog (ongeveer 75 mm lank), om oor die skei in die jukskeikerf te pas. Die oog aan die ander punt van die strop is heelwat kleiner, net groot genoeg om die jukskei-oog en gedraaide strop deur te laat, en sodoende 'n skuiflus te vorm, wat oor die skei pas en in 'n kerf vasgetrek kan word. Om hierdie lusse te maak, is die drie los punte elk in twee gesplits. Op die toepaslike afstand vir elke lus is die riempies, met behulp van 'n spitslopende houtpen van geskikte dikte, onder en bo-oor tussen die gedraaide rieme van die klam strop skuins na agter deurgevleg en goed vasgetrek. Dit bied 'n stabiele greep wat nie skietgee nie (Van Rooyen, 1938:68). Die skuiflus is in die haarskei gevestig en vasgetrek. Omdat die skuiflus nie geredelik verskuif nie, bly dit gevestig aan die skei wanneer 'n os in- of uitgespan word. Die vloei van in- en uitspan word dus nie versteur nie en verminder die moontlikheid dat 'n os ontstig word, sou die strop met die juk reeds op sy nek afval en hervestig moet word. Die jukskei-oog van die strop word in 'n kerf aan die hotskei gevestig. Indien die oog deur die normale gebruik sou rek, kan dit telkens tydens die proses van inspan bloot genoegsaam geroldraai word om die oog kleiner te maak ten einde styf oor die skei tot in die kerf te skuif. Kyk figuur 7-20.




Figuur 7-20: Omsplitstrop
Van Rooyen, 1938:68

7.6.4.4 Kaalnekstrop

Die kaalnekstrop bestaan uit 'n enkellengte riem van nagenoeg 1.8 m wat op gepaste standaardwyse voorberei is (kyk 7.6.4.2). In die konstruksie van die strop word een punt van die riem met skuifknope aan mekaar verbind om die jukskei-oog, ongeveer 75 mm lank, te vorm, wat knap oor die haarskei pas om in die tersaaklike kerf op die skei in te haak. Om die oog aan die riem te vorm, is twee lengtesnitte (elk ongeveer 30 mm lank) aan een punt van die riem gemaak.

Die voorste snit is ongeveer 40 mm van die punt af, wat genoeg ruimte laat om te verhoed dat die riem na die voerpunt onder spanning uitskeur. Die tweede snit is ongeveer 150 mm verder af op die riem. Vervolgens is die voorste punt deur die tweede snit gestee en die agterste punt van die riem deur die voorste snit gestee. Die riem word styf getrek om 'n lus van 75 mm lank te vorm, wat uiteindelik as jukskei-oog dien. Aan die onderpunt van die riem word ook 'n ongeveer 30 mm-lengtesnit nagenoeg 40 mm van die punt af in die riem gesny (Van Rooyen, 1938:69).



- I Riem met 'n oog.
- II Gedraaide stropriem.
- III Gedraaide stropriem dubbel gevou—strop draai inmekaar. Punt B word deur snit A gestee.
- IV Oog van strop (x) deur snit van punt B gestee en styf getrek.
- V Voltooide strop.

**Figuur 7-21: Kaalnekstrop
Van Rooyen, 1938:70**

Nadat die jukskei-oog gemaak is, dien dit om die riem aan 'n ankerpunt, hetsy 'n haak of stok deur 'n tweede persoon vasgehou, te vestig ten einde die strop te kan draai. Die riem word oor sy volle lengte styf geroldraai, waarna die stropmaker die twee punte (een in elke hand) vasklem en van die ankerpunt verwyder. Vervolgens is die gedraaide riem op sy middelpunt weer aan die ankerpunt geplaas en dubbelgevou sodat die snit aan die onderpunt regoor die skuifknoop van die jukskei-oog geleë is. Die dubbelgevoorde styf gedraaide riem word vanaf die ankerpunt om mekaar gevleg tot by die jukskei-oog. Die punt word van die onderkant teen die gedraaide riem deur die onderste snit van die jukskei-oog gestee. Die oog op sy beurt gaan deur die snit aan die los punt van die dubbelgevoorde riem en styf getrek om 'n stewige skuifknoop te vorm wat die strop afrond

(Van Rooyen, 1938:69-70). Die jukskei-oog word aan die haarskei van die os geheg. Die dubbelgevoude onderpunt van die strop dien as 'n sterk lus om aan die hotskei van die os te kom. Kyk figuur 7-21.

7.6.4.5 Transportrystrop

Die transportrystrop is basies 'n geringe aanpassing in die konstruksietegniek van die tradisionele kaalnekstrop. Die jukskei-oog is verklein tot 'n klein lus wat op dieselfde wyse as eersgenoemde konstrueer is. Die lus is net groot genoeg om die strop deur te trek om 'n sterk skuiflus, met die gedraaide deel van die strop, om die skei te vorm. Hierdie skuiflus klem stewig om die skei, wat ontwigting met los stroppe wat tydens inspan afval, grootliks uitskakel (Oosthuysen, 2009). Hierdie soort strop is vroeër onder meer algemeen as standaardstrop in die omgewing van Albanie en Bathurst in die Oos-Kaap (Clayton, 1988), asook die Albertinia-omgewing in die Wes-Kaap (Conradie, 2011) en te Ottosdal in die Noordwesprovinsie (Hugo, 2007) gebruik.



Begin van roldraai met platriem



Stap 2



Stap 3



Stap 4



Stap 5 Gedraaide riem dubbeldgevou



Stap 6



Stropoog voltooi



Aanhegting aan skei



Aanhegting aan skeie

Figuur 7-22: Stappe in die konstruksie van die Transportrystrop
Marius Oosthuysen-fotoversameling


7.6.4.6 Suurveldstrop

Hierdie konstruksie word algemeen in die westelike streek van die distrik Grahamstad, bekend as die Suurveld, en ander omliggende gebiede gebruik (Sneyd, 2001; Sansom, 1988). Hierdie knoop is stellig ook in die destydse Rhodesië gebruik soos blyk uit stroppe, wat uit die 1960's dateer, en tans in besit van meneer Arnold Rudolph van Port Alfred is (Rudolph, 2015). Die konstruksie van die "Suurveldstrop" wyk af van die ander genoemde stroppe in soverre dat die skuifknope, wat die punte van die stropriem heg, in die middel van die strop geleë is. Die eindpunte van die gedraaide strop dien as lus om oor die skei in die kerf in te haak. Alternatiewelik kan die een punt deur die lus aan die ander punt gesteek word om 'n skuiflus te vorm wat aan die haarskei geheg word (Sneyd, 2001). 'n Voordeel van hierdie tegniek is dat die lengte van die strop vinnig verleng of verkort kan word deur die skuiflus te ontknoop of in te stel. In die praktyk bied dit addisionele verstellings van die strop om die juk in die beste posisie te vestig. Dit geld in die besonder wanneer 'n groter of kleiner aflosos onvoorsiens benut word.

Die konstruksie van die strop behels 'n lengtesnit (35 mm lank) aan die stropriem, ongeveer 40 mm van elke punt af. Die riem word oor sy volle lengte styf geroldraai. (Kyk 7.6.4.4). Vervolgens word die strop, een kwart van die totale lengte, van elke punt af teruggevleg sodat die lengtesnitte, aan die punte van die geroldraaide stropriem, in die middel van die strop teenoor mekaar lê. Die twee luspunte van die strop word elk om die beurt deur die lengtesnit van die teenoorgestelde riempunt gesteek en vasgetrek. Sodoende word die skuifknope in die middel van die strop teen mekaar vasgetrek.

7.6.4.7 Helpertjie

Die term "helpertjie" verwys na 'n dun riemlussie, nagenoeg 70 mm lank, wat aan die jukskei-oog van die strop, wat om die hotskei pas, met 'n maswerkknoop geheg word. Die helpertjie dien as handvat om die strop, nie alleen tydens inspan tot in die kerf nie, maar veral om dit tydens uitspan uit die kerf te trek (Sneyd, 2001). Kyk figuur 7-23. Die helpertjie is soms 'n reguit riempie wat aan die stroplus vasgemaak is (Rudolph, 2015). Dit dien as voorsorg dat die vingers nie tussen die skei en die strop vasgevang word nie, sou die os dalk tydens die proses aan die juk ruk.



Figuur 7-23: Helpertjie
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.6.5 Ysterkettingstroppe

Kettingstroppe wat hand aan hand met ysterskeie saamgegaan het, het in die vroeë 20ste eeu riemstroppe in 'n groot mate vervang (Van Rooyen, 1938:45). Die praktiese voordeel van kettingstroppe in daardie tyd is reeds in 7.6.2.3 uiteengesit. Met die koms van die binnebrandmasjien en die benutting van trekkers, wat trekosse vervang het, het die vervaardiging van ysterskeijukke vinnig in onbruik verval. Wat vervanging van uitgediende jukke betref is daar dus teruggeval op die tradisionele jukke met houtskeie wat die osdrywer geredelik self kan konstrueer.

7.6.6 Trektou

In die praktyk gebruik die osdrywer die benaming "trektou" vir die tou, hetsy van hennep, rouvelriem of ysterketting gemaak, waaraan die jukke vir die trekosse, om vrag te verskuif of te ploeg, gekoppel is. Die HAT (CD-ROM:2011) definieer 'n trektou as: "Tou ... waaraan 'n span trekdier 'n ploeg, voertuig ensovoorts trek en wat vroeër van rou riem gedraai is, maar tans gewoonlik deur 'n ketting vervang word".

Vanaf die vroeë tye in die Suid-Afrikaanse trekosbedryf is verskillende materiale vir die maak van trektoue benut. In hierdie verband haal Burman (1988:60) vir Mentzel (1740's) aan: "One of these yokes (for the 'agterosse') is chained to the front of the shaft with an iron ring and staple, but for the other four pairs of oxen it is fastened to a chain, rope or cord".

7.6.6.1 Henneptrektou

Jagters van die 1860's het tydens hul jagtogte soms wel ketting- of hennepoue in plaas van riempoue as trektoue gebruik, aangesien dit nie deur hiënas verslind word nie. 'n Nadeel van die plantveseltoue wat in ag geneem moes word, is dat dit neig om te verrot met blootstelling aan wisselende nat en droë toestande. Hierbenewens was die nodige kundigheid om die ysterringe

aan die hennepoue te heg meestal beperk tot seemanne. Matrose in die hawedorpe moes die nodige splitslaste dus voor die vertrek op 'n ontdekkingsreis of jagtog maak. In meer afgeleë binnelandse gebiede het inwoners nie oor die vaardighede van seemanne beskik nie, maar hulle kon rieme (hetsy gebrei of rou) egter goed verwerk (Lord & Baines, 1975 [1876]:405).


Die opmerkings van Mentzel in die 1740's (soos aangehaal deur Burman 1988:60) en Lord en Baines (1975 [1876]:405) dui daarop dat skeepstoue in die vroeë jare waarskynlik in die nabye omgewing van Kaapstad, waar vaardighede van seemanne geredelik beskikbaar was, dikwels as trektoue diens gedoen het. In meer afgeleë gebiede was trektoue van rouriem 'n standaardgebruik.

7.6.6.2 Riemtrektou

Na aanleiding van sy reise tussen November 1810 tot Augustus 1815 in Suidelike Afrika beskryf Burchell (1967 [1824]:151) die Suid-Afrikaanse trektou as 'n aaneenlopende lang tou, opgemaak uit rouvelrieme wat om mekaar gedraai is. Ysterringe is op gepaste afstande uit mekaar daaraan geheg om die jukke, met 'n ysterhaak as kram, aan die trektou in te haak en die agterpunt van die trektou is voorsien van 'n haak om aan die beuel van die ossewa se disselboom in te haak (Burchell, 1967 [1824]:171). 'n Trektou vir twaalf osse is 12.2 m lank. Dit bied standaard 2.44 m individuele spasie vir elk van die voorste vyf paar osse. Die sesde paar benut nie spasie aan die trektou nie, aangesien hulle langs die disselboom ingespan word met die trektou aan die beuel van die disselboom geheg (Lord & Baines, 1975 [1876]:404).

Tot in die laat 18de eeu toe vragvervoer (transportryers met ossewaens) hoogty gevier het, was hedendaagse kettingtrektoue nie geredelik beskikbaar nie en is dit by uitsondering gebruik (Gronum, 1975:40). In hierdie tydperk het die konstruksie van die riemtrektoue egter afgewyk van die aaneenlopende riemtou vir die hele span. Individuele trektoue is op tweeërlei wyse vir elke juk gemaak. Drie gebreide rieme is gevleg, of rourieme (drie tot agt) is om mekaar gedraai, met 'n tuisgesmede ysterring (70 mm - 100 mm deursnee) aan die voorste punt. Aan die agterpunt is die rieme tydens die vleg- of draaiwerk van 'n lus voorsien. Hierdie trektoue was lank genoeg vir die trekspasie wat elke paar trekosse benodig. Die agterste trektou in die span was die dikste gemaak en na vore geleidelik al dunner deur die stroke rieme, waarmee hul gemaak is, smaller te sny. Die trektoue is stewig met 'n trensriem deur die voorste ring aan die agterste lus van die volgende trektou vasgemaak. (Kyk 7.6.7 vir trense). Die juk is eweneens aan sy kram met 'n trensriem aan die trektou se voorste lus of ysterring vasgemaak. Hierdie riemtrektoue was verbasend sterk en kon die swaar vragte oor moeilike terrein, waar die waens soms tot by hulle asse in die modder wegsak, trek (Gronum, 1975:41; Miles, 2005; Scholtz, 1987). Reënweer en aanhoudende blootstelling aan nattigheid kon egter verrotting van die rieme bevorder (Van Rooyen, 1938:43). Belangrike voordele van hierdie ontwikkeling was dat die trekgoed maklik onder 'n bedekking, soos 'n seil of onder die wa, bymekaargestapel kon word om dit teen wind en weer te beskerm.

Tweedens kon die span maklik verkort word indien 'n os kruppel òf andersins onklaar raak. Waar bykomende osse op moeilike terrein benodig is, kon die nodige aantal pare gerieflik gou gekoppel word.



Figuur 7-24: Uitleg van trekgoed vir inspan
Marius Oosthuysen-fotoversameling

7.6.6.3 Ysterkettingtrektou

In die laaste kwart van die 19de eeu het die hedendaagse kettingtrektoue die riemtou begin vervang (Gronum, 1975:40). Waar osse tans nog ingespan word, word uitsluitlik van kettings, 2.5 m – 3 m lank, gebruik gemaak. Elke ketting is aan die voerpunt van 'n ring, ongeveer 80 mm in deursnee, voorsien. Aan die agterpunt is 'n U-vormige haak waarvan die punt effens na buite omgebui is. Wanneer die trekgoed uitgelê word vir die inspanproses, word die kettings met behulp van die haak en die ring aan mekaar gekoppel. Om te verhoed dat die haak uit die ring uitgly word die U-buig met 'n dun riempie of sagte binddraad, agter die omgebuipte punt, gesluit. Die juk is deur sy kram aan die ring van die ketting met 'n trensriem (jukriem) verbind. Die dikte van die ketting se skakels wissel in die algemeen tussen 10 mm en 14 mm. Kettings met dikker skakels is aan die agterkant van die trektou, tussen die agterosse, waar groter trekkrag op die tou uitgeoefen word. Na vore word die trektou geleidelik dunner, met die dunste ketting tussen die voorosse. Die haak is meestal bietjie dikker as die kettingskakels met 'n punt wat spits loop en die sykante effens afgeplat.

7.6.6.4 Ysterstaaftrektou

Teen die laat 1890's is die tradisionele kettingtrektou in Australië grootliks met ysterstawe vervang. Die argument daarvoor is dat dit veiliger is omdat swak plekke maklik waargeneem kan word (Anon. *Agricultural Journal*, 1897:209-210). In Suid-Afrika het hierdie stelsel nie posgevat nie. Enkele osdrywers het dit onder meer tot in die vroeë 1970's in die Oos London-omgewing toegepas (Oosthuysen, 2011b).

7.6.7 Trensse

Trensse is rieme waarmee die segmente van die trektou tussen die jukke aanmekaargebind word. Die term jukriem verwys na die riem wat die juk aan die trektou verbind (Van Rooyen, 1938:44). In die praktyk dien "trens" in die osdrywerstaal dikwels as sinoniem vir jukriem wanneer dit in daardie konteks gebruik word. Die trensrieme word meestal gemaak uit rieme van die sagter dele van die vel, om maklik 'n sterk lus van geskikte lengte wat drie- of vierdubbel is, te verkry.

7.7 Roetine van inspan en uitspan

Die konvensionele roetine met die inspan van osse, wat deur ortodokse osdrywers reeds in die vroeë 19de eeu toegepas is, word steeds deur hedendaagse tradisionele osdrywers gevolg. Daar is soms kleiner wysigings aan die trekgoed aangebring, maar die wese van die tegnieke het staande gebly (Bosman, 1988:50; Van Rooyen, 1938:53). In wese is die trekos 'n gewoontedier. Dit is dus noodsaaklik om deurentyd 'n vaste roetine na te volg wanneer met die trekos gewerk word ten einde die gewenste resultate te verkry. In die praktyk is die roetine vir 'n goed geleerde en deurgewerkte span osse ietwat anders as byvoorbeeld wanneer jongosse, wat die metodes van hantering aanleer om die gewoontes vas te lê, in die span toegevoeg word. Die tradisioneel geïkte aanpassings vir die in- en uitspan, weens bepaalde omstandighede, word eweneens steeds gehandhaaf.

Waar moontlik word osse nie langdurig in reënweer onder die juk gehou nie. Die gedurige beweging van die houtjuk skaaf die nat vel, wat gevoelige galle teen die skof tot gevolg kan hê (Mohr, 1973 [1876]:63; Oosthuysen, 2001; Sneyd, 2009). Waar dit soms onvermydelik is om onder sodanige toestande te trek, word die osse, soos wat hulle uitgespan word, se skowwe waar die juk vasdruk, met 'n dik laag vars mis ingevryf om die ontwikkeling van die galle teen te werk (Sneyd, 2001).

Benewens die roetinenagaan van die wa, voordat op reis gegaan is, soos die aanwend van ghries aan tersaaklike plekke soos die wielasse, skamel, ensovoorts is die toerusting waarmee die osse trek sodanig gerangskik om die proses van inspan optimaal te laat vloei. Kyk figuur 7-25. Hierbenewens word verseker dat die breek van die wa vasgedraai is om te verhoed dat 'n haastige os tydens inspan té vóer vorentoe beur en ander osse voor hom stamp en onklaar laat trap.

7.7.1 Uitleë van trekgoed vir inspan

Voordat die osse aangekeer en gevang word, moet die trekgoed voor die wa, ploeg, slee ensovoorts uitgelê word om die inspanproses te laat vloei. Die jukke word in toepaslike volgorde van agtersjuk tot voorosjuk, dwars plat op die grond in 'n reguit lyn op gepaste afstande van mekaar, voor die wa uitgelê. Kyk figuur 7-25.



Figuur 7-25: Die uitleg van die jukke en trektou vir inspan. Osse aan hot-kant van trekgoed hoi-gejaag.

Marius Oosthuysen-fotoversameling

Die agterosjuk word met 'n trensriem/e aan die oogbout van die disselboom vasgemaak. Die haak van die naasagterosse se juk word in die disselboom se beul ingehaak, terwyl die haak van die opvolgende jukke aan die ring van die trekketting agter hom inhaak. Die kettings moet haaks, sonder enige opdraai van die ketting, aan mekaar vaskom aangesien 'n effens opgedraaide ketting, wanneer die span sterk trek, die skakels kan buig en mettertyd knak. Elke haak van die ingehaakte ketting word aan die voerpunt met 'n riempie (of dun binddraad) afgesluit om te verhoed dat die haak tydens inspan, of selfs tydens die trek, uit die ring van die ketting, waaraan hy gehaak is, uitgly. Die uitleg van die kettings word afgerond deur die jukke so te spasieer dat die ketting tussen hulle slap op die grond lê om voldoende soepelheid te verleen om die jukke op te tel en oor die nekke van elke paar osse te plaas. Die slap trektou vergemaklik die hoto se deurstap onder die ketting om reguit na voor in sy trekposisie langs sy jukmaat te staan na die inspanproses afgehandel is. Kyk 7.6.6.2.

Die stel osrieme waarmee die osse gevang en ingespan word, word op die agterjuk en die voerpunt van die disselboom neergelê om byderhand te wees wanneer die osse gevang word.

Om die uitleg van die trekgoed af te sluit, word elke juk van sy spesifieke strop, wat vir die betrokke os aan die haar- of hotkant pas, voorsien. Die strop word in die toepaslike kerf (gewoonlik die bokerf) aan die haarskei van elke os vasgetrek.

Ten slotte word die opgerolde ossweep afgerol en nagegaan en met die hingsel aan die sweepstok gekoppel. Terwyl ingespan word, bly die ossweep binne bereik op 'n veilige plek, gewoonlik onder aan die reling van die wa.

7.7.2 Inspanroetine

Waar die terme "hot" en "haar" gebruik word, verwys dit na links of regs van die trektou soos waargeneem vanaf die wa of implement. Ter wille van die basiese uiteensetting van die ortodokse proses van inspan, soos deur verskeie outeurs en persoonlike onderhoude met ander osdrywers uiteengesit, word hier klem gelê op verrigtinge soos van toepassing op 'n goed geleerde en gesoute span trekosse. (Bosman, 1988:52-53; Lord & Baines, 1975 [1876]:404; Gronum, 1975:68-69; Van Rooyen, 1938:53-54). Waar soms geringe afwykings van hierdie roetine voorkom, onder meer weens persoonlike voorkeur van die osdrywer in bepaalde fasette of weens die hantering en inskakeling van minder ervare osse, word tersaaklike praktiese verklaring vir sodanige afwyking aangedui.

7.7.2.1 Hôi-hôi van trekosse

Wanneer bogenoemde voorbereiding aan die trekgoed afgehandel is, word die betrokke osse aangekeer en na die hotkant van die trekgoed aangejaag (hôiigejaag) sodat hulle in 'n halfmaan, sy aan sy en met die koppe naby mekaar na die trekgoed toe gerig, voor die persoon/e wat hulle vang, staan. Hier word hulle met rieme om die horings gevang om ingespan te word. In terme van die Suid-Afrikaanse osdrywerstaal word na hierdie proses as hôi-hôi verwys. Kyk figuur 7-26.



**Figuur 7-26: Hôi-hôi van trekosse en plasing van osrieme om die horings.
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Terwyl die osse hôiigejaag word, neem een of meer persone aan die hotkant, enkele tree van die trekgoed af en met hul gesig na die osse gekeer, posisie in met die osrieme. Die vanger/s spasieer hulself enkele tree uitmekaar. Die rieme vir die betrokke span word tussen die vangers verdeel en hang los van mekaar oor hul skouer met die voorarm wat deur die riemoë gesteek is en met die hand bymekaargehou word. Die hôiigejaagde osse kom vanself in gelid en beweeg sy aan sy in 'n halfmaanformasie, langs mekaar met die koppe na voor, na die vanger/s toe. In die proses druk die hôijaar/s die osse aan die punte van die linie deurentyd effens na mekaar toe tot vlak by die vanger. Die vanger vang enkele osse aan die een punt van die halfmaan en lê elkeen

se riem op die grond neer. Hy beweeg dan na die ander punt om die buitekantste osse ook daar te vang alvorens al die osse tussenin gevang word. Die hōijaagproses gaan gepaard met uitroepe van "hōi", "hōi-hōi" en die aanspreek van 'n os, wat uit gelid beweeg, op sy naam (Bosman, 1988:52; Gronum, 1975:69). Hierbenewens is 'n kerie, as verlenging van die arm, of klein handsweep vir ligte klappeluide langs 'n os wat effens balhorig is, nuttige hulpmiddels waar osse hōigejaag word. Wanneer die riemlus om die os se horing vasgetrek is, staan hy stil totdat hy later verder hanteer word, al is die riem se punt los op die grond neergelê.

Wanneer minder ervare trekosse ingespan word, word van meer helpers gebruik gemaak, beide om te hōi en die osse in 'n halfmaanformasie bymekaar te hou, asook met die rieme om die horings te vang. In hierdie geval word die osse soos wat hulle gevang word deurentyd aan die rieme vasgehou. Verskeie helpers neem soms elk die rieme van 'n aantal osse en rol dit in die lengte stywerig om mekaar en klem die voerpunt stewig in die hand vas. Sou 'n os wil wegruk, versterk die spanning binne die bondel rieme en trek hy nie net teen die helper nie, maar hoofsaaklik aan die ander osse wat saam met hom vasgehou word, om hom in bedwang te hou. Die hele oefening gaan gepaard met rustige gelykmatige aksies, en sagte uitroep van elke os se naam soos wat hy gevang word, deur die persone wat betrokke is. Slegs 'n balhorige os word toepaslik met 'n sweep of sambok getug.

Waar jong of nuwe osse tot die span gevoeg word, word hulle verkieslik etlike dae of selfs 'n week of twee, saam met die span in hul weikamp gelaat om met mekaar vertrou te raak alvorens hulle saam ingespan word. Dit beperk 'n gekoggel wat gewoonlik tussen vreemde osse bestaan wanneer hulle saam gehok word.

Nadat die osse langs die trekgoed met die rieme gevang is, begin die eintlike proses om die osse in te span en in pare te juk.

7.7.2.2 Volgorde van inspan

Die hōigejaagde osse neem deurmekaar posisie in, die jukmaats is nie noodwendig langs mekaar in die ry wanneer hulle gevang word nie. Om ingespan te word, word hul een vir een, in pare uitgetrek, met die osriem oor die trektou gelei, en met hul koppe na die tou gerig, net agter die betrokke juk waar die paar in die span trek aan die haarkant van die trektou vasgemaak. Die haarvooros word eerste uit die bondel getrek, gevolg deur die hotvooros en langs mekaar oor die trektou gelei, en met hul koppe na die trektou gerig, agter die voorjuk, vasgemaak. Desgelyks word elke paar in volgorde van vooraf uitgetrek. Die haaragteros word oor die voerpunt van die disselboom gelei na sy posisie langs die disselboom (Gronum, 1975:69-70). Die hotagteros word teen die linkerkant van die disselboom, effens tru van die juk, ingelei. Dit laat ruimte om die disselboom en juk te lig wanneer die haaros gejuk word.

Normaalweg is voorosse die eerste paar osse wat gejuk word, gevolg deur die agterosse, naasagterosse en die opvolgende pare osse tot by die voorosse. Sommige drywers verkies egter om die agterosse eerste te juk. Daar is, veral met 'n minder ervare span osse, verskeie redes voor. Die gejukte voorosse dien, naas die agterosse, om die middelosse te anker. Dit bied ook geleentheid aan die touleier om die leiriem en voorosse vroeg in gereedheid te kry. Uit die aard van hul geaardheid, waardeur hulle as agterosse gekies is, is hulle mak en sterk. As voorsorg teen moontlike balhorigheid van 'n middelos dien die voor- en agterosse as "anker" teen 'n harde pluk aan die trektou tydens die inspanproses. 'n Tweede rede vir hierdie volgorde is dat die trektou slap moet wees tussen die osse wat gejuk word en die paar agter hulle wat reeds ingespan is. Dit laat ruimte om die juk met vryheid en gemak op die osse se nek te plaas en vas te strop, asook vir die hotos om onder die ketting deur te beweeg na sy plek aan die hotkant van die trektou wanneer hulle sodanige bevel van die drywer kry. Wanneer 'n os gejuk word, is dit 'n natuurlike neiging dat hy soms teen die juk aanleun en die trektou agter hom stywer trek, wat bogenoemde vryheid belemmer.

Die eerste paar geleenthede wat jongosse tot die span toegevoeg word, word hulle laaste ingespan en wel in die middel van die span. Dit help om hulle in gelid onder die juk, met die minste oponthoud, in beweging te kry terwyl die grootste trekkrag aan die trektou by die reeds geleerde osse berus. Hierdie trekkrag help grootliks om die jong osse in gelid te hou. Normaalweg is hulle in relatief klein groepe, een of twee pare, by die span ingevoeg totdat hulle goed touwys gemaak is. Sommige osdrywers koppel 'n goed geleerde derde os, met 'n osriem om hul koppe, aan die haarkant van die paar jongosse by tot by die juk langs die trektou totdat hulle klaar gejuk is. Dit dien om die jongosse meer kalm en in bedwang te hou.

7.7.2.3 Om trekosse te juk

Nadat al die gehôide osse aan die haarkant van die trektou by hul posisies geplaas is, word hulle in die volgorde soos hierbo uiteengesit, gejuk. Vir die haaragteros word die disselboom aan die juk opgetel en met een bobeen gestut terwyl die os se riem styfgetrek word. Sy naam word saam met 'n bevel "juk" uitgeroep. Die os beweeg spontaan met sy kop onder die juk in, met sy nek tussen die skeie tot die juk teen sy skof druk. Die strop word onder om die keel getrek en die stropoog, met behulp van die helpertjie, oor die hotskei getrek tot in die gepaste kerf. Die twee osse word dan gekoppel deur die haaros se riem net lank genoeg na die hotos oor te trek sodat hul koppe nagenoeg parallel met mekaar is, om 'n mate van heen en weer beweging vir 'n natuurlike stapbeweging moontlik te maak. Die voerpunt van die haaros se riem word teen die voorkop van die hotos saamgevat met die riem van laasgenoemde, in die lengte om mekaar gedraai, en met 'n figuur-agtpatroon om en tussen die horings gevleg. Kyk figuur 7-27. Die voerpunt van die vlegselsel word aan die voorkop van die hotos, deur die riemoog aan die vlegselsel, op so 'n wyse geknoop dat

die punt nie die os se oog pla nie. Sommige osdrywers verkies om die haaros se riem om die trektou te draai voor dit aan die hotos gekoppel is. Hierdie maatreël beskerm jukmaats teen lastige rukbeweging, weens oormatige wiegbewegings van sommige osse se koppe in hul stapaksie. Daarbenewens hou dit die paar osse, veral jongosse wat tot die span gevoeg word, parallel met die trektou.



Figuur 7-27: Koppel van jukmaats met figuur agt-vlegsels om die hotos se horings
Marius Oosthuysen-fotoversameling

Wanneer 'n span voor sleepimplemente soos 'n ploeg en slee ingespan word, is die agterosse ook weerskante van die trektou ingetrek. Die trektou loop met 'n hoek van 45° na onder, vanaf die juk op die skowwe van die agterosse na die haak voor aan die betrokke implement. Die hotagteros kan dus nie, soos die middelosse, onder die trektou deurloop nadat hulle gejuk is nie.

Om goed geleerde middelosse te juk, word die riem van die haaros styfgetrek, die juk hoog genoeg gelig en die os op sy naam geroep. Die os beweeg spontaan tussen die skeie onder die juk in en word dan vasgestrop. Vervolgens word die slap trektou met die juk saamgevat (gewoonlik om die hotskei gehang) en die hotos se kop onder die juk en trektou ingetrek en hy word vasgestrop. Die haaros se riem kom bo-oor die trektou om die osse te koppel. Die drywer plaas die trektou oor die hotos se skof sodat die os gerieflik onder die trektou kan deurstap. Die gejukte paar osse staan dus skuins na voor teenoor die trektou. Sommige osdrywers verkies om elke paar osse net so met die trektou oor die hotos se skof te laat. Wanneer almal gejuk is, kom die bevel "uit", tesame met 'n swaai van die sweep oor die osse, en al die hotosse stap gelyktydig vorentoe, onder die trektou deur. Alternatiewelik loop die hotos telkens soos wat die pare gejuk word, met die osdrywer se bevel "uit" onder die trektou deur om parallel met die trektou te staan.

Wanneer minder ervare osse gejuk word, word gewoonlik van helpers gebruik gemaak. Die osse word deur 'n helper, skuins voor die persoon wat die os juk, aan die osrieme vasgehou en nadergetrek. Soms staan 'n derde persoon aan die haarkant, binne die gesigsveld van die haaros, om die os met die jukbevel van die osdrywer effens met die stem en/of handgebaar aan te dryf. Dit dien bloot om die hanteerroetine by die os vas te lê wanneer hy gejuk word.

7.7.2.4 Uitspan van 'n span trekosse

Uitspan is 'n veel korter proses as inspan. Die voorosse word laaste uitgespan en deur die touleier aan die leiriem vasgehou om die trektou te anker ingeval van 'n onvoorsiene ruk aan die tou deur 'n os wat ontjuk word. Vir 'n deurgewerkte span word die osse andersins in enige volgorde uitgespan. Die rieme van elke paar word ontkoppel, die vlegsel om die hotsos se kop en horings word losgemaak, en die lus van die riem om die horings van beide osse afgehaal. Die strop om die keel van die hotsos word van die hotskei uitgehaak en die juk gelig vir die os om onder die juk, weg van die trektou en agter die hanteerder, uit gelid te stap. Die haaros word dienooreenkomstig ontjuk om weg van die trektou en hanteerder na die haarkant van die trektou weg te stap.

Minder ervare osse word verkieslik vanaf die agterosse na vore uitgespan aangesien sodanige osse neig om terug te tree wanneer die juk afgehaal word. Sou daar nog osse in posisie agter hom staan, neig laasgenoemde om die terugtrekkende os te gaffel. In reaksie ruk die os wat hanteer word na voor en kan die hanteerder soms in die slag bly. In die geval van jongosse word hulle altyd eerste uitgespan. Dit geskied gewoonlik met behulp van 'n handlanger wat, binne die gesigsveld van die jongos, 'n tree of twee skuins agter hom staan om hom, sodra hy ontjuk is, na voor uit die gelid van die span met stembevele en handgebare te dryf.

Vir ervare hanteerders met 'n geleerde span osse is die totale in- en uitspanroetine relatief kort. Eersgenoemde, met die groter aantal fasette, duur gewoonlik minder as 'n halfuur. Uitspan geskied meestal binne tien minute.

7.7.3 Opruim van die trekgoed

Rieme en stroppe is deur konvensionele osdrywers met groot sorg hanteer om te verhoed dat dit aan faktore wat die duursaamheid nadelig beïnvloed, soos nattigheid en los grond, blootgestel word. Soos wat die rieme tydens ontjukking van elke paar osse se koppe afgehaal is, word dit op die juk neergelê. Na 'n span osse ontjuk is, word al die rieme met een hand aan die riemlusse saamgevat. Riemlusse is net groot genoeg oopgetrek om dit vir 'n osdrywer moontlik te maak om die bondel rieme met die ander hand deur die lusbondel te trek om weereens 'n lus te vorm. Hierdie proses word herhaal tot die rieme oor sy volle lengte in 'n bondel ingevleg is. Die voorpunt van die bondel rieme word deur die laaste lus gesteek en styf vasgetrek. So 'n bondel rieme kan gerieflik in 'n beskutte plek, hetsy onder aan die wa gehang, of in 'n wakis of stoorkamer gebêre word.

Osse verskil in grootte en bouvorm, met gepaardgaande verskille in die dikte van die nek. Die drie verstellings wat die kerwe aan die skei bied om 'n strop van standaardlengte doeltreffend vas te trek, is soms onvoldoende. Stroppe is dikwels 'n pasmaaklengte vir spesifieke osse in hul bepaalde trekposisie. Sulke stroppe moet dus aan die haarskei van die betrokke juk gevestig bly of telkens met die uitlê van die trekgoed, voordat ingespan word, daaraan gehaak word. Met laasgenoemde opsie word stroppe in 'n bepaalde volgorde van die jukke afgehaal. Die strop van die haaragteros dien as string waaraan die skeioog van die ander stroppe ingeryg word. Die hotagteros se strop word gevolg deur die haar- en hotkantstroppe van elk van die jukke tot by die voorosse. Die bondel stroppe word saamgetrek deur die punt van die string (haaragteros se strop) deur sy skeioog te steek en saam met die rieme gebêre. Wanneer die trekgoed uitgelê word, is die stroppe, in omgekeerde volgorde, vanaf die haarvooros na agter aan die haarskeie van elke juk gevestig.

Waar die stroppe soms ná uitspan aan die juk gevestig bly, onder meer wanneer die span tussen skofte wat kort op mekaar volg ontjuk word, is die stroppe gewoonlik nie van die haarskeie afgehaal nie. Elke strop is tussen die skeie een keer om die juk gedraai en weer aan die hotskei gehaak. Die agterjuk is aan die beuel van die disselboom regop geplaas en die ander jukke daarteen aangeleun. Indien daar skeie is wat effens los in die skeigat pas dien die strop in hierdie geval om die skeie tydens hantering aan die juk gevestig te hou. Soms is jukke, trektou en stroppe op soortgelyke wyse opgeruim om onder 'n wa of in 'n stoor gebêre te word.

7.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die ontwerp en gebruik van die onderskeie komponente van die trekgoed van die trekos in besonderhede beskryf. Diervelle, soos dit blyk uit die uiteensetting van die trekgoed, verteenwoordig 'n fundamentele komponent van die trekos se trekgoed in Suid-Afrika. Aansluitend hierby is die bereiding van velle vir die maak van rieme eweneens 'n unieke onderbou van die trekos se trekgoed. In die opvolgende hoofstuk volg 'n oorsig van tersaaklike bereidingstegnieke en hulpmiddels vir die brei van rieme. As sodanig het dit in die trekosera tot 'n eiesoortige tradisionele volkskultuur ontwikkel wat op vele terreine, direk en indirek, aan geestelike en stoflike behoeftes voorsien het.

HOOFSTUK 8:

VERWERKING VAN VELLE EN DIE BREI VAN RIEME

8.1 Inleiding

Vir 'n lang tydperk van die mensdom se bestaan was hy in groot mate aangewese op velle as die enigste grondstof wat vir kleding, komberse en allerlei houers beskikbaar was (Badenhorst, 2009:37). Die verwerking van rouvelle, as 'n ambag, vir benutting deur die mens is sekerlik van die oudste kunsvorme en is as sodanig een van die mens se vroegste aktiwiteite (Grant, 1956:3; Anon. Leather Resouce, 2008). Met 'n terugblik op die verwerking van velle vir die maak van leer vind mens dat vanaf die Paleolitiese Tydperk tot die hedendaagse tegnieke die prosesse en gereedskap in wese onveranderd gebly het. Tegnieke het wel met betrekking tot doeltreffendheid en gemak van hantering verander (Anon. Leather Resouce, 2008). Die werkswyse uit die Paleolitiese Tydperk, soos in figuur 8-1 aangedui, toon sterk ooreenkomste met dié van hedendaagse riembreiers soos in 8.4 bespreek.



**Figuur 8-1: Gebruik van gereedskap deur die eeue.
Leather Resource 2008.**

Van die oudste verwysings met betrekking tot die verwerking van velle en gebruik van leer in handkuns is vervat in die geskiedenis van Fenisië. Daar is die verhaal van Koningin Dido wat 822 jaar v.C. 'n stuk grond van Larbas, 'n plaaslike hoofman, versoek het. Die versoek is toegestaan op voorwaarde dat die stuk grond deur 'n enkele osvel omsluit moes word. Die wyse koningin het die osvel in 'n dun aaneenlopende repie, vanaf die buiterand, al in die rondte tot in die middel laat sny. Die lengte van die riem het 'n heuwel omsluit, waarop die stad Carthago uiteindelik gevestig is (Grant, 1958:3).

Die hedendaagse verwerker van rouvel gebruik steeds hierdie tegniek om smal riempies vir kunstige vlegwerk uit die vel te sny. Die Fenisiërs het hul kennis van die verwerking van rouvelle en leerwerk met die Arabiere gedeel, wat alle toerusting wat op die benutting van perde toepaslik is, soos saals, tooms en swepe, daarvan gemaak het. Die grondslag vir kunstige sneewerk op leer en swierige vlegwerk, gevlegte knope met rouvelriempies is vasgelê in die toerusting van hul perde. Met die Moorse besetting van Spanje het die kuns van leerwerk daarheen oorgespoel. In Spanje het veral die vlegkuns met rouvelriempies tot 'n hoogtepunt in perfektheid ontwikkel. Uiteindelik, in die vroeë 1700's, is hierdie vlegkuns onder Spaanse invloed in Suid-Amerika en Mexiko gevestig, vanwaar dit mettertyd in dele van die VSA toepassing gevind het (Grant, 1956:4).

Verwerkers van rouvelle in Noord- en Suid-Amerika het die vars rouvel op 'n skoon oppervlak in die koelte oopgelek en styf gespalk om droog te word. Wanneer so 'n vel winddroog is, is die vlegriempies op die gewenste wydte uit die vel gesny. Die riempies is onthaar deur die hare met 'n vlymskerp mes af te skeer sonder om die nerf te beskadig. Uit bogenoemde mag 'n oningeligte persoon geredelik vermoed dat daar nie veel skuil in die verkryging van rouvel nie. So 'n aanname is misleidend (Grant, 1956:3). Vele faktore beïnvloed die eindproduk wat van rouvel vervaardig word, onder meer behoort die voginhoud van die vel wanneer dit afgedun en/of meer soepel gebrei word, korrek en goed gereguleer te wees. Die kondisie van die bees waarvan die vel verkry is, is ewe-eens belangrik. 'n Maer bees se vel verwerk moeiliker en lewer swakker kwaliteit eindprodukte. Die bereiding van rouvel en die tegnieke vir die maak van hoë kwaliteit rouvelartikels wat daarmee saamgaan, is 'n praktiese en jarelange leerproses (Miles, 2004; Oosthuysen, 2009).

In Suid-Afrika was rieme (ter plaatse die bekendste rouvelitem) een van die pionier en boer se nuttigste gebruiksartikels. Rieme, gebrei en ongebrei, is vir algemene doeleindes as bindmateriaal benut. Gebreide rieme is gebruik om osse, perde en ander trekdier te hanteer, asook vir die bereiding van hulle trekgoed. Ongebreide, oftewel rouriem, is onder meer benut om byvoorbeeld gekraakte jukke of onderdele van die wa en vele huishoudelike items te versterk. Die bereiding en verwerking was tradisionele volkskuns. Dit was in sy tyd só vanselfsprekend dat vroeë geskiedskrywers, ontdekkingsreisigers, handelaars en jagters beperkte detail in hul reisindrukke gee en nie in meer diepte verwys na 'n meer omvattende uiteensetting van die omvang van prosesse ter bereiding van rouvel nie.

Die brei van stroke rouvel, oftewel rieme, het in Suid-Afrika 'n eiesoortige karakter aangeneem. In die konteks van die benutting van Suid-Afrikaanse trekosse bied hierdie hoofstuk 'n uiteensetting en ontleding van die aard, nut en gebruik van relevante komponente vir die bewerking van velle vir en tydens die konstruksie van trekgoed. Klem word dus hoofsaaklik gelê op uiteenlopende tersaaklike plaaslike tegnieke in opeenvolgende fases van prosessering. Aansluitend hierby volg

ook bondige besprekings van beskikbare grondstowwe wat ter plaatse tradisioneel deur osdrywers tydens die verwerking van velle aangewend is.

'n Verskeidenheid tegnieke is in die verlede in Suidelike Afrika toegepas om velle te verwerk. 'n Volwaardige looiproses het onder meer behels dat 'n vel (onthaar of met hare aan) geïmpregneer is met bepaalde plantaardige ekstrakte met 'n hoë tannieninhoud. Volgens Van Wyk en Gericke (soos aangehaal deur Badenhorst, 2009:42) veroorsaak die looiproses chemiese verbindings met kollageen, sodat 'n vel redelik bestand is teen water en skaafmerke.

Antropologiese bronne met betrekking tot verskillende volksgebruike in Suidelike Afrika dui daarop dat velle nie altyd gelooi is nie, maar algemeen op ander wyses verwerk is om sag en soepel te wees. Sodanige tegnieke behels basies meestal dat die velle skoon geskraap, met vet gesmeer en met die hande en voete gewring of gevryf is om dit sag en soepel te maak. 'n Verskeidenheid smeermiddels is vir dié doel benut (Badenhorst, 2009:37-42). Hierdie tegnieke kan saamgevat word onder die term "brei" van velle.

Afhangend van die grootte van velle en doel waarvoor hulle berei is, is verskillende metodes toegepas om velle te brei. Met betrekking tot die behoeftes van die osdrywer word kleiner wildsbokvelle, vir stikwerk en maak van voor- en agterslae, heel en met die hande gebrei. Vir die maak van rieme word groot velle, gewoonlik met enige van 'n aantal benaderings, in lang repe gesny en dan gebrei. 'n Meer volledige uiteensetting van die sny- en breiproses volg in 8.5 en 8.6. 'n Meer omvattende oorsig van smeermiddels wat algemeen vir die brei van rieme en velle benut word volg in 8.9.

Dit is denkbaar en begryplik dat die oordrag van kennis en vaardighede met betrekking tot die verwerking van velle met verloop van tyd tussen Suider-Afrikaanse bevolkingsgroepe plaasgevind het. So kon die Khoi-Khoi en San, asook van die swart volke, nuttige kennis oordra aan vroeë Europese immigrante ten opsigte van onder meer geskikte plaaslike soorte plante, asook tersaaklike smeermiddels wat vir die bewerking van velle geskik is. Daarteenoor kon die wit immigrante kennis van tegnieke, ten opsigte van leerlooierij, aan genoemde plaaslike inwoners oordra (Badenhorst, 2009:42). Die Khoi-Khoi het hul pak- en ryosse op besonderse wyse benut en beheer. Die saal van hul ryosse was 'n skaapvel wat met 'n lang riem reg om die os se lyf vasgetrek is. Voorts het hulle die ryos beheer met 'n dun, smal riem wat aan 'n mikstokkie deur 'n gaatjie in die septum van die neus verbind is om teuels van 'n elementêre toom te vorm. Die vrag op die pakos se rug is met 'n lang riem stewig om die lyf vasgebind (Schapera, 1963 [1930]:297). Die bereiding en gebruik van rieme het 'n eiesoortige benutting van veelvuldige pare (lang spanne) trekosse deur die vroeë Europese immigrante in Suidelike Afrika tot gevolg gehad. Hierdie gebruik is vry algemeen deur alle volksgroepe nagevolg. Die Lobedobevolkingsgroep van die hedendaagse Limpopoprovinsie het rieme hoofsaaklik gebruik vir "...tethering animals and for inspanning cattle, a practice adopted from white farmers" (Badenhorst, 2009:42).

Bogenoemde dien as voor die hand liggende voorbeelde van die wedersydse aanvulling van kennis tussen bevolkingsgroepe met betrekking tot die verwerking van velle vir benutting by trekosse as kragbron. Die basiese bereiding van osrieme is mettertyd dermate verfyn om benewens praktiese toepassings dikwels ook aan die osdrywer se estetiese behoeftes, soos verder in hierdie hoofstuk aangedui, te voorsien.

In die dag tot dag bestaan van Suid-Afrikaanse pioniers, en latere kommersiële landbouproduksie, was die benutting van velle, hetsy gelooi of gebrei oor 'n breë spektrum van stoflike behoeftes en aktiwiteite onontbeerlik. In die konvensioneel Suid-Afrikaanse konteks van die verwerking van velle, word verskeie terme dikwels onderskei, te wete "vars rouvel" en "droë rouvel", asook "brei" en "looi".

Vars rouvel verwys na 'n pas afgeslagte vel, wat benewens afspoel met water om bloederigheid en los vuilighede aan die vel te verwyder en die afskraap van stukkies vleis en bindweefselvlesse aan die vleiskant, geen verdere verwerking ondergaan voordat dit gebrei of gelooi word nie. 'n Vars rouvel kan egter dadelik tot die hoogste kwaliteit rieme verwerk word, of gelooi word om leer te verkry, sonder dat dit eers gepek en gedroog is. Trouens tradisionele osdrywers verkies om hul rieme uit vars rouvelle te sny. Na aanleiding van die Engelse term *green hide* word die term "groenvel" soms ten opsigte van vars rouvel gebruik.

Droë rouvel daarenteen is 'n vars vel wat, nadat dit afgeslag is, gepreserveer word. In die Suid-Afrikaanse konteks van die velpreservering is dit deeglik aan die vleiskant ingesout en in die koelte geplaas om goed uit te droog ten einde gebêre te word vir latere verwerking, soos in 6.3 uiteengesit. Alvorens hierdie droë velle verwerk word, hetsy om gebrei of gelooi te word, moet hul deeglik in skoon (verkieslik sagte) water geweek word om sag te word (Borckenhagen, 1957:343; Miles, 2004; Oosthuysen, 2009). Alle artikels wat sonder verdere behandeling met chemikalieë uit die droë gepreserveerde rouvelle berei word, is net soos in die geval van vars velle, rouvelprodukte. 'n Gelooide vel is 'n vars of droë rouvel, wat met behulp van 'n verskeidenheid resepte, met chemikalieë of ekstrakte van plante, behandel is om leer te verkry.

In Suid-Afrika is die brei van rieme 'n belangrike tegniek ter bereiding van trekgoed vir trekosse en ander huishoudelike diere. Hierbenewens het gebreide rieme, vir allerlei vasmaakdoeleindes, in die trekosera 'n onmisbare rol oor 'n wye spektrum daaglikse aktiwiteite gevul (Bosman, 1988:77; Van Rooyen, 1938:133). Burchell (1967 [1824]:277) bevestig die nuttigheidswaarde van rieme soos volg: "*Thongs of Ox-hide, which, experience teaches, is the only cord strong enough to be used while travelling over a country like this*".

'n Unieke tradisionele Suid-Afrikaanse gebruik was om katels, stoele, rusbanke en opvoustoele met riempies, gesny uit gebreide rouvelrieme, te mat. Riempies leen hulle daartoe om op so 'n wyse aan mekaar geknoop te word dat die laste onopsigtelik onder aan die houtraamwerk is. 'n Voordeel hiervan is dat geen metaalknip, spyker of platkopspykertjies benodig was om die

riempies vas te sit nie (Kench, *et al.* 1987:158). Die matwerk word met klam gebreide riempies (uit gebreide rieme gesny) gedoen, wat effens krimp as hulle uitdroog, om sodoende 'n besonder stywe mat te verseker.

Nat ongebreide repe rouvel is, weens die inherente sterkte en duursaamheid van rouvel, en die krimpaksie wanneer dit uitdroog, algemeen vir bepaalde doeleindes soos versterking van onderdele van waens en houtraamwerke van wonings en meubels gebruik. Teen hierdie agtergrond is Balfour (1896:138) se stelling dat rieme in hierdie land 'n mens se behoud is, besonder toepaslik.

In die era van die trekos in Suid-Afrika is velle van verskillende diersoorte vir spesifieke toepassings verwerk deur dit te looi of te brei. Die twee tegnieke verskil van mekaar terwyl die eindproduk ook meestal vir verskillende doeleindes gebruik is. Die verskil in eindresultate was, in die geval van gelooide leer, 'n gekleurde, minder sterk leer, wat tog soepelheid van tekstuur behou. Afhangend van die looistof wat gebruik is, het die kleur gewissel van 'n ligte geelbruin, effens rooierig tot donkerder bruin. Daarenteen is die voorkoms van gebreide rouvel (vars en gepreserveer) meer wit van kleur, elastieser of soepeler en besonder sterk. Dit verhard egter wanneer dit uitdroog ná blootstelling aan oormatige nattigheid, in welke geval dit weer gebrei moet word (De Beer, 1975:70). Rieme is dikwels só gebrei dat 'n dun lagie (ongeveer die dikte van 'n potloodstrepie) ongebreide weefsel in die middellaag van die plat riem behoue bly om 'n riem se trekrag te versterk. Dit is dan hoofsaaklik hierdie lagie wat, nadat dit nat geword het, verhard en opkrul tydens uitdroging en dus soepelheid van rieme belemmer. Rieme wat goed gaar gebrei en deeglik met vet ingesmeer is, bly selfs met terloopse blootstelling aan nattigheid, soepel as hulle weer droog is.

Die verwerking van velle het by vroeë pioniers en reisigers uiteenlopende toepassings gevind. Die pioniers was besonder vindingryk en vaardig, nie alleen met die brei van rieme nie, maar ook met die looi van velle vir persoonlike gebruik, veral as kleding, skoeisel en houers vir voedsel, soos onder meer vir graan. Uitgesoekte velle is ewe-eens gebruik om as looikupe te dien (Van Rooyen, 1938:133-134). Pioniers het onder meer met die bas van doringbome (wat wyd verspreid beskikbaar was) as looistof, uiters sterk en goeie kwaliteit sagte leer gelooi. Buitelandse reisigers na die binneland van Suider-Afrika kon plaaslik voldoende voorraad gehalte leer bekom (Mohr, 1973 [1876]:251). Vir bewaring van vleis tydens reise is ook gebreide beesvel gebruik. Vars afgeslagte vel is aan die vleiskant goed ontvlies en met verpoeierde aluin ingevryf en gelaat om winddroog te word, waarna dit sag gebrei is. Die vel is dan tot 'n sak verwerk waarin voorrade verpak kon word (Arbousset & Daumas, 1968 [1846]:81). Benewens die trekos was ook donkies, muile en veral perde (beide as ry- en trekdiere), 'n belangrike kragbron vir die pioniers en vroeë landbouers. Ten einde hierdie diere te benut, is beesvelle deur boere gelooi om onder meer buikgorde, saals en tuie te maak (Sneyd, 2009).

In onderlinge gesprekke tussen tradisionele osdrywers is dikwels wyd uitgewei en geredekawel oor uiteenlopende komponente van en tegnieke by die verwerking van velle. Aspekte soos welke dier, hetsy bees of wild, se vel die geskikste vir 'n spesifieke gebruik sou wees, die tegnieke om velle te onthaar, die wyse waarop rieme uit die vel gesny moet word, ensovoorts is dikwels aan die orde van die dag (Bosman, 1988:78; Miles, 2004; Scholtz, 1987; Sneyd, 2009). Elk van die betrokke metodes het meriete, maar word grootliks beïnvloed deur omstandighede ter plaatse en tersaaklike hulpmiddels wat beskikbaar is vir die voorbereiding van velle vir die breiproses. Die opmerking van 'n Amerikaanse kenner en verwerker van rouvel, Grant (1956:1), dat "rouvel" nie bloot net 'n woord is nie, maar 'n tradisie verteenwoordig, is ook teen die Suid-Afrikaanse agtergrond by uitstek van toepassing.

Die proses van rieme brei begin by die vel (Van Rooyen, 1938:58). Die voorkeurvel bly 'n vel van 'n afgeslagte dier in goeie kondisie, waarvan die karkas goed uitgebloei het. In gevalle waar 'n dier gevrek het, moet die vel afgeslag word voordat die geringste tekens van skade aan die vel deur verrotting plaasvind. Só 'n vel kan steeds rieme van hoë gehalte lewer.

Velle van bulle vir die brei van rieme word verkieslik vermy. Hoe ouer bulle word hoe meer neig hulle velle om, veral op die skof en skouers, meer veselig te word, wat nie geredelik sag en soepel brei nie. In die algemeen is die vel van 'n volggroeide os (ongeveer 10 jaar oud) wat vroeg op 'n ouderdom van nagenoeg 6 maande gekastreer is, baie geskik om goeie kwaliteit, reguit rieme te verkry (Scholtz, 1987; Sneyd, 2009). In die geval van grootwild word veral voorkeur gegee aan velle van blouwildebees, buffel, eland, hartbees en waterbok vir die maak van osrieme, stroppe en die lyf van die sweep, terwyl kleiner wildsoorte soos bosbok, blesbok en koedoe veral aangewend word vir die onderdele, soos agterslae, voorslae en hingsels, van swepe (Miles, 2004).

Die verwerking en brei van velle behels 'n reeks prosesse wat op mekaar volg. Elk van hierdie aktiwiteite word met groot sorg beplan en uitgevoer, aangesien tekortkominge in een aktiwiteit opvolgende prosesse kan belemmer. In die volgende paragrawe word die onderskeie aktiwiteite en hul invloed op mekaar tydens die verwerking van velle, meer breedvoerig uiteengesit.

8.2 Die afslag van velle

Om 'n goeie vel vir verwerking te verkry, moet 'n vel met groot sorg afgeslag word (Borckenhagen, 1957:343). Die grondslag vir die bereiding van 'n vel, hetsy vir brei of looi, is reeds gesetel in die verwydering van die vel vanaf 'n dier se karkas, asook die onmiddellike daaropvolgende behandeling van 'n vel vir latere verwerking.

Tydens die proses waar 'n vel afgeslag word, kan dit sodanig beskadig word dat dit nutteloos kan wees vir sinvolle verdere verwerking om eindprodukte van goeie kwaliteit te verkry. 'n Slagtersmes lewer die beste resultate, maar moet steeds met die nodige behendigheid hanteer word. Die

korrekte spanning waarteen 'n vel vanaf die karkas met een hand weggetrek word, en die posisionering van die lem teen die regte hoek, met die rugkant van die lem effens na die vel gekantel, tussen die vel en karkas, is uiters belangrik tydens die afslagproses. Hierdie basiese reël skakel moontlike gate of kerfmerke aan die vel grootliks uit (Anon. *Agricultural Journal*, 1899:23; Miles, 2004). Tydens die snyproses van die rieme uit die afgeslagte vel kan gate (ook klein gaatjies), wat in die vel mag voorkom, redelik effektief vermy word deur doelgerig die rieme om die gate te sny en te verhoed dat die kwaliteit van die rieme verswak word. Kerfmerke aan die vel is egter minder opsigtelik as gaatjies en word in die riemstrook ingesluit. Tydens die breiproses skeur die riem maklik op die kerfmerke. Dit lei tot 'n oormaat kort en nuttelose stukke rieme. Al sou die riem tydens die breiproses nie breek nie, is die eindproduk van minderwaardige gehalte wat, onder spanning, op die kerfmerk kan breek.

Nadat die vel afgeslag is, word alle bloederigheid aan die vel deeglik met water op 'n skoon oppervlak afgespoel. Sou die vars afgeslagte vel sonder veel versuim gebrei (of gelooi) word, neem ontharing, indien dit verlang word, dadelik 'n aanvang (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326; Oosthuysen, 2004; Schutte, 1977:18; Sneyd, 2009). Indien die pas afgeslagte velle nie dadelik gebrei of gelooi kan word nie, word hulle deeglik gepreserveer vir latere verwerking. Preservering van velle vir die brei van rieme word hieronder in 8.3 uiteengesit.

By die verwerking van velle speel die kwaliteit van die water wat in die verskillende prosesse gebruik word 'n belangrike rol. By voorkeur is reën- of enige ander sagte water gebruik (Borckenhagen, 1957:349). Brak of kalkagtige water mag dalk soute en ander chemiese stowwe bevat wat in sommige stadia van verwerking die kwaliteit van die eindproduk kan benadeel.

Toe trekosse tydens die twintigste eeu, tot die 1950's, die hoofkragbron vir die produksie van graangewasse was, is voorsiening gemaak vir voldoende hoeveelhede rieme, stroppe, trense, swepe, ensovoorts vir gebruik tydens die besige ploeg-, plant- en skoffeltyd. Deur die loop van die jaar is velle van beeste wat vir eie gebruik geslag is, of wat gevrek het, op gepaste wyse gepreserveer en geberg. Gedurende die wintermaande, voor die plantseisoen, is dié velle dan verwerk om die nodige trekgoed te maak (Bosman, 1988:78; Hugo, 2007). Verskeie konvensionele metodes om 'n vel te onthaar, behels 'n mate van verrotting wat sterk kan versnel by hoër omgewingstemperatuur. In die praktyk kan die loskom en verwydering van die hare egter veel beter by die koeler temperatuur van die wintermaande gemoniteer word ten einde 'n vel in die geskikste stadium van verrotting te onthaar vir verdere verwerking. 'n Verskeidenheid tegnieke om velle te onthaar volg in 8.4.

8.3 Die preservering van velle

Indien 'n vars vel om praktiese redes nie dadelik vir die breiproses voorberei word nie, maar eers op 'n latere datum gebrei gaan word, moet dit sorgvuldig gepreserveer word. Deeglike

preservering en berging van die vel vir latere verwerking is net so belangrik soos die sorgvuldige afslag daarvan. Om 'n pas afgeslagte vel te preserveer vir die latere brei van rieme is die algemeenste gebruik om dit op 'n plat, stofvrye oppervlak ('n digte graskol, hout- of sementvloer), met die vleiskant na bo, oop te vlek. Sout word as preserveermiddel eweredig oor die vleiskant uitgestrooi en goed met die hande ingevryf om die totale oppervlakte deeglik te bedek. Vervolgens word die vel toegevou, opgerol en vir 'n dag of drie in die koelte gelaat, waarna dit oopgevou en egalig uitgestrek word, maar nie styf gespalk nie, om winddroog te word alvorens dit geberg word. Vir bepaalde doeleindes is verskeie ander soute, veral aluin, of aluin vermeng met ander soute, of plantaardige looistowwe ook soms gebruik (Anon. *Agricultural Journal*, 1899:23). Uitdroging in die direkte hitte van sonlig neig om die vel te bederf oftewel te "skroei". Sodanige velle is nie geskik om goeie rieme van te maak nie, en kan slegs as grondstof vir die vervaardiging van lym dien. 'n Geskroeide vel kan egter vroeg in die verwerkingsproses van verwerking uitgeken word, want die tekstuur is bros en breek relatief maklik wanneer dit tydens verwerking geknak word (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:327; Miles, 2004).

Gepreserveerde velle wat vir latere verwerking geberg word, moet met sorg teen myte, knaagdiere en verrotting beskerm wees deur dit onderdak, droog en goed deurlug te hou (Bosman, 1988:78; Miles, 2004; Oosthuysen, 2009). Wanneer die gepekelde vel winddroog is, word dit op die ruglyn, met die haarkant na onder dubbel gevou en oor 'n dwarsbalk gehang om uit te droog. Deur die haarkant na binne te vou, is 'n voorsorgmaatreeël om die nerf teen beskadiging te beskerm (Anon. *Suid-Afrikaanse Boerdery*, 1922:277). Droë velle is tydens berging opmekaar oor die dwarsbalk gestapel. 'n Doeltreffender metode om die vel goed deurlug te hou, is om die winddroog, oopgeklepte vel aan twee rieme of toue parallel tussen twee balke (van die dakkappe) op te hang. Twee klein splete is op gepaste afstande van mekaar, naby die buiterand van die vel gesny, om elk 'n draadhaak, riempie of toutjie te hou, waarmee die vel aan genoemde rieme of toue geheg is. Die velle hang dus goed gespaseer langs mekaar (soos klere in 'n hangkas) om lugvloei deur te laat. Hierdie metode beperk beskadiging van die nerf deurdat die droë vel nie gebuig of geknak word nie (Miles, 2004).

Die tradisionele gebruik onder osdrywers om velle, waaruit rieme gemaak gaan word, te preserveer behels hoofsaaklik behandeling met soute soos aluin en tafelsout. By uitsondering is die gelooidesoute ook gebrei. 'n Kort samevatting van hierdie tegnieke word vervolgens uiteengesit.

8.3.1 Sout (natriumchloried)

In die praktyk is sout die algemeenste preserveermiddel wat ter plaatse op velle gebruik word. Die toevou van 'n behandelde vel volg 'n bepaalde roetine om sorg te dra dat die sout nie uitval of dat die buiterand van die vel aan die lug blootgestel word nie, wat tot besmetting met brommers en gevolglike verrotting kan lei. Die opgerolde vel word vir een tot twee dae in die koelte gelaat en

dan oopgevou en egalig uitgestrek om winddroog te word waarna dit, soos in 8.3 hierbo uiteengesit, bewaar word totdat dit gebrei of gelooi word. Die opgevoorde vel moet nie op 'n kaal sementblad gelaat word nie, maar verkieslik op hout oorstaan. Die deel van die vel waar dit aan die sementblad blootgestel word, neig soms om te verhard of bros te word en uiteindelik nie goed en sag te brei nie (Miles, 2004; Oosthuysen, 2009).

8.3.2 Witleerlooiproses met aluin (aluminiumsulfaat)

Aluin, 'n mengsel van aluminium- en kaliumsulfaat wat ook bekend staan as dubbelsout, word algemeen in looierye benut (WAT 2014. Lemma: aluin). 'n Algemene gebruik van aluin as looistof is om leer van 'n wit kleur te verkry in 'n proses wat as witlooi bekend staan (Anon. *Agricultural Journal*, 1898:516; Anon. *Landbou Journaal*, 1895:16; Miles, 2004; Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:336). In die praktyk het vroeë ontdekkingsreisigers dikwels aluin, as deel van hul reisbenodighede na die binneland, met hulle saamgeneem. In tersaaklike gevalle is aluin as preserveermiddel benut om velle, wat vir latere verwerking gedroog is, te bewaar. Veral waar uitwendige parasiete (bosluise, ensovoorts) reeds op die lewendige dier letsels aan die vel veroorsaak het en waar verrotting geredelik kan intree, is so 'n afgeslagte vel deeglik daarmee ingesout. Wanneer 'n gepreserveerde vel weens onvoorsiene omstandighede natreën, kom opvolgbehandeling met voldoende hoeveelheid aluin tot die redding van die vel se behoud (Delegorgue's, 1990 [1842]:144).

Die hoofbestanddeel van hierdie looistofmengsel is die aluin wat met die gelatien in die vel verbind. Om 'n looimengsel te verkry word 500 g aluin en 110 g growwe sout (natriumchloried) in 4.5 liter warm water opgelos. 'n Voldoende volume moet berei word om die vel/le in die betrokke houer waarin gelooi word, te kan bedek. Sodra die mengsel tot loutwarm afgekoel het, word die vel/le vir 24 uur daarin gelaat. Vervolgens word hulle uitgehang om in die koelte winddroog te word en dan met die hande gewring en gevryf tot hulle redelik droog is. Die looimengsel word goed geroer en die vel/le vir 'n verdere 24 uur daarin geplaas en die wringproses, oftewel breiproses, herhaal. Voorsorg moet getref word dat lugborrels wat mag voorkom wanneer die vel in die looistof gedompel word, nie tussen die voue vasgevang word nie. Die vel/le moet deurentyd deur die looistof bedek bly. Om 'n besonder wit leer te verkry, word die proses afgerond deur die vel/le vir 24 uur in 'n warm hawermeel, wat tot 'n slap pasta met water vermeng is, te plaas (Anon. *Agricultural Journal*, 1898:516). Die warm hawermeelpasta help om die verbinding van aluin en gelatien goed af te rond. Koring- en mieliesemels dien ewe goed vir hierdie doel. Om besonder wit rieme te berei word die vel, ná ontharing, eers in rieme opgesny en dan vir vyf tot sewe dae in die aluin en soutmengsel gelaat, waarna dit op die gebruikelike wyse aan 'n breiklip gebrei word.

8.3.3 Looistof (plantaardig)

Sommige osdrywers het verkies om 'n vel met die hare aan in rieme op te sny. Vervolgens is die rieme in 'n balie met 'n mengsel van gebluste kalk en water geplaas totdat die rieme onthaar. Om

die kalk in die rieme, ná ontharing, te neutraliseer, is hulle vir 'n verdere 24 uur in skoon water in 'n balie laat lê. Daarna word die water afgegooi en met 'n semel-en-watmengsel vervang totdat die semels klaar gegis het (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:327; Miles, 2004; Scholtz, 1987). Ná afloop van dié proses van ontkalking is die bondel rieme vir nagenoeg vier weke met wattelbas gelooi. Die nat gelooide rieme is vervolgens op die gebruikelike wyse met die breiklip gebrei, waartydens hulle met voldoende vet ingesmeer is (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:327). Alhoewel die nat gelooide rieme dadelik gebrei is, is die gebruik van looistof om velle te looi wesenlik 'n tegniek ter preserving van sodanige vel. Bogenoemde metode van ontharing vergemaklik die hantering van 'n vel deurdat die opgesnyde rieme gerieflik hanteer wanneer ontharing in 'n beperkte ruimte, soos 'n vat, plaasvind. Benewens wattelbas kan ander plantaardige looistowwe ook gebruik word.

8.4 Ontharingstegnieke

Afhangend van die toestand van die vel, hetsy die vel van 'n pas geslagte dier of 'n gepreserveerde droë vel, het tradisionele breiers van rieme enige van 'n verskeidenheid tegnieke en grondstowwe gebruik om die proses van ontharing te manipuleer. Die beste metode is om 'n vars vel, direk nadat dit afgeslag is, deur die proses van ontharing te neem. Indien dit om praktiese redes nie geleë is nie, kan die vel, soos hierbo uiteengesit, gepreserveer word om op 'n meer geleë tyd verwerk te word. Die nerf van 'n droë vel knak maklik wanneer dit tydens verwerking gebuig word. Sodanige krake lei tot swak plekke in die eindproduk. Die eerste stap in die verwerking van 'n gesoute, droë vel is dus om dit oornag of selfs langer deeglik in sagte water te week om sy sagtheid te herwin (Borckenhagen, 1957:343; Bosman, 1988:78; Du Plessis, 1923:205; Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Miles, 2004). 'n Nat vel se nerf is elasties en beter bestand teen beskadiging tydens verwerking. 'n Vars afgeslagte vel hoef nie verder in water versag te word voordat die proses van ontharing begin nie. Hierbenewens word so 'n vel nie met sout behandel voor verdere verwerking geskied nie (Oosthuysen, 2009; Schutte, 1977:18).

Wanneer hare in die proses van ontharing van die vel met 'n stomp graafsnede, jukskei, plat plank, skoffelpik, ensovoorts met beperkte drukking daarop afgestroop word, geskied dit op 'n skoon, gelyk en gladde oppervlak soos 'n sement-, staal- of houtblad. Andersins kan die vel, met die haarkant na bo, oor 'n horisontale oliedrom geplaas word om die hare op die ronding daarvan af te stroop (Bosman, 1988:78; Sneyd, 2009). 'n Geriefliker metode is om die vel oor 'n horisontale ronde balk (of harde plastiekpyp) van geskikte lengte, met 'n deursnit van 125-200 mm of meer, vir hierdie doel te hang. So 'n balk word op geskikte hoogte aan vertikale pale monteer, sodat persone wat die hare afstroop gerieflik in 'n regopstaande posisie kan werk (Miles, 2004; Oosthuysen, 2009). Alternatiewelik word een punt van die balk (pyp) tot 'n gerieflike werkshoogte vir die persoon, wat die vel onthaar, gelig sodat dit teen 'n gerieflike hoek skuins na onder afloop kyk figuur 8-1. Die vel word met sy bobeen aan die bopunt van die balk vasgedruk en die hare

met 'n trek- of hoefmes vorentoe weggestroop (Dinsmore, 2008). Vir illustrasies van die ontharingsproses, kyk figuur 8-2.



Gedrapeerde vel oor krapbalk



Afkrap van hare



Figuur 8-2: Ontharingsproses

Marius Oosthuysen-fotoversameling

Sommige tegnieke, soos die behandeling met kalk om 'n vel te onthaar, is meer geskik vir die looi van velle. Vir die brei van rieme word ontharing met kalk liefers vermy. Kalk neig om die vel se vet op te los, wat belemmerend inwerk op die breiproses van rieme. Die tekstuur van die gelooide vel bly effens bros. Alhoewel die rieme wat daaruit gesny word sag is, dring vet wat tydens en ná die breiproses aangewend word nie geredelik in die rieme in nie (Borckenhagen, 1958:343; Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326; Miles, 2004).

Verskeie biologiese media om ontbinding te stimuleer, is vry algemeen deur tradisionele breiers van rieme gebruik. Die vel is toegelaat om net genoegsaam te ontbind sodat die hare maklik afgestroop kan word. Die meeste van hierdie tegnieke veroorsaak 'n onaangename reuk as gevolg van die verrotting van die vel (Borckenhagen, 1957:343; Sneyd, 2009). Vroeë pioniers het meestal nie oor toepaslike chemikalieë, soos wat in formele leerlooierye gebruik word, vir doeleindes van ontharing beskik nie. Met die middele tot hul beskikking moes gewaak word teen oormatige verrotting aangesien dit tot ernstige degenerasie van die velweefsel kon lei, wat minderwaardige rieme tot gevolg sou hê. Die temperatuur van die omgewing en medium waarin ontharing plaasvind, beïnvloed die tempo waarteen ontbinding intree. Die tussenposes van inspeksies, soms etlike keer per dag, vir elke medium om te bepaal wanneer die hare loskom, is 'n proses wat deur praktiese ervaring vasgelê is. Die water wat tydens die breiproses uit die nat rieme gepers word, spat relatief wyd om die breisel en die onaangename reuk daarvan besmet ook die breier se klere en toerusting.

Vervolgens word verwys na 'n aantal media en tersaaklike tegnieke om velle te onthaar vir die maak van trektoerusting vir osse en rieme se algemene gebruik.

8.4.1 Grond

Hierdie tegniek behels die bedekking van 'n nat, saggemaakte vel met klam grond totdat die hare loskom en afgestroop kan word. Een metode is dat 'n vel, met die haarkant na binne, opgevou word en in 'n gat, ongeveer 15 cm diep, in die grond geplaas en deeglik met 'n laag klam grond toegegooi word. Vir die duur van die proses moet die grondlaag deeglik klam bly. Gereelde ondersoeke van die bedekte vel volg om te toets wanneer die hare maklik aftrek. Wanneer dit die geval is, word die hare, soos hierbo in 8.4 uiteengesit, afgestroop. Vervolgens word die vel, terwyl dit nog klam is, ná ontharing, netjies plat oopgeplek, in rieme opgesny en word met die breiproses begin (Borckenhagen, 1957:343). Leemgrond of sandgrond word verkieslik vir hierdie doel gebruik.

'n Alternatiewe metode is om 'n kol grond, die grootte van die oopgeplekte vel, skoon te skoffel en die vel, met hare na bo, daarop uit te lê en met 'n laag grond (40 mm dik) te bedek. Die grondlaag word goed benat en klam gehou tot die hare begin afkom, 'n proses wat in warm somerweer drie tot vier dae behoort te duur. In koeler winter- en vroeë lentetemperature kan dit selfs tien dae duur. Die beste resultate word in sanderige grond verkry, waar die vel op 'n beskutte warm plek in direkte sonlig geplaas word. Indien al die hare nie geredelik afstroop nie, kan dit weer bedek word tot al die hare loskom. Alvorens die vel in rieme opgesny word, word alle los hare en gronddeeltjies deeglik afgewas (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326).

8.4.2 Houtas

Houtas van harde houtsoorte, wat met water tot 'n seperige pasta vermeng is, dien as besonder goeie medium vir ontharing. Die vel word in 'n geskikte vat of drom in die pasta gedrenk vir 48 uur, waarna die hare gestroop kan word. Alternatiewelik kan 'n nat vel op die haarkant goed met die as besprinkel en toegevou word. Die vel kan dan in 'n goiingsak toegedraai word. Binne etlike dae kan die hare met as en al afgestroop word (Grant, 1956:14). Een volume mate houtas van 'n harde houtsoort (byvoorbeeld soetdoring – *Acacia karroo*) met 4 volume mate water (sagte water) is 'n geskikte vermenging. Hierdie mengsel word goed geroer en vir 12 ure (oornag) laat staan vir die as om af te sak, waarna die helder loog afgegooi word. Hierdie aftreksel is taamlik verdunde bytsoda (natriumhidroksied), wat vinnig inwerk op die hare en reukvrye ontharing tot gevolg het. Voldoende loog moet berei word om die vel wat onthaar word daarin te bedek. Die vel word in die loog gedompel en uurliks geroer ten einde te verseker dat die vel ook tussen voue benat word. Reaksie word relatief gou in warm weer verkry en ná enkele ure kan die hare afkom. Groter en dikker velle moet soms langer behandel word. Oormatige blootstelling aan bytsoda werk nadelig in op die velweefsel. Die vel moet nie langer as wat nodig is om die hare te laat loskom in die loog gelaat word nie. Voordat die hare gestroop word, kan die vel goed met skoon water afgespoel word om die stroper se hande teen die brandaksie van die loog te beskerm (Miles, 2004).

8.4.3 Kalk

Vir die maak van rieme het sommige breiers tog verkies om met gebluste kalk te onthaar en die rieme met looistof te behandel alvorens hulle dit gebrei het. 'n Vel met hare aan is in rieme opgesny en in 'n balie met 'n mengsel van gebluste kalk en water geplaas tot die rieme (binne vier of vyf dae) onthaar. Om die kalk, ná ontharing, te neutraliseer is die rieme vir 'n dag in skoon, sagte water in 'n balie gelê en daarna in 'n semel- en watermengsel gedompel totdat die semels klaar gegis het. Die proses duur in warm weer ongeveer vyf dae. Vervolgens is die bondel rieme vir nagenoeg vier weke met plantaardige looi-ekstrak, onder meer wattelbas of elandsboontjie, gelooi. Die rieme is weekliks uit die looistof gehaal en weer daarin verpak om te verseker dat die rieme oor hulle totale lengte met looistof in aanraking is. Voorstanders beweer dat dit die moeite loon aangesien sodanige rieme die gebruiksduur van konvensionele rouvel gebreide rieme viervoudig oortref (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:327; Miles, 2004; Scholtz, 1987). Teenoor ander tegnieke van ontharing en bereiding vir die brei van rieme is die gebruik van kalk, wat tydsduur betref, 'n omslagtige proses. Die gebruik van looistof om velle mee te behandel, is wesenlik 'n tegniek ter preserving van sodanige vel. Deur 'n vel met hare aan eers in rieme op te sny, vergemaklik hantering wanneer ontharing in 'n beperkte ruimte, soos 'n vat, plaasvind.

8.4.4 Kraalmis

Om velle met kraalmis te bedek, is 'n besonder doeltreffende metode om velle te onthaar. Sorgvuldige bestuur is egter 'n voorvereiste om te verhoed dat die vel oorgaan tot 'n toestand van oormatige verrotting wat die kwaliteit van die vel (en rieme) drasties kan verswak (Borckenhagen, 1957:343; Bosman, 1988:78; Scholtz, 1987; Schutte, 1977:18-19). In osdrywerstaal word na oormatige verrotting van die vel verwys as 'n vel wat "verbrand" is. Afhangend van omgewingstemperatuur kan ontharing binne enkele dae in die somer tot selfs vyf tot agt dae in die kouer wintermaande plaasvind. Weens die relatief snel proses wat met kraalmis verkry is, was dit onder tradisionele riembreiers 'n gewilde metode van ontharing.

Om 'n vel te onthaar is dit, met die haarkant na buite, toegevou en in beesmis, gewoonlik in 'n beeskraal, geplaas en goed bedek. Vir die duur van dié proses, tot die hare losraak, is die mislaag deurentyd klam gehou (Borckenhagen, 1957:343). 'n Algemener tegniek is om 'n kol skuifmis (boonste 2 tot 5 cm van die mislaag wat onder mooiweerstoestande 'n los en fyn, krummelrige, droë tekstuur het) so groot as die oopgevekte vel, met 'n graaf oop te skuif en effens uit te hol. Die vel, haarkant na bo, is daarin geplaas en met 'n dik laag (ongeveer 12 cm) skuifmis bedek. Waar meervoudige velle gelyktydig gebrei is, is hul op dergelike wyse langs mekaar in die kraalmis geplaas. Die laag skuifmis is deeglik en egalig natgegooi en deurentyd goed klam gehou ten einde ook die vel/le nat te hou om ontharing te bewerkstellig (Bosman, 1988:78; Schutte, 1977:19; Smith, 1988; Sneyd, 2001).

8.4.5 Pekelwater

Velle kan in sterk soutwater gelaat word totdat die hare afgaan, in rieme opgesny en dadelik gebrei word tot hulle gaar is. Namate die rieme droog brei, word dit op standaardwyse met 'n smeermiddel behandel. Om die rieme tydens die breiproses soepel en sag te kry, is 'n mengsel van vet en roulynolie, soos in 8.9.2.4 omskryf, gebruik. 'n Vel bly deeglik gepreserveer in die pekelwater en kan geruime tyd, selfs etlike maande nadat die hare losgaan, daarin gelaat word sonder vrees dat hulle sal verrot (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326).

8.4.6 Perdemis

Waar perdemis gebruik is om 'n vel te onthaar, is 'n gat, ongeveer 22.5 cm diep, waarin die oopgespalkte vel kan pas, in die grond gegrawe. Die basis van die gat is met 'n 5 cm-laag perdemis bedek waarop die oop vel, haarkant na bo, geplaas is. Vervolgens is die vel deeglik met sterk lou water natgesprinkel en bedek met 'n laag mis van 30 cm. Hierdie mislaag is opgebou met lae mis (7.5 cm) wat telkens goed met sterk lou water natgesprinkel is. Dié proses is met 'n deklaag grond (7.5 cm) afgerond. Vanaf die tweede dag is die vel daaglik deur 'n klein opening in die deklaag ondersoek om te bepaal of die hare loskom. Hierdie proses kan, afhangend van die

omgewingstemperatuur, soos by die kraalmisemete, tot agt dae duur (Du Plessis, 1923:205-206). Om praktiese redes is die perdemis in 'n gat in die grond vir ontharing aangewend. 'n Perdestal het meestal 'n sementblad (of is geplavei) wat met hooi bedek is. Die vermengde hooi en perdemis word gereeld vervang en buite op 'n hoop geberg vanwaar dit dan onder meer as bemesting en grondstof vir die ontharing van velle tydens die verwerking van velle benut is. Die deklaag grond help om uitdroging van die laag perdemis te bekamp.

8.4.7 Semels

Wat beheerde ontbinding van die vel vir ontharing betref, is semels die veiligste medium. Voldoende semels word met water (verkieslik reën- of ander sagte water) klamgemaak om die opgevoude vel (met die haarkant na binne) buite-om goed in 'n geskikte houer (vat of kuip) te bedek. Daar kan verwag word dat die vel ná 24 uur begin haaraf gaan. 'n Belangrike voordeel is dat die proses sonder die reuk van ontbinding verloop. Hierbenewens is die onthaarde vel skoner en witter (Borckenhagen, 1957:343). Semels (hetsy koring of mielies), wat egter nie altyd in voldoende volumes geredelik beskikbaar is nie, word gewoonlik met sterk lou water aangeklam en behou die hitte sodat die proses van ontharing verhaas word sonder die onaangename reuk van verrotting. Semels absorbeer inherente bloederigheid uit die vel, wat 'n witterige kleur van die vel en rieme tot gevolg het. Vir die maak van spogrieme vir spesiale geleenthede soos Nagmaal het hierdie metode byval gevind.

8.4.8 Vars afgeslagte vel

Waar 'n vars, pas afgeslagte vel, met maksimale behoud van liggaamshitte, dadelik met die haarkant na binne opgevou en op 'n warm beskutte plek in die son geplaas word, gaan dit binne 'n dag of twee haaraf. Die hare word afgestroop en die vel word dadelik, terwyl dit nat en sag is, in rieme opgesny en met die breiproses begin (Farini, 1973 [1886]:202-203; Niper, 2013). Om te verhoed dat so 'n opgevoude vel aan die vleiskant uitdroog, word dit deurentyd met 'n nat goiingsak bedek.

8.4.9 Water

Droë gepekelde velle word in water (verkieslik sagte water) geweek om hulle sag en plooibaar te maak vir verwerking tot rieme. Hierbenewens gebruik sommige riembreiers water in verskillende vorme as medium vir ontharing.

8.4.9.1 Damwater (stilstaande waterpoel)

Die droë gepekelde vel word in 'n dam geplaas en daar gelaat totdat die hare loskom en op gebruikelike wyse van die hare gestroop (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326; Kirsten, 1980:12). Sorg moet gedra word dat die vel oopgesprei in die water geplaas word om te verseker dat lugborrels nie ontstaan, wat droë kolle aan die haarkant tot

gevolg kan hê nie. Vir die duur van die oefening moet die vel met behulp van 'n gepaste gewig (houtblok of klip) onder die water gedompel bly.

8.4.9.2 Warm water

Warm water word op verskillende maniere benut. Bloederigheid, veral aan die vleiskant van 'n pas afgeslagte vel, word deeglik met koue water afgewas. Met die haarkant na bo word 'n emmer of twee sterk warm water oor die hare gegooi. Soveel moontlik van die water moet op die vel behoue bly terwyl dit met die haarkant na binne opgevou en op 'n warm, beskutte plek geplaas word. Ná vier-en-twintig uur behoort die hare los te kom en kan die nat vel in rieme opgesny en onverwyld met die breiproses begin word (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326; Scholtz, 1987). 'n Sag geweekte, gepekelde vel kan eweneens in 'n geskikte houer in sterk lou water geplaas word. Ontharing behoort binne enkele dae te geskied. Om lugborrels onder die haarkant van die vel te voorkom, word die oop vel in sy lengte versigtig in die houer laat sak (Miles, 2004; Sneyd, 2009).

8.4.9.3 Watervat

'n Goeie alternatief vir 'n dam om velle in te laat lê vir ontharing is om dit in 'n geskikte houer (houtvat of plastiekdrom) te laat lê totdat die hare afkom. Die voordeel van hierdie tegniek is dat die vel skoner is deurdat dit nie aan grond en modderigheid van 'n dam blootgestel word nie (Niper, 2013; Smith, 1988). Die verrottingsproses kan aansienlik versnel word deur aanvanklik sterk lou water te gebruik.

8.4.10 Seepsoda (bytsoda)

Seepsoda (natriumhidroksied) is 'n aggressiewe alkali, maar met omsigtigheid is 'n flou oplossing (een opgehoopte eetlepel per liter water) besonder effektief as 'n reuklose ontharingsmedium. Die gebruik van rubberhandskoene en -voorskoot word aanbeveel wanneer hierdie metode gebruik word. 'n Gerieflike houer moet gebruik word om voldoende volume seepsoda-oplossing te berei om die betrokke vel/le ten volle te bedek. Hare van 'n beesvel vir die brei van rieme behoort ná ongeveer 12 -15 uur (oornag) los te kom. Wanneer die hare loskom, word die vel oor 'n krapbalk drapeer en goed met skoon water afgespoel om oortollige seepsoda te verwyder alvorens die hare gestroop word. Ten einde al die seepsoda aan die vel te neutraliseer alvorens dit in rieme opgesny en gebrei word, word dit vyf uur lank in verdunde asyn (een deel 5%-asyn op nege dele water) geweek. Standaard huishoudelike asyn bevat 5% asynsuur. Alternatiewelik kan 'n verdunning van gelyke dele water en 5%-asyn met 'n rugsakspuitpomp in 'n fyn sproei aan beide kante van die vel toegedien word. Twee toedienings met tien minute tussenposes is meestal voldoende (Miles, 2004). Die verdunde seepsoda-oplossing is 'n besonder vinnige medium om velle te onthaar en ontkleur die buitenste pigmentlaag van die vel in 'n mate, wat witter rieme lewer.

8.5 Die keuse en bereiding van velle vir die sny van rieme

Sommige riembreiers verkies om die vel nie te onthaar alvorens dit in rieme opgesny word nie. Hul argument is dat die hare die nerf van die riem beskerm en die gebruiksduur van rieme sodoende aansienlik verleng word. In hierdie geval word aanbeveel dat die riem/e in die breisel op 'n warm dag tydens die breiproses met rouvet (bees of skaap) ingesmeer word. Die vet moet nie uitgesmelt word nie (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Miles, 2004; Smith, 1988). Vet wat teen 'n relatief lae temperatuur op 'n warm dag uit die rouvet aan die breisel gedruk word, het 'n dun olierige tekstuur, wat goed in die rieme intrek en deels deur die hare aan die riem vasgevang word tydens die breiery. Kyk 8.9 vir 'n breedvoeriger uiteensetting ten opsigte van smeermiddels.

Standaardpraktyk onder riembreiers is om die nat vel, direk ná dit onthaar is, deeglik met water af te spoel ten einde alle vuiligheid daaraan te verwyder. Vervolgens word die vel in die koelte oopgespalk om effens winddroog te word alvorens rieme uit die klam vel gesny word (Bosman, 1988:78; Borckenhagen, 1958:343; Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Oosthuysen, 2009).

Benewens beesvelle wat tradisionele osdrywers geredelik, meestal van hul eie kuddes, kon verkry, is die velle van verskillende wildsoorte hoog aangeslaan. Vir die maak van osrieme, stroppe, trektoue en die lyf van die sweep is veral voorkeur gegee aan velle van grootwild soos blouwildebees, buffel, eland, hartbees en waterbok. Kleiner wildsoorte soos bosbok, blesbok en koedoe is veral aangewend vir die maak van agterslae, voorslae en hingsels van swepe (Miles, 2004). Burchell (1824:250) beklemtoon die voortreflikhede van buffelvelle as volg: "The hide is much thicker than that of the ox, and is valued by the colonists and Hottentots, for its great strength, and for possessing the qualities proper for *riems* and *trektouws*". 'n Uitsonderlike eienskap, benewens sy dikte en sterkte, is die inherente olierigheid van buffelvelle. Ten spyte van sy dikte brei die rieme relatief maklik en behou hulle soepelheid veel langer as dié van ander soorte velle. Tydens die breiproses moet vet egter steeds met oorleg aangewend word om die gewenste smering van die breisel te bevorder.

Wanneer velle benut word om rieme te brei, word voorkeur gegee aan die vel van 'n vet dier. Daarenteen is die vel van 'n dier wat van maerte vrek besonder moeilik om sag te brei. Sodanige velle word slegs in noodgevalle benut (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326; Miles, 2004; Scholtz, 1987).

'n Groot, ongeskonde vel, verkieslik van 'n buffel, eland of groot os, is die geskikste vel om netjiese, reguit rieme van te sny en te brei (Bosman, 1988:78; Anon. *The Farmer's Annual and Farm Doctor*, 1914:326-327; Pienaar, 1980:36; Scholtz, 1987; Sneyd 2009: Van Rooyen, 1938:133). Kyk 8.6.3 vir reguit lengtestroke langs die ruglyn van die vel. Die voorkeur vir die vel van 'n groot os gaan ook gepaard met die ouderdom van die dier. 'n Jong os se vel is dun, maar

verdik namate die dier ouer word om op ongeveer nege- tot elfjarige ouderdom 'n besonder geskikte vel vir die brei van hoë kwaliteit rieme te verkry.

Die velle van bulle, veral ouer bulle, word liefds vermy om rieme van te brei (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Miles, 2004; Scholtz, 1987; Sneyd, 2009). Hierdie velle neig om oor die nek en skof 'n veselrige tekstuur te ontwikkel, wat nie bevorderlik is om goeie, sterk en soepel rieme van te brei nie.

Ter voorbereiding van die snyery word die uitstulping van die pote, nek en ander vliesgedeeltes aan die vel se buiterand afgesny om 'n redelik egalige buitelyn rondom die vel te verkry (Bosman, 1988:78; Sneyd, 2009). In wese is die brei van velle, hetsy heel of opgesny in rieme, 'n intense wring- en strekaksie wat op die vel of rieme toegepas word (Oosthuysen, 2009). Wanneer rieme uit 'n bepaalde vel gesny word, moet hierdie faktor deeglik in berekening gebring word. In die volgende paragrawe volg 'n omvattender uiteensetting van verskeie standaardtegnieke waarvolgens velle deur riembreiers opgesny en voorberei word om 'n vel in rieme op te sny.

8.6 Opsnytegnieke van heel rouvelle tot rieme

Die mes/se wat vir snywerk gebruik word, moet deeglik skerp geslyp wees ten einde die snit egalig, glad (sonder happies) aan die riem te laat (Bosman, 1988:78; Miles, 2004; Sneyd, 2009). Kerwe aan die rand van die riem dien as potensiële plekke waar die riem kan skeur en breek tydens spanning op die riem in die breiproses.

Die dikte van die vel waaruit rieme gesny word, bepaal grootliks hoe breed hulle gesny moet word. Dikker velle word in smaller repe gesny (Bosman, 1988:78; Kirsten, 1980:13; Scholtz, 1987; Schutte, 1977:19). Normaalweg wissel die breedte (met die tradisionele riembreier se maatstok) tussen twee en drie vingers, afhangende van die dikte van die vel en die doel waarvoor dit gebruik gaan word (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914: 326; Niper, 2013; Schutte, 1977:19). By elke betrokke vel, ongeag ondergenoemde snytegniek, word stroke oor die dunner dele (die pens en lieste) breër gesny as oor die dikker dele van die rug, boud en ribbes. Omdat dun dele van 'n vel veel meer rek ontstaan ondienlike, smaller segmente in die riem indien voorsorg tydens opsny nie getref word nie.

Sou die vel tydens die opsnyproses neig om effens té droog te word, moet dit met water aangeklam word om sag en gerieflik snybaar te bly (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Miles, 2004; Scholtz, 1987). Die lengtes rieme wat klaar gesny is, moet eweneens nie uitdroog nie. Om dit hok te slaan, word die gesnyde riem/e in 'n bondel onder 'n nat goiingsak gehou totdat die vel opgesny is en die rieme aan die breipaai gehang en gebrei word (Bosman, 1988:78; Sneyd, 2001). Sou die rieme egter wel te droog wees ná die snyproses, word hulle in water gedompel totdat hulle nat genoeg is. Rieme wat halfdroog vir die breiproses opgehang word, brei moeilik en lewer swak kwaliteit gebreide rieme (Schutte,

1977:19; Sneyd, 2009). In moderner tye, met die beskikbaarheid van plastieksakke, word die gesnyde stroke riem deurentyd, soos wat dit gesny word, in 'n toegevoede plastieksak gedruk om uitdroging te beperk.

8.6.1 Sirkelsnit vanaf die buiterand na die middel van 'n vel

Kleiner beesvelle word meestal met 'n sirkelsnit vanaf die buiterand na die middel in een lang riemstrook opgesny totdat slegs 'n klein onbruikbare ronde stukkie vel oorbly. Kyk figuur 8-3 vir 'n illustrasie. Die snit begin gewoonlik vanaf die nek (Borckenhagen, 1958:343; Bosman, 1988:78; Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:327; Sneyd, 2001). 'n Voordeel van die aaneenlopende lengte riem is dat lasplekke in die breisel uitgeskakel word. Om korter lengtes aan mekaar te las vir die breiproses is effens tydrowend, daarbenewens neig knope dikwels om tydens die breiery los te trek (Schutte, 1977:19). 'n Verdere praktiese probleem is dat knope neig om uit die binnekant van die breisel na buite uit te gly en nie goed en sag brei nie. Hulle moet dus gereeld in die breisel ingedruk word wanneer dit afgedraai is en vertraag dus die vloeï van die breiproses.



Afsny van stert en ander uitstulpings om die buiterand van die vel




Breedte van uitgesnyde riem vanaf die buiterand van 'n vel

**Figuur 8-3: Sirkelsnit vanaf die buiterand
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

8.6.2 Sirkelsnit vanaf die middel van 'n vel na die buiterand

Sommige riembreiers verkies om vanaf die middel van 'n vel 'n aaneenlopende strook na die buiterand te sny. Kyk figuur 8-4 vir illustrasie. Ná afloop van die breiproses word dit in rieme, elkeen van eenvormige kwaliteit oor hul volle lengte, in verlangde lengtes vir elke gebruikdoel opgesny (Oosthuysen, 2009; Pienaar, 1980:36). Die rug, bors, ribbes en boude van 'n vel is die dikker en taaier dele en lewer die beste kwaliteit rieme wat uit so 'n vel gesny word. 'n Voordeel van hierdie snywyse is dat die gedeeltes van goeie kwaliteit in een lang riem groepeer is. Weens die aard van hierdie manier van sny vorm die dun, sagte pens- en liesdele twee afvalstukke wat as los en korter lengtes opgesny word om as trense, spantoue, ensovoorts benut te word.

'n Verdere voordeel van hierdie tegniek is dat die besonder kort draaie wat die riem uiteindelik in die middel van die vel vorm, soos verkry wanneer die vel van buite na die middel gesny word, redelik uitgeskakel word. Die posisie waar die snit begin word op die ruglyn van 'n vel uitgemeet, deur die vel vanaf die nek na die stertwortel in drie ewe lang segmente te verdeel. Die segmente word met kort, dwars strepies (liggies met die rugkant van die mes se punt) op die ruglyn gemerk. Sodanige strepe laat bloot tydelike merke op die nerf van die vel. Die aanvang van dié snit geskied binne die perke van die middelseksie.



**Figuur 8-4: Sny van rieme vanaf die middel van die vel na die buiterand.
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Twee sirkels, ongeveer 150 mm-deursnit, word binne die raam van die middelseksie uitgemeet. 'n Gerieflike metode is om die boom van 'n geskikte grootte konfytblik op die regte posisie vas te druk en die sirkel met 'n draaibeweging van die blik te merk. Vervolgens word die sirkels uitgesny en die vel op die middellyn tussen die sirkels deurgesny. 'n Strokje vel word vervolgens met 'n reguit lyn tussen die linkerkantste rante van die sirkels en die deurgesnyde middellyn uitgesny. Om 'n aaneenlopende strook riem te begin sny word 'n geskikte breedte riem vanaf die onderste regterbuitrand van die sirkel naaste aan die nek om die sirkel aan die stertkant gesny. Die snit word voortgesit totdat die snit by die nek en stertwortel deurbreek om 'n aaneenlopende riem van

eenvormige kwaliteit, soos reeds hierbo vermeld, te verkry. Nadat die langwerpige, relatief kort draai met die eerste rondte rondom die sirkels uitgesny is, volg die snit 'n egalige ronding sonder kort draaie in die riem. Tydens die breiproses rek die effense ronding meestal om redelik reguit rieme te verkry.

8.6.3 Lengtestroke langs die ruglyn van 'n vel

'n Besonder gewilde metode waarvolgens rieme uit 'n groot vel (veral 'n groot buffel-, eland- of osvel) gesny word, is om dit van die nek af op die middel van die ruglyn tot by die stert deur te sny sodat die vel in twee verdeel is. Rieme wat op die ruglyn van 'n vel gesny word, kan op tweeërlei maniere gesny word: Eerstens, deur die rieme van elke helfte vanaf die nek na die stertkant te sny (Borckenhagen, 1958:344; Sneyd, 2009). Tweedens word die ronding van elke helfte teen die boud en agterbeen mooi glad afgewerk deur onegalige skerp punte, wat deur die afslagproses ontstaan, weg te sny. Die rieme word vervolgens vanaf die nek na die stert en om die ronding van die boud na die knie of liesdele uit die vel gesny. Rieme word so gesny dat hulle vanaf die voorpunt by die nekgedeelte drie vingers (ongeveer 3.75 cm) breed is en smaller, twee en 'n halwe vingers (2.5 cm breed) breed, uitloop by die knie- en liesgedeeltes (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Kirsten, 1980:12; Pienaar, 1980:36; Scholtz, 1987). Die afspits van 'n riem geskied in die praktyk meestal slegs oor die laaste meter van die punt af. Dit bied 'n gerieflike strook om die osse (in die juk) netjies te koppel. Namate meer rieme uit elke helfte na die pensgedeelte gesny word, word hulle geleidelik korter, die veldikte dunner en die tekstuur sagter.

Om hierdie rieme vir die breiproses gereed te kry, word hulle aanmekaar geknoop om as aaneenlopende riem in die breisel opgeneem te word (Borckenhagen, 1958:344; Scholtz, 1987; Schutte, 1977:19; Sneyd, 2009). Die vars gesnyde rieme word met 'n skuifknoop aanmekaar gelas deur 'n lengtesnit, ongeveer 4 cm vanaf elke punt, in die middel van die riem te sny. Die lengte van die snit (ongeveer 3 cm lank) moet net lank genoeg wees om een riem tydens die knoopproses gerieflik deur te laat. Kyk 8.7.2.1 vir die opstel van die breisel.

8.7 Die brei van rouvelrieme

Die brei van rieme verg deeglike vakkennis waarvoor deeglik beplan moet word. Bosman (1988:77) skryf: "Om 'n goeie breisel rieme te kon brei, was 'n kuns wat van vader tot seun en geslag tot geslag oorgedra is en nie iets wat 'n mens uit 'n handleiding kon bemeester nie". Alvorens velle gereed is om in rieme opgesny te word, is dit noodsaaklik dat tersaaklike apparaat en toepaslike hulpmiddels reeds in plek moet wees om die vars gesnyde nat velstroke onverwyld te begin brei (Van Rooyen, 1938:59).

Basies behels die breiproses opeenvolgende aksies van wring, strek en verslap, wat op die gesnyde rieme toegepas word. Vir hierdie doel word die riemstroke vertikaal, in veelvoudige lang

lusse, op gerieflike hoogte bokant die grondvlak oor 'n geskikte ronde balk (die galg) aan die bokant en aan 'n vryhangende gewig (die breiklip), van gepaste fatsoen en massa, aan die onderkant geheg. Ten opsigte van die breiproses gee onderstaande paragrawe 'n breedvoeriger omskrywing van tersaaklike apparaat en tegnieke.

8.7.1 Breigereedskap

Tradisionele riembreiers het uiteenlopende artikels uit hul omgewing benut om 'n breisel rieme te brei. Benamings van sommige sodanige items kan vir 'n buitestaander soms verwarrend wees, aangesien die konteks waarin dit gebruik word nie altyd begryp word nie. As voorbeeld kan 'n riembreier die term "breipaal" tweeledig gebruik, enersyds met verwysing na die stellasië waaraan die breisel hang en andersyds as die reguit paal (stok) waarmee die breisel opgewen word. Ter wille van 'n eenvormige verwysingsraamwerk en om verwarring te beperk, word in hierdie hoofstuk gepoog om die benamings deurgaans in terme van die items se voorkoms en/of betrokke funksie te beskryf.

8.7.1.1 Breipale

'n Tradisionele breipaal behels 'n stewige stellasië van twee reguit, regopstaande pale wat goed in die grond geanker is deur die pale ongeveer 1.25 m diep in te plant (Du Plessis, 1923:205-206; Sneyd, 2004). Aan die bopunte is die pale stewig aan mekaar verbind met 'n gepaste dik ronde paal (wat as galg dien), wat sterk genoeg moet wees om die gewig van die breiklip en die momentum van die losdraai van 'n breisel te weerstaan. Die hoogte van die galg is ongeveer 3.5 tot 5 m bo die grondoppervlakte. Die afstand tussen die regopstaande pale is nagenoeg 4 tot 5 meter van mekaar (Du Plessis, 1923:205-206; Kirsten, 1980:13; Scholtz, 1987; Van Rooyen, 1938:60). Waar moontlik is regopstaande pale van harde, sterk en duursame houtsoorte (onder meer nieshout, olienhout, soetdoring of kameeldoring) met 'n kort, sterk mik of uitsteeksel van 'n sytak aan die bopunte, waarin die galg stewig met rieme of draad gevestig kan lê, gebruik (Miles, 2004; Scholtz, 1987; Sneyd, 2001). Kyk 8.7.1.2 met betrekking tot faktore wat die hoogte van die galg beïnvloed. Hierdie stellasië is meer algemeen gebruik waar osdrywers groot volumes rieme benodig het. Vir kommersiële graanverbouing het boere gelyktydig veelvuldige spanne osse van veertien osse per span tydens ploegtyd gebruik. Voldoende rieme is jaarliks uit 'n tiental of meer velle berei om aan hierdie jaarlikse behoefte te voorsien. Uit 'n groot osvel kan geredelik veertien ('n vol ploegspan) sterk, breë, vollengte osrieme verkry word met korter lengtes wat as trense kan dien (Pienaar, 1980:36; Smith, 1988; Sneyd, 2001). Dit duur etlike dae om 'n breisel rieme gaar te brei. Om tyd te bespaar is dus twee tot drie velle opgesny en gelyktydig in 'n breisel opgeneem. Ten einde die dikte van 'n breisel, hetsy een of meer velle, tot 'n gewenste dikte te beperk, is die hoogte van die galg dienooreenkomstig aangepas. Die hoogte van die galg word meer omvattend in 8.7.1.2 uiteengesit.

'n Tegniek wat vry algemeen deur riembreiers gevolg word, is om waar geskikte bome beskikbaar is 'n dwarstak (stewig, dik en lank genoeg) van 'n boom, op geskikte hoogte bokant die grond as galg te benut (Kirsten, 1980:13; Schutte, 1977:19; Sneyd, 2001; Van Rooyen, 1938:60). As alternatief kan 'n galg tussen twee regopgroeiende bome, wat op geskikte afstand van mekaar staan, op 'n dienlike hoogte bo die grond geheg word (Schutte, 1977:19). Ter voorbereiding van die breiproses word die area onder die betrokke boomtak vroegtydig gelykgemaak en van ongewenste plantegroei ontslae geraak. Voordat die breisel opgetrek of afgehaal word, word die werkplek onder die galg met gepaste materiaal, soos 'n goingsakkombers of 'n seil, bedek ten einde te verhoed dat die rieme teen los gronddeeltjies en ander ongewenste artikels tydens die proses vuilsmeer (Bosman, 1988:79; Scholtz, 1987; Sneyd, 2009; Van Rooyen, 1938:60). Om 'n oorhangboomtak as galg te benut, is veel minder moeite as die konstruksie van 'n stellasië van pale, veral wanneer rieme van enkelvelle gebrei word. Daarbenewens bied die boom se koelte 'n veel aangenamer omgewing vir die besonder intense en uitgerekte fisiese aktiwiteit van 'n riembreier tydens die breiproses.

Voorsorg moet getref word dat die afstand tussen die regop pale voldoende is om met die breistok aan die breiklip tussen die pale deur te beweeg tydens die breiproses. Desgelyks moet die lengte van 'n boomtak wat as galg dien voldoende wees om gemaklik langs die stam verby te kom terwyl gebrei word.

8.7.1.2 Galghoogte

Die hoogte van die galg bokant die grondoppervlakte is vir die breiproses van wesenlike belang. Indien dit té laag is vir 'n betrokke bondel rieme dwing dit die breisel té dik en brei die rieme nie goed gaar nie (Bosman, 1988:79; Du Plessis, 1923:205-206; Scholtz, 1987; Smith, 1988). Sou die galg té hoog wees, kan dit daartoe lei dat die breisel te dun mag wees (Bosman, 1988:78; Scholtz, 1987). Die dikte van 'n breisel is sinoniem met die aantal lusse – hoe minder lusse, hoe dunner die breisel. Die praktiese verwantskap tussen die hoogte van 'n galg en dikte van 'n breisel word meer breedvoerig in 8.7.2 uiteengesit.

8.7.1.3 Breiklip

Die term "breiklip" verwys na 'n gewig wat onderaan 'n breisel rieme hang wanneer gebrei word. Tradisioneel is van 'n geskikte klip gebruik gemaak, maar ander items is dikwels benut. 'n Swaar houtblok (Hodson, 1911:123; WAT 2014, Lemma: breiblok), twee draadrolle met 'n totale gewig van ongeveer 90 kg (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326), 'n voertuig se silinderblok, 'n swaar ploegwiel of 'n wawiel kan ook gebruik word (Miles, 2004; Scholtz, 1987; Schutte, 1977:19). In die praktyk verwys riembreiers gewoonlik na hierdie breigewigte as 'n "breiklip". Hierdie alternatiewe "breiklippe" bied die voordeel dat die massa van die breiklip geredelik aangepas kan word tot die dikte en lengte van die betrokke breisel deur toepaslike kleiner toevoegings aan te heg of te verwyder.

'n Breiklip moet 'n korrekte gewig en massa vir die betrokke breisel hê. Indien dit té swaar is, neig die rieme om te breek aangesien hulle te veel rek (Bosman, 1988:79; Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Schutte, 1977:21; Sneyd, 2009). 'n Standaardbreiklip weeg meestal ongeveer 70 tot 90 kg (Du Plessis, 1923:205-207; Kirsten, 1980:13; Schutte, 1977:21). 'n Breisel aan 'n hoë galg kan, binne perke, dikker wees as dié van 'n korter breisel, aangesien voldoende sekondêre knope gereedelik vorm wanneer die rieme in 'n lang breisel styf genoeg opgewen word. Die rieme in sodanige breisels word steeds voldoende gerek en gewring om deeglik gaar te brei.

'n Ervare breier sal gou daarvan bewus wees indien die breiklip té lig is vir 'n betrokke breisel, aangesien die breiklip in relatief wye sirkels uitswaai wanneer die opgedraaide breisel tydens die breiproses losgelaat word om af te wen (Schutte, 1977:21). Aangesien daarvan dat die breier moeite ondervind om die breispar in die kromhout te vestig vir die teenoorgestelde opwenrigting van die breisel, kan die uitswaai van die klip ook die breier tref. Sodanige breiklip word tydig met 'n geskikte alternatief vervang om te verhoed dat die rieme onvoldoende rek en nie na wense oor die volle lengte gaar brei nie.

'n Breiklip met 'n reghoekig langwerpige fatsoen, 1 m tot 1.3 m lank, met redelik gladde kante, is eweneens van groot belang. Dit bied 'n basis waarop die booghout stewig en haaks op die breiklip met draad, kettings en/of rieme vasgewoel kan word (Du Plessis, 1923:205-206; Schutte, 1977:21; Smith, 1988; Sneyd, 2009). 'n Breedte en hoogte van 30-45 cm dien meestal die doel. 'n Geskikte fatsoen en massa help om die swaai van 'n breisel meer loodreg na onder te kontroleer wanneer dit tydens die breiproses afwen. Kyk figuur 8-5.



Figuur 8-5: Breiklip met booghout
Marius Oosthuysen-fotoversameling

Ná afloop van 'n breiproses word die breiklip op 'n beskutte plek (onderdak) geberg. Onegalige buitetemperature en reën kan die booghout verrot en die klip laat afskilfer of bars en verswak (Kirsten, 1979:15).

8.7.1.4 Booghout

Die booghout is 'n sterk stuk boomtak met 'n boogvorm wat aan een van die plat syvlakke van die langwerpige breiklip vaskom om rieme te brei. Die kromming van die breihout moet sterk genoeg wees om die gewig van die breiklip te dra, asook die wringkrag van die breistok en breisel rieme te weerstaan wanneer gebrei word (Kirsten, 1980:13; Schutte, 1977:19; Van Rooyen, 1938:59). 'n Deursnit van ongeveer 75-100 mm is dienlik vir die booghout. Daarbenewens moet die deursnit van die boog nagenoeg 300-400 mm en die diepte 200 mm of meer wees. Die doel van sodanige booghout is:

- om die strook/stroke riem wat die breisel opmaak gerieflik deur te ryg;
- om die riemlusse van 'n breisel bymekaar te dring;
- om 'n gerieflike opening te verseker waarin die breistok, tydens die breiproses, maklik inpas om die breisel op te wen en om die breistok uit te pluk wanneer die styf opgewende breisel losgelaat word om af te wen.

Die punte van die booghout word met 'n dissels, handbyltjie of saag skuins afgeplat, ten einde met 'n optimale oppervlakte van die booghout se deursnee, haaks op die breiklip vas te skop en word dan stewig met draad, rieme en/of kettings daaraan vasgebond (Bosman, 1988:81; Oosthuysen, 2009; Van Rooyen, 1938:59). Die booghout en breiklip moet baie stewig aan mekaar geheg word, want indien dit tydens die breiproses sou loskom, veral wanneer die breisel vryelik afwen, kan dit onbeheersd na benede tol en katastrofiese gevolge hê vir die breier en omstanders. Om die booghout te vestig, is gepaste gleuwe naby die punte van die booghout uitgekerf of geskikte gate deurgeboor om die bindmateriaal in posisie te hou. Die bindmateriaal word ook oor die lengte en breedte van die breiklip met mekaar verbind om te verhoed dat die booghout uitskuif of verskuif en die balans van die breiklip versteur. Sodanige verskuiwing kan die kontroleerbaarheid van die breisel se afwen belemmer, tot nadeel van die breier en omstanders se persoonlike veiligheid.

Die breiklip is soms effens spits aan die een kant en dus swaarder aan die ander punt. Die booghout is dan nie noodwendig in die middel van die klip geplaas nie, maar só geplaas dat die klip horisontaal hang as dit daaraan geheg is. Dit dien om die breigewig reëlmatig, en meer loodreg, te laat terugswaai en afdraai wanneer die breistok uit die opgewende breisel tydens die breiproses uitgetrek word.

By 'n breiwiel is die booghout oor die middellyn van die wiel geplaas en sy punte aan die punte van twee teenoorstaande speke en die vellings vasgebond. Die wiel is dikwels met die hande aan die velling, in plaas van 'n breistok tydens die breiproses opgewen. Die houtstomp is op soortgelyke wyse as 'n klip hanteer terwyl draadrolle geen booghout benodig nie aangesien die breipaai deur die rol gesteek word.

8.7.1.5 Breiklipstut

'n Breiklipstut is 'n stewige, regopstaande struktuur waarop die breiklip onder die galg geplaas word om die vars gesnyde breisel rieme oor die galg en onderdeur die booghout op die breiklip vir die breiproses op te stel, of die breisel aan die galg te verskuif, of met smeermiddels in te smeer of om die gaar rieme af te haal. 'n Verskeidenheid artikels word as stut benut, onder meer 'n drom (Bosman, 1988:79; Schutte, 1977:20), 'n kas omtrent 1.3 m hoog (Du Plessis, 1923:205-206; Schutte, 1977:20) en 'n houtblok (stuk boomstam) (Van Rooyen, 1938:61). By die keuse van 'n stut se hoogte moet die rekvermoë van die rieme in berekening gebring word. Nat velrepe waarmee begin word, rek afhangend van onder meer die vel se dikte, die breiseldikte en breiklip se massa, nagenoeg tussen 15% en 25%. 'n Leë oliedrom (210 liter), 'n stewige negosie- of seepkis, 'n stewige dik boomstomp (30-40 cm deursnit aan die bopunt) of 'n stellasië van geskikte dikte houtbalkies met dergelike werksoppervlak aan die bopunt voldoen goed aan die doel van 'n breiklipstut. 'n Stut met 'n hoogte van nagenoeg 1.4 m bied 'n gerieflike werkshoogte vir tersaaklike manipulerings van 'n breisel, sonder dat dit nodig is om die lengte daarvan tydens 'n breiproses, te verstel.

8.7.1.6 Breistok (breispar, woelhout)

'n Sterk, stewige houtspaar (breistok) wat by die booghout ingestee word, dien as hefboom om 'n breisel rieme tydens die breiproses styf op te wen. 'n Redelik standaardbreistok is 'n relatief dun stok (sterk genoeg om die breisel mee styf op te wen) ongeveer 1.8 m tot 3 m lank, met die agterpunt (ongeveer 70 mm dik) wat gemaklik in die breier se hand pas en na vore effens spits tot nagenoeg 50 mm uitloop. Verkieslik moet die voorpunt ietwat krom wees (Du Plessis, 1924:205-206; Schutte, 1977:20; Sneyd, 2009). Die lengte (en dikte) word grootliks bepaal deur dit waarmee 'n betrokke breier gemaklik is vir 'n betrokke breisel. 'n Hoë galg van 5 m waaraan die breisel, wat uit drie groot velle gesny is, hang benodig gewoonlik 'n langer en sterker breistok as by 'n 3 m hoë galg met rieme van een vel. 'n Effens gekromde punt, ongeveer 20 cm lank, druk skuins om die booghout en help dat die breistok beter daarteen vasskop. Die benaming "breipaal" word ook soms, as sinoniem vir breistok, in hierdie konteks gebruik.

Potensiële gevare waarop 'n breier bedag moet wees, is dat die breistok kan breek of uit die hande kan gly en die breiklip onbeheerd laat terugtol. Desgelyks kan die booghout breek of loskom.

8.7.2 Die breiproses

Die brei van rieme is 'n tydrawende proses wat etlike dae duur en baie stapwerk vereis. Om 'n gemiddelde koei- of osvel te brei, vereis tussen 90 en 110 km se stap. Hierdie gegewens is in die praktyk by die "Animal Traction Centre" aan die Universiteit van Fort Hare te Alice bepaal (Joubert, 2009).

Die breiproses het basies drie aspekte ten doel:

- Om weefsel van die velrepe te rek en wring ten einde die riem sag en soepel te maak.
- Om die water uit die rieme te dryf en met geskikte smeermiddels te vervang ten einde die eindproduk soepel te hou.
- Om die gaar rieme weerstandbiedend teen nattigheid te maak.

Die breier moet daarop bedag wees om nie 'n breisel tydens die breiproses te laat verhit nie (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326). Sommige tradisionele metodes van ontharing gaan gepaard met 'n mate van beheerde verrotting. (Kyk ook na 8.4). Sodra 'n breisel aan die breipaal opgestel is, word onverwyld met die breiery begin om die vry water uit die nat rieme te druk. Indien 'n breisel, veral in die son, aan die breipaal tydens die vroeë stadium van die proses té lank opgedraai bly, skep dit 'n gunstige toestand vir verdere verrotting (met gepaardgaande verhitting) wat tot lae gehalte rieme lei. Die terugtol van die breisel spat nie alleen die water weg nie, maar deurlug die breisel wat verdere verrotting inperk.

Verskillende aspekte van die fases van 'n breiproses is soms in mekaar verstrengel en beïnvloed nie noodwendig 'n breiproses in vaste kronologiese patroon van tydsduur en/of frekwensie nie. Ervaring en kundigheid van 'n breier is meestal van kardinale belang vir die verkryging van hoë kwaliteit rieme. Die volgende paragrawe bied 'n omvattender uiteensetting van verskillende aspekte en fases van die breiproses.

8.7.2.1 Opstel van die breisel

Alvorens rieme vir die opstel van die breisel gehang word, word die breiklip op 'n stut op die gewenste posisie (kyk 8.7.1.5) vanaf die twee regopstaande pale (of boomstam) onder die galg geplaas (Bosman, 1988:79; Kirsten, 1979:13; Du Plessis, 1923:205-206). Afhangend van die tegniek waarvolgens 'n vel in rieme opgesny is (sien 8.6.1 tot 8.6.3) kan twee metodes gevolg word om die stroke vel aan die breipaal te hang. Kyk figuur 8-6.



Figuur 8-6: Opstel van 'n breisel
Marius Oosthuysen-Fotoversameling

8.7.2.2 Opstel met rieme wat in lengtestroke teen die ruglyn gesny is

In gevalle waar rieme langs die ruglyn van 'n vel gesny is, word aan beide punte van die onderskeie lengtes 'n lengtespleet gesny met behulp waarvan die onderskeie lengtes telkens aanmekaar, met 'n plat skuifknoop, gelas word om 'n lang strook te verkry. Die voorste punt van 'n lengte riem word oor die galg gegooi, na onder getrek en tussen die booghout en breiklip deurgestoot sodat opvolgende lusse wat so gevorm is liggies styf en eweredig in die breisel gespan is (Bosman, 1988:79; Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327; Schutte, 1977:19).

Om twee riemlengtes aan mekaar te knoop, word 'n kort lengtesnit (ongeveer 4 tot 5 cm lank) aan albei punte (6 tot 7 cm van die punte af) in die middel van die nat velstroke gesny. Voldoende ruimte tussen die spleet en die riem se punt moet gelaat word om te verhoed dat die spleet na voor uitskeur.

Die dikte van die riem (en ervaring van die riembreier) beïnvloed die afstand van die splete vanaf die riempunt. Die agterste lengtesnit van een velstrook word oor die voerpunt van 'n tweede strook, verby die lengtesnit van laasgenoemde, gedruk. Vervolgens word die voerpunt van die eerste strook deur die lengtesnit aan die voerpunt van die tweede velstrook gestee en styfgetrek om die twee stroke met 'n plat skuifknoop te las. Die voerpunt van die laaste strook word met 'n plat knoop deur die spleet aan die agterpunt van die heel eerste strook verbind om die lusse van 'n breisel af te sluit.

8.7.2.3 Opstel met rieme wat in 'n sirkelsnit gesny is

'n Sirkelsnit vanaf die buiterand na die middel, of van die middel na die buiterand van 'n vel vorm 'n lang aaneenlopende strook waarmee die breisel opgestel word. Die voerpunt van die nat riemstrook word oor die galg gegooi, afgetrek en onderdeur die booghout gestee en getrek sodat die agterpunt tot langs die breiklip strek. Die proses word herhaal totdat die volle lengte van die strook opgetrek is, waarna die twee punte aan mekaar geknoop word. Daar word gepoog om die lusse wat so in 'n breisel gevorm is deurentyd egalig en liggies styf te span (Bosman, 1988:79; Du Plessis, 1923:205-206; Schutte, 1977:21; Van Rooyen, 1938:60). Sou korter stukke aan die pens- en liesdele tydens die opsnyproses ontstaan, word hulle soos in 8.6.2 verduidelik, is toegevoeg om die breisel te voltooi.

Om die velstrook gereed te kry om die breisel op te stel, maak sommige riembreiers een punt aan 'n vasstaande hegpunt soos 'n boom vas. Ten einde swak plekke bloot te lê, word 'n velstrook deur 'n paar helpers oor die volle lengte goed styfgetrek. Dit dien ook om dit te rek alvorens dit in die breisel opgestel is (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327). Die strek van velstroke vooraf verseker meer geredelik dat die vryhoogte van 'n breiklip

onder aan die breisel voldoende is sodat tydrowende verstellings, van 'n tè lang breisel, wat neig om die breiklip tot op die grond te laat sleep, nie tydens die breiproses nodig is nie.

Die kuns van rieme brei begin met 'n oordeelkundige opstelling van 'n breisel aan die breipale vir die breiproses om 'n aanvang te neem (Bosman, 1988:78). Aansluitend hierby is verdere verstellings, verskuiwings en tersaaklike toedien van gepaste smeermiddels aan die breisel ewe-eens deel van die breikuns.

8.7.2.4 Dikte van die breisel

Ten einde rieme goed gaar te brei, sonder om hulle oormatig te rek, moet die dikte van 'n breisel in balans wees tot die massa van die breiklip en hoogte van 'n galg. Indien die breisel té dun is, rek die weefsel te veel (Bosman, 1988:79; Du Plessis, 1923:205-206; Scholtz, 1987; Smith, 1988). 'n Langer breisel brei ietwat makliker, maar het 'n nadeel dat dit die op- en afklim van 'n breier langs 'n breisel bemoeilik om 'n riem, wat tydens die breiproses sou breek, te las (Schutte, 1977:19). Namate 'n breisel tydens die breiproses opgewen word, vorm sekondêre knope wat, by 'n korrekte dikte van 'n breisel, gelykmatig en byna loodreg vertikaal teen mekaar, aanvanklik aan die bopunt en later oor die volle lengte, oprol. Dit is 'n aanduiding dat 'n breisel se dikte binne perke is. Die hefboomkrag van 'n langer breisel vergemaklik vorming van sodanige knope. Sou die breisel egter té dik wees, vorm die sekondêre knope nie geredelik nie en die breiklip neig om horisontaal te swaai namate dit stywer opgewen word. Die gewenste wring- en strekkrag op die individuele riemlusse ontbreek in sodanige breisel. Dit werk nadelig in op die kwaliteit van die eindproduk. Vir illustrasies, kyk figuur 8-7.

Benewens die aantal riemlusse, wat in die praktyk hoofsaaklik as maatstaf dien om die dikte van 'n breisel vir 'n bepaalde breipaal se galghoogte op te maak, is 'n aantal sekondêre faktore, soos die soort vel (buffel, kameelperd, groot osvel of 'n jong koeivel) se natuurlike dikte en meegaande breedte waarin die velstroke gesny moet word, ook van belang in die opstel van 'n breisel. Ervaring en praktiese aanvoeling van elke breier, vir die tipe vel wat berei word, lê ten grondslag van die vlak van sy kuns om 'n geskikte dikte van 'n breisel op te stel en 'n stel rieme goed te berei.



Vir hierdie galhoogte
is daar 20 riemlusse.



Die vorming van
sekondêre knope



Sekondêre knope wat
netjies vertikaal hang

**Figuur 8-7: Die dikte van die breisel
Marius Oosthuysen-Fotoversameling**

8.7.2.5 Weefselstrekking en vogafdrywing van 'n breisel

Die eerste fase van die breiproses is daarop gemik om die breisel uit te droog én die rieme geleidelik te rek. Kyk figuur 8-8. Die dikte van die rieme en breisel asook die lugtemperatuur speel in hierdie verband 'n belangrike rol (Bosman, 1988:80; Scholtz, 1987). In die vroeë fase, wanneer die riem nog baie nat is, word die breiklip aanvanklik met die hande gedraai om die oortollige water uit die rieme te pers. Terwyl die rieme nog redelik nat is, word hulle vir die eerste paar ure nie te aggressief met behulp van die breistok opgedraai nie (Bosman, 1988:79-80; Scholtz, 1987; Schutte, 1977:20; Van Rooyen, 1938:61).



Waterspatsels
uit breisel
gepers

**Figuur 8-8: Vogafdrywing
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Elke een tot twee uur word die breisel afgewen en die breiklip op die stut geplaas met die rieme wat los hang (Bosman, 1988:79-80; Scholtz, 1987; Sneyd, 2009). In die vroeë stadium van die breiproses neig die nat rieme om aan mekaar te kleef. Wanneer die breisel los hang, word hulle van mekaar oopgesprei om die vog wat op die oppervlakte tussen die riemlusse vasgevang is, te laat verdamp. Kyk figuur 8-9.




**Figuur 8-9: Oopsprei van die breisel om af te droog tydens die breiproses
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

Namate die breisel met die breiproses uitdroog, word die rieme ligter van kleur en uiteindelik witterig namate die tekstuur stywer word. Die kleurverandering is 'n aanduiding van 'n volgende fase wat inskop wanneer die rieme deeglik (veral aan die vleiskant) met beesvet ingesmeer word (Bosman, 1988:80; Schutte, 1977:21; Van Rooyen, 1938:61). Toediening van smeermiddels tydens die breiproses word meer breedvoerig in 8.7.2.9 uiteengesit. 'n Omvattender uiteensetting van tersaaklike smeermiddels volg in 8.9 hieronder.

8.7.2.6 Op- en afwen van die breisel

Nadat die breisel opgestel en die stut onder die breiklip verwyder is, word seker gemaak dat al die lusse ewe styf hang (Kirsten, 1979:13; Schutte, 1977:21; Sneyd, 2009). Die voerpunt van die breistok word met 'n skuins hoek, effens na bo, in die opening tussen die breiklip en booghout ingestoot om teen die booghout vas te skop terwyl die breistok verder na agter teen die breiklip vasdruk. Vervolgens word die breisel tot die gewenste spanning vir die bepaalde stadium van die breiproses (8.7.2 verwys) opgewen en vir etlike sekondes so gehou. Kyk figuur 8-10. Die breistok word uitgeruk en die wringkrag van die breisel laat die breiklip terugtol. Op die draaipunt, waar die breisel reeds gedeeltelik in die teenoorgestelde rigting opgewen is, staan die breisel 'n kort oomblik stil en 'n breier moet die breistok weer rats in sy posisie deur die booghout plaas en in die

teenoorgestelde rigting met die opwen van die breisel voortgaan. Ná 'n tiental of wat opwensiklusse word die breisel afgewen om, vry van inmekaar gedraaide lusse, loodreg aan die galg te hang. Die breiklip word op die stut geplaas sodat die riemlusse los hang ten einde die breisel om die galg en kromhout te verskuif alvorens met die breiproses voortgegaan word (Bosman, 1988:79-80; Kirsten, 1979:13; Schutte, 1977:20; Sneyd, 2009; Van Rooyen, 1938:61).



**Figuur 8-10: Opwen van die breisel
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

8.7.2.7 Verskuiwing van die breisel om die booghout en galg

Tydens die breiproses word daardie dele van die rieme wat om die galg en kromhout is nie aan die nodige wringaksie blootgestel nie. Die breisel moet dus van tyd tot tyd om die galg en booghout verskuif word sodat die ongebreide seksies in die middelste deel van die breisel tydens die brei-aksie, van op- en afwen, opgeneem word. Die loshangende breisel word aan die een kant met twee hande saamgevat en voldoende (ongeveer 1 m) afgetrek sodat genoemde ongebreide dele van die galg afskuif, en van die booghout opskuif, om in die breisel vasgevang te word tydens die voortsetting van die breiery (Schutte, 1977:21; Scholtz, 1987; Sneyd, 2009). In die beginstadium van 'n vars breisel geskied die verskuiwings met korter tussenposes as later in die proses ten einde optimale strekking en wring van die rieme se weefsel te verkry voordat die breisel goed uitdroog. Dit vermy voorts oormatige uitdroging van die rieme oor die galg, terwyl die rieme om die booghout nie aan die begin van die breiery voortdurend aan afloopwater van die breisel blootgestel word nie. Verskuiwing van die breisel bied voorts ook geleentheid om:

- die lusse te verstel sodat hulle almal deurentyd ewe styf in die breisel hang (Bosman, 1988:79; Schutte, 1977:21; Scholtz, 1987);
- rieme in die binnekant van die breisel uit te lig om tydens die breiery aan die buitekant te hang ten einde die breisel in geheel meer egalig uit te droog (Bosman, 1988:79; Sneyd, 2009).

8.7.2.8 Onderbreking in die breiproses (oornag, ensovoorts)


Tydens ietwat langer onderbrekings van die op- en afwenproses, soos etenstye of na afloop van die daaglikse breiery, word die breisel egalig en stewig, maar nie oormatig styf nie, opgedraai. Om die breisel in die opgewende posisie te hou word die agterpunt van die breistok deeglik aan die breipaai (of die boom se stam) met 'n draad, riem of tou vasgebond (Bosman, 1988:80; Kirsten, 1979:14; Schutte, 1977:22). Oornag word die breisel met 'n klam sakkombers bedek (Bosman, 1988:80; Sneyd, 2009). Die bedekking, dikwels ook van seil, dien om die breisel teen moontlik oormatige uitdroging van die buitelaag te beskerm of om oortollige eksterne nattigheid, weens onder meer dou, van die breisel af te wend.

Wanneer breiery die volgende dag hervat word, word die breisel aanvanklik nie dadelik optimaal opgewen nie, maar geleidelik stywer, totdat die buiging wat oornag na een kant toe in die rieme vasgevang was, uitgestryk is (Schutte, 1977:22; Oosthuysen, 2009). Voor die afsluiting vir die dag word die breisel goed met vet ingesmeer en 'n paar keer opgewen. Die oornagspanning op die breisel bevorder die indring van vet in die riemweefsel.

8.7.2.9 Toedien van smeermiddels aan die rieme in die breisel

Sodra die breisel ontslae is van die oortollige water wat met die begin van die breiproses uitgepers word en die rieme verder uitdroog, word (ná 'n halwe dag tot twee dae) met die insmeer van vet begin. Kyk figuur 8-11. 'n Aanduiding is dat die rieme tot witterig-vaal begin verkleur. Verskeie faktore soos die rieme se dikte, breiseldikte en omgewingstemperatuur beïnvloed die tydstip waarop 'n aanvang geneem word met die insmeer van vet aan die breisel (Bosman, 1988:80; Du Plessis, 1923:205-206; Schutte, 1977:21). Verdere faktore wat ewe-eens 'n rol speel, is onder meer die kondisie of vetheidsgraad van die betrokke dier waarvan die vel gebrei word, asook die intensiteit van 'n bries wat teenwoordig mag wees tydens die breiery. Trouens, met die nodige ervaring word die breiklip gereelder en vir langer tydperke op die stut geplaas sodat die breisel los hang en telkens tot 'n gepaste mate afgedroë is. Sodanige inherente vetterigheid van die vel word, met goeie oordeel tydens die breiproses, nie uitgepers om van die breisel af te loop en dus verlore te gaan nie. Vir sulke velle is dikwels min (of selfs geen) verdere toediening van smeermiddels tydens die breiproses nodig nie (Clayton, 1988; Miles, 2004; Sneyd, 2009; Scholtz, 1987).

In die algemeen word egter 'n aansienlike hoeveelheid vet (2.75 tot 3.75 kg) benodig om 'n gemiddelde breisel (uit 'n enkele vel gesny) telkens tydens die totale breiproses (oor etlike dae) deeglik in te smeer (Clayton, 1988; Du Plessis, 1923:205-206; Schutte, 1977:21). Vet word nie dik aan die rieme geplak nie, maar telkens in dun lagies aangewend.



**Figuur 8-11: Toedien van smeermiddels tydens die breiproses
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

'n Omvattende uiteensetting van tersaaklike smeermiddels en die bereiding daarvan vir die insmeer van rieme, hetsy tydens die breiproses en/of algemene onderhoud van gaar rieme, volg in 8.9 hieronder.

8.7.2.10 Gaar rieme

"Die breiery word dan voortgesit en mettertyd word die rieme al hoe sagter om te hanteer en eindelik besluit mens dat hulle gaar is. ... Deur ervaring weet mens wanneer die rieme gaar en reg is, dit kan maklik in die hand en tussen die vingers geformel word, amper soos 'n lapmateriaal", aldus Kirsten (1980:14-15). Met "gaar rieme" word bedoel dat rieme voldoende gebrei is, sodat die rieme witterig-vaal, buigsaam, soepel en sag is as hulle, teen die einde van die breiproses, met die hand hanteer word. Om te bevestig of 'n riem "gaar" is, word 'n kort lengtesnit teen die rand van die riem afgekerf. Sou die plat riem 'n relatief dik, swart, harde taai kern vertoon, is die riem nog "rou". 'n Fisiese kenmerk van gaar rieme se tekstuur is dat die weefsel reg deur die dikte, tot in die kern van die rieme, wit wys (Bosman, 1988:80; Borckenhagen, 1957:346; Kirsten, 1980:14). In die praktyk word verskeie kort (3-4 cm lank) en vlak (ongeveer 3 mm diep) lengtesnitte op 'n aantal plekke oor die totale lengte van die breisel afgekerf tydens hierdie finale toets.

Vir hul osrieme verkies sommige riembreiers om die dikker rugrieme (gesny uit die rugdele van 'n vel) te brei sodat 'n dun, blink strepie in die kern van die gaar rieme behoue bly, maar waak daarteen dat die klaar gebreide rieme met 'n té breë, blink streep in die kern van die riem dus halfrou sal wees. Sou laasgenoemde halfgaar rieme as osrieme benut word, natreën en weer

uitdroog, ontbreek die verlangde soepelheid en word dit (in osdrywerstaal) weer hard en taai "parmantig". Rieme wat goed gaar gebrei is, behou hulle soepelheid ten spyte van nattigheid waaraan hul soms toevallig blootgestel mag word (Kirsten, 1980:15; Miles, 2004; Scholtz, 1987; Schutte, 1977:21). 'n Dun, blink streep wat soms verkies word (soos hierbo na verwys) word vergelyk met 'n potloodstreep van 0.5 mm. Rieme wat so gebrei word dat 'n dun, blink streep in die kern behoue bly, is besonder sterk. Kirsten (1980:15) wys daarop dat 'n halfgebreide rou riem hard word en geneig is om die trekosse, veral op die basis van die horings, waar 'n os besonder gevoelig is, te skaaf. Hierdie irritasie maak 'n os grimmig en belemmer sy hantering en trekvermoë.

Die finale afronding van hierdie rieme geskied nadat hulle reeds vir 'n tyd lank gebruik is. As hulle dan sou natreën, word die klam rieme elkeen oor sy volle lengte met die hande oopgeplek en aan die vleiskant oor 'n ploegbalk heen en weer getrek vir 'n finale bewerking (Schutte, 1977:21). Nadat die breisel gaar gebrei is, is bereiding van individuele rieme nog nie afgehandel nie (Van Rooyen, 1938:61). In onderstaande paragrawe word bepaalde aspekte breedvoeriger uiteengesit.

8.8 Toepaslike afronding van gaargebreide rieme

Tradisionele osdrywers leef hul estetiese waardes uit in die standaard van bereiding en veral ook in die fyner tegnieke vir die afronding van rieme wat hulle maak (Bosman, 1988:81; Niper, 2013; Pienaar, 1980:36; Van Rooyen, 1938:61).

As gevolg van die intense opdraai van die breisel onder spanning van die swaar breiklip is die individuele riemstroke meestal onreëlmatig styf dubbel gevou (Van Rooyen, 1938:61). Ná afhandeling van die breiproses word die breisel rieme oopgeplek en platgestryk. Die nog effe klam, pas gebreide plat riem word sodoende in die lengte met 'n kort hoek geknak en terselfdertyd ook in die breedte gestrek om die soepelheid van die rieme te bevorder en die breiproses af te handel. Daarbenewens droog die riem beter uit, om 'n laaste lagie vet wat ingesmeer word, te absorbeer.

Ná afhandeling van die breiproses word tersaaklike gedeeltes van die breisel, vir osrieme, stroppe, ensovoorts, uit die lang riemstrook geselekteer, geskei en saam gegroepeer. Elke groepering word, soos benodig, mettertyd toepaslik tot pasmaak rieme vir elke doel afgerond.

Benewens die hande word verskeie aanvullende hulpmiddels, soos hieronder uiteengesit, benut om gaar rieme vir finale afronding oop en plat te stryk.

8.8.1 Klemhout

'n Klemhout is 'n standaard spesialiteitsapparaat om rieme oop te vlek. Dit behels 'n 35-45 cm lange ronde balk (75-100 mm deursnee) van harde hout waarin 'n lengtegleuf (ongeveer 6 mm wyd en twee derdes tot 'n driekwart van die lengte van die balk) in die middel van die balk

ingesaag is (Van Rooyen, 1938:62; Miles, 2004). Om 'n riem oop te vlek, word die een punt stewig aan 'n geskikte hegpunt (ingeplante paal) vasgemaak. Die plat riem word teenaan die hegpunt met die hand oopgevlak en in die gleuf van die klemhout geplaas. Die klemhout word aan elke punt met die hand vasgevat en effens kloksgewys geroldraai sodat die riem stewig teen die rande van die gleuf vasdruk. Die riem word dan stadig deur die klemhout getrek en oopgestryk. Ná etlike herhalings van dié proses is die riem deeglik oop, plat en sag (Miles, 2004; Van Rooyen, 1938:62). Tydens hierdie faset moet deurentyd sorg gedra word dat die rand van die riem orals mooi plat oopgestryk word. 'n Bamboesstok van dergelike afmetings is lig in die hand en ewe dienlik. 'n Klemhout is ook nuttig om rieme, onder die gewig van die breiklip, in die breisel oop te vlek om hulle, veral aan die vleiskant, tydens die breiproses met vet in te smeer.



**Figuur 8-12: Oopvlak van klaar gebreide rieme met 'n klemhout.
Marius Oosthuysen-fotoversameling**

8.8.2 Ander oopstryktoerusting

Die rong of voortang van 'n wa (Van Rooyen, 1938:62), 'n ploegbalk (Schutte, 1977:21), of die beuel en oogbout (Scholtz, 1987) is besonder dienlik om rieme, styf gespan, aan die vleiskant heen en weer daaroor te trek om hulle netjies plat oop te stryk. 'n Ronde staafyster van 6 tot 8 mm deursnit, wat in 'n vlak U-boog (ongeveer 25 mm diep en 70 mm wyd) stewig teen 'n paal of muur monteer is, dien ewe-eens om rieme oop te vlek. Kyk figuur 8-13. Waar 'n riem tydens die breiproses besonder styf en plat dubbel gevou is, is 'n skerpbeektang nuttig om dit oop te vlek alvorens dit met genoemde metodes afgerond word.



**Figuur 8-13: Oopvlek van klaar gebreide riem met omkrulrante links. Oopvlek oor u-vormige staafyster (6 mm dik)
Marius Oosthuysen-fotoversamling**

8.8.3 Rand en draaie in die riem

Nadat die rieme goed oopgevlak is, word gedeeltes wat te breed mag wees, asook die oneweredige rande met 'n skerp mes reggesny. Rieme in die breisel word vervolgens in tersaaklike lengtes vir die maak van verskillende onderdele van die trekgoed (osrieme, stroppe, swepe, trense, ensovoorts) verdeel (Bosman, 1988:81; Sneyd, 2009; Van Rooyen, 1938:62). Afskuins van dikkerige leer geskied aan die vleiskant om knus oor mekaar te vou om 'n gladde afwerking op die buitevlak van allerlei gevlegte artikels te verkry (Grant, 1956:17). Hierdie tegniek is onder meer besonder handig vir 'n netjiese afronding wanneer 'n platriem om homself geroldraai en met die hand knus rondgestryk word om 'n strop (of geroldraaide sweep) mee te draai of om twee rieme op mekaar te stik en rond te rol vir die maak van 'n ossweep.

8.8.4 Riemoog

By gebrek aan ysterringe om 'n riemlus te verkry waarmee trekosse om die horings gevang of beeste in die algemeen hanteer word, het pioniers 'n stabiele riemoog aan die dikker punt van 'n riem gemaak. Die konstruksie van die oog behels twee lengtesnitte, elkeen net lank genoeg om die riem met gemak daardeur te trek. Gewoonlik is die tweede snit tussen 100 tot 150 mm vanaf die voorste snit ingesny om 'n gerieflike grootte riemoog te verkry waardeur die agterpunt van 'n riem deurgetrek kan word om 'n lus, wat om die horings (of ander artikels) geplaas word, styf te trek. Die voorste punt van die riem word met snit en al deur die tweede snit gesteek ten einde die agterste punt van die riem deur die voorste snit te stoot en styf te trek, om 'n geslote knoop te verkry wat nie gereedelik tydens gebruik verskuif nie (Van Rooyen, 1938:63). Die voorste snit begin nagenoeg 50 mm vanaf die voerpunt van die riem. Die afstand tussen die twee snitte word bepaal deur die grootte van die riemoog wat verlang word. Volgens die dikte van die betrokke riem wat ter sake is, pas elke osdrywer die riemoog na sy behoefte aan.

8.8.5 Metaalringe en ringaanhegting

'n Riemoog neig om tydens gebruik toe te trek, wat die beweging van die riem deur die oog belemmer om die lus om die os se horings, of ander artikels, vas te trek. Die aanbring van 'n geskikte metaalring (gietyster, vlekvrystaal, ensovoorts) laat die riem wat daardeur gesteek word maklik deurgly vir die toe- en ooptrek van die riemlus. 'n Ysterring (meestal 32 tot 50 mm as standaarddeursnit) word met enige van 'n aantal knooptegnieke aan die dikker of sterker kant van die riem geheg.

8.8.6 Vleiskantvliese

Bindweefselvliese aan die vleiskant van 'n vel word sover moontlik saam met stukkies vleis tydens die ontharingsproses verwyder. Tydens die breiproses vorm 'n dun lagie of klossies bindweefsel soms plek-plek aan die vleiskant van die rieme. Nadat die rieme gaar is, behou sommige osdrywers hierdie vliesies aan rieme wat vir alledaagse gebruik benut word, aangesien dit vetterigheid wat aan die rieme gesmeer word, vashou en hulle beter teen nattigheid beskerm. Groter klosse word egter bloot met die vingers of met behulp van 'n tangetjie afgetrek om nie hinderlike knoppe aan die riem te laat nie (Sansom, 1988; Sneyd, 2009). Waar spogrieme ter sprake is, word die vliese met sorg verwyder soos in 8.8.8 uiteengesit.

8.8.7 Osrieme

In hierdie hoofstuk word meer klem gelê op die proses vir bereiding van tersaaklike rieme. Die afmetings en algemeen praktiese en toepaslike gebruike van osrieme, is reeds in 7.4.3 en 7.4.3.1 tot 7.4.3.3 in hoofstuk 7 uiteengesit. Die pioniers en tradisionele osdrywers het, veral vir uitsonderlike geleenthede, buitengewoon baie moeite gedoen met die bereiding en afronding van hul osrieme (Pienaar, 1980:36-37). Op plaaslike landbouskoue tydens die hoofstroomera van die trekos het riembreiers dan ook ywerig op hierdie terrein meegeding vir die beste stel rieme, beide in voorkoms en kwaliteit (Bosman, 1988:77).

8.8.8 Spogrieme

Vir spesiale saamtrekke (bruilof, familiebyeenkoms, volksfees, ensovoorts) het tradisionele osdrywers dikwels spesiaal bereide rieme afgerond. Vir hierdie geleenthede is meestal ronde rieme gebruik. Vir nagmaal is wit, plat rieme berei (Pienaar, 1980:36). Bereiding van hierdie tipe rieme kan beskou word as uitlewing van die tradisionele osdrywer se estetika. Baie persoonlike aandag is aan die tegnieke bestee om dit goed onder die knie te kry en die estetiese waarde hoog te hou. Pienaar (1980:36) stel dit soos volg: "Die resultaat is 'n riem wat lyk of dit deur 'n passer en draaier gemaak is en dis 'n groot spogelement tussen boere. Die wit Nagmaalrieme, weer, was die klimaks van 'n boer se trots, as hy die kuns verstaan het".

Vir die maak van ronde rieme is 'n span rieme, nadat hulle gaar gebrei is, in water geweek (oor nag) om goed sag te word en dan deur 'n klemhout plat oopgestryk. Vervolgens is albei rande van elke riem, oor die volle lengte daarvan, aan die vleiskant effens afgeskuins en van voor na agter egalig gesny met al die rieme uiteindelik eenders, ewe breed en effens spitslopend aan die agterpunt, afgewerk. Vervolgens is die rieme weer aan die breipaal gehang en gebrei. Namate die rieme afdroog, is hulle, soos nodig, met vet gesmeer. Skoon varkvet as smeermiddel is vermy aangesien dit neig om rieme bros te maak. 'n Mengsel van uitgebraaide beesvet, met 'n lae volume varkvet, lewer egter 'n dienlike, sagte smeermiddel (Miles, 2004; Pienaar, 1980:36; Scholtz, 1987). Uitgebraaide beesvet het in koeler omgewingstemperatuur 'n harde tekstuur, wat gereedelik tydens die breiproses van die rieme afskilfer en dus nie in die rieme indring nie. Die vet kan op uiteenlopende wyse (soos in 8.9 uiteengesit) verwerk word om te dien as effektiewe smeermiddel tydens die breiproses. Die toedien van smeermiddels aan rieme in die breisel word in 8.7.2.9 bespreek.

Die term "ronde riem" verwys na 'n riem met 'n ronde voorkoms. Dit kan misleidend wees aangesien dit in die praktyk meestal 'n plat riem is wat in die finale afronding van die riem, soos hierbo uiteengesit, dubbel gevou is nadat die ysterring aan die voerpunt aangeheg is. Streng gesproke het so 'n riem egter 'n meer ovaalvormige voorkoms. Vir gewone alledaagse gebruik verkies vele osdrywers die ronde riem, selfs al sou dit minder netjies afgewerk wees as by 'n spogriem. Teenoor plat rieme bied ronde rieme minder waarskynlikheid dat 'n skerp punt van 'n os se horing die riem skeur en breek aangesien 'n ronde riem baie gereedelik van die horing se punt afgly.

Witkleurige nagmaalrieme (van 'n uitsoekosvel op die ruglyn uitgesny) is eers gaar gebrei en daarna vir vier-en-twintig uur in afgeroomde melk geweek en weer gebrei tot hulle droog is. Sorg is deurentyd gedra om die rieme met ongeskroeiende vet, sonder enige onsuiverhede, te brei. Ná hierdie breiproses is die rieme besonder wit van kleur. Nadat die rieme droog is, is hulle met 'n klemhout netjies oop en plat gestryk. Die nerfkant is op 'n plat en gladde oppervlak ('n plank) uitgelê en met 'n sandsteenklip geskuur totdat alle bindweefselvessels verwyder is. Vervolgens is die breedte van die rieme egalig en ewe wyd met 'n skerp mes afgewerk om vanaf die voerpunt 3.75 cm (ongeveer drie-en-'n-half vingers) breed na 1.25 cm (een-en-'n-half vingers) breed aan die agterpunt deur te loop (Pienaar, 1980:37; Scholtz, 1987).

By gebrek aan geskikte sandsteen kan 'n lagie meliemeel aan die vleiskant uitgestrooi en met 'n harde klip, in sirkelbewegings, geskuur word om die vesels te verwyder ten einde 'n gladde afwerking aan die vleiskant te verkry. Hierdie tegniek verwyder voorts ook ou, oortollige vetterigheid waarmee gebrei is, waaraan stof en ander onsuiverhede, wat die voorkoms van die rieme ontsier, kan kleef. Ná afloop van ontvliesing word die rieme met goed bereide vet (soos in 8.9 uiteengesit) ingesmeer en op 'n skoon, beskutte, warm plek in die son geplaas sodat die vet

aan die rieme verhit om deeglik in te trek. Hedendaags word die rieme soms in 'n plastieksak dig toegevou en vir ongeveer 'n uur in die son geplaas (Miles, 2004; Oosthuysen, 2007).

Deur velle met kalk (8.4.3) of semels (8.4.7) te onthaar, kan besonder wit rieme verkry word deur dit met aluin as preserveermiddel van 'n rouvel en die rieme voor die breiproses vir vyf tot sewe dae in 'n oplossing van sout en aluin te looi. Dit is 'n proses (soos in 8.3.2 bespreek) wat as die witlooiproses bekend staan.

Om die trekgoed verder te estetiseer, is osrieme soms voorsien van toepaslike bronsringe, dikwels met groter as standaarddikte en -deursnit (Muir, 2013).

8.8.9 Spantoue

Die veronderstelling bestaan dat sekere gebruike wat in die hantering van beeste onder Suid-Afrikaanse boere geld, soos die span van 'n koei om haar te kan melk, van die Khoi-Khoi oorgeneem is (Ziervogel, 1968:161). Die term "spantou" verwys na 'n riem (ongeveer 1.8 tot 2 meter lank) wat gebruik word om die agterbene van 'n koei vas te maak (te span) wanneer sy gemelk word. Dit dien as voorsorgmaatreël dat sy nie die melkammer omstamp terwyl sy gemelk word nie. Rieme uit die dunner lies- en pensdele is besonder geskik om as sagte en besonder soepel spantoue diens te doen.

8.8.10 Stroppe

Die tegniek waarvolgens 'n riemstrop gemaak is, verskil in verskillende streke en tydperke van die trekosera. Dit is reeds in hoofstuk 7.6.4 behandel. Die tradisionele konstruksie van stroppe is ewe-eens in hoofstuk 7.6.4.1 tot 7.6.4.7 uiteengesit.

8.8.11 Trense (jukrieme)

Die trensrieme word meestal verkry uit dieselfde riemgedeeltes as spantoue, om maklik 'n sterk lus van geskikte lengte, wat drie of vier dubbel is, te verkry. Trensrieme wat aan die disselboom gebind word is dikwels van dikker gedeeltes, wat goed gaar gebrei is, van 'n riemstrook verkry. Dit geld veral waar oor rowwe terrein getrek word en die voorwiele van 'n wa vasruk sodat die disselboom heftig heen en weer swaai en 'n buitengewone las op die trense uitoefen.

8.8.12 Vangrieme

Waar 'n vel in die rondte tot rieme opgesny is, word agt tot tien meter van die dik dele aanmekaar gehou om as vangriem te dien (Schutte, 1977:21). Waar rieme in lengtestroke op die ruglyn uitgesny is, word 'n aantal lengtes, genoeg om die gewenste lengte vangriem te verkry, ná die breiproses nie van mekaar losgemaak nie (Kirsten, 1979:15). Daar word van 'n vangriem gebruik gemaak wanneer 'n bees om een of ander rede in die kraal gevang word om onder meer vir 'n besering behandel te word, of om jong osse te vang vir inbreek. Die riemlus aan die voerpunt van

die riem word twee of drie keer om die punt van die vangstok ('n lang, stewige, dun stok) gedraai. Etlike helpers gryp die vangriem na die agterpunt met die hande vas. Met behulp van die vangstok word die lus om die betrokke dier se kop (of horings) geplaas ten einde hom nader aan 'n paal, wat vir hierdie doel in die kraal ingeplant is, te trek en stewig daaraan vas te trek. Wanneer 'n dier om een of ander rede platgetrek moet word, word die lus van 'n tweede vangriem ook naby die agterpoot geplaas en vasgetrek wanneer die dier met sy poot daarin trap. Die lengte van die riem is belangrik om die nodige hefboomkrag aan die helpers te verleen, asook om voldoende beweegruimte tussen hulself en die spartelende dier te verkry.

8.8.13 Woelrieme

Woelrieme dien veral om vrag (gerwe, hooi, hout, ensovoorts) op 'n wa vas te trek. Geskikte lengtes sterk rieme word soos vir 'n strop, maar redelik slap, om mekaar gedraai om 'n sterker riem te vorm wat met 'n woelhout as hefboom opgewen word. Vir gerwe en hooi word die riem styf aan die punte van 'n weeshout, wat oor die vrag geplaas is, en die bokbalk van die wa gekoppel alvorens die vrag vasgewoel word. Vir ander vrag, soos wol of hout, kan 'n geskikte lengte woelriem oor die vrag getrek en ewe-eens met die woelhout goed vasgetrek word. Die lengte van 'n woelriem word pasmaak gesny vir die tipe vrag en grootte van die wa.

In die algemeen kan verwag word dat, hoe meer rieme hanteer en benut word, hoe sagter en meer soepel sal hulle bly. Jare lange diens word gelewer as hulle droog bly, nie onnodig natreën nie en goeie behandeling kry deur hulle tydens hantering nie vuil te smeer nie, gereeld met smeermiddels in te smeer en sorgvuldig te berg (Schutte, 1977:22).

'n Verskeidenheid smeermiddels word vry algemeen benut om rieme, tydens die breiproses en later vir algemene onderhoud, mee in te smeer. In die volgende paragrafe word sodanige smeermiddels breedvoeriger uiteengesit.

8.9 Smeermiddels

Op enkele uitsonderings na vorm vet die basis van smeermiddels wat vir bereiding (brei en onderhoud) van rieme en voorslae (asook heel velle) gebruik word om hulle sag en soepel te maak en te hou. Hardevet van gedomestiseerde herkouters (bees en skaap) is, weens die geredelike beskikbaarheid daarvan, 'n gewilde bron. Ander karkasvete (murg, ensovoorts) is ewe dienlik, maar is in kleiner hoeveelhede per karkas beskikbaar. In die algemeen word hardevet, as smeervet vir die breiproses en periodieke onderhoud van gaar rieme, uitgebraai om dit te hanteer en te berg soos uiteengesit in 8.9.2. Aansienlike hoeveelhede vet word per breisel benodig totdat dit gaar gebrei en afgerond is. Vir bepaalde praktiese redes word 'n verskeidenheid bymiddels of soorte vet soms met die uitgebraaide hardevet vermeng. In onderstaande paragrafe volg 'n meer praktykgerigte uiteensetting van soorte vetterigheid, tersaaklike mengsels en uitsonderings ter vervanging van vet.

In die algemeen word suiwer uitgebraaide varkvet as 'n smeermiddel vir rieme liefers vermy aangesien dit neig om rieme bros te maak (Borckenhagen, 1957:345; Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326; Miles, 2004; Pienaar, 1980:36; Schutte, 1977:21). Die smeervet van rieme word nie met sout behandel nie (Borckenhagen, 1957:345; Kirsten, 1979:14; Schutte, 1977:21). Waar varkvet wel soms as smeermiddel vir 'n breisel gebruik word, word dit eweneens ook nie met sout gepreserveer nie (Kirsten, 1979:14).

8.9.1 Rouvet

In terme van die osdrywerstaal verwys rouvet na hardevet en karkasvet wat nie uitgebraai is alvorens dit benut word nie. Namate rouvet, veral op 'n warm dag, teen artikels vasgedruk en gekneus word, gee dit geredelik olierigheid daaraan af. Sommige breiers verkies dus om, indien enigsins moontlik, nie hardevet vir breidoeleindes uit te braai nie, maar liefers op 'n warm dag te brei (Anon. *The Farmers Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326). Hierdie tegniek lewer uitstekende resultate aangesien die olierige vetterigheid die riemweefsel vinnig en deeglik penetreer tydens die breiproses. Rou hardevet neig egter om relatief gou galsterig te word, wat berging vir latere gebruik, as smeermiddel tydens die breiproses, ongewens maak.

8.9.2 Uitgebraaide vet

Die tekstuur van uitgebraaide vet verhard tot 'n relatief harde stof wanneer dit koud is. As sodanig kan dit egter op 'n verskeidenheid maniere verwerk word om dit as dienlike en sagter smeermiddel in die breisel of vir onderhoud van rieme te gebruik.

8.9.2.1 Gesmelte, uitgebraaide vet

Namate 'n breisel begin uitdroog en van oortollige, vry water ontslae is, word die breisel op die breiklipstut geplaas ten einde die loshangende rieme met gesmelte vet in te smeer (Bosman, 1988:80). Sorg moet egter getref word om die vet nie kokend te verhit nie, aangesien dit die vet kan skroei en galsterig maak. Daarbenewens breek te warm vet die rieme se weefsels af, wat tot swak en bros rieme lei. Op koel dae verhard gesmelte, uitgebraaide vet vinnig en spat tydens die breiproses van die rieme af voordat dit kan intrek. Om hierdie probleem te oorkom, word hardevet op verskeie maniere vermeng.

8.9.2.2 Mengsel van uitgebraaide vet en varkvet

Alhoewel tradisionele riembreiers verkieslik nie van varkvet as smeermiddel tydens die breiproses gebruik maak nie, lei byvoeging van ongeveer 10% varkvet met hardevet daartoe dat die vetmengsel dermate versag dat dit in koel weer nie van die rieme afspring tydens die breiproses nie (Pienaar, 1980:36). Die persentasieverhouding word volgens volume vasgestel. Om hierdie mengsel deeglik tot die verlangde sagtheid te vermeng, word die vette net genoegsaam verhit om deeglik sag te wees ten einde goed met mekaar ingeroer te word.

8.9.2.3 Mengsels van uitgebraaide vet en seep

Gesmelte hardevet gemeng met opgekerfde wasseep is deur sommige tradisionele riembreiers as smeermiddel gebruik (Bosman, 1988:80). Riembreiers het op landbouskoue sterk met mekaar meegeding in klasse vir osrieme. "Om 'n goeie breisel rieme te kon brei was 'n kuns wat van vader tot seun en geslag tot geslag oorgedra is", volgens Bosman (1988:77). Bosman bied geen verdere insae in die samestelling van die opgekerfde seep-en-vetmengsel nie. In die praktyk kan aanvaar word dat dit deel van die persoonlike "geheime" van die breikuns is.

Om 'n mengsel van hardevet en seep te maak, word 'n koekie seep (125 g) gerasper en in een liter warm water (net onder kookpunt) opgelos. Hierdie warm seepsop word met warm, gesmelte hardevet, in 'n volumeverhouding van 25 tot 33% seepsop, gemeng. Die mengsel word telkens goed deurgeroer terwyl dit afkoel en stol ten einde te verhoed dat die seepsop uitskei en afsak. Om stolling te verhaas, kan die mengsel in koue water (met ysblokkies) geplaas word (Miles, 2004). Sou hierdie mengsel geruime tyd (selfs maande) voor gebruik gebêre word, is dit raadsaam om 'n ontsmettingsmiddel (10 ml Dettol of Savlon per 500 ml) in te roer ten einde die vorming van skimmel te verhoed. Seepsop van standaardhandewasseep lewer goeie resultate, maar voorkeur kan gegee word aan seep met 'n basis van lanolien.

8.9.2.4 Mengsels van uitgebraaide vet en ander bymiddels

'n Verskeidenheid bymiddels kan by hardevet gevoeg word om dit te versag en knaagdiere, insekte en myte af te weer. Sodanige bymiddels word verhit en deeglik by die sag, gesmelte vet ingeroer.

- Kasterolie: 'n Mengsel van ongeveer 300 ml kasterolie op 3 kg hardevet lewer meestal gewenste resultate. 'n Belangrike funksie van die kasterolie is om vreetskade deur knaagdiere teen te werk, terwyl die olierige tekstuur die riemweefsel goed indring.
- Kloutjiesolie: 'n Goeie olierige smeermiddel kan berei word deur 0.8 kg byewas en 2 kg hardevet met 4.5 liter suiwer kloutjiesolie te meng. Kloutjiesolie bly tot op 1° C nog vloeibaar en word nie maklik galsterig nie (WAT 2014: Lemma: kloutjiesolie). As sodanig dien dit in koue toestand as 'n goeie smeermiddel, wat nie van die rieme tydens die breiproses afskilfer nie. Daarbenewens is dit 'n nuttige smeermiddel vir standaardonderhoud om rieme sag en waterdig te hou.
- Paraffien: Twee-en-'n-half kilogram vet vermeng met ongeveer 30 ml paraffien verskaf 'n goedkoop smeermiddel (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1913:92). Verkieslik moet die mengsel tydens gebruik tot sagte vet verhit wees. In koel weer kleef die mengsel goed aan die rieme en spat nie geredelik af tydens die breiproses nie. Paraffien skrik ook knaagdiere af.

- Roulynolie: 'n Mengsel van 1 tot 1.5 kg hardevet met 375 ml roulynolie dien as goeie smeermiddel tydens die breiproses (Anon. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, 1914:326-327). Vir werksrieme dien roulynolie as besonder geskikte bymiddel om die rieme teen nattigheid te beskerm en knaagdiere af te weer.

8.9.3 Ander smeermiddels

Alhoewel vet in die algemeen 'n voorkeursmeermiddel is, word 'n verskeidenheid alternatiewe grondstowwe soms gebruik om rieme tydens 'n breiproses, en fyner afronding van rieme, mee in te smeer.

8.9.3.1 Botter, melk en room

Botter dien as nuttige plaasvervanger vir vet (Badenhorst, 2009:42; Scholtz, 1987; Schutte, 1977:21). Room het 'n beperkte raklewe en moet dus redelik vars benut word.

Ten einde besonder wit spogrieme ná afloop van die standaardbreiproses vir spesiale sosiale geleenthede af te rond, is hulle vir 24 uur in afgeroomde melk geweek, goed winddroog gemaak en weer sag gebrei (Pienaar, 1980:36; Miles, 2009).

Volgens Livingstone (1857) (soos aangehaal deur Badenhorst, 2009:40) het van die inboorlingstamme in die Caprivistreek van Namibië 'n mengsel van harsings en klonte suurmilk gebruik om velle te brei en dit opgevolg met melk of botter as smeermiddel, om die breiproses af te rond.

8.9.3.2 Harsingmengsels

Harsings en beenmurg is besonder vetterige weefsel, wat dikwels as smeermiddel in die breiproses gebruik is (Badenhorst, 2009:42; Miles, 2004). Vermeng in warm water tot 'n romerige sop is harsings, om velle sag te brei en te berook, 'n tradisionele tegniek wat deur die inheemse rasse van Noord-Amerika gebruik word om hoë kwaliteit waterwerende leer te berei. Tans word hoofsaaklik varkharsings, weens die geredelike beskikbaarheid daarvan, gebruik vir kommersiële bereiding van hierdie soort leer (Dinsmore, 2009). Die Khoi-Khoi, San en sommige swart stamme het vry algemeen harsings as smeermiddel tydens hul breiproses gebruik (Burchell, 1824:590). Volgens Fehr (1968:30 soos aangehaal deur Badenhorst, 2009:40) lewer 'n mengsel van beenmurg, vermeng met hardevet, 'n uitstekende smeermiddel. Harsings en beenmurg neig om redelik vinnig uit te droog en moet dus vars gebruik word om rieme tydens die breiproses in te smeer (Miles, 2009).

8.9.3.3 Motorolie

Indien dit vermy kan word, moet motorolie liefst nie gebruik word om die breisel in te smeer nie (Du Plessis, 1914:326-327). Onder bepaalde omstandighede is skoon motorolie 'n handige

smeermiddel. Wanneer 'n rouvel met te min sout gepreserveer word en/of ongesout in die koelte gespan is om uit te droog, vorm die velweefsel 'n donkerder kleur met 'n klassieke glasuuragtige tekstuur. Wanneer rieme van hierdie velle met water deurweek en gebrei word, dien motorolie as 'n handige smeermiddel tydens die breiproses (Niper, 2013). Dit dring goed in die rieme in en laat die relatief taai rieme in die breisel goed om mekaar gly gedurende die breiproses om besonder sagte en sterk rieme te verkry. By gebrek aan tyd om voldoende vet te bekom, of voor te berei, word skoon motorolie aanvullend tot hardevet of ter vervanging daarvan met sukses gebruik.

8.9.3.4 Vaseline

In die aanwending van riemprodukte word petroleumjellie dikwels as smeermiddel gebruik, onder meer om tersaaklike knope waar meubels met riempies gemat word goed inmekaar te laat gly om 'n gladde dun las te verkry (Kench *et al.* 1987:158-159). Desgelyks word vaseline soms gebruik, ter vervanging van water of vet, om die riem se punt te versag om metaalringe, of 'n riemoog, aan rieme te knoop. 'n Soepel gebreide riem se punt, wat met vaseline gesmeer is, gly maklik deur die knoop om 'n netjiese aanhegting te verkry.

HOOFSTUK 9: BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS



**Figuur 9-1: Kimberley Markplein 1880's.
Met vergunning van McGregor Museum - Kimberley**

9.1 Inleiding

In die inleidende hoofstuk is die doelstelling van hierdie studie soos volg gestel:

Om die historiese benutting en ontwikkeling van die trekos en die gepaardgaande trektoerusting, met spesifieke verwysing na die trekos as kragbron, in die ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika te ondersoek, dit na waarde te skat en die trekos en sy toerusting breedvoerig as kultuurhistoriese entiteit te beskryf.

Die sentrale vraag, wat ondersoek is, is die volgende:

Hoe het die benutting van die trekos as kragbron histories in Suid-Afrika ontwikkel en watter bydraes het dit tot die algemene ontwikkeling van aktiwiteite in die samelewing gemaak?

Hieruit spruit die volgende sekondêre vrae:

- Hoe het verwante en tersaaklike trektoerusting ontwikkel?
- Hoe is grondstowwe vir die toerusting bekom, verwerk en ontwikkel?
- Watter bydraes het die trekos en trektoerusting gelewer tot die kultuur van die trekosera?

In hierdie slothoofstuk word die bevindings in die verskillende hoofstukke van die studie saamgevat ten einde aan te dui hoe die verskillende navorsingsvrae beantwoord is om die oorkoepelende doelstelling van die studie te bereik.

9.2 Die trekos se rol in ekonomiese ontwikkeling

In hierdie studie is gemeld dat die wamakersbedryf vir ongeveer twee eeue die grootste enkele bedryf was in die gebied wat vandag as Suid-Afrika bekend staan. Verder is beklemtoon dat die osdrywer en sy helpers, die osse (individueel en as span), die verskillende komponente van die trektoerusting, en die ossewa as 'n eenheid beskou moet word, omdat alles saam as 'n eenheid funksioneer het. Die trektoerusting, waarmee die osse aan die wa verbind is om hulle trekkrag in te span om die wa te laat beweeg (jukke, skeie, stroppe) en waarmee die osse deur die osdrywer aangedryf is (swepe), was saam met die wa 'n onafskeidbare en onontbeerlike deel van hierdie eenheid. Die bedryf waardeur die trektoerusting ontwikkel en vervaardig is, was dus ook deel van die grootste enkele bedryf in die streek. Sonder die osse en hul trektoerusting sou die wamakersbedryf nie kon ontwikkel nie.



**Figuur 9-2: Vragte brandhout te koop op Kimberley se Markplein 1880's
Met vergunning van McGregor Museum – Kimberley**

As deel van die grootste ekonomiese bedryf in die land, waardeur die vervoer van feitlik alle goedere hanteer is, het trekosse, osdrywers en trektoerusting saam met die waens 'n kardinale rol gespeel in ekonomiese ontwikkeling aan die suidpunt van Afrika.

Die ekonomiese bydrae van osse en ossewaens het oor 'n lang tydperk gestrek. Dit het aan die begin van die Nederlandse koloniale tydperk in die middel van die 17de eeu 'n aanvang geneem. Geografies was die gebruik van trekosse en waens aanvanklik beperk tot die Kaapkolonie, eers net in die omstreke van Kaapstad. Mettertyd, soos wat die pionierboere hulle al dieper in die binneland gevestig het, het die geografiese reikwydte van ossewavervoer uitgebrei. Van ongeveer die begin van die 19de eeu het blanke jagters en sendelinge ook van ossewavervoer gebruik gemaak. Tydens en na die Groot Trek het ossewaens op ongebaande weë al dieper die binneland inbeweeg. Die gepaardgaande infrastruktuur, soos wapaaië en driwwe, het geleidelik ontwikkel.

Sonder die ossewa as vervoermiddel sou die landboubedryf as primêre ekonomiese bedryf nie kon ontwikkel nie. Ossewaens het vir eeue lank landboubenodigdhede na die plase vervoer, en landbouprodukte van die plase af na die markte in die dorpe en stede.

Selfs na die minerale revolusie in die laat 19de eeu, toe die Suid-Afrikaanse ekonomie deel geword het van die wêreldwye kapitalistiese ekonomiese stelsel, het die ossewa nog vir 'n tyd die primêre vervoermiddel van goedere in die aanvanklike ontwikkeling van die mynbedryf en nywerheidsontwikkeling gebly, totdat spoorweë teen die einde van die 19de eeu na die ekonomiese konsentrasiepunte aangelê is.

Daarna het dit nog dekades in die eerste deel van die 20ste eeu geduur, voordat trekkers osse as primêre trekkrag in die landboubedryf vervang het.

Trekosse en ossewaens se sleuterrol in die ontwikkeling van die primêre en sekondêre sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie tot diep in die 20ste eeu is onteenseglik.

In die 21ste eeu het osse as trekkrag in die landbousektor steeds nie hulle ekonomiese waarde verloor nie. So onlangs as 2000 is 300 miljoen osse in die wêreld as trekdier benut. In Afrika neem die getal trekosse en hul ekonomiese belangrikheid steeds toe. Veral in Afrika suid van die Sahara bly trekosse volgens die Verenigde Nasies se Food and Agricultural Organization belangrik (FAO 2008), hoewel dit nie altyd besef word nie. Teweldmehidin en Conroy (2010:928) het in 'n onlangse studie bevind dat in die Caprivistreek van Namibië dieretrekkrag (osse) 'n beter opbrengs per hektaar lewer as trekkers. Hulle beveel aan dat voortgegaan word om mense op te lei om dieretrekkrag vir landboudoeleindes te gebruik.

Hierdie studie fokus egter nie op die ekonomiese bydrae van die trekos nie, maar op die bydrae daarvan tot die stoflike (materiële) en geestelike (nie-materiële) kultuur van die Suid-Afrikaanse samelewing.

9.3 Trekosse, osdrywers en trektoerusting: 'n samevattende perspektief

In hierdie afdeling word 'n kort oorsig gegee van die inhoud van die onderskeie hoofstukke van die studie.

Hoofstuk 2 en 3 skets die agtergrond van die benutting van trekosse internasionaal (hoofstuk 2) en in Suider-Afrika (hoofstuk 3). Daar word verduidelik waarom en hoe die trekos die voorkeurtrekdiër in die streek geword het. Verder word uitgewys dat die benutting van trekosse 'n unieke ontwikkelingsgang in Suid-Afrika gehad het. Om bepaalde redes, veral met betrekking tot die bodemgesteldheid en topografiese kenmerke van die streek, is in Suid-Afrika langer spanne osse benut as in ander wêrelddele. Die langer spanne het implikasies gehad vir die ontwikkeling van die trektoerusting en vir die metodes wat deur die osdrywers gebruik moes word om die osse te beheer.

In hoofstuk 4 word die profiel van die Suid-Afrikaanse trekos beskryf en ontleed. Die trekposisies in die span word verduidelik. Daar word veral gefokus op die fenotipiese en nie-fenotipiese faktore wat 'n rol speel in die uitkenning en naamgewing van trekosse en in watter trekposisie hulle ingespan word. Hoe osse in voorkoms, geaardheid en vermoë van mekaar verskil gee die deurslag in hoe hulle van mekaar onderskei word, hoe hulle name gegee word wat by hulle pas en in watter posisie in die span hul trekkrag ten beste benut kan word. Die naamgewing van osse vorm as komponent van die osdrywerstaal deel van die nie-materiële kultuur wat met trekosse verband hou.

Hoofstuk 5 fokus op osdrywers en hulle taal. Die nodige vaardighede en eienskappe van 'n goeie osdrywer word ontleed. Aspekte van osdrywersetiek word beskryf. Die verkeersreëls en regulasies van toepassing op osse en ossewaens in Kaapstad en ook op binnelandse roetes word bespreek. Dit is insiggewend dat die tradisies wat hierdeur vasgelê is, later steeds die grondslag gevorm het waarop die land se verkeersreëls in die era van motorvoertuie gebaseer is. Hierdie hoofstuk bied 'n oorsig van die bydrae van die trekoskultuur tot taalontwikkeling in die streek. Omdat die vroeë eienaars en drywers van trekosse hoofsaaklik sprekers was van die plaaslike taal wat in 'n groot mate op Hollands gebaseer was en wat later in die Afrikaanse taal sou ontwikkel, het die benamings wat aan komponente van die trektoerusting gegee is en die taal wat deur die osdrywers in die aandryf van hul spanne osse gebruik is, in die eerste instansie 'n vormende invloed op die ontluikende Afrikaanse taal gehad. Die invloed daarvan op die ontwikkeling van die Afrikaanse spreek-, skryf- en vaktaal, veral wat betref woordeskat en idiomatiese uitdrukkings, word hier ontleed. In oordragtelike vorm het die woordeskat en uitdrukkingswyse van die osdrywerstaal behoue gebly in die Afrikaanse taal. Die navorser dui ook aan hoe die Afrikanse terme geassosieer met die trekoskultuur neerslag in Suid-Afrikaanse Engels en plaaslike Afrikatale gevind het. In hierdie opsig het dit 'n belangrike en standhoudende

bydrae tot die nie-materiële kultuur, nie net van die Afrikaanse kultuurgroep nie, maar ook ander kultuurgroepe, gelewer.

Hoofstuk 6 bied 'n baie gedetailleerde uiteensetting van hoe die neweprodukte van osse 'n omvangryke bydrae gelewer het tot die materiële kultuur van die Suid-Afrikaanse samelewing. In besonderhede word beskryf hoe hierdie neweprodukte – afkomstig van die bene, bloed, derms, gal, horings, hoewe, mis, senings, vel, vet en vleis van osse – verwerk is in huishoudelike gebruiksartikels. Van hierdie gebruiksartikels was in die tydperk van tuisvervaardiging veral in die landelike gebiede onontbeerlik vir alledaagse gebruik.

In hoofstuk 7 word die trektoerusting van osse volledig bespreek. Hierdie toerusting het nie alleen, soos hierbo gemeld, 'n sleutelrol in die ekonomiese ontwikkeling van die land gespeel nie, maar was 'n essensiële komponent van die materiële kultuur van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die verskillende soorte jukke word beskryf. Daar word verduidelik hoe osdrywers hulle arms, hande en vingers gebruik het vir lengtemates. Die konstruksie en gebruik van sambokke, swepe, rieme, skeie en stroppe word in besonderhede ontleed. Benewens hierdie materiële kultuurkomponente, word die inspanroetine van 'n span osse, waarvan die prosedure en vaardighede deel vorm van die nie-materiële kultuur, verduidelik.

Rieme was en is een van die belangrikste komponente van die trektoerusting en 'n primêre onderdeel van die materiële kultuur wat met osse verband hou. In hoofstuk 8 word rieme en hulle gebruik nie alleen as materiële kultuur ontleed nie, maar ook die metode en proses van die verwerking van velle en die brei van rieme, en die vaardighede wat daarvoor nodig was – ewe-eens 'n belangrike afdeling van die nie-materiële kultuur van die samelewing.

Verskillende hoofstukke in die studie lewer 'n bydrae tot die beantwoording van die aanvanklike navorsingsvrae. Dit geskied soos volg:

- Die eerste sekondêre navorsingsvraag is: Hoe het verwante en tersaaklike trektoerusting ontwikkel? Veral in hoofstuk 7 en hoofstuk 8 word hierdie vraag in besonderhede beantwoord deur die ontwerp, vervaardiging en aanwending van al die komponente van die trektoerusting (jukke, skeie, rieme, stroppe, swepe, ensovoorts) in die fynste besonderhede te beskryf en te ontleed. Hoofstuk 6, wat handel oor die neweprodukte van osse en hul aanwending, vul die bespreking van die trektoerusting aan.
- Die tweede sekondêre navorsingsvraag is: Hoe is grondstowwe vir die toerusting bekom, verwerk en ontwikkel? Hoofstuk 8 handel oor die vel as die primêre grondstof vir verskillende komponente (byvoorbeeld rieme, stroppe en swepe) en hoe dit verwerk word om hierdie komponente te vervaardig. Die verskillende soorte hout as grondstof vir ander komponente (byvoorbeeld jukke, skeie en sweepstokke) word in afdelings van hoofstuk 7 behandel. Hoofstuk 6 handel oor neweprodukte van die os as grondstowwe vir die vervaardiging van 'n

verskeidenheid huishoudelike artikels. Die verwerking van die grondstowwe en hul gebruik in die vervaardiging van die trektoerusting en ander artikels word in al hierdie hoofstukke in fyn besonderhede beskryf en verduidelik.

- Die derde en laaste sekondêre navorsingsvraag is: Watter bydraes het die trekos en trektoerusting gelewer tot die kultuur van die trekosera? Hoe hierdie bydraes tot beide die stoflike en geestelike kultuur in die studie ontleed en beoordeel is, word in meer besonderhede in 9.4 hier onder verduidelik.

Die eerste deel van die sentrale navorsingsvraag is: Hoe het die benutting van die trekos as kragbron histories in Suid-Afrika ontwikkel? In die studie moes die "historiese ontwikkeling" van die trekoskultuur dus aangedui word. Die studie volg, soos in hoofstuk 1 genoem, nie 'n verhalende patroon nie en is nie kronologies georganiseer nie. Hoofstuk 2 en 3 gee wel 'n historiese oorsig van die benutting van trekosse in die res van die wêreld en in Suid-Afrika. In die beskrywende en analitiese hoofstukke (veral hoofstukke 6, 7 en 8) blyk dit ook duidelik uit die inhoud dat die trekoskultuur nie staties was nie, maar as 'n dinamiese proses oor tyd ontplooi het en aangepas is by veranderde omstandighede. Die keuse van die mees geskikte grondstowwe en die ontwikkeling van die beste ontwerpe en tegnieke van die trektoerusting vir Suid-Afrikaanse omstandighede is aanvanklik proefondervindelik (Engels: *by trial and error*) aangepas en moes natuurlik in ag neem watter grondstowwe in verskillende gebiede gereedelik beskikbaar was. Van die veranderings oor tyd wat in die studie bespreek word, is die vervanging in die 20ste eeu van houtskeie met ysterskeie, asook die vervanging van riemtrektoue en riemstroppe met ysterkettings.

Een van die hoofdoelstellings van die studie is om "die trekos en sy toerusting breedvoerig as kultuurhistoriese entiteit te beskryf". Hieraan voldoen die studie, want dit bied 'n omvattende beskrywing en ontleding van die materiële en nie-materiële kultuurkomponente van die trekoskultuur. Dit kan daarop aanspraak maak dat dit die omvattendste hantering van hierdie onderwerp in 'n publikasie tot op datum is en in die toekoms as 'n standaardwerk op hierdie terrein benut sal kan word.

9.4 Trektoerusting en die verband tussen tegnologie en kultuur

Hierdie studie fokus skerp op die ontwikkeling van die trektoerusting wat vervaardig en aangewend is om die trekkrag van osse te benut vir landboukundige en vervoerdoeleindes, dus om te ploeg en om waens te trek. Wat is die verband tussen tegnologie en kultuur en hoe pas die tegnologiese ontwikkeling van die trekos se trektoerusting in by die kultuur van die mense wat daarvan gebruik gemaak het?

Breedweg word tegnologie omskryf as 'n kombinasie van abstrakte en konkrete elemente, wat kennis, prosesse, vaardighede en produkte wat beheer en transformasie ten doel het, insluit

(Murphie en Potts, 2003:4). Hierdie omskrywing van tegnologie is ook van toepassing op die fisiese trektoerusting van die trekos en die kennis, vaardighede en prosesse waardeur hierdie trektoerusting gekonseptualiseer en vervaardig is en wat in besonderhede in hierdie studie beskryf word.

Daar is 'n dinamiese wisselwerking tussen tegnologie en kultuur in alle samelewings. Tegnologie is 'n onafskeidbare onderdeel van kultuur en speel 'n sleutelrol in die vorming van kultuur (Murphie & Potts, 2003:10). Daar is voortdurende wisselwerking tussen tegnologie en ander elemente van kultuur, soos taal, die ekonomie, die politiek en die kunste (Anon. 2012). In hierdie studie is juis gepoog om aan te dui watter belangrike bydraes die trekos, die trektoerusting en die osdrywer tot die stoflike en geestelike kultuur van die Suid-Afrikaanse samelewing gelewer het. Kyk die volgende afdeling vir 'n samevatting daarvan.

Kultuur speel egter eweneens 'n sleutelrol in die ontwikkeling van tegnologie: "Human culture and technology have continually a dynamic relationship. All technologies are shaped by their particular cultural context. Different physical environments and geographies create different needs that require solutions ... Culture drives the wheels of technological advancement whether it is through religion, warfare or commerce, and these technological advances gained by humans." (Anon. 2012). Cravens (2003) vat die wisselwerking tussen tegnologie en kultuur treffend saam: "Human culture and technology are continually co-evolving in a dynamic relationship. All technologies develop in a particular cultural context as the result of changing needs or constraints. But once developed, a technology changes the culture that gave it birth ... Any of the social forms or beliefs of a group may influence or in turn be influenced by a new technology."

Verskillende menslike kulture op verskillende plekke en in verskillende tye het om verskillende redes verskillende doelstellings vir die samelewing nagestreef en hierdie uiteenlopende doelstellings het aanleiding gegee tot verskillende soorte tegnologiese ontwikkeling. In Suid-Afrika het die omgewing en die kulture van verskillende groepe met verskillende tradisies 'n invloed uitgeoefen op die tegnologie waardeur die trekrag van osse benut is. In hoofstukke 2 en 3 van die studie is aangedui dat trekosse in Suid-Afrika in ander omstandighede as in ander wêrelddele geopereer het en dat die spanne trekosse en hul toerusting daarom verskil het om by plaaslike omstandighede aan te pas. Die Khoi-Khoi as 'n inheemse kultuurgroep wat veeherders was, het in die vroeë fases 'n sterk invloed op die verdere ontwikkeling van die trekoskultuur onder blanke boeregemeenskappe in Suid-Afrika gehad en bygedra tot die unieke ontwikkelingspatroon daarvan.

9.5 Beoordeling van die kultuurhistoriese bydrae van die trekos en trektoerusting

Die Burdenmodel, soos verduidelik in hoofstuk 1, word toegepas om die kultuurhistoriese bydrae van die trekos en trektoerusting te bepaal. Die trekoskultuur, soos breedvoerig uiteengesit in hierdie studie, behels talle fasette. Vele elemente wat deur Burden as komponente van die

kultuurgeskiedenis geïdentifiseer word – onder meer vervoer, tegnologie, handwerk, bedrywe/ambagte, interkulturele beïnvloeding en kommunikasie - maak deel uit van die trekoskultuur. Hier onder word die bevindings van die studie aan die hand van die verskillende komponente van die Burdenmodel ontleed om vas te stel hoe die trekoskultuur in die groter opset van kultuurhistoriese erfenis inpas.

9.5.1 Geestelike en stoflike kultuur

Geestelike kultuur dui op nie-tasbare elemente en stoflike kultuur op tasbare elemente. In hierdie studie is die bydraes van die trekoskultuur tot beide stoflike en geestelike kultuur uitvoerig gedokumenteerd.

In hoofstukke 6, 7 en 8 word die bydraes van die trekoskultuur op stoflike gebied uiteengesit. Die trektoerusting van die trekos (hoofstuk 7 en 8) en die neweprodukte van die os (hoofstuk 6) word in besonderhede beskryf.

Uit 'n hedendaagse perspektief word die trekos se trektoerusting as elementêre laevlak tegnologie beskou. Uit die beskrywings in die studie is dit duidelik dat daar inderdaad 'n redelike mate van vindingryke beplanning en kreatiewe denke agter die ontwerp en vervaardiging van die trektoerusting gesit het. Komponente van die trektoerusting, soos jukke en swepe, het 'n standaardpatroon gehad, maar is pasgemaak vir verskillende spanne osse en vir verskillende operasionele omstandighede. Dit het 'n redelike mate van vaardigheid en ervaring geverg om doeltreffende trektoerusting te vervaardig en dit reg te gebruik. Die optimale funksionering van die toerusting was noodsaaklik vir die funksionering van die vervoerbedryf en die belangrikheid daarvan kan kwalik oorskat word. Oor 'n lang periode, van die sewentiende tot die twintigste eeu, was die trekgoed noodsaaklike toerusting wat van betekenis vir die hele samelewing was en waarsonder die samelewing nie kon vooruitgaan nie.

Wat die geestelike kultuur betref, het die trektoerusting en neweprodukte van die trekos eweneens in twee opsigte 'n belangrike bydrae gemaak. Eerstens het dit die ontwikkeling van metodes, tegnieke en vaardighede om die trektoerusting te vervaardig en om dit effektief te gebruik teweeggebring. Hierdie metodes, tegnieke en vaardighede word in besonderhede in afdelings van hoofstuk 4 tot 8 beskryf en ontleed. Die tweede belangrike bydrae van die trekoskultuur, bespreek in hoofstuk 5, is dat dit die taal, veral die Afrikaanse taal, uitgebrei en verryk het. Dit het 'n groot getal woorde wat met die trekoskultuur verband hou tot die woordeskat toegevoeg. Baie Afrikaanse spreekwoorde en ander idiomatiese uitdrukkings verwys na verskillende aspekte van die trekoskultuur. Hulle het 'n volkskundige inslag en verhoog die metaforiese uitdrukkingsvermoë van die taal.

Die verband tussen die bydraes tot die stoflike en geestelike kultuur is belangrik. Baie voorbeelde hiervan kom in die studie voor. So byvoorbeeld gebruik die osdrywer die fisiese komponente van

die trektoerusting (jukke, skeie, rieme, swepe, ensovoorts) om die osse in te span en aan te dryf, maar moet dit gekombineer word met nie-tasbare elemente (inspan- en dryftegnieke, lyftaal, praat met die osse, empatie, ensovoorts) om sy werk suksesvol te verrig. In die skepping van die stoflike kultuur, soos die verskillende voorwerpe wat deel van die trektoerusting uitmaak, word elemente van die geestelike kultuur (metodes en tegnieke om velle af te slag, rieme te sny en te brei, ensovoorts) ingespan. Hier kan die stoflike kultuurproduk inderdaad nie van die geestelike proses, waarmee die produk tot stand kom en waarmee dit aangewend word, geskei word nie.

9.5.2 Volks- en patrisiërkultuur

Volkskultuur word geassosieer met individue of groepe wat kultuurprodukte skep waarvoor hulle nie formele akademiese opleiding ontvang het nie en patrisiërkultuur met persone wat geleentheid tot akademiese skoling en opleiding gehad het (Burden, 2000:23). Vir die grootste deel van die ontwikkeling van die trekoskultuur in Suider-Afrika was die vervaardiging en gebruik van die trektoerusting in die hande van mense wat nie noodwendig spesifieke ambagsopleiding daarvoor gehad het nie. Daar was wel besigheidsfirmas in die groter sentra wat ossewaens sekere elemente van die trektoerusting vervaardig en verskaf het en wat ambagsmanne vir hierdie doel opgelei het. Die meeste osdrywers was ongeletterd of hoogstens semigeletterd. Mense uit die hoër klasse was dalk die eienaars van trekosse en waens, maar was selde direk by die inspan en aandryf van spanne osse betrokke. Die trekoskultuur, waarvan die onderskeie aspekte in hierdie studie ondersoek is, kan dus as volkskultuur beskryf word.

9.5.3 Tradisionele en eietydse kultuur

Osse is sedert vroeg in die Nederlandse koloniale tydperk aan die Kaap as voorkeurtrekdiere gebruik en ossewaens was die primêre vervoermiddel van goedere. Die kennis, metodes en tegnieke van die trekoskultuur is oor eeue heen van geslag tot geslag oorgedra, soos duidelik blyk uit afdelings van hierdie studie. Hier het ons dus te doen met tradisionele kultuur.

Dit word bedreigde tradisionele kultuur, omdat al minder persone kennis dra van die vervaardiging en korrekte gebruik van die trektoerusting. Dit beteken nie dat die os nie meer as trekkrag benut gaan word nie. In die studie is gemeld dat baie mense in Suid-Afrika en die res van Afrika steeds van die trekkrag van osse afhanklik bly en in die afsienbare toekoms afhanklik sal bly. Dit is egter belangrik om die kennis van die trekoskultuur te dokumenteer, soos in hierdie studie, omdat die poel van kenners al kleiner word.

9.6 Samevattende gevolgtrekking

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is verwesenlik deur:

- die benutting en ontwikkeling van die trekos en sy trektoerusting in Suid-Afrika in besonderhede te ondersoek;
- die trekos en sy toerusting omvattend as kultuurhistoriese entiteit te beskryf; en
- die stoflike en geestelike bydrae van die trekoskultuur na waarde te skat.

Ten slotte word die hoop uitgespreek dat hierdie studie 'n waardevolle bydrae lewer tot die dokumentering van die trektoerusting en die benutting van die trekos in Suid-Afrika. Hoewel die gebruik van osse as trekdier lank nie meer 'n deel van die bestaan van die meerderheid mense in Suid-Afrika is nie, is die geskiedenis van Suid-Afrika sonder inagneming van die bydrae van die trekos ondenkbaar. Nie net op ekonomiese gebied nie, maar veral ook op kulturele gebied kan die bydrae van die trekoskultuur tot die samelewing, in besonder ook die Afrikanersamelewing, nie geringgeskat word nie.

BRONNELYS

Afrikanerbeestelersgenootskap. 2013. Herdenking van die 100-jarige bestaan van die Genootskap van Afrikanerbeestelers. *Afrikaner Joernaal*: 1-53.

Anderson, A.A. 1888. Twenty-five years in a wagon: sport and travel in South Africa. London: Chapman and Hall. [National English Literary Museum, Grahamstown, hierna N.E.L.M. GPL 916.804 AND (Record ID 9267).]

Anderson, C.J. 1856. Explorations and discoveries during four years' wanderings in the wilds of Southwestern Africa. New York: Harper & Brothers. [N.E.L.M. Rare 916.8 AND. Record ID 20135.]

Angas, G.F. 1974 [1849]. The Kafirs illustrated. (Facsimile reprint. London: F Hogarth, 1849. No 656 of a limited edition of 950). Cape Town: Balkema. [N.E.L.M. Steel Cabinet 916.87 ANG. Record ID: 2026.]

Anon. 1890. Proposed improvement in the yoke used in the colony, v. 2. *Agricultural Journal*, 40, 13 March.

Anon. 1895. Bereiding van huiden. *Landbouw Journaal*, 8(16):471.

Anon. 1897. Yoking and working oxen in Australia. *Agricultural Journal*, 11(5):209-210. Anon. 1898. Tanning skins. *Agricultural Journal*, 12, 28 April.

Anon. 1899. Flaying hides. *Agricultural Journal*, 23, November.

Anon. 1913. Alumleather: how to make it. *Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, Vol. 1:93. [Cory Library, Grahamstown.]

Anon. 1914. Riems: methods of preparing and braying. *Farmer's Annual and South African Farm Doctor*, Vol. 2:236-237. [Cory Library, Grahamstown.]

Anon. 1915. Single harness for oxen. *The Farmer's Annual and South African Farm Doctor*. Vol.3:13 [Cory Library, Grahamstown]

Anon. 1922. Oom Felie se looiresep: hoe om velle te looi. *Suid-Afrikaanse Boerdery Jaarboek vir 1922*. Bloemfontein: Landbouweekblad.

Anon. 1924. Die trekkrag van die boer: die os. *Suid-Afrikaanse Boerdery Jaarboek vir 1924*. Bloemfontein: Die Landbouweekblad.

Anon. 2012. Landbou.com boer op ons werf (webwerf), <http://www.landbou.com/kundiges/vra-vir-faffa/oormerk-brand-en-kastrasie-van-diere/prente> Datum van gebruik 6 Oktober 2016.

Anon. 2012. The relationship between culture and technology, by <https://bdpr629.wordpress.com/2012/09/27/the-history-of-technology/> Datum wat gebruik is 23 November 2016.

Anon. 2016. Ougat Meubels (webwerf), <https://www.ougatmeubels.co.za> Datum van gebruik 22 Oktober 2016.

Arbousset, T. & Daumas, F. 1968 [1846]. Narrative of an exploratory tour to the North-East of the Colony of the Cape of Good Hope. (Facsimile reprint of 1846 edition No. 554 of a limited edition of 750.) Translated from the French of the Rev. T. Arbousset by John Croumbie Brown. Cape Town: Struik.

Art UK. Afbeelding van Bos primigenius, <http://www.artuk.org> Datum van gebruik 6 Oktober 2016.

Aucamp, H.A. 1942. Wat die getal osse in die span betref (*In* Coetzee, A.J. Die grondbeginsels van ossename.) *Die Brandwag*: 21; 27, 7 Augustus.

Axelson, E. 1956 Portuguese pioneers in Southern Africa. Johannesburg: SAUK. [Brosjyre van radiopraatjies.]

Axelson, E. 1988a. [Persoonlike onderhoud.] Diasfees, 12 Maart.

Axelson, E., ed. 1988b. Dias and his successors. Cape Town: Saayman & Weber. Badenhorst, S. 2009. An ethnographic and historical overview of hide processing in Southern Africa. *Annals of the Transvaal Museum*, 46:37-43.

Balfour, A.B. 1896. Twelve hundred miles in a wagon. London: Edward Arnold. [N.E.L.M.: Rare 916.804 BAL Record ID: 12561.]

Barrow, J. 1806. Travels into the interior of Southern Africa, Vol. 2. 2nd ed. London: T. Cadell and W. Davies. [Cory Library. Grahamstown. 916.8/BAR.]

Bjorn Industries. 1997. History of hide glue. <http://www.bjorn.net/history.htm>. Datum van gebruik: 5 Oktober 2016.

Bjorn Industries. 2016. Hide glue production: from hides? <http://www.blorn.net/prod.htm>. Datum van gebruik: 22 Oktober 2016.

Boerneef. 1975. Boplaas. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. [Universiteitsbiblioteek Port Elizabeth. PT6590. V345B6.]

Boonzaaier, E., Malherbe, C., Berens, P. & Smith, A. 1996. The Cape herders: a history of the Khoikhoi of Southern Afrika. Claremont: David Philip Publishers.

- Booyens, B. 1979. Adam Tas se dagboek: lig uit die dagboek op óu Stellenbosch. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 35(2):74-75.
- Borckenhagen, H.H. 1957. Die brei en looi van velle. (*In* Hulpboek vir boere in Suid-Afrika, dl 1: Landbou en verwante dienste. Pretoria: Staatsdrukker. 343-349.)
- Boshoff, S.P.E. 1968. Die woordeskat van Afrikaans. (*In* Botha, T.J.R., red. Taal en teken. Kaapstad: Academica. 96-105.)
- Bosman, D. 1988. Die verhaal van die trekos. Silverton: Promedia Uitgewers.
- Botha, C.G. 1970 [1926]. Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th Century. Cape Town: Struik.
- Branford, J. 1978. A dictionary of South African English. Cape Town: Oxford University Press.
- Broadbent, V. 1988. Osse en hul trekgoed. Gesprek by die Port Elizabeth-hawe tydens die ontskeping van 'n replika van Dias se Padrão vanaf die Karveel op 'n ossewa. [Persoonlike onderhoud.] Port Elizabeth, 20 Februarie.
- Buitendag, J. 2012. Afrikanerbeestelers presidente. (*In* Tissier, L., red. Afrikaner Gedenkjoernaal. Bloemfontein: Afrikanerbeestelersgenootskap. 116-117.)
- Burchell, W.J. 1824. Travels in the interior of Southern Africa, Vol. 2. London: Longman, Hurst, Rees, Orme, Brown and Green.
- Burchell, W.J. 1967 [1824]. Travels in the interior of Southern Africa, Vol. 1. London: Longman, Hurst, Rees, Orme, Brown, and Green.
- Burden, M. 1991. Swepe: tipes en gebruike in die Suid-Afrikaanse volkslewe. *Die Kultuurhistorikus*, 6(1):66-73.
- Burden, M. 1998. Redaksioneel. *Die Kultuurhistorikus*, 13(1):1.
- Burden, M. 2000. Die metodologie van kultuurgeskiedenis. *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 14(2):13-30.
- Burman, J. 1988. Towards the far horizon: the story of the ox-wagon in South Africa. Cape Town: Human & Rousseau.
- Bybel. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou- en Nuwe Testament bevat. 2^{de} uitg. (hersien). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

- Cape of Good Hope. Department of Agriculture. 1890. Proposed improvement in the yoke used in the colony. *Agricultural Journal*, 1128-29.
- Cape of Good Hope. Department of Agriculture. *Agricultural Journal*, 11(5):209. 1897. Yoking and working oxen in Australia.
- Cape of Good Hope. Department of Agriculture. *Journal*, 12:516-517.1898. Tanning skins, Vol. 12. *Agricultural*
- Cape of Good Hope. Department of Agriculture. 15:808. 1899. Flaying hides. *Agricultural Journal*,
- Carstens, R. & Grobbelaar, P.W. 1988. Voortrekkerlewe: agter die skerms op die Groot Trek. Johannesburg: Reëlingskomitee, Groot Trekherdenkingsfees.
- Celliers, J.F.E. 1934. Die vlakte en ander gedigte (insluitende "Die Rivier" en "Unie-kantate"). Kaapstad: Nasionale Pers.
- Clayton, G. 1988. Gesprek oor trekgoed van die trekos. [Persoonlike onderhoud.] Bathurst, 24 Maart.
- Coetzee, A. 1939. Leengoed: gedagtes oor taal, volksgeloof, kultuur. Pretoria: Van Schaik. (Die Monument Reeks No. 12). [Ferdinand Postma-biblioteek; NWU. Verw: 439,3624 COE.]
- Coetzee, A. 1982. Daar kom die wa. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 38(1):32-47. Conradie, H. 2011b. Maak van riemstroppe. [Persoonlike onderhoud.] Albertinia, 20 April.
- Conroy, D. 2007. Oxen: a teamster's guide to raising, training, driving & showing. 2nd ed.USA: Versa Press.
- Cook, M.A. 1972. The Cape kitchen. Stellenbosch: Stellenbosch Museum Uitgewers. Cornish, M.A., ed. 1906. The living animals of the world, Vol. 1: Mammals. London: Hutchinson.
- Cravens, A. 2003. The dynamic relationship between technology and culture. <http://fubini.swarthmore.edu/~ENVS2/S2003/Amanda/Paper2technologyculture.htm> Datum van gebruik: 23 November 2016.
- De Beer, B.K. 1975. Agter die Magalies. Fontainebleau: Postma. [Universiteit Pretoria biblioteek.]
- De Coning, J.A. 1984. Kleiosse. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 40(2):1.
- De Kock, P. & Tissier, L. 2012. Merkwaardige jare. (In Tissier, L., red. Afrikaner gedenkjoernaal. Bloemfontein: Afrikanerbeestelersgenootskap. 22-29.)

De Wet, P.D. 1976. Die sweepstokbedryf. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 32(3):17.

Deacon, B. (Bill.) 2011. Die aanvanklike uitleg van erwe in Boesmansriviermond. [Persoonlike onderhoud.] Boesmansriviermond, 14 Mei.

Delegorgue, A. 1990. [1842]. Travels in Southern Africa, Vol. 1. Translated by Fleur Webb. Pietermaritzburg: UKZN Press [Killie Campbell Africana Library].

Demiroz, A.B. 2012. The relationship between culture and technology.
<https://bdpr629.wordpress.com/2012/09/27/the-history-of-technology/> Datum van gebruik: 23 November 2016.

Derricourt, R.M. 1977. Prehistoric man in the Ciskei & Transkei. Cape Town: Struik. Dinsmore, V. 2008. Sundog traders: braintanning presmoke method: a fieldguide. (Kort kursus, Volksrus, 18 - 22 Januarie.)

Dreyer, B.J. 1942. Die gondslag van beestename. (In Coetzee, A.J. 1942. Die Grondbeginsels van Ossename. *Die Brandwag*: 21, 7 Augustus.)

Du Plessis, D.J. 1923. Die bewerking van velle; velle te bewerk om rieme van te maak. (In Suid-Afrikaanse boerdery: Jaarboek vir 1923. Bloemfontein: Die Landbouweekblad. 205-206.)

Du Plessis, J.A. 2012. Nuus uit die verlede. (In Tissier, L., red. Afrikaner gedenkjoernaal, 54:44-47.)

Dunn, J. 2011. Cattle, oxen and bulls, the most useful animal of ancient Egypt.
<http://www.touregypt.net/featurestories/cattle.htm> Datum van gebruik: 06 Oktober 2016.

Erasmus, G.N. 1940. Ossename. *Die Huisgenoot*: 25, 23 Februarie.

FAO (United Nations Food and Agricultural Organization). 2008. Draught animal power: an overview. Agricultural Engineering Branch, Agricultural Support Systems Division.
<http://www.fao.org/ag/AGS/agse/chapterPS1/ChapterPS1-e.htm> Datum van gebruik: 21 November 2016.

Farini, G.A. 1973. [1886]. Through the Kalahari Desert. (Facsimile Reprint.) Cape Town: Struik. [Ferdinand Postma-biblioteek, NWU.]

Ferreira, O.J.O. 1981. Kultuurgeskiedenis as wetenskap. *Handhaaf*, 19(2):7, November.

Ferreira, O.J.O. 1988. Taak van die kultuurhistorikus. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en kunsgeskiedenis*, 2(2):98, April.

Ferreira, O.J.O. 1991. Waarom kultuurgeskiedenis. *Lantern*, 40(1), Februarie.

Ferreira, O.J.O. 2002. Francisco De Almeida (ca. 1450-1510) en sy sterwe aan die Kaap die Goeie Hoop. Kaapstad: Kasteel Militêre Museum.

Ferreira, O.J.O. 2008. Da Costa Leal in die Zuid-Afrikaanse Republiek. [Die sekretaris van 'n Portugese Diplomatieke Kommissie se besoek aan Potchefstroom en terugreis na Lourenco Marques, 1869-1870.] Pretoria: Protea Boekhuis.

Ferreira, T. 2013. Meestersweepmaker. [Persoonlike onderhoud.] Jeffreysbaai, 22 Oktober.
Fitzpatrick, Percy. 1986. [1907]. Jock of the Bushveld. Craighall: AD. Donker.

Galton, F. 1855. The art of travel; or shifts and contrivances available in wild countries. London: John Murray. [N.E.L.M.]

Gordon, R.E. & Talbot, C.J. 1983. From Dias to Vorster: source material on South African history 1488-1975. Goodwood: Nasou.

Grant, B. 1956. How to make cowboy horse gear. Maryland: Cornell Maritime Press. Grobbelaar, P.W. 1995. *Die Kultuurhistorikus*, 10(1):9-17, Junie.

Gronum, C.F. 1974. Boere en jagters in Ou Marico (Ou Marico 1). Potchefstroom: Pro Rege.

Gronum, C.F. 1975. Ou Marico 2: transportry runderpes en poskoetse. Potchefstroom: Pro Rege.

Grové, A.P. s.a. Afrikaans: sy ontwikkeling en literatuur. (*In Die Skatkis: algemene kennis en naslaanwerk. Die moderne ensiklopedie, Deel 9. Die Kinder-Kultuurvereniging:1-4.*)

Haasbroek, J. 1982. Die ossewa. *Opleiding en Kultuur*, 5(2), September.

Hanan, Frances Elizabeth, Foto California Academy of Sciences, gereproduseer in CalPhotos, <http://calphotos.berkeley.edu/> Datum van gebruik 6 Oktober 2016.

HAT. 2011. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (met CD-ROM). 5de uitg. Kaapstad: Longman.

Hattingh, J.P. 1988. Die konsep kultuur. (Voordrag gelewer by geleentheid van die winterskool, Universiteit van Stellenbosch, 7 Junie.)

Hodson, A.W. 1911. Trekking the great thirst: travel and sport in the Kalahari desert. London: Fisher Unwin. [Cory Biblioteek. Grahamstad]

Hugo, F. 2007a. Vellekursus. [Persoonlike onderhoud.] Cathcart, 10 Julie.

Hugo, F. 2007b. Verwerking van velle. [Persoonlike gesprek oor trekgoed]. Ottosdal, 10 Julie

Janse van Rensburg, M.E. 2009. Estetiese gebruike van oshoriings en riempies. [Persoonlike onderhoud.] Alexandria, 17 Junie.

Joubert, A.B.D. & Kotsokoane, J. 2000. Animal traction in South Africa into the 21st century. (In Kaumbutho, P.G., Pearson, R.A. & Simalenga, T.E., eds. Empowering farmers with animal traction. Proceedings of the workshop of the Animal Traction Network for Eastern and Southern Africa (ATNESA) held 20-24 September, 1999, Mpumalanga, South Africa.)

Joubert, A.B.D. 2009. Brei van velle vir die maak van rieme. [Persoonlike onderhoud.] Universiteit Fort Hare, Alice, 22-25 Junie.

Joubert, B. 2009. Lecture during leather breying course at the Animal Traction Centre. Alice: University of Fort Hare. Faculty of Science and Agriculture. 22-25 June.

Joyce, P. ed. 1981. South Africa's Yesterdays. Cape Town: Reader's Digest Association.

Kapp, P.H., Moll, J.C., Scholtz, P.J., De Jongh, P.S. & Grundlingh, L.W.F. 1982. Geskiedenis van die Westerse beskawing, Deel 1.: Oorsprong tot intellektuele rewolusie. Pretoria: HAUM.

Kench, J., Mothes, R. & Szymanowski, J. 1987. Cottage furniture in South Africa. Cape Town: Struik.

Kirsten, W.F. 1980. Rieme brei. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*. 36(1):12-15, Januarie.

Kok, B. 1942. Die vergelyking in die Afrikaanse volkstaal. Pretoria: Van Schaik.

Kok, B. 1968. Uit die Afrikaanse spreekwoordeskat. (In Botha. T.J.R., red. Taal en teken. Kaapstad; Academica. 149-159.)

Kolbe, P. 1777. Nieuwe algemene beschrywing van de Kaap de Goede Hoop, Deel 2. Amsterdam: Petrus Conradi.

Kruger, C. 1989. Akkulturasie van die Afrikaner vandag 1961-1985. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 45(2/3):31-32.

Lategan, F.V. 1940. Die romantiek van ons osname. *Die Huisgenoot*: 19:71, 17 Mei. Lategan, F.V. 1975. Afrikaanse verse: D.F. Malherbe. Omgewerk en uitgebrei deur F.V

Lategan. 9de druk. Kaapstad: Tafelberg.

Le Roux, T.H. 1977. Die dagboek van Louis Trichardt. Pretoria: Van Schaik.

Leal, Fernando Da Costa. 1943. [1870]. UMA VIAGEM Na ÁFRICA Austral: Da Interior Da República Do Transvaal Para O Porto De Lourenço Marques (Em1870). Sociedade De Geografia De Lisboa.

Jeal, T. 1973. Livingstone. New York: Putnam's Sons.

Leather Resource, LLC. 2008. A story that began a long time ago. <http://www.leatherresource.com/history.html>. Datum van gebruik: 22 Oktober 2016.

Lewis-Williams J.D., *ed.* 2002. Stories that float from afar: ancestral folklore of the sun of Southern Africa. Kenilworth: David Philip.

Lord, W.B. & Baines, T. 1975. [1876]. Shifts and expedients of camp life, travel and exploration. Johannesburg: Africana Book Society. Africana Reprint Library, Vol. 3: Reduced facsimile reprint of the 1876 edition.)

Louvres. Afbeelding uit versameling van Louvres, Parys, Louvres-antiquites-egyptiennes-
img_2957 Datum van gebruik 6 Oktober 2016.

Mazzaroth (webwerf). Afbeelding van rotskuns uit Jim A. Cornwell, The Alpha and the Omega, 1995, <http://www.mazzaroth.com/ChapterOne/LascauxCave.htm> Datum van gebruik 6 Oktober 2016.

Meiring, J. 1968. Thomas Pringle: his life & times. Cape Town: Balkema.

Meiring, J. 1973. The truth in masquerade: the adventures of Francois Le Vaillant. Cape Town: Juta.

Merryweather, J. & Sons. c.1935. Geïllustreerde verkoopskatalogus.

Meyer, A. 2012. Suid-Afrika se oerverlede. (*In Pretorius, F., red. Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag. Kaapstad: Tafelberg. 17-28.*)

Miles, P.H. 2005. Kursus in velleverwerking. [Persoonlike onderhoud.] Cathcart, 14 - 19 Julie.

Miles, P.H.A. 2003. Demonstration during proceedings of the 10th Anniversary of South African

Network for Animal Traction (SANAT) workshop held at University of Fort Hare, South Africa. 3 - 6 November

Miles, P.H.A. (Paul.) 2004. Benghoil leather making & tool making course. [Persoonlike onderhoud.] Cathcart, 4 - 8 Mei.

Miles, P.H.A. (Paul.) 2005. Short course in making riems. [Persoonlike onderhoud.] Cathcart, 5-9 July.

Millmore, M. 2016. Ancient Egyptian inventions. <http://www.ancient-egypt-online.com/ancient-egyptian-inventions.htm/Cached> Datum van gebruik: 5 Oktober 2016.

- Mills, B. (Basil.) 2011. Neweprodukte van osse vir militêre gebruik. [Persoonlike onderhoud.] National English Literary Museum, Grahamstad, 15 Maart.
- Mohr, E. 1973. [1876]. To the Victoria Falls of the Zambesi. Books of Rhodesia: Bulawayo. [Rhodesiana Reprint Library, Vol. 28. Facimile reproduction of the English edition of 1876].
- Morris, E. 2016. Rawhide braiding: history in California. <http://elvaqueroo.com/rawhide-braiding>
Datum van gebruik: 5 Oktober 2016.
- Mouton, J. & Marais, H.C. 1992. Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Muir, W. 2013. Swepe en rieme. [Persoonlike onderhoud.] Bathurst, 25 Maart. Murphie, A. & Potts, J. 2003. Culture and technology. New York: Palgrave Macmillan.
- Murphie, A. & Potts, J. 2003. Culture and technology. Houndmills: Palgrave Macmillan
- Nienaber, P.J. 1968. Afrikaans word kultuurtaal. (*In Botha. T.J.R., red. Taal en teken. Kaapstad; Academica. 27-35.*)
- Niper, N. (Neville.) 2013. Velleverwerking, trekgoed en hantering van osse. [Persoonlike onderhoud.] Bathurst, 25 Maart.
- Odendal, F.F. 1968. Inleiding tot die fonetiek. (*In Botha. T.J.R., red. Taal en teken. 3de druk. Kaapstad: Academica. 105-125.*)
- Oosthuysen, C.M. 2001. Die hantering van trekosse. [Ongepubliseerde voordrag tydens die herdenking van die rol van die vrou in die Anglo-Boereoorlog. 5-6 Oktober.] Bloemfontein: Vrouemonument.
- Oosthuysen, C.M. 2004. Benghoil leather making & tool making course. Cathcart, 4 - 8 Mei.
- Oosthuysen, C.M. 2007. Chairperson: presentation from small scale farmers. Regional Workshop on Animal Traction held at the Saint George Hotel, Gauteng, South Africa. 6th - 9th March. SANAT (South African Network for Animal Traction). ATNESA (Animal Traction Network For Eastern And Southern Africa). Regional Workshop.
- Oosthuysen, C.M. 2009. Verwerking van velle vir die brei van rieme. [Ongepubliseerde voordrag tydens opleidingskursus]. Animal Traction Centre, University of Fort Hare. 22 – 25 Junie.
- Oosthuysen, C.M. 2011a. Die trekos: 'n kultuurjuweel in Suid-Afrika. [Voordrag voor Jefferysbaai Tuinbouklub. Alexandria, 17 Maart.]

- Oosthuysen, C.M. 2011b. Die trekos in Suid-Afrika. [Ongepubliseerde voordrag aan die Lower Albany Historical Society. 24 Julie, Alexandria.]
- Oosthuysen, S. 1997. Kurrikulumontwikkeling vir die opleiding van onderwysers in musiekopvoeding binne 'n diverse samelewing. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif - PhD.)
- Opperman, D.J. s.a. (In Die Skatkis: Wêreldletterkunde. Duits-Hollands-Afrikaans, Deel 7:473-478. Kaapstad: Die Kinder-Kultuurvereniging. (Edms) Bpk.
- Pienaar, C.W. 1980. Van alles en nog wat: meer oor die brei van rieme. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 36:1.
- Pinterest (webwerf). Afbeelding van rotskuns, <http://www.pinterest.com> Datum van gebruik 6 Oktober 2016.
- Poland, M., Hammond-Tooke, D. & Voigt, L. 2008. The abundant herds: a celebration of the cattle of the Zulu people. Simon's Town: Fernwood.
- Pope, C.A. 1910. Cattle in the Cape Colony. (In Playne, S. ed. Cape Colony (Cape Province): its history, commerce, and resources. Cape Town: Juta. 423.)
- Pretorius, J.C. 1990. 'n Bronne-indeling vir kultuurgeskiedenis. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en kunsgeskiedenis*, 5(1):1.
- Pretorius, J.C. 1992. Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika: 'n Studie van Westerse volkskuns in Suid-Afrika. Vlaeberg: Vlaeberg Uitgewers.
- Pretorius, J.C., red. 1988. Op trek: die daaglikse lewe tydens die Groot Trek. Melville: Scripta Afrikana.
- Rudolph, A. 2011. Trekgoed van die trekos in Suid-Afrika. [Persoonlike mededeling.] Alexandria, 24 Julie.
- Sansom, B. 1988. Die rol van osdrywer en gebruik van swepe. Gesprek tydens die 500-jarige herdenking van die oprigting van Dias se Padraò te Kwaaihoek. [Persoonlike onderhoud.] Alexandria, 10 Maart.
- Schapera, I. 1963. [1930]. The Khoisan peoples of South Africa: Bushmen and Hottentots. London: Routledge & Kegan Paul.
- Scholtz, A.H.J. 1987. Hantering van trekosse. [Persoonlike mededeling ter voorbereiding vir die 150-jarige herdenking van die Groot Trek.] Uitenhage, 25 November.

Scholtz, A.H.J. 1988. Port Elizabeth, tydens 150-jarige herdenking van die Groot Trek. [Persoonlike onderhoud.] Port Elizabeth, 10 Oktober.

Scholtz, A.H.J. 2001. Trekosse en hul trekgoed. [Persoonlike mededeling tydens herdenking van Tweede Vryheidsoorlog]. 11 Augustus. Port Elizabeth.

Schutte, A.M.C. 1977. Die brei van rieme. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 33(2). (Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in *Overvaal Museum-nuus*, 3(3):18-22, September 1976.)

Seeney, R.F. 1991. Colours of cattle as recognised in the Middle Drift/Victoria East Area. (Ongepubliseerde manuskrip.)

Simalenga, T.E. & Joubert, A.B.D, eds. 2004. Animal traction in development: issues, challenges and the way forward. Proceedings of the 10th Anniversary of South African Network for Animal Traction (SANAT) workshop held at University of Fort Hare, South Africa. 3 -6 November, 2003.

Simalenga, T.E. & Joubert, A.B.D. 1997. Developing agriculture with animal traction. National Department of Agriculture: Government Printer.

Simalenga, T.E., Joubert, A.B.D. & Hanekom, D. 2002. Agricultural mechanization in South Africa: Status, Trend and Challenges. Farm Power Study Report Commissioned by FAO. (Field & Agricultural Organization based in Switzerland)

Simply Leather (Wales) Ltd. 2006. History of leather. http://www.simplyleather.co.uk/acatalog/history_of_leather.html Datum van gebruik 5 Oktober 2016.

Singh, G. 2000. Draught animal energy research in India. (In Kaumbutho, P.G., Pearson, R.A. & Simalenga, T.E., eds. Empowering Farmers with Animal Traction: Proceedings of the workshop of the Animal Traction Network for Eastern and Southern Africa (ATNESA) held September, 1999, Mpumalanga, South Africa)

Smith, G.K.J. 1988. Persoonlike mededeling tydens 150-jarige herdenking van die Groot Trek. [Persoonlike onderhoud.] Port Elizabeth, 10 Oktober.

Smith, J.J. 1962. Op ons taalakker. Pretoria: Van Schaik. [Die rubriek *Op ons taalakker* het reeds tussen 1936 en 1938 in die Kaapse koerant, *Die Suiderstem*, verskyn].

Smuts, J. 1968. Die geboorte van 'n nuwe taal. (In Botha. T.J.R., red. Taal en teken. 3de uitgawe. Kaapstad; Academica. 18-26.)

Sneyd, J.D. 1988. Terme van die osdrywer. [Persoonlike mededeling tydens 150-jarige herdenking van die Groot Trek]. 10 Oktober, Port Elizabeth.

- Sneyd, J.D. 2001. Die hantering van trekosse. [Ongepubliseerde voordrag tydens die herdenking van die rol van die vrou in die van die Anglo-Boereoorlog. 5-6 Oktober. Bloemfontein: Vrouemonument.]
- Sneyd, J.D. 2009. Verwerking van velle vir die brei van rieme (Ongepubliseerde voordrag tydens opleidingskursus). Animal Traction Centre - University Fort Hare. 22-25 Junie.
- Snijman, F.J. 1964. U woorde, u woordeboek: wetenswaardighede omtrent die Afrikaanse Woordeboek. Stellenbosch: Raad van Beheer oor die Afrikaanse Woordeboek.
- Sparrman, A. 1975. [1785-1786]. A voyage to the Cape of Good Hope towards the antartic polar circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffres from the year 1772-1776, Vol. 1. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Spoelstra, B. 2001. [1922]. Ons volkslewe van toeka: hoe die Voortrekkers, en die eerste geslag na hulle, geleef het en hoe hulle dinge gemaak het. Pretoria: Binedell Uitgewers.
- Starkey, P.H. 2000. Empowering farmers with animal traction: worldwide trends, issues and challenges. (In Kaumbutho, P.G., Pearson, R.A. & Simalenga, T.E., eds. Empowering Farmers with Animal Traction: Proceedings of the workshop of the Animal Traction Network for Eastern and Southern Africa (ATNESA) held September, 1999, Mpumalanga, South Africa.)
- Sturgeon, A. 2012. Trekgoed van trekosse. [Persoonlike onderhoud.] Voortrekkermonument, Pretoria, 26 Junie 2012.
- Suid-Afrika. 1997. Wet op Veebrandmerke 87 van 1962. Verpligte brandmerke van vee. (Goewermentskennisgewing no. R 886). *Staatskoerant*, 18094, Pretoria. 27 Junie.
- Suresh, V., Kanthimathi, M., Thanikaivelan, P., Raghava Rao, J. & Unni Nair, B. 2001. An improved product-process for cleaner chrome; tanning in leather processing. *Journal of Cleaner Production*, 9(6):483-491.
- Tempelhoff, J.W.N. 2002. Verhuidiglikte verlede: die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis. Vanderbijlpark: Kleio.
- Teweldmehidin, M.Y. & Conroy, A.B. 2010. The economic importance of draught oxen on small farms in Namibia's Eastern Caprivi Region. *African Journal of Agricultural Research*, 5(9):928-934.
- Thunburg, C.P. 1779. Travels in Europe, Africa and Asia: performed between the years 1770 and 1779. London: W. Richardson; J. Egerton. [N.E.L.M. RARE 910.4 THU. Record ID: 25869.]

Timm, I. 1988. Osse en hul trekgoed. Gesprek by die Port Elizabeth-hawe tydens die ontskeping van 'n replika van Dias se Padrão vanaf die Karveel op 'n ossewa. [Persoonlike onderhoud.] Port Elizabeth, 20 Februarie 1988.

Van der Merwe, H. 1983. Die tradisionele wamakersbedryf in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die Paarl. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch, (Verhandeling - MA.)

Van der Merwe, H. 1988. Veldwerk 'n moet vir die kultuurhistorikus. *Die Kultuurhistorikus* 3(1):38-44, Junie.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1970. Die korrekte woord Afrikaanse taalkwessies. Pretoria; Van Schaik. [Vyfde, hersiene en uitgebreide druk. Derde oplaag].

Van der Merwe, H.J.J.M. 1971. Vroeë Afrikaanse woordelyste. Pretoria: Van Schaik.

Van der Westhuizen, O. 2009. Dryftoerusting van die trekos. [Besoek aan Privaat Africana versameling]. Parys, 16 September.

Van Rooyen, G.H. 1938. Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk. ('n Kultuur-historiese studie, Deel 1. Bloemfontein: Nasionale Pers. [Akademiese inligtingsdiens Universiteit Pretoria: 968. 0043936 Van Rooyen.]

Van Rooyen, G.H. 1940. Kultuurskatte uit die Voortrekkertydperk. ('n Kultuur-historiese studie, Deel 2.) Bloemfontein: Nasionale Pers.

Van Schalkwyk, V. s.a. Foto geneem by Waenhuismuseum, Bloemfontein, Fotoskool, <http://fotoskool.co.za/photo/dolosse-3> Datum van gebruik 22 Oktober 2016

Van Zyl, J.A. 2009. Gebruik van vel en horinglym. [Persoonlike onderhoud.] Boknesstrand, 15 April 2009.

VAWB. 1977. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Sesde uitgebreide uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Visser, J.A. 1985. Die Suid-Afrikaanse blanke jeug in die Tweede Vryheidsoorlog. *Militaria*, 15(3):6-10.

WAT. (Elektroniese WAT), Woordeboek van die Afrikaanse Taal, A tot SKOOI. CD-ROM. 2014. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Wenyong, Z. 2009. The ox: a traditional part of Chinese culture. <http://www.explore.org/Ancient-China-History/>. Datum van gebruik 5 Oktober 2016

Wessels, H. 1989. Die bereiding van 'n misvloer: nie net 'n gebruik nie maar ook 'n kuns. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 45(2/3):30.

Williams, M. & Cousins, D. 2004. The 19th century tractor. *Farmers Weekly*, 41(12):80.

Wolfaardt, J. 2013. Persoonlike gesprek oor uitstallings in die museum. Professionele beampte, President M.W. Pretoriushuis. (Die Presidensie, 'n huismuseum van Tlokwe- stadsraad). Potchefstroom, 9 Mei.

Ziervogel, D. 1968. Afrikaans en die inboorlingtale. (*In Botha, T.J.R., red. Taal en teken. 3e uitgebreide druk. Kaapstad: H & R Academica. 160-168.*)

BYLAAG 1 : SWEEPSTOKKULTUUR

Sinoptiese oorsig van die sweepstokbedryf in die hoofstroom-era van die trekos.

Bamboes is 'n hoë, boomagtige, tropiese gras met knopperige litte en hol stamme (stingels), wat in 'n bos bymekaar groei. Dit behoort tot die familie *Gramineae* met 'n aantal verwante geslagte. Jan van Riebeeck het bamboes van Batavië ingevoer. Hierdie variëteit kan onderskei word van ander genera van die fam. *Gramineae*. Die Bataafse bamboes, synde 'n fyner, dun en buigsame bamboes, is spesifiek in die sweepstokbedryf, met die benaming "Sweepstok", aangeplant. Sommige osdrywers het in praktyk ook daarna verwys as "Vaderlandschebamboes". In die geselstaal is die benamings ter onderskeiding van die ander geslagte van bamboes wat veel dikker is.

Bamboes kom ook in ander streke van Suid-Afrika voor waar goeie kwaliteit stokke verkry is. Louis Trigardt meld in sy dagboek, onder datum 12 Januarie 1838: "Pieta kwam met de draagos, hij bragmijn een bamboes sweep stok zoo mooi als ik in ons land wijinig gesien heb..... een bos van bamboes gevonden had..... dat wij nu geen houd stokken van noden heb". Dit is duidelik dat Trigardt verheug was oor die fonds om van die gewone houtstokke ontslae te wees. Oorblyfsels van klein bamboesbosse is steeds op plekke in die Oos-Kaap, onder andere in die Albanie-, Alexandria- en Bathurstdistrikte te vinde. Kwaliteit sweepstokke, vir eie gebruik, is in hierdie gebied tot laat in die twintigste eeu verkry.

Verbouing van sweepstokke:

Bepaalde geselekteerde bamboesvariëteite, met dunner stamme, is as vis- en sweepstokke, meer spesifiek ook vir die ossweep, geplant, berei en benut. As 'n subtropiese gewas groei dit nie op alle plekke in die gematigde klimaatstreke ewe gunstig om die gewenste kwaliteit sweepstokke te verkry nie. As sodanig het dit in dele waar dit gunstig geaard het, soos McGregor en Napier, waar die klimaat as die beste ter wêreld vir die doel beskou is, 'n besonder lonende sekondêre bedryf van die trekos-era verteenwoordig. Vanaf die middel 19de eeu tot die middel 20ste eeu sou dit nie alleen die Suid-Afrikaanse behoeftes voorsien nie, maar ook verder in Suider-Afrika, soos die hedendaagse Namibië en Zimbabwe.

Aanplantings van sweepstok is nie met saad gedoen nie maar wel met uitplant van wortelstokke (of stiggies) met voldoende wortels daaraan, in skraal klipperige of kleigrond. Aanplantings van bosse sweepstok moet oor voldoende, maar nie oormatige, watervoorsiening beskik aangesien die stokke se groei nadelig beïnvloed word deur droogte, wat stomp stokke tot gevolg het. Oormatige vog soos in sommige hoëreënvalstreke lei egter tot geil groei wat lang litte en bros stokke tot gevolg het. Waar nodig is kraalmis (soms ook fosfaatbemesting) vir bemesting in die sweepstokbosse gebruik.

Oes van sweepstokke:

Alhoewel spruite gedurig uitloop en tot volwassenheid ontwikkel, is twee oeste jaarliks ingesamel. Die eerste in die vroeë somer (Desembermaand) is 'n kleiner oes in getal en die stokke ook van swakker gehalte vir die osbedryf, aangesien hulle betreklik groot of swaar is met dikker litte. Die tweede, meer gesogte oes met beter ontwikkelde stokke, is in die herfs (Aprilmaand) ingesamel.

Ryp stokke, is dié wat liggeel verkleur met die stingels (bekend as ankers) aan die litte met 'n welige blaargroei, wat op die litte verhard. Die stokke is so laag moontlik aan die grond afgesaag en versigtig neergelê om nie jong spuite, wat besonder gevoelig aan die groeipunte is, te beskadig nie. Vervolgens is hulle buite die bamboesbos op hope gepak vanwaar hulle skoongemaak is deur die ankers versigtig van die litte af te saag sonder om selfs die nerf van die stok te beskadig. Hierdie werk is gewoonlik binne 24 uur gedoen aangesien die ankers gou weens uitdroging verhard. Die stokke is dan vir etlike weke buite laat lê om goed uit te droog voordat hulle met die sogenaamde brandproses reguit gemaak is vir gebruik as sweepstokke.

Bereiding van sweepstokke

Die brandproses behels dat die stok goed met vet (of ghries/olie) gesmeer is en dan verhit word, hetsy in oonde (kommersiële bewerking) waar die hitte gereguleer kon word óf oor gloeiende kole vir enkele tuisgemaakte stokke. In laasgenoemde geval moet in besonder sorg gedra word dat die stok nie skroei en sodoende die nerf belemmer nie. Om die stokke reguit te buig, is 'n stewige mikpaal in die grond geplant. Die hande is goed geïsoleer met goiingsakke of lappe om die warm vetgesmeerde stok te hanteer wanneer dit in die mikpyl reguit gebuig is. 'n Kundige vakman kan selfs 'n baie krom stok tot 'n funksionele stok verbuig. Vervolgens is dit op 'n stewige plat oppervlak neergelê om af te koel alvorens dit in verskillende gebruiksklasse vir bemarking verdeel is.

Bemarking van sweepstokke

Vir bemarking is die ossweepstokke gewoonlik in lengtes van 14 litte elk (nagenoeg 16 vt. – 4.8 m) gesny en in bondels van twaalf (per dosyn) gebind. Die agterste litte is ietwat langer en dikker as die voorste litte wat die sweepstok van agter na voor spits laat loop met 'n mate van buigsaamheid wat die soepelheid van die sweep in die geheel versterk. Die litte dien as natuurlike versterking van die stok. Sou die litte té lank wees knak hulle makliker onder die hefboomkrag op die stok wanneer die lang sweep tydens die dryfproses geswaai en geklap word. Uit hierdie basiese stok kan elke drywer die lengte aanpas deur dit agter óf voor af te saag om in sy persoonlike behoeftes, soos die lengte van sy span en die sweep, óf sy persoonlike voorkeur van die stok se greep en lengte, te voorsien.

BYLAAG 2 : TREKOSNAME

Die osname soos vervat in hierdie Bylaag is hoofsaaklik versamel tydens gesprekke met aktiewe osdrywers soos aangedui onder die mondelinge bronne soos gebruik in hierdie studie. Aanvullend is name ook aangeteken uit literatuurbronne soos vroeë reisverhale na die binneland van Suid-Afrika en tersaaklike artikels uit verskillende tydskrifte wat op die onderwerp betrekking het. In Hoofstuk 4 is in meer besonderhede ingegaan met betrekking tot faktore wat naamgewing van trekosse beïnvloed.

'n Opvallende tendens by die naamgewing van trekosse is dat die meerderheid van die name uitgaan op die stamme *-man*, *-land*, of *-berg* (Smith, 1962:606). 'n Vierde uitgang wat ook goed verteenwoordig word is *-veld*. Uit 'n ontleding van die lys van 974 Suid-Afrikaanse trekosname blyk dit dat 384 met genoemde uitgange eindig. Dit verteenwoordig 'n persentasie van 39.43% van die name in die lys. By 'n verdere ontleding van die 384 name blyk die volgende uit die frekwensie van voorkoms op hierdie uitgange:

-Berg: 67 = 17.45%

-Land: 62 = 16.15%

-Man: 183 = 47.65%

-Veld: 72 = 18.75%

TOTAAL: 384

Hierdie syfers dien bloot as 'n aanduiding van die frekwensie waarteen hierdie uitgange gebruik is en gee bloot 'n redelike aanduiding van die gewildheid van sodanige uitgange. Lategan (1940:19) beklemtoon voorts die feit dat van die name wat in rympievorm is, daarop dui dat hulle besonder lank reeds in gebruik is. Hy verwys na Kriger (Kryger) en Tiger (Tyger) wat aan Middel-Nederlandse vorme herinner.

A

Aardvark, Achmoed, Afrika, Afrikaner, Afslaer, Agter, Agterberg, Agteroor, Agus, Akkerman, Ackerman, Albars, Albinie, Alet, Alsman, Angelier, Anker, Aner, Appel, April, Assegaai, Asgaai.

B

Baailam, Baardman, Bakir, Bakker, Bakkop, Bakman, Bakstaan, Bandom, Band-oor, Banket, Bankrot, Bantam, Bantom, Barkly, Basayi, Basjan, Basoetoland, Basterman, Badberg, Batberg, Beertjie, Beenkop, Beesmeester, Beesmis, Bel, Bentewri, Bergland, Bergman, Berlyn,

Besembos, Beskuit, Besluit, Besteman, Beterman, Bierman, Bies, Biesterveld, Biesvet, Biggarsberg, Binneman, Blaasbalk, Blaauberg, Bleekman, Bles, Blesberg, Blesman, Blikman, Bliksem, Blinkberg, Blinkman, Bloedman, Bloedrivier, Blokberg, Blokland, Blom, Blomberg, Blomtuin, Blomveld, Blouberg, Bloubok, Blousand, Blydskap, Boekhouer, Boepens, Boesak, Boesman, Bokkas, Bokkies, Bokveld, Boland, Bom, Bonkberg, Bontberg, Bonthuis, Bontlap, Bontlier, Bontlies, Bontman, Bontom, Bontstaan, Bontstert, Bonttrap, Bontveld, Boontjie, Boosman, Borslap, Bosman, Bosveld, Botlier, Botman, Bouer, Boveld, Braafman, Braakland, Brakveld, Braman, Brandberg, Brandewyn, Brandwag, Breekman, Breker, Briek, Broekman, Brouer, Bruidegom, Bruinland, Bruinveld, Bryman, Buffel, Bulberg, Bulsak, Bulthouer, Buurman.

C

Colesberg, Criger.

D

Daaiman, Dagbreek, Daggaboer, Daisy, Dam, Damp, Dampie, Danster, Dapper, Dassenberg, Dassie, Dauerman, Dayiman, Demas, Dewison, De Wit, Deurloop, Deurslag, Dewison, De Wit, Diamant, Dieptrap, Dierman, Diklies, Dikman, Dikvel, Dinkland, Disselman, Dokter, Doljas, Dolos, Domkrag, Domveld, Donder, Donker, Donkerberg, Donkerland, Donkerman, Donkie, Dooie, Dooiman, Dooios, Dooivel, Doortjie, Doring, Doringberg, Doringveld, Dorland, Dorsland, Douland, Douman, Douveld, Douwman, Dowman, Draag, Drakensberg, Dreyer, Drieberg, Drinker, Drompens, Dronklap, Duiker, Duineveld, Duisland, Duister, Duitsland, Duitsman, Duke, Duusman, Dwarsrand, Dwingeland.

E

Eland, Engeland, Engelsman, Erland.

F

Fielies, Finaal, Fleur, Flink, Flinkman, Fluit, Fluitjie, Frank, Fransman, Freeman, Friesland, Friesveld.

G

Ganger, Gans, Geduld, Geelbek, Geelbek-stap, Geelbooi, Geelland, Geelman, Geelpens, Geelvis, Gelant, Gemsbok, Generaal, Gentleman, Gesels, Gesond, Gewild, Goeieman, Goliat, Gooi-die-hoed, Goudman, Goudveld, Gouman, Gouna, Gousman, Grahamstad, Grasland, Grasveld, Grootman, Grysvelt.

H

Haak, Haarfyn, Haarsalie, Haastig, Haasvoor, Haelveld, Hamman, Hangelaar, Hangkop, Hansman, Hardveld, Hardeveld, Hardsenberg, Hartjie-lap, Hartman, Hartseer, Hasie, Haverman, Hayilenkomo, Hekton, Hel, Heldelberg, Helman, Herklaas, Herland, Herman, Hierman, Hoender, Hoëveld, Hoffman (Hofman), Hofland, Holland, Holliedy, Hoogmoed, Hoopstad, Hot, Hotagter, Hotnot, Houtskool, Human, Hungelaar.

I

Ierland, Ingeland, Ingelsman, Inkman, Inkveld, Instap.

J

Jaarsveld, Jaer, Jaer-Knier, Jaffel, Jaer Ja(g)er, Jakhals, Jakkals, Ja-Krier, Jambloed, Jambruin, Jammerberg, Jammerlap, Jammerveld, Jammersveld, Janbloed, Janbruin, Jankoois, Jannenaar, Jannewer, Japtrap, Jêkson, Jentelman, Jentile, Jerman, Jintelman, Joelaai, Joeman, Jongbloed, Jongman, Jonkerberg, Jonkman, Joostenberg, Jurias.

K

Kaalveld, Kaapland, Kaapstad, Kaartman, Kaaskop, Kaatjiebaan, Kaffer, Kafferland, Kalk, Kalkveld, Kam, Kanon, Kantklaar, Kantier, Kapel, Kapital, Kaplan, Kapok, Kappie, Kaptein, Karatara, Katlier, Kerrie, Kies, Kiwiet, Klara, Klaverjas, Klawer, Kleeveld, Klei-Kalie, Kleibaas, Kleinberg, Kleingoed, Kleinjan, Kleinmeid, Kleinveld, Kleitrap, Klinker, Klipveld, Knapsak, Knikker, Knippel, Knoopman, Knuppel, Knyper, Koberg, Koeberg, Koeleman, Koerland, Koffie, Kol, Kolbaai, Kolbêr, Kolberg, Kolbroek, Kolletjie, Kolman, Kolmuis, Koljaner, Kolveld, Kolvoet, Kommedagga, Konkreet, Konsertina, Koopman, Koorland, Koperboom, Koringland, Koringveld, Kornet, Koos, Koper, Koperberg, Koperboom, Korrel, Korporaal, Kortjan, Kortman, Kortkaws, Kragman, Kriel, Kriër, Kriger, Kryger, Krinkman, Krismis, Krokkedil, Kromveld, Kroonland, Kroonstad, Kroontjie, Krûer, Kruger, Kruisband, Kruisman, Kruisveld, Krygsman, Krysman, Kwaai¹², Kwas, Kweperlat, Kwint-'n-koei,

L

Laansberg, Lakenveld, Laksman, Lammert, Landbouer, Landhouer, Landman, Langbeen, Langjan, Langsman, Lansberg, Lanteer, Lantim, Lap, Lapberg, Lapland, Lapman, Lappies, Leegman, Leeuberg, Lekkerland, Lekkerman, Lelebayi, Lelieveld, Lemoen, Lengs, Leuker, Liefhebber, Liefland, Liefman, Liemberg, Liebek, Lierman, Liesbek, Liever, Ligland, Ligman,

Ligop, Ligter, Ligterhout, Ligtrap, Lingveld, Links, Losberg, Lospetos, Losvoor, Louterman, Lugman, Luiland, Luiperd, Luitland, Luitenant, Lyk7, Lytnant.

M

Maansveld, Maarman, Maartmaand, Maartman, Maerland, Maerman, Majoor, Makman, Makmanelaar, Malgas, Mampoer, Manas, Maneberg, Manel, Manél, Maronneblom, Masoes, Matroos, Meelkop, Menag, Mofland, Mooiloop, Mooiman, Mooipraat, Mooistaan, Mooiveld, Moorman, Moreson,

N

Nartjie, Napier, Nas, Natal, Neerruk, Neersit, Neuker, Nikkelon, Niklaas, Nomyayi, Noordman, Noorman, Nuweveld,

O

Olbroek, Omgooi, Oolfant, Oordman, Oorlam, Oorlê, Oorlog, Oortman, Ootman, Opperman, Opskud, Opslag, Optel, Orton, Osberg, Otter, Ouland, Ouplaas.

P

Paasman, Pad-verloor, Pal, Palm, Palmpas, Pap, Pasganger, Pasman, Pasop, Passer, Patalasneus, Perdeberg, Piet-Jan, Pikanien, Pistool, Platberg, Platloop, Platman, Plukker, Poenskop, Ponie, Poortjie, Poplap, Posman, Posthouer, Postewuri, Potbêr, Potberg. Potklier, Potlood, Potsdam, Prins, Prêns, Prinsloo, Prokureur, Pronk, Pronkman.

R

Rademan, Randseun, Ramkat, Rankman, Rareman, Rasmus, Ratel, Rechter, Regond, Regop, Regter, Regterhand, Regterroos, Reguit, Rekwes, Remland, Remskoen, Reineveld, Reneveld, Resland, Reyer, Reyneveld, Rhooman, Ribbok, Riemland, Rietbok, Rigman, Rigter, Rigterveld, Ringkals, Rinkals, Rinkhals, Rissiepit, Robbert, Roemveld, Roland, Rolham, Roman, Rondeberg, Rondeman, Ronneman, Ronnoberg, Rooibees, Rooiberg, Rooibloed, Rooiblom, Rooibors, Rooiland, Rooilood, Rooiman, Rooimuis, Rooinek, Rooiperd, Rooisand, Rooisoek, Rooiveld, Rooiwal, Rooiwyn, Rook, Roos, Rossland, Rottoman, Ruiters, Rukker, Runderpes, Rusland, Ryferman, Rykman, Ryland, Ryneveld, Rynieveld, Ryperd,

S

Saaiman, Saayman, Sandman, Sandspruit, Sandveld, Sara, Sauerman, Sederberg, Seekoei, Seeland, Seeman, Seljant, Sesman, Sestien, Sikspens, Simson, Sinkelman, Sinkwas, Sjampyn,

T

U

V

W

273

Weghol, Weglê, Weglêer, Wegstap, Weideman, Weiland, Weyman, Weynaal, Wesfort, Wesman, Wichman, Wiegman, Wiegeland, Wildebees, Wildeman, Willeman, Windheuwel, Windvoël, Winkelman, Winterberg, Wintersveld, Wipstert, Witbal, Witbooi, Witkol, Witkwas, Witlies, Witman, Witnael, Witneus, Witpens, Witpoort, Witrug, Witsenberg, Witvoet, Witzenberg, Wolhaar, Wolsak, Wydeman Wyeman, Wynaand, Wynberg, Wynbergroos, Wysman, Wysterma.

X tot Z

Xhosa, Yster, Ysterberg, Ysterboom, Ysterman, Ysterveld, Zaarland, Zanayo, Zeeland, Zeeman, Zolé